

DIE BOEREVROU 1919-1931

**'n Kultuurhistoriese studie oor die eerste
Afrikaanse vrouetydskrif**

deur

JEANETTE VAN RENSBURG

'n Proefskrif voorgelê ter vervulling van 'n deel van die
vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE (KULTUURGESKIEDENIS)

in die Departement Historiese en Erfenisstudies van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

PROMOTOR: Prof. F. Pretorius

April 2012

“Geen teorie kan die volheid van die geskiedkundige werklikheid vir ons gee of verklaar of ontsluit nie; dit is onuitputlik; daarom moet ‘n mens dit altyd van verskillende kante benader om soveel moontlik plekke van die onbekende vasteland te verken.”

Uit: *Plädoyer für die historische Erzählung*
van die Duitse historikus Golo Mann,
vry vertaal deur J.C. Steyn

BEDANKINGS

My promotor, prof. Pretorius vir leiding en motivering.

Mev. Coetzee, my voormalige Biblioteekkunde-dosent, vir raad.

My vriendin, Carin Bezuidenhout, wie se kennis van die biblioteekwêreld, hulp en geduld van onskatbare waarde was. Dankie dat jy my iewers in die winter van 2007 aan *Die Boerevrou* bekend gestel het.

Die personeel van die Besondere Versamelings van UP Biblioteekdienste, vir hul hulp, vriendelikheid en belangstelling in my studie.

Mej. Slabbert, bibliotekaris van die Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria, vir hulp.

My pa, Pieter Joubert, vir hulp (en baie tyd) met die samestelling van die kaart in Bylae III.

My ma, Anita Joubert, vir 'n onberekenbare hoeveelheid ondersteuning. Dankie vir die luister, dink en saamgesels om ons eie koffietafel.

Renier en Reinette, my dierbare man en liefste kind. Dankie vir julle begrip, geduld en ondersteuning en dat julle my hierdie verrykende en bevredigende ervaring gegun het. Julle is my hele lewe!

INHOUD

	BLADSY
HOOFSTUK I: INLEIDING	10
1. Agtergrond	10
2. Probleemstelling en doel van die studie	15
3. Werkswyse	16
 HOOFSTUK II: DIE HISTORIESE KONTEKS WAARBINNE <i>DIE BOEREVROU</i> VERSKYN HET	 33
1. Politieke agtergrond van die vroeë twintigste eeuse Afrikaner	33
2. Ekonomiese en maatskaplike toestande	42
3. Die stryd vir Afrikaans	47
4. Afrikaanse skole en moedertaalonderrig	56
5. Kultuurlewe van die Afrikaner	58
6. Volksaard van die Afrikaner	64
7. Godsdiensoptogting van die Afrikaner	68
8. Die posisie van die vrou in die Afrikanersamelewing	70
9. Die Afrikaanse media-landskap tot 1919	76
 HOOFSTUK III: DIE BESTUUR, REDAKSIE EN MEDEWERKERS VAN <i>DIE BOEREVROU</i>	 92
1. Mabel Malherbe – ‘n merkwaardige vrou	92
2. Die stigting van <i>Die Boerevrou</i>	102
3. Medewerkers van <i>Die Boerevrou</i>	106
4. Die redaksionele beleid van <i>Die Boerevrou</i>	116

HOOFSTUK IV: <i>DIE BOEREVROU AS SAKE-ONDERNEMING</i>	121
1. Verkoopprys en advertensie-inkomste	121
2. Sirkulasie	127
3. Advertensies	131
4. Drukproses	139
5. Die einde in 1931	142
 HOOFSTUK V: BESIELENDE RUBRIEKE IN <i>DIE BOEREVROU</i>	146
1. Die redaksionele afdeling	146
2. Die briewekolom	149
3. Geestelike oordenking	155
4. Kinderfoto's	157
5. Grappies en raaisels	160
6. Die kinderafdeling	161
7. Vervolgverhale, kortverhale, sketse en gedigte	167
8. Boekresensies	170
9. Artikels en wedstryde ter bevordering van Afrikaans	174
10. Rubrieke, artikels en foto's wat lesers moes inlig	180
11. Vroueverenigings	184
 HOOFSTUK VI: LEEFSTYL-RUBRIEKE IN <i>DIE BOEREVROU</i>	201
1. Ruilkolom, vrae en wenke	201
2. Resepte	204
3. Naald- en handwerkartikels	210
4. Mode-afdeling	213
5. Argitektuur en huisinrigting	220

6. Artikels oor die tuin	226
7. Artikels oor tuisnywerheid en boerdery	228
8. Artikels oor gesondheid	233
HOOFSTUK VII: DIE VOORBLAD VAN <i>DIE BOEREVROU</i>	238
1. Noitje van die onderveld	238
2. Die eerste polemiek	242
3. Verandering van die voorblad	247
4. Volksdrag vir die Afrikaner	252
5. 'n Wapen en leuse vir 'n nuwe skool	256
6. 'n Waardige opvolger	258
HOOFSTUK VIII: GEVOLGTREKKING	262
1. Samevatting	262
2. Verdere insigte wat tydens die studie verkry is	266
3. Die betoubaarheid van <i>Die Boerevrou</i> as bron vir kultuurgeskiedenis	268
4. Redes vir die onderbenutting van <i>Die Boerevrou</i> as bron	270
5. Voorstelle vir toekomstige navorsing	271
BYLAES	273
BRONNE	395
SUMMARY AND SUBJECT HEADINGS	400

BYLAES

BLADSY

Bylae I	Medewerkers van <i>Die Boerevrou</i>	273
Bylae II	Lesers van <i>Die Boerevrou</i>	287
Bylae III	Kaart van plekke in die Unie van Suid-Afrika waarheen <i>Die Boerevrou</i> versprei is	374
Bylae IV	Advertensies in <i>Die Boerevrou</i>	377

ILLUSTRASIES, TABELLE EN GRAFIEKE

	BLADSY	
Figuur 1	Jan Christiaan Smuts	42
Figuur 2	James Barry Munnik Hertzog	42
Figuur 3	'n Platteelandse familie trek na die stad	47
Figuur 4	L.H. Meurant en sy Samespraak	47
Figuur 5	Stigterslede van die Afrikaner-Broederbond	60
Figuur 6	Andre Huguenet as <i>Ampie</i>	62
Figuur 7	Johanna Brandt	73
Figuur 8	Redaksie van <i>De Volkstem</i>	85
Figuur 9	Izak van Heerden en sy vrou, Tannie van <i>Die Brandwag</i>	88
Figuur 10	Eerste uitgawe van <i>Die Huisgenoot</i>	90
Figuur 11	Mabel Catherine Malherbe, 1931	93
Figuur 12	Paleis van die Volkebond, Genève	98
Figuur 13	Boodskap van Mabel Malherbe aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool	99
Figuur 14	Advertensie van die Noordelike Drukpers Maatskappy	103
Figuur 15	Mabel Malherbe, 1949	105
Figuur 16	Troufoto van mej. Ockerse	107
Figuur 17	Maria Elizabeth Charlotte Rothmann (M.E.R.), c. 1896	110
Figuur 18	M.E.R., 1930's	113
Figuur 19	Intekenvorm vir <i>Die Boerevrou</i>	121
Figuur 20	Tabel van die Britse geldstelsel – skryfwyse en uitspraak	122
Figuur 21	Advertensie vir die klerewinkel Millars in Pretoria	123
Figuur 22	Lyngrafiek van die aantal advertensies wat per jaar in <i>Die Boerevrou</i> verskyn het	132
Figuur 23	Advertensie vir R. Müller in Kaapstad	133
Figuur 24	Advertensie vir Wolf Brothers in Kaapstad	133

Figuur 25	Advertensie vir Bovril	133
Figuur 26	Tabel met voorbeeld van advertensies in twaalf kategorieë	134
Figuur 27	Staafgrafiek met hoeveelhede advertensies in elke kategorie	135
Figuur 28	Sirkelgrafiek van adverteerders volgens plek verdeel	136
Figuur 29	Voorbeeld van 'n aantal klein advertensies op een bladsy	137
Figuur 30	Ruimte "gereserveer voor kleine advertensies"	137
Figuur 31	Eerste Colgate-advertensie in <i>Die Boerevrou</i>	138
Figuur 32	Colgate-advertensie van 1929	138
Figuur 33	Los gekleurde prent	142
Figuur 34	Hjalmar Reitz in <i>Jong Suid-Afrika</i>	158
Figuur 35	Afgevaardigdes na die SAVF-kongres in 1921	190
Figuur 36	Voorblad van <i>Dipped Fondants and chocolates</i> deur Jeanette C. van Duyn	206
Figuur 37	Mev. S. van H. Tulleken	206
Figuur 38	Rondawel-huis van die bestuurderes van <i>Die Boerevrou</i>	223
Figuur 39	Mev. Jansie Jooste by haar 360 ganse	232
Figuur 40	Voorblad van die eerste uitgawe van <i>Die Boerevrou</i>	238
Figuur 41	Noitje van die onderveld	238
Figuur 42	Anton van Wouw, 1930	239
Figuur 43	Skets van 'n kappie-patroon	244
Figuur 44	Foto van 'n tuitkappie	246
Figuur 45	Voorbeelde van verskillende voorblaie van <i>Die Boerevrou</i>	248
Figuur 46	Nog voorbeelde van verskillende voorblaie van <i>Die Boerevrou</i>	248
Figuur 47	Rachel Isabella Steyn	252
Figuur 48	Foto wat saam met mev. Steyn se oproep gepubliseer is	253
Figuur 49	Skoolgebou van die Afrikaanse Hoër Meisieskool, 1930	257
Figuur 50	Kamee-agtige skets soms gebruik op die voorblad van <i>Die Boerevrou</i>	257

Figuur 51	Skoolwapen van die Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria	257
Figuur 52	Mabel Malherbe by 'n borsbeeld van haar	258
Figuur 53	Voorblad van die eerste uitgawe van <i>Sarie</i>	260

HOOFSTUK I: INLEIDING

1. Agtergrond

In die bronne van bewysmateriaal vir Afrikaanse geskiedenis en kultuurgeskiedenis is daar sporadiese verwysings na die bestaan van 'n vrouetydskrif getiteld *Die Boerevrou*. Dit was die eerste, en tot en met die staking daarvan, die enigste Afrikaanse vrouetydskrif. Die tydskrif is in Pretoria van Maart 1919 tot Desember 1931 maandeliks onder die redakteurskap van die eienaar, Mabel Malherbe, uitgegee. Hoewel dit, soos Malherbe by geleentheid self beweer het, 'n ryk skat van inligting oor die Afrikanervrou en haar leefwyse bevat het, is daar min inligting oor die tydskrif beskikbaar. Dit is ook volgens twee ervare vakbibliotekarisse in vergelyking met 'n ander tydgenootlike Afrikaanse publikasie soos *Die Huisgenoot*, baie min vir primêre navorsing gebruik. Gevolglik is *Die Boerevrou* aan kultuurhistorici betreklik onbekend.¹

In 'n poging om die genoemde inligtingkundiges se waarnemings en aannames te verifieer, is deeglike soektogte in die volgende databasisse onderneem:

SACAT	Gesamentlike katalogus van Suid-Afrikaanse biblioteke
UCTD	Verenigde katalogus van proefschrifte en verhandelings (Suid-Afrika)
ISAP	Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifte by die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika
Current and completed research	Navorsing by Suid-Afrikaanse universiteite en navorsingsinstansies

¹ K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 7; Persoonlike mededelings: C. Bezuidenhout, Voormalige bibliotekaris van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Visagiestraat, Pretoria, 2007; P. Van der Merwe, Koördineerde van Besondere Versamelings van U.P. Biblioteekdienste, Lynwoodweg, Pretoria, 2008.

Daar is bevind dat daar tussen 1924 en 2007 twintig studies uitsluitlik óor *Die Huisgenoot* gedoen is, terwyl die soektog 'n totale 203 rekords opgelewer het waarvoor die term "Huisgenoot" as soekterm toegeken is. Dit dui daarop dat die tydskrif ook baie gebruik is as primêre bron vir tematiese studies met 'n ander fokus as die tydskrif self. Die volgende twaalf werke is egter die enigste wat geïdentifiseer kon word wat oor *Die Boerevrou* handel, dit as primêre bron benut het, of selfs net 'n verwysing daarna bevat:

Die ontstaan en ontwikkeling van Sarie Marais as massatydskrif vir die Afrikaanse vrou, Lizette Rabe se M.A.-verhandeling aan die Universiteit van Stellenbosch, is in 1985 voltooi. Rabe was van 1994 tot 2001 die redakteur van die vrouetydskrif *Sarie*, waarna sy die hoof van die Departement Joernalistiek by die Universiteit van Stellenbosch geword het. Sy het met haar studie oor *Sarie* bevind dat die Nasionale Pers dit as die *Die Boerevrou* se opvolger beskou het en dit hul strewe was dat die nuwe tydskrif, soos sy dit opsom: "... in die voetspore van dié voorganger sou trap en die lojaliteit wat teenoor *Die Boerevrou* bestaan het, sou probeer erf." Volgens Fred le Roux, die eerste redakteur van *Sarie*, het *Die Boerevrou* 'n peil gehandhaaf wat enige Afrikaanse tydskrif haar kon beny. Rabe gee voorts 'n kort beskrywing van die tipe artikels wat in *Die Boerevrou* aangetref word en biografiese inligting oor Mabel Malherbe, *Die Boerevrou* se eienaar-redakteur. Hiervoor het sy hoofsaaklik op Malherbe se herinneringe in *Die Boerevrouboek* (1950) gesteun. Hierna verskuif Rabe die fokus van haar studie na *Sarie*.

Gender, community and identity: Women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931) deur Lou-Marie Kruger is 'n M.A.-verhandeling wat in 1991 aan die Universiteit van Kaapstad ingelewer is. Kruger is tans verbonde aan die Departement Sielkunde by die Universiteit van Stellenbosch. Met hierdie werk verskaf sy 'n feministiese perspektief op die problematiese verhouding tussen vrouens en Afrikanernasionalisme. Kruger het bevind dat Mabel

Malherbe, *Die Boerevrou* se eienaar-redaktrise, se agtergrond Engels was en dat haar lewensuitkyk in teenstelling was met die Volksmoederideaal, 'n diskopers in Afrikanernasionalisme, hoewel sy met die tydskrif 'n aktiewe bydrae in die konstruksie en artikulasie van die ideaal gelewer het. Tekste uit *Die Boerevrou* is bestudeer om vas te stel hoe Malherbe gehelp het om die Volksmoederdiskoers te vorm en ook self daarmee geïdentifiseer het. Dié benadering tot wat Kruger "intellektuele geskiedenis" noem, dien as 'n gevallestudie in die konstruksie van identiteit vir die Afrikanervrou. Die optekening van biografiese inligting oor Malherbe, wat Kruger hoofsaaklik verkry het uit 'n onderhoud met Malherbe se skoondogter, Donsie Malherbe, is van onskatbare kultuurhistoriese waarde.

D.M. Groenewald het met *Vrouemodes in die twintigerjare soos voorgestel in Die Boerevrou en Die Huisgenoot*, 'n M.A. in kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria verwerf (2000). Groenewald het die mode-artikels in *Die Boerevrou* en *Die Huisgenoot* bestudeer om te bepaal in watter mate modeneigings in Brittanje die Afrikanervrou se kleredrag beïnvloed het. Sy het bevind dat die slaafse navolging van Europese modes in Suid-Afrika sterk gekritiseer is, maar dat daar nie Suid-Afrikaanse modeboeke was nie en dat Afrikaanse vrouens nie hulle eie oorspronklike klerestyl kon laat geld nie. Gevolglik kon hulle nie die beïnvloeding van die buitewêreld vryspring nie. Die tydskrifte het wel voorstelle gemaak vir kledingstukke wat meer geskik was vir die Suid-Afrikaanse klimaat en die sedelike peil van die Afrikanervrou. Volgens Groenewald was die Afrikanervrou van die twintigerjare egter modieus en gesteld op haar voorkoms en het sy, wat stylvolheid en elegansie aanbetrif, geensins vir haar Britse eweknie teruggestaan nie. Hierdie werk kan as die enigste kultuurhistoriese studie beskou word wat *Die Boerevrou* as primêre bron benut het.

Roger C. Fisher en Schalk le Roux het in 1989 die boek *Die Afrikaanse woning: Herdrukke uit Die Boerevrou (1919-1931)* die lig laat sien. Na hul mening verdien die artikels, wat in die twintigerjare in *Die Boerevrou* verskyn het, 'n wyer leserskring as

“die paar akademici wat dit ewe toevallig in Africana-afdelings van ‘n paar biblioteke mag raakloop.” Hulle het gepoog om met die herpublikasie van amper vergete argumente die argitektuurdebat te verryk en die boukuns van die twintigerjare toe te lig. Hulle het gehoop om ‘n nuwe geslag Suid-Afrikaanse argitekte uit te daag om ‘n toepaslike argitektuur vir ‘n nuwe Suid-Afrika te ontwikkel deur die gedagtes en teorië van die eerste geslag Afrikaner-argitekte weer beskikbaar te stel. Die artikels, wat hulle uitgekies het om onveranderd in hul boek in te sluit, is in drie afdelings uitgesoek: Die woning en sy elemente, die interieur en meubilering. In ‘n kort inleidende gedeelte plaas hulle die artikels binne die argitektoniese en historiese milieu van die twintigerjare.

In 1950 het Mabel Malherbe, aangespoor deur mev. J. Bouws van Nederland en mej. M. van de Walle uit Vlaandere tydens hul besoek aan Suid-Afrika, *Die Boerevrou-boek* uitgegee. Dit is ‘n versameling herdrukke van artikels, verhale en briewe, wat in die 12 jaar en 9 maande van die tydskrif se bestaan daarin verskyn het. Malherbe skryf: “Wat in ‘n tydskrif kom, raak sommer weg, maar in ‘n boek word dit vir die nageslag bewaar; daarom het ek besluit om ‘n versameling in boekvorm uit te gee.” Die boek bevat ‘n voorwoord en vir sommige van die herdrukke het Malherbe self annotasies geskryf waarin sy kosbare inligting en herinneringe rondom die tydskrif se bestaan medeeel.

Juwele wat steeds bekoor (1951) is ‘n versameling van vyftien verhale, sketse en artikels wat ook eers in *Die Boerevrou* verskyn het en deur Malherbe saamgestel is. Dit bevat geen voorwoord of addisionele inligting nie.

In ‘n artikel genaamd *Yl die leser?* (*Die Burger*, Saterdag 3 Januarie 2004) vra Johan van Zyl: “Word tydskrifte regtig ál dommer?” Hy het deur verslete uitgawes van *Die Boerevrou* en *Die Landbouweekblad* geblaai en na aanleiding daarvan vrae gestel oor die rol van moderne tydskrifte. Redakteurs van hedendaagse tydskrifte in Suid-Afrika

het hul gedagtes met hom gedeel. In dié artikel word 'n tydskrif as 'n geskrif van die tyd bestempel – 'n spieël van die sosiale, politieke en kulturele lewe, asook 'n instrument waarmee kultuur geproduseer, versprei en verbruik word. Hy ontdek dat, anders as wat die geval met die ou tydskrifte was, die moderne tydskrif nie meer probeer om "alles vir almal" te wees nie, maar eerder "iets spesiaal vir iemand." Dié nis-fenomeen is verwelkom in die moderne vrouemark omdat dit erkenning gee aan die manier waarop vrouens tans verskillende en meer gevarieerde rolle vir hulself "skryf". Hoewel Van Zyl se artikel 'n baie oppervlakkige vergelyking tussen ou en hedendaagse tydskrifte is, is dit duidelik dat die ouer tydskrifte 'n meer didaktiese funksie vervul het as hul moderne eweknieë.

Die Afrikaners: 'n Biografie (2004) deur Hermann Giliomee (buitengewone professor in geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch) bevat 'n kort verwysing na *Die Boerevrou* en Mabel Malherbe in die hoofstuk getiteld "Die soeke na 'n moderne Afrikaneridentiteit". Die hoofstuk handel oor die Afrikaner se politieke, ekonomiese en maatskaplike gesteldheid na die Anglo-Boereoorlog. Giliomee gee die datum van die eerste verskynning van die tydskrif verkeerdelik as 1918 aan, maar is van mening dat die blad die transformasie van die Afrikanervrou in die eerste paar dekades van die twintigste eeu weerspieël.

Twee ander bronne wat verwysings na *Die Boerevrou* bevat, is die skrywer Maria Elizabeth Rothmann (M.E.R.) se outobiografiese vertelling *My beskeie deel* (1972) en *Die 100 jaar van MER* deur J.C. Steyn (Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van die Vrystaat), wat in 2004 verskyn het. M.E.R. was vir byna twee jaar die sub-redaktrise van *Die Boerevrou*. Behalwe dat haar vertellings omstandighede rondom die bestaan van die tydskrif toelig, is albei hierdie biografiese werke van onskatbare waarde om die tydsgees waarbinne *Die Boerevrou* verskyn het, te verstaan.

Uit Rabe se werk kon nog twee artikels geïdentifiseer word:

In Junie 1945 het daar 'n artikel oor Mabel Malherbe deur Anna Neethling-Pohl in *Die Huisgenoot* verskyn. Dit bevat biografiese inligting oor Malherbe en verwys na die tydskrif as een van die vele plekke waar sy in die openbare lewe betrokke was.

Met Sarie se eerste uitgawe in Julie 1949 is 'n artikel deur Mabel Malherbe oor *Die Boerevrou* as huldeblyk ingesluit. Hierin deel sy haar herinneringe rondom die ontstaan van die tydskrif, die medewerkers en die belangrikste mylpale.

2. Probleemstelling en doel van die studie

Die vraag het ontstaan of *Die Boerevrou* as 'n gesaghebbende primêre bron vir kultuurgeskiedenis beskou kan word. Indien wel, waarom word die tydskrif dan nie as sodanig benut nie, terwyl dit van hoë joernalistiese gehalte vir die tydperk waarin dit verskyn het getuig, as vrouetydskrif 'n wye verskeidenheid onderwerpe van kultuurhistoriese belang gedek het en oorspronklike versamelings daarvan vandag nog redelik maklik bekombaar is?

Daar blyk dus ruimte vir 'n kultuurhistoriese ontleding van *Die Boerevrou* te wees. Derhalwe is 'n deeglike ondersoek van die totale 154 uitgawes van *Die Boerevrou* beplan en uitgevoer. Die Besondere Versamelings van U.P. Biblioteekdienste beskik oor die uitgawes van September 1919 tot Desember 1931. Die eerste ses uitgawes (Maart tot Augustus 1919) kon by die Nasionale Biblioteek in Pretoria opgespoor en bestudeer word.

Daar is verder geglo dat 'n studie met *Die Boerevrou* as uitgangspunt lig sal werp op Afrikaanse leesgebruiken en -patrone. Daardeur kan bepaal word presies wat die tydskrif was, wie dit gelees het en hoe dit gelees is. Die studie sal duidelik uitwys of

Die Boerevrou as Afrikaanse publikasie lesers geleei en sterk beïnvloed het of hul oortuigings weerspieël het. Dit verskaf insig in die wedersydse invloed wat kultuur en die media op mekaar het en uiteindelik kan die vraag waarom die eerste Afrikaanse vroueblad tot nog toe deur kultuurhistorici relatief onderbenut is, beantwoord word.

Dit is noodsaaklik dat primêre bronne in biblioteek- en argiefversamelings benut word of dat die navorsingswaarde daarvan ten minste bepaal en aangedui word, aangesien mingebruikte bronne in enige versameling die gevaar loop om nog meer ontoeganklik vir navorsers te word. Geen instansie kan dit bekostig om onbeperkte hoeveelhede materiaal te berg en aktief te bewaar nie en bronne of versamelings wat oor 'n lang tydperk nie gebruik is nie of waarvan die waarde nie met sekerheid vasgestel is nie, kan gesluit of na ander persele verskuif word of bloot nooit in aanmerking kom vir digitisering en vryer toegang nie.²

'n Studie oor *Die Boerevrou* en die bepaling van die nut en geldigheid daarvan as bron kan daartoe lei dat die tydskrif meer sigbaar raak en beter ontsluit word. Dit behoort weer die gebruik daarvan deur ander navorsers aan te moedig en daartoe by te dra dat die beeld van die Afrikanervrou tussen 1919 en 1931 mettertyd verder toegelig kan word.

3. Werkswyse

Daar bestaan baie min sekondêre bronne met riglyne vir tydskrifstudies. Dit het die voorgestelde ondersoek bemoeilik, aangesien daar geen klankbord was om bevindings teen te toets nie. Tog is dit juis 'n aanduiding van die braak area in die

² Persoonlike mededelings: P. van der Merwe, Koördineerder van Besondere Versamelings van U.P. Biblioteekdienste, Lynwoodweg, Pretoria, 2008; H. Coetzee, voormalige dosent in Biblioteekkunde aan U.P., Anna Wilsonstraat, Kilnerpark, Pretoria, 2010.

veld van kultuurgeskiedenis en tydskrifstudies in die algemeen. Dit bied geleentheid vir nuwe bevindings en insigte.

In 2005 het die Nederlandse Persmuseum 'n projek van stapel gestuur om navorsing oor vrouetydskrifte in Nederland aan te moedig. Verskeie artikels is op die webtuiste, www.vrouwentijdschriften.nl, gepubliseer om studente te help om navorsing in die veld te rig. Marloes Hülksen se *Fascinerend en veelzijdig: Het vrouwentijdschrift als bron - een leidraad voor de (beginnende) onderzoeker* (2005) kan as die insiggewendste en mees rigtinggewende van hierdie artikels beskou word. Dit het riglyne gebied vir die onderneming van hierdie studie.

Volgens Hülksen het die eerste vrouetydskrifte in Nederland aan die einde van die 18de eeu verskyn en het nie lank bestaan nie. Teen 1870 het feministiese tydskrifte, gerig op vrouens wat geld, tyd en die opvoeding gehad het om dit te lees, begin verskyn. Met die aanbreek van die twintigste eeu, die verbetering van drukprosesse, goedkoper papier en met 'n groter deel van die bevolking geletterd, het armer klasse ook toegang tot vrouetydskrifte gekry. Die aantal vrouetydskrifte het dramaties toegeneem en adverteerders het 'n groter rol begin speel as deel van die tydskrifindustrie. Vrouentydskrifte weerspieël die maatskaplike veranderinge in Nederland deur die jare en vandag is die "vrouwentijdschrift steeds een bloeiend en veel gelezen medium."³

Ten spyte van die hoeveelheid en gewildheid van die vrouetydskrifte in Nederland, is die wetenskaplike bestudering daarvan volgens Hülksen nog in sy kinderskoene. "Onderzoekers die zich met vrouwenbladen hebben beziggehouden stellen vast dat uitvoerig onderzoek naar de inhoud en werking van vrouwentijdschriften ontbreekt en dat er nog veel tijdschriften in bibliotheken liggen te 'wachten' op onderzoek."

³ M. Hülksen, *Fascinerend en veelzijdig: het vrouwentijdschrift als bron - een leidraad voor de (beginnende) onderzoeker*, www.vrouwentijdschriften.nl. Toegang 2008.

Die meeste Nederlandse vrouetyldekskrifte is tot nog toe net as bronmateriaal vir feministiese studies aangewend.⁴ Dit is ook die geval met *Die Boerevrou*. Die mees omvattende studie wat ooit oor *Die Boerevrou* gedoen is, is Kruger se verhandeling wat 'n feministiese perspektief op die problematiese verhouding tussen vrouens en Afrikanernasionalisme verskaf. Sy het slegs uit 'n gender-oogpunt na die tydskrif gekyk, terwyl ander kultuurhistoriese aspekte nie aangespreek is nie.

Hülsken verklaar: "Er is niet zoiets als een handboek voor tijdschriftenonderzoek" en stel voor dat, indien 'n studie van 'n tydskrif beoog word, 'n bibliografiese ondersoek eerste gedoen moet word. Dit behels dat alle inligting rondom die publikasie self, soos prys en oplaag, ingesamel en beskikbaar gestel word. Dan behoort die redaksie en publikasieprosesse bestudeer te word. Slegs daarna kan bepaalde temas met insig ondersoek word en kan daar gepoog word om die betekenis van die tydskrif as kultuurdraer te bepaal.⁵

Hülsken is van mening dat die grootste leemte in die historiese ondersoek van vrouetyldekskrite die feit is dat die ontvangs daarvan deur die lesers onderbelig bly. Dit is in die meeste gevalle moeilik om vas te stel hoe ou tydskrifte gelees is en hoe die lesers die inhoud beoordeel het. Om hierdie probleem te oorkom word argief- en sekondêre bronondersoeke voorgestel om lig te werp op die redaksies, medewerkers en lesers van tydskrifte.⁶ Die leserskorrespondensie met 'n tydskrif sal na my mening ook 'n groot bydrae in hierdie verband kan lewer. Daar moet vasgestel word of korrespondensie toegelaat, aangemoedig en onveranderd in 'n publikasie geplaas is. Deur dit dan aan deeglike ondersoek te onderwerp, kan die ontvangs van die tydskrif deur die lesers bepaal word. Aangesien Mabel Malherbe, as eienaar-redakteur, die

⁴ M. Hülsken, *Fascinerend en veelzijdig: het vrouwentijdschrift als bron - een leidraad voor de (beginnende) onderzoeker*, www.vrouwentijdschriften.nl. Toegang 2008.

⁵ M. Hülsken, *Fascinerend en veelzijdig: het vrouwentijdschrift als bron - een leidraad voor de (beginnende) onderzoeker*, www.vrouwentijdschriften.nl. Toegang 2008.

⁶ M. Hülsken, *Fascinerend en veelzijdig: het vrouwentijdschrift als bron - een leidraad voor de (beginnende) onderzoeker*, www.vrouwentijdschriften.nl. Toegang 2008.

blad in enige rigting kon stuur, is ‘n bestudering van haar agtergrond en oortuigings ook van belang om die wisselwerking tussen die inhoud van *Die Boerevrou* en haar lesers te bepaal.

Literatuur uit die studieveld van boekgeskiedenis is ook geraadpleeg om verdere riglyne vir ‘n studie oor *Die Boerevrou* en hoe sy deur lesers ontvang is, te vind, asook om vas te stel of die ontvangs van ‘n historiese publikasie werklik bepaal kan word. Volgens die boekhistorikus, Roger Chartier, is insig in die kultuurhistoriese agtergrond van die lesers en die tyd waarbinne ‘n teks ontstaan het, ‘n voorvereiste vir die rekonstruksie van wat hy die “reader space” noem. Hy is van mening dat ‘n rekonstruksie van die historiese lesers van ‘n teks, hoewel moeilik nie onmoontlik is nie. “[R]eading – that rarely leaves traces, is scattered into an infinity of singular acts, and purposely frees itself from all the constraints seeking to subdue it.” Die manier hoe ‘n teks gelees word, is nie noodwendig uit die teks sigbaar nie, maar ‘n teks het tog net bestaansreg vir en deur die leser wat daaraan betekenis kan toevoeg en kan gevvolglik baie oor die leser verklap.⁷

Ander boekhistorici se werk duï ook daarop dat ‘n teks waarde het as medium waardeur lesers bestudeer kan word, aangesien ‘n bepaalde persepsie van die lesersgemeenskap deur die skrywer of redakteur in die teks vasgelê word. “The writer must set up a role in which absent and often unknown readers can cast themselves. Even in writing to a close friend I have to fictionalize a mood for him, to which he is expected to conform.”⁸

Die werk van die taalkundige Maria Johanna Human-Nel sluit ook nou hierby aan. Met haar proefskrif getiteld *Die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van*

⁷ R. Chartier, Labourers and voyagers: from text to the reader, in D. Finkelstein & A. McCleery (eds.), *The Book History Reader*, pp. 47, 48.

⁸ W. Ong, Orality and literacy: Writing restructures consciousness en J. Rose, Rereading the English common reader: A preface to a history of audiences, in D. Finkelstein & A. McCleery (eds.), *The Book History Reader*, pp. 114, 328-333.

vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon het sy onder meer bevind dat die leser van enige teks 'n produk van 'n gemeenskap of sosiale groepering is. As "mede- of herskrywer" van 'n teks omskep hy dit tot 'n resepsie-produk wat sy sosiale omstandighede weerspieël. Literatuur is altyd onderskik aan groter sisteme soos kulturele, politieke en ekonomiese aktiwiteite in 'n samelewing en daarom gebruik die leser of ontvanger dit om vir homself betekenis aan die wêreld en sy omgewing toe te voeg.⁹ Hieruit is dit duidelik dat die teks, in hierdie geval *Die Boerevrou* se inhoud, 'n beduidende invloed op die lesers se oortuigings en denkrigings kon gehad het. Dit is dus juis daarom sinvol om vas te stel wat tot die Afrikanervrou se beskikking was om te lees.

Erin A. Smith het bewys dat advertensies in tydskrifte en koerante belangrike bronne in die rekonstruksie van historiese lesers kan wees. Sy is van mening dat advertensies tot bepaalde aspekte in lesers se lewens spreek en gevolelik waardevolle aanduidings is van dinge wat lesers se gedagtes en lewens in beslag neem.¹⁰ Daar is besluit om die advertensies in *Die Boerevrou* as deel van die teks te bekou en ook te bestudeer.

Laastens het Anna Gough-Yates se boek *Understanding women's magazines: Publishing, markets and readerships* gehelp om die benadering vir hierdie studie duideliker te definieer en te begrens. Haar werk is 'n kritiese bekouing van die verband tussen produksie, advertensies en bemarking van laat twintigste eeuse Britse glanstydskrifte vir vrouens. Sy het bevind dat die tydskrifindustrie 'n bepaalde leefstyl vir jong middelklasvrouens aan die einde van die vorige eeu gefabriseer het en aan die lesers voorgehou het met die oog op verhoogde verkope van geadverteerde produkte. "The magazine industry's depictions of femininity are attempts to unify the perceived complexities of young women's lives around coherent, commercially

⁹ M.J. Human-Nel, *Die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon*, D.Phil. tesis, U.V. pp. 344, 356.

¹⁰ E.A. Smith, *How the other half read: Advertising, working-class readers and pulp magazines*, <http://muse.jhu.edu>. Toegang Januarie 2010.

viable, configurations of ‘woman’ that will appeal to advertisers and readers alike.” Gough-Yates is oortuig daarvan dat die vrouetydskrif-industrie groter klem plaas op die “verstaan” van vrouens se lewens, leefstyle en aspirasies as wat vroeë navorsers wou erken.¹¹ Hoewel die werkswyse wat sy gevolg het nie vir ‘n baie ou publikasie soos *Die Boerevrou* geskik is nie, verskaf haar werk noodsaaklike agtergrond en insigte vir enige studie oor vrouetydskrifte.

Volgens Gough-Yates is die meeste studies oor vrouetydskrifte ‘n ideologiese analise van die tekstuele inhoud en word hoofsaaklik uitgevoer deur feministiese mediageleerde. Dit het by navorsers oor die hele wetenskaplike spektrum heen die persepsie geskep dat vrouetydskrifte as onderdrukkende medium problematiese studiemateriaal is en gevvolglik vermy moet word.¹² Dit kan moontlik ook die rede wees waarom *Die Boerevrou* tot nog toe as bron vir Afrikanergeskiedenis en -kultuurgeskiedenis vermy is. Die genoemde werk van Kruger skep die indruk by die leser dat Malherbe ‘n nasionalistiese projek met *Die Boerevrou* onderneem het en dat die tydskrif net een bepaalde siening reflekter. Daar word nie genoeg ruimte gelaat vir die polifoniese aard van ‘n tydskrif en die gepaardgaande wisselwerking tussen die media en die publiek nie.

In die sosiale wetenskappe is daar gedurende die 1950’s geglo dat die invloed van die media op die lezers groot en eensydig was. Teen die sewentigerjare het navorsers begin twyfel aan die grootte van die impak van die media en vanaf die jare negentig het die idee van wisselwerking tussen die media en die publiek na vore getree.¹³ Teen die mid-1980’s het sterk kritiek teen die vroeëre tekstuele ontledings van vrouetydskrifte ontstaan. Postmodernistiese navorsers het daarvan oortuig geraak dat die betekenis van vrouetydskrifte nie net opgesluit is in voorbestemde boodskappe

¹¹ A. Gough-Yates, *Understanding women’s magazines: Publishing, markets and readerships*, pp. 154, 155.

¹² A. Gough-Yates, *Understanding women’s magazines: Publishing, markets and readerships*, pp. 6, 7.

¹³ M. Hülksen, *Fascinerend en veelzijdig: het vrouwentijdschrift als bron - een leidraad voor de (beginnende) onderzoeker*, www.vrouwentijdschriften.nl. Toegang 2008.

wat deur navorsers “ontdek” moes word nie. Daar is toenemend gefokus op hoe die tydskrifte ontvang of verbruik is. Meer studies oor die produksie-aspekte van tydskrifte het in hierdie tyd ook die lig gesien.¹⁴

Gough-Yates se werk beklemtoon ook die feit dat enige poging om vrouetydskrifte te verstaan, binne die raamwerk van die sosio-kulturele toestande waarbinne dit verskyn het, moet geskied. Haar studie gaan egter verder en duï ook die waarde van ‘n deeglike begrip in die ekonomiese toestande van die tersake tydperk waarbinne ‘n bepaalde tydskrif verskyn het, aan. Sy het bevind dat: “... production [of a woman’s magazine] is ‘a world of strongly articulated cultural values, tastes and commitment’ and is not linear, causal or mechanical.”¹⁵

Met Hoofstuk II is hierdie genoemde noodsaaklike kultuurhistoriese voorstudie vir *Die Boerevrou* deur middel van ‘n sekondêre bronondersoek onderneem. Daar is gepoog om ‘n duidelike beeld te skep van die politieke en maatskaplike toestande waarin die historiese lezers van *Die Boerevrou* hulle bevind het. Dit bied ‘n agtergrond waarteen bevindings in die tydskrif getoets kan word. Dit was nie die bedoeling met die hoofstuk om ‘n geskiedenis vir die Afrikaner te skryf en oordele oor bepaalde gebeure of sekere ideologiese kwessies te vel nie, maar wel om die geestesingesteldheid en siening van die deursnee vroeë twintigste eeuse Afrikanervrou te identifiseer en binne ‘n historiese konteks te plaas.

Die historikus Charles van Onselen het by geleentheid gesê dat geskiedskrywing die kodifisering van inligting vir ‘n bepaalde groep binne bepaalde omstandighede is. Dit beteken dat geen geskiedskrywing ooit werklik objektief is nie en dat enige historiese navorsing in der waarheid meer lig werp op die tydperk waarbinne dit geskied as die

¹⁴ A. Gough-Yates, *Understanding women’s magazines: Publishing, markets and readerships*, pp. 11,13,15.

¹⁵ A. Gough-Yates, *Understanding women’s magazines: Publishing, markets and readerships*, pp. 39, 157.

tydperk waaroor dit handel.¹⁶ Derhalwe moet enige navorser, wat 'n greep uit die geskiedenis uit die werk van ander navorsers bondig wil saamvat, homself vergewis van die verskillende beskouings in geskiedskrywing en hoe dit sy eie interpretasie van gebeure kan beïnvloed. F.A. van Jaarsveld se *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede: Geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk* (1984) is om hierdie rede bestudeer. Die tradisionele, wit, konserwatiewe geskiedbeskouing bestaan uit die Koloniale en Republikeinse beskouings waarin Britse imperialisme uitgebeeld is as sondebok vir alles wat in Suid-Afrika verkeerd gegaan het. Na die Eerste Wêreldoorlog het die liberale geskiedbeskouing na vore getree en die rol van swart- en bruinmense in die geskiedenis is ontdek. Afrikaners met hul segregasiebeleid is aangewys as die oorsaak vir alle ongewensdhede in Suid-Afrika. Radikale geskiedskrywing het wêreldwyd ontstaan na die Tweede Wêreldoorlog as gevolg van dekolonisatie en die opkoms van 'n proletariese lewensbeskouing. Klas het nou kleur vervang as determinant en kapitalisme het die skuld gekry vir die euwels in die samelewning.¹⁷ Na 1948 het 'n vierde en 'n vyfde stroming in Suid-Afrika ontstaan. Swart liberale geskiedskrywing het uit die sendingtradicie ontstaan en swart radikale historici het die geskiedenis hervertolk met die oog op 'n swart-beheerde toekoms vir Suid-Afrika. Die ideologiese basis van die vyfde stroming is swart nasionalisme en internasionale sosialisme en alles duï daarop dat blankes inintringers is in Suid-Afrika, wat deel van Swart Afrika vorm.¹⁸ Teen 1980 het die swartes die beeld van helde by en simpatie van die buitewêreld verwerf wat die Afrikaner na die Anglo-Boereoorlog beklee het. In Suid-Afrika, as die laaste vesting van kolonialisme in Afrika, het Afrikaners een van die mees gekritiseerde en geïsoleerde volke in die wêrelde geword.¹⁹

¹⁶ Van Onselen, C. *Criminal heroes and outlaw legends: Irish banditry in Southern Africa 1880 until 1899*. Seminaar, Departement Historiese en Erfenisstudies, U.P., 2010-02-19.

¹⁷ F.A. van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede: Geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk*, pp. 4-7.

¹⁸ F.A. van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede: Geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk*, pp. 4-7.

¹⁹ F.A. van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede: Geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk*, pp. 150,151.

'n Aspek wat baie nou hierby aansluit is die historiografiese siening rondom die aard en ontstaan van nasionalisme, wat ook met verloop van tyd verander het. Ondersteuning van Afrikanernasionalisme en 'n voorliefde vir die eie is aanvanklik deur historici as 'n natuurlike en onvermydelike menslike verskynsel gesien. Dit het geleid tot 'n onkritiese verheerliking van die Afrikaner deur sommige historici.²⁰ Met die opkoms van die radikale strominge in die geskiedskrywing is nasionalisme toenemend as 'n beplande ideologie beskou wat suksesvol deur Afrikaner-elite (in die vorm van onderwysers, predikante, regsgelerdes en joernaliste) aan die breër volksmassas oorgedra is. Baie navorsers, wat hierdie standpunt huldig, het doelbewus met hul werk hul lezers van hul siening probeer oortuig.²¹ Sommige post-moderne navorsers het egter reeds begin weg beweeg van hierdie siening en probeer 'n middeweg vind deur bewyse te soek daarvoor dat daar sogenaamde kulturele entrepreneurs was wat die strominge onderliggend tot Afrikanergeledere aangevoel en verwoord het en sodoende 'n kringloop van aanvaarding van nasionalisme gevoed het, maar nie noodwendig alleen verantwoordelik was daarvoor nie.²²

Die kultuurhistoriese voorstudie is vervolgens met 'n sensitiwiteit vir die verskillende standpunte, wat in die beskikbare bronne aanwesig is, uitgevoer. Soos reeds genoem, was die doel daarvan die skepping van 'n historiese konteks waarbinne *Die Boerevrou* verskyn het en 'n agtergrond waarteen bevindings in die tydskrif beoordeel kan word. Dít en die bestudering van Mabel Malherbe se agtergrond en oortuigings (Hoofstuk III) is hoofsaaklik aan die hand van die volgende primêre en sekondêre werke gedoen:

²⁰ Kyk byvoorbeeld na die werk van M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*.

²¹ Kyk byvoorbeeld na die werk van E. Brink, *Man-made women: Gender, class and the ideology of the Volksmoeder*, in C. Walker (ed.), *Women and gender in South Africa to 1945*.

²² Kyk byvoorbeeld na die werk van H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie* en J. Grobler, *Volksmoeders in verset, Afrikanervroue-optogte in Pretoria, 1915 en 1940*. S.A. Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis, 23(1), Junie 2009.

My beskeie deel: 'n Outobiografiese vertelling (1972) is die publikasie van M.E.R. (M.E.C. Rothmann) se herinneringe wat sy in haar vyf en sewentigste jaar op versoek begin neerskryf het. "So het ek op 75 gereken. My werk is klaar, het ek aan myself gesê. Wat ek kon doen, is afgehandel; wat ek nog daaraan toedoen, sou minderwaardig en oortollig wees. Die jonges kan dit beter doen." "... toe begin snaakse dinge gebeur. En een daarvan was dat Boy Scholtz my vra om 'n lewensgeskiedenis te skryf. 'Nie vir publikasie nie,' sê die slim kind. 'Sommer net. Elke ou mens behoort dit eintlik te doen.'" In haar outobiografie het M.E.R. 'n "uitpluisery" van haarself en emosionele toestande en belewings probeer vermy. Sy beskou haarself nie as 'n kenner om daaroor "reg te kan oordeel" nie en reken dat dit buitendien vir niemand anders interessant is nie. Sy verskaf egter deurgaans haar eie oortuigings en goeie verduidelikings van gebeure en maak geen terloopse opmerkings wat die leser in die duister laat nie. Daar word wel soms na mense verwys sonder dat daar besonderhede oor hulle verstrek word. Om die leser hier te help, het die uitgawer 'n indeks van persone agter in die boek geplaas.

Met *Die 100 jaar van MER* (2004), slaag Steyn daarin om *My beskeie deel* uit te brei tot 'n insiggewende lewensverhaal en probeer nie om 'n biografie in die enger sin van die woord te skryf nie. Hy stel M.E.R. meestal self aan die woord. Dit was moontlik omdat daar 'n ryk skat van haar brieve en herinneringsdokumente in gepubliseerde en ongepubliseerde vorm bewaar gebly het. Die boek bevat deeglike bronverwysings en omvattende registers oor die werk en lewe van M.E.R., persoonsname, koerante en tydskrifte asook organisasies.

Die Afrikaners: 'n Biografie (2004), waarin Giliomee die jongste internasionale insigte oor die Afrikaner en 'n leeftyd se navorsing verweef tot 'n geskiedenis wat strek van die kolonialisasie van die Kaap tot in die een-en-twintigste eeu, alles teen die agtergrond van 'n gebrek aan veiligheid omdat die Afrikaners altyd min was. Hy is van mening dat netwerke tussen Afrikaners lewensbelangrik was en is vir hulle oorlewing.

In hierdie werk word die Afrikaner se geskiedenis in 'n enkele band beskryf. Die leser word na 'n omvattende bronnelys vir *Die Afrikaners* in die Engelse uitgawe verwys as hy wil naslaan waarop feite en vertolkings berus.

In *Working life (A people's history of South Africa Vol 2)* ondersoek Luli Callinicos die "nuwe" lewenswyse wat stedelike werkers van alle rasse ná verstedeliking tot en met 1940, slegs met hul kennis van die tradisionele manier van leef, noodgedwonge vir hulleself moes skep. Callinicos het gevallestudies en 'n groot hoeveelheid visuele materiaal gebruik om "the world the workers made" aan die hand van aspekte soos werks- en woonomstandighede, ontspanning en politieke betrokkenheid te bespreek en toe te lig.

Met *Afrikaners in die Goudstad: Deel I* (1978) en *II* (1986) onder redaksie van E.L.P. Stals, het die Geskiedenisnavorsingspan van die destydse Randse Afrikaanse Universiteit ook, soos Callinicos, bevind dat die stedelike lewe hoë eise aan die nuwe stedelinge gestel het. Gevolglik het dit 'n bepalende invloed op die Stadsafrikaner se karaktervorming gehad. In die voorwoord verduidelik Stals dat reekse en reekse dokumente in staatsargjewe deurgewerk is sonder dat wesenlike vondste gemaak is. Dit dui daarop dat staatsdokumente selde goeie bronre is vir kultuurhistoriese temas wat aan 'n bepaalde kultuurgroep gekoppel is. Die belangrikste bronre vir 'n tema soos dié was koerante en die dokumentversamelings van individue en private liggeme.

J.H.H. de Waal se *My herinnerings van ons taalstryd* (Versamelde werke Deel I) is in 1939 deur die Nasionale Pers uitgegee. De Waal vertel hoe hy die teenstand teen Afrikaans uit eie geledere ervaar het en watter bydrae hy en andere gelewer het om Afrikaans as koeranttaal te vestig. 'n Herinneringsgeskrif soos hierdie is vir die kultuurhistorikus van veel waarde omdat dit die ervarings en oortuigings van gewone mense bevat en lig werp op die oorsake van duidelik onderskeibare gebeure in die

verlede. Soos in die geval van die meeste primêre bronne, is daar geen bronverwysings of indeks nie, wat die bestudering daarvan bemoeilik.

Afrikaanse kultuurmanak, onder redaksie van M.J. Swart, is in 1980 deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge uitgegee. Dié werk verskaf kort inskrywings wat volgens die dag en datum waarop gebeure plaasgevind het volgens elke dag van die jaar ingedeel is en dan verder volgens jare verdeel is. Hoewel dit nuttige feite oor bekendes en die ontstaan van organisasies, asook baken-oomblanke in die Afrikaner se kultuurlewe bevat, kan dit nie volgens temas bestudeer word nie omdat die stof nie volgens onderwerpe of selfs jaartal gerangskik is nie en daar geen indeks is nie. Dit is ook uit 'n subjektiewe vertrekpunt geskryf. Die *Afrikaanse kultuurmanak* kon slegs gebruik word om inligting in ander bronne te verifieer of aan te vul.

Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner (1968) met P. de V. Pienaar as redakteur was, hoewel dit al 'n ou sekondêre bron is, van waarde omdat dit die ontwikkeling van die Afrikaner se volksaard tot en met die tyd waarin *Die Boerevrou* begin verskyn het, duidelik uiteensit en verklaar. Van die hoofstukke wat benut kon word, handel oor die politieke geskiedenis en die ekonomiese ontwikkeling van die Afrikaner, sy patriargale familietradisie en die ontwikkeling van Afrikaans.

F.A. van Jaarsveld se *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika* (1976) was nuttig om die politieke geskiedenis van die Afrikaner voor en in die tyd van die *Die Boerevrou* se verskyning te verstaan. Politieke gebeure gedurende die verskyning van die tydskrif is onder meer die 1922-mynstaking, die bewindsoorname van generaal J.B.M. Hertzog by generaal J.C. Smuts, die erkenning van die soewereine onafhanklikheid van die Unie binne die Statebond, die verheffing van Afrikaans tot 'n amptelike landstaal en die vlagkwessie. Die jare tussen 1924 en 1929 was 'n tyd van voorspoed, maar die

ekonomiese wêrelddepressie, wat in 1929 begin het, het nie net die deursnee Afrikaner geraak nie, maar ook die voortbestaan van *Die Boerevrou*.

South Africa in the 20th century (1993), onder redakteurskap van B.J. Liebenberg en S.B. Spies, word beskryf as 'n poging om die toestand waarin die twintigste eeuse Suid-Afrikaanse samelewing hom bevind, te verklaar. Dit behandel die belangrikste historiese gebeure in vyf periodes. Die eerste tydperk, 1900 tot 1919, deur Spies, is bestudeer om so 'n objektiewe blik as moontlik op die gebeure rondom unifikasie en die Eerste Wêreldoorlog te kry. Dit is ook die tydperk wat die verskyning van *Die Boerevrou* voorafgegaan het en waarvan die invloede in die twintigerjare sigbaar was.

Verder is 'n aantal Engelse sekondêre bronne oor die geskiedenis van Suid-Afrika geraadpleeg. Hoewel hierdie werke nie werklik nuwe of ander insigte as die genoemde Afrikaanse bronne oor die tydperk gelewer het nie, was dit nuttig omdat dit die ervaringswêreld van die vroeë twintigste eeuse Afrikaners verder toegelig het.

Die geraadpleegde Engelse bronne is: W. Beinhart se *Twentieth century South Africa* (2001); J. Bottomley se proefskrif *Public policy and white rural poverty in South Africa, 1881-1924* (1990); *South Africa: a modern history* (2000) deur T.R.H. Davenport en C.S. Saunders; T.D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom: power, apartheid, and the Afrikaner civil religion* (1975); J. Krikler se *The Rand revolt: the 1922 insurrection and racial killing in South Africa* (2005) en *A history of South Africa* (1995) deur L. Thompson.

In samehang met 'n agtergrondstudie oor die Afrikaanse samelewing, is gepoog om vas te stel hoe die Suid-Afrikaanse media-landskap aan die begin van die twintigste eeu daaruit gesien het. Net die ontstaan en aard van al die Nederlandse en Afrikaanse publikasies, wat tot en met 1919 in Suid-Afrika verskyn het, is bespreek. Om die rol van die publikasies aan te dui, sou 'n deeglike studie van elk verg,

soortgelyk aan die wat met *Die Boerevrou* beplan is. Navorsers verskil oor die rol van die Afrikaanse pers. Sommige beklemtoon die spreekbuisrol, terwyl ander op die opvoedingstaak en die bevordering van nasionalisme wys. Met hierdie studie behoort *Die Boerevrou* se rol duidelik sigbaar te word. Slegs Kruger het tot dusver 'n oordeel oor die tydskrif se rol geveld en volgens haar het *Die Boerevrou* net die rol van bevorderaar van nasionalisme vervul. 'n Deeglike ontleding van die teks van die tydskrif is nodig om haar bevindings te toets. Dit is belangrik om te verstaan presies waar die eerste Afrikaanse vrouetydskrif in 1919 ingepas het en of daar werklik ruimte vir en behoefté aan die tydskrif was. Die volgende bronne is gebruik om die tersaaklike feite in chronologiese orde te rangskik:

'n *Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika* deur P.J. Nienaber. Dit is 'n dun boekie wat deur die Nasionale Pers in 1943 uitgegee is en bevat die oorsigtelike geskiedenis van drukwerk en uitgewery in Suid-Afrika vanaf ongeveer 1780.

H.P.H Behrens se *The Pretoria Press Story* (1955) is met groot vrug gebruik om die bestaan en ontstaan van koerante in die geskiedenis van Pretoria te identifiseer en in 'n chronologiese orde te plaas.

A manner of speaking: The origins of the press in South Africa deur Wessel de Kock (1982) verduidelik kortlikς deur wie die grondslag vir die pers en die drukkersbedryf in Suid-Afrika gelê is en hoe dit ontwikkel het.

Sonop in die Suide: Geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948 deur C.F.J. Muller (1990). Hierdie werk werp nie net lig op die geskiedenis en bedrywighede van die Nasionale Pers nie, maar ook op die taalstryd van die jare kort voor en ook die jare waarin *Die Boerevrou* verskyn het.

Hoofstuk III is die resultaat van 'n verdere sekondêre bronondersoek om lig te werp op die redaksie, medewerkers en publikasiebeleid van *Die Boerevrou*. Dit is volgens Hülksen 'n manier om die ontvangs van 'n tydskrif deur sy lesers te probeer bepaal en verstaan. Soos reeds genoem, bestudeer hierdie hoofstuk ook Mabel Malherbe se agtergrond en oortuigings.

Hülksen se voorstel dat inligting rondom die publikasie self, soos prys en oplaag, vroeg in die ondersoek reeds ingesamel en beskikbaar gestel behoort te word, is met Hoofstuk IV uitgevoer. Bronne van inkomste, die sirkulasie van *Die Boerevrou*, die aard van die advertensies en die drukproses is vasgestel en bestudeer.

Hierna kon die inhoud van *Die Boerevrou* met insig ondersoek word. Die omvang van hierdie proefskrif laat egter nie toe dat die totale inhoud daarvan omvattend ontleed word nie, hoewel dit bestudeer is. Daar is derhalwe besluit om net op die gereelde rubriek te fokus.

'n Rubriek (Engels: *Column*) is 'n afdeling in 'n koerant of tydskrif wat aan 'n bepaalde onderwerp gewy word, byvoorbeeld 'n rubriek oor kinderopvoeding. Die Nederlandse/Afrikaanse woord *rubriek* is afgelei van die Latyn *ruber*, wat rooi beteken. Die titels van ou Europese handgeskreve geskrifte is dikwels in rooi letters aangebring sodat dit duidelik kon uitstaan. Kenmerke van 'n rubriek is dat dit gereeld in 'n spesifieke publikasie verskyn en dikwels die skrywer of samesteller daarvan se oortuigings weerspieël.²³

Gereelde afdelings of rubriek is ook in *Die Boerevrou* gepubliseer. Hoewel sommige daarvan nie vir lank bestaan het nie en soms deur ander afdelings vervang is omdat

²³ F.F. Odendaal (red.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 876; Rubriek, <http://nl.wikipedia.org/wiki/Rubriek>. Toegang: Desember 2011.

daar deur die jare met die tydskrif gepoog is om die lesers se behoeftes aan te spreek, is dié rubrieke duidelik te onderskei van eenmalige artikels of bydraes van medewerkers. Daar is gepoog om 'n duidelike beeld te skep van wat lesers elke maand in die tydskrif kon aantref en hoe hulle daarop gereageer het.

Die enkel aflewerings van artikels of selfs die spesiale uitgawes van die tydskrif, soos die Kruger-gedenkuitgawe van Oktober 1925, sou ook baie insiggewend wees in die bepaling van die lesers se kulturele dieet en die rekonstruksie van die lesersgemeenskap. Die ontvangs van en reaksie op die gereelde bydraes wys egter 'n meer aaneenlopende en volgehoue interaksie tussen die tydskrif en haar lesers uit. Die totale inhoud van die tydskrif is wel telkens vir elke afdeling deursoek, aangesien daar verwysings na die gereelde rubrieke in die enkel artikels ook bestaan.

Selfs net die gereelde rubrieke was so baie dat dit volgens 'n moderne tydskrifklassifikasie in twee groepe verdeel moes word. Hoofstuk V hanteer al die besielende rubrieke – gereelde bydraes wat die lesers sou kon inlig en inspireer. Leefstyl-rubrieke wat mode- en gesondheidsriglyne, resepte en bydraes oor die huis en tuin bevat het, is in hoofstuk VI ondersoek.

Daar is met hoofstukke V en VI bevind dat daar 'n definitiewe wisselwerking tussen *Die Boerevrou* se redaksie en die lesers bestaan het. Gevolglik is besluit om hierdie enkele aspek aan die hand van 'n tema verder uit die tydskrif self en uit sekondêre bronne te ondersoek en ontleed. Hoofstuk VII is gevolegtlik die produk van die bestudering van die oorsprong en ontvangs van die tydskrif se voorblad. Hieruit het *Die Boerevrou* as instrument waarmee kultuur geproduseer, versprei en verbruik is, duidelik na vore getree.

Uiteindelik word daar met hoofstuk VIII gepoog om die vrae of *Die Boerevrou* 'n gesaghebbende kultuurhistoriese bron is en waarom dit min gebruik word deur

navorsers, te beantwoord. Verdere gevolgtrekkings, asook voorstelle vir toekomstige navorsing oor *Die Boerevrou* word in die slothoofstuk gemaak.

HOOFTUK II: DIE HISTORIESE KONTEKS WAARBINNE

DIE BOEREVROU VERSKYN HET

1. Politieke agtergrond van die vroeë twintigste eeuse Afrikaner

Na die Anglo-Boereoorlog en die Vrede van Vereeniging (1902) is kroonkoloniebestuur voorlopig vir die voormalige Boererepublieke ingestel en die inwoners kon nie self hul verteenwoordigers in die Wetgewende en Uitvoerende Rade aanwys nie. Lede is namens hulle benoem. Slegs Afrikaners wat bereid was om hulle aan die Britse geregtelike, ekonomiese, politieke, etiese en sosiale stelsels te onderwerp, het 'n plek in die bestuur gekry. Dit het so gebly tot met die verkiesing van 1907.²⁴ In die tydperk direk na die oorlog het die Afrikaners in Transvaal en die Oranjerivier-kolonie (Vrystaat) se aktiwiteite hoofsaaklik om hul lewensbestaan gedraai, maar vanaf ongeveer 1903 het daar 'n definitiewe verband tussen die Afrikaner se politiek en ander aspekte van sy lewe begin ontwikkel. Die verband was daarin geleë dat veral sosiale en kulturele instellings vanweë die Afrikaner se politieke bedrywighede ontstaan het. Dié instellings het as't ware uit die politieke partye, wat nou vir die eerste keer in die geskiedenis in Afrikanergeledere in Transvaal en die Vrystaat wortel geskiet het, gegroei.²⁵

Lord Alfred Milner was onbewus daarvan dat sy beleid om 'n Britse Suid-Afrika te bou, die teelaarde vir Afrikanernasionalisme sou word. Generaal Jan Smuts het geskryf: "Had it not been for Milner and his extreme measures, we Afrikaners would probably all quite happily have been speaking English by now. By his opposition to our language, he helped to create it."²⁶ As deel van sy angliseringssproses het Milner 1 400 Hollandse spoorwegamptenare as ongewenste immigrante uit die land gesit en die staatsdiens, spoorweë en polisie van die voormalige Republieke met Engelstaliges

²⁴ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, pp. 101, 112.

²⁵ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, pp. 95, 100, 113.

²⁶ Aangehaal deur L. Callinicos, *A place in the city: The Rand on the eve of apartheid*, p. 114.

gevul. In 1902-3 het sowat 1 000 nuwe Britse immigrante-families die land ingekom. Dit en die meer as 63 000 Chinese arbeiders wat Milner ingevoer het om die tekort aan goedkoop arbeid in die Witwatersrandse goudmyne aan te vul, het 'n politieke herlewing by die Afrikaner veroorsaak en ingelui.²⁷

In Julie 1903 is 'n groot protesvergadering deur generaals Louis Botha op Heidelberg gehou, waar Milner se aksies en die invloed wat dit op die lone van ongeskoolde arbeiders gehad het, veroordeel is. President Paul Kruger se plegtige begrafnis in 1904 het Afrikaners verder besiel tot teenstand teen Milnerisme en aandrang op verantwoordelike bestuur. Dit is gevolg deur 'n Volkskongres op Pretoria in Maart 1905, waar die Het Volk Party, met Botha as leier, tot stand gekom het. Het Volk het dadelik verantwoordelike bestuur vir die Transvaal geëis.²⁸

Met die 1905-algemene verkiesing in Brittanie het die Liberale Party onder Henry Campbell-Bannerman aan bewind gekom. Die nuwe liberale regering het die Anglo-Boereoorlog veroordeel en 'n beleid van versoening teenoor die twee nuwe Britse kolonies in Suid-Afrika gevolg. Milner moes met die regeringswisseling in Brittanie sy amp in Suid-Afrika in 1905 neerlê. Die selfbestuur, wat in die vredesverdrag van Vereeniging in die vooruitsig gestel was, is toegestaan.²⁹

Op 6 Desember 1906 is verantwoordelike bestuur aan Transvaal verleen waardeur dit gelyke status met Natal en die Kaapkolonie verkry het. In die verkiesing van 1907 het die Het Volk Party 'n verkiesingsooreenkoms met die *National Association*

²⁷ B.J. Liebenberg en S.B. Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, p. 34; F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, p. 358; H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, pp. 221, 222.

²⁸ B.J. Liebenberg en S.B. Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, p. 39; R. Davenport and C. Saunders, *South Africa: A modern history*, pp. 245-246; F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, p. 248.

²⁹ P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, pp. 15-36; F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, p. 247.

aangegaan en so in Transvaal aan bewind gekom, met Botha as Eerste Minister en Smuts as Koloniale Sekretaris.³⁰

Onder leiding van die Orangia-Unie het soortgelyke politieke ontwikkelings in die Oranjerivier-kolonie (Vrystaat) plaasgevind. Milner het plase onteien waarop hy Britse immigrante geplaas en sodoende die bevolking die harnas ingejaag het. President M.T. Steyn en generaal J.B.M. Hertzog het in 1906 die Orangia-Unie gestig wat hom vir verantwoordelike bestuur beywer het. Dit is op 5 Junie 1907 amptelik aan die Vrystaat toegestaan. Abraham Fischer was die Eerste Minister en generaals Hertzog en C.R. de Wet is in die nuwe kabinet opgeneem.³¹

Die Kaapse oorlogsrebelle het in 1908 weer die stemreg, wat hulle na die oorlog ontneem is, verkry en in die verkiesing het die Afrikanerbond, in daardie stadium onder leiding van Jan Hofmeyr, met John X. Merriman se Suid-Afrikaanse Party saamgesmelt en dr. L.S. Jameson se Progressive Party verslaan. Merriman is aangewys as Eerste Minister. Die Afrikaners was dus ses jaar na die oorlog in drie van die vier Suid-Afrikaanse kolonies weer aan bewind.³²

Die Suid-Afrikaanse politiek is vanaf 1908 tot 1910 oorheers deur vraagstukke rondom Unifikasie. Gemeenskaplike veiligheid, die beheer van ongewenste immigrasie en die versterking van imperiale bande was van die redes waarom vereniging tussen die vier Suid-Afrikaanse kolonies al in 1908 voorgestel is. In Mei 1909 is 'n Nasionale Konvensie in Durban gehou, waaruit die Unie van Suid-Afrika

³⁰ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, p. 247; M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuurmanak*, p. 351.

³¹ H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 227; M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuurmanak*, p. 351.

³² F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, p. 248.

op 31 Mei 1910, met Herbert Gladstone as Goewerneur-generaal en Louis Botha as Eerste Minister, tot stand gekom het.³³

Daar het as gevolg van Uniewording 'n herskommeling van die politieke partye plaasgevind. Die Arbeidersparty is in Januarie 1910 gestig en die Unionisteparty het in Mei 1910 tot stand gekom, toe die Engelssprekendes in Transvaal (Progressives), Vrystaat (Constitutionalists) en Kaapland (Unionists) verenig het. Die Afrikanerpartye van die verskillende provinsies het saamgewerk in die eerste Volksraadsverkiesing op 15 September 1910, die verkiesing gewen en daarna saamgesmelt en die Suid-Afrikaanse Party gevorm (SAP).³⁴

Binne die Suid-Afrikaanse Party het Botha en Smuts die vereniging van Boer en Brit in een Suid-Afrikaanse nasie voorgestaan, terwyl Hertzog 'n "tweestroombeleid" vir die twee blanke groepe in Suid-Afrika in die vooruitsig gestel het. Hiervolgens moes elke groep afsonderlik langs mekaar kon ontwikkel sonder dat die een oor die ander heers. Hulle sienings oor die Unie se verhouding tot Brittanje het ook verskil. Botha was teen die gedagte van afskeiding gekant en Hertzog wou hom beywer vir die reg van volkome selfbeskikking.³⁵

Op 7 Desember 1912 het Hertzog 'n politieke vergadering by die De Wildt-stasie in Transvaal toegespreek en die verskille tussen Suid-Afrikaanse nasionalisme en Britse imperialisme, gedagterigtigs wat in Botha se kabinet sigbaar was, uitgewys. Die toespraak het hewige reaksie by die Unioniste en Brits-gesindes uitgelok. Botha het bedank as Eerste Minister nadat Hertzog gevra is om uit die kabinet te bedank, maar

³³ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 102; F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, pp. 252, 266; B.J. Liebenberg en S.B. Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, pp. 46, 47.

³⁴ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 103; B.J. Liebenberg en S.B. Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, p. 54.

³⁵ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, pp. 270, 273.

geweier het. Die Goewerneur-generaal het Botha gevra om weer die kabinet, wat outomaties met sy bedanking ontbind het, saam te stel. Hy het Hertzog uitgelaat.³⁶

Advokaat Tielman Roos het landswyd volksprotes teen dié wegloating gereël en op 28 Desember 1912 het ongeveer 5 000 Afrikaners in 'n park in Pretoria byeen gekom. Die platvorm vir die vergadering was 'n hoop verrotte gras wat as bemesting vir die park gebruik sou word. Generaal De Wet het as spreker opgetree. Hy het gesê hy is trots om daar te wees want die geskiedenis het bewys dat geen volk verhoog sal word voordat hulle verneder is nie. "...daarom wil ek mij liever op een mesthoop onder mijn volk bevinden, dan op een schitterend platform onder vreemdelingen." Die vergadering sou later as die "Mishoop-vergadering" bekend staan. Die skare het hierna na Hertzog se woning gegaan, hom op 'n tafel gelig en toegejuig en volksliedere gesing. In 'n toespraak het Hertzog vir die eerste keer die slagspreuk "Zuid-Afrika eerste" uitgeroep. Dit was die begin van 'n politiek-kulturele Afrikanergebondenheid met die doel om op elke lewensterrein Afrikanerheil te bevorder.³⁷

Tydens 'n provinsiale vergadering van die Suid-Afrikaanse Party wat vroeg in 1914 in die Ramblersaal in Bloemfontein plaasgevind het, is Hertzog se standpunt geesdriftig deur tussen vier- en vyfhonderd aanwesiges toegejuig. By hierdie geleentheid is 'n nuwe opposisieparty in die vooruitsig gestel. Op 1 Julie 1914 het generaal Hertzog die Nasionale Party (NP) op Smithfield formeel gestig.³⁸

In Augustus 1914 het Brittanje oorlog verklaar teen Duitsland en die Unie versoek om Suidwes-Afrika te verower. Botha se besluit om aan hierdie versoek gehoor te gee, skaars twaalf jaar na die Vrede van Vereeniging, het verbittering by baie Afrikaners

³⁶ B.J. Liebenberg en S.B. Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, p. 64.

³⁷ B.J. Liebenberg en S.B. Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, pp. 65, 66.

³⁸ K. Schoeman, *Bloemfontein: Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*, p. 233; L. Thompson, *A history of South Africa*, p. 158.

veroorsaak en gelei tot die Rebellie.³⁹ Dié ongeorganiseerde en swak bewapende opstand deur 7 123 Vrystaatse, 2 998 Transvaalse en 1 252 Noord-Kaapse Afrikaners is deur die regering onderdruk en het Afrikanernasionalisme verder gestimuleer.⁴⁰ Op 26 Augustus 1914 is 'n tak van die NP in Transvaal gestig en ook in Kaapland is 'n tak van die NP in 1915 gestig.⁴¹

Botha se oorlogsbeleid het hom die stem van baie Engelstaliges in die tweede algemene verkiesing van die Unie besorg. Hoewel die Nasionale Party nog 'n minderheidsparty in die Volksraad was, was dit teen 1915/16 reeds duidelik dat dit die steun van die meerderheid Afrikaners geniet het. Generaal Botha is in 1919 oorlede en Smuts het hom as Eerste Minister opgevolg.⁴²

Aangemoedig deur president T.W. Wilson van die V.S.A se beklemtoning van die selfbeskikkingsreg van klein nasies as beginselgrondslag vir vredesonderhandelinge na die Eerste Wêreldoorlog, het Hertzog 'n Vryheidsdeputasie na die Vryheidskonferensie in Parys in 1919 gelei. Die deputasie het die herstel van die voormalige Boererepublieke se onafhanklikheid bepleit en hoewel dit niks bereik het nie, het dit Hertzog tog aangemoedig om hom verder vir die formele erkenning van Suid-Afrika se onafhanklikheid te beywer.⁴³

In die volgende algemene verkiesing op 10 Maart 1920 het die NP die meeste setels verower, maar nie genoeg vir die vereiste meerderheid nie. Smuts het dadelik 'n nuwe verkiesing vir 8 Februarie 1921 uitgeskryf. Pogings in September 1920 om die

³⁹ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, p. 275; P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeschiedenis van die Afrikaner*, pp. 15-36.

⁴⁰ H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 334.

⁴¹ M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuurkalmanak*, p. 249; K. Schoeman, *Bloemfontein: Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*, p. 234.

⁴² H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, pp. 335, 345; B.J. Liebenberg en S.B. Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, p. 106; P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeschiedenis van die Afrikaner*, pp. 15-36.

⁴³ T.D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom: Power, apartheid, and the Afrikaner civil religion*, p. 38.

SAP en die NP te verenig, het misluk en in November het die SAP en die Unioniste saamgesmelt. Met dié Engelse steun, is Smuts met 'n groot meerderheid tot premier herkies.⁴⁴

Na-oorlogse depressie het in 1921 'n skerp daling in die prys van steenkool en goud tot gevolg gehad en ontginningskoste is besnoei deur arbeiders se lone te verlaag. Op 10 Januarie 1922 het 22 000 blanke mynwerkers begin staak. Smuts het die staking hardhandig onderdruk, die Rand deur die leër en die lugmag laat aanval en daarin geslaag om dit op 16 Maart te beëindig. Meer as 200 stakers is dood, baie Afrikaners is tronkstraf of swaar boetes opgelê en meer as 7 000 mynwerkers is uit hulle poste ontslaan. Ses mans, wat gearresteer is, is onder agterdogwekkende omstandighede doodgeskiet. Die NP en die Arbeidersparty het simpatie met die stakers gehad en hierdie episode as propagandamiddel gebruik om die Smutsregering in onguns by die kieserspubliek te bring.⁴⁵

In 1923 het die NP en die Arbeidersparty, o.l.v. kolonel F.H.P. Creswell, 'n ooreenkoms van samewerking, genoem 'n Pakt, aangegaan. Nadat die SAP 'n nederlaag in 'n tussenverkiesing in April 1924 in Wakkerstroom gely het, het Smuts, sonder om die kabinet te raadpleeg, 'n verkiesing vir 17 Junie 1924, twee jaar voor sy regeringstyd ten einde sou loop, bepaal.⁴⁶

Die Pakt het die verkiesing met 'n meerderheid van 27 setels gewen en generaal Hertzog het die nuwe Eerste Minister geword. Onder Hertzog se regering het Afrikaans in 1924 erkenning in skole gekry en is dit verhef tot amptelike taal in 1925.

⁴⁴ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, p. 277.

⁴⁵ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, p. 277; H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 285; E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, pp. 90-92; J. Krikler, *The Rand revolt: The 1922 insurrection and racial killing in South Africa*, pp. 259-272.

⁴⁶ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, p. 277.

Hertzog het hom ook op die Rykskonferensies van 1926 tot 1930 beywer vir die ontvoogding van Suid-Afrika. In 1927 is die Departement van Buitelandse Sake gestig en in 1929 is die eerste gesante van die Unie na die buitenland gestuur. Op 31 Mei 1928 is die Nasionale vlag vir die eerste keer naas die Union Jack gehys. Die Yster- en staalnywerheidswet is ook in 1928 aanvaar. Hierdeur het die Hertzogregering statutêr die weg gebaan vir die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Yster- en Staalindustriële Korporasie Beperk (Yskor) met die doel om yster en staalprodukte uit inheemse grondstowwe te vervaardig en Suid-Afrika sodoende meer selfstandig te maak en werk te skep vir die Afrikaner.⁴⁷

Voor die algemene verkiesing op 12 Junie 1929 het Smuts in 'n toespraak op Ermelo uitlatings gemaak wat die indruk gewek het dat die blanke beskawing in Suid-Afrika in gevaar verkeer. Daarna het Hertzog die 1929-verkiesing maklik gewen, ook vanweë die feit dat die jare tussen 1924 en 1929 'n tyd van groot ekonomiese voorspoed was. Die NP kon vir die eerste keer uit eie krag regeer, maar Hertzog het nietemin besluit om steeds met die Arbeiders saam te werk – iets wat baie ander Afrikanerpolitici hom verkwalik het.⁴⁸

In 1929 het 'n wêreldwye depressie egter begin en in 1932 het die grootste droogte tot nog toe Suid-Afrika geteister. 'n Hewige politieke stryd tussen Hertzog en die opposisie oor die verlating van die goudstandaard om ekonomiese verligting te bewerkstellig, het gevolg. Hertzog het eindelik ingestem dat die regering op 27 Desember 1932 'n proklamasie uitreik waarvolgens note van die Reserwebank nie meer teen goudmunte inwisselbaar sou wees nie. Onmiddellike verligting in die

⁴⁷ B.J. Liebenberg en S.B. Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, pp. 173, 174, 197, 201; F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, pp. 36, 280; W. Beinart, *Twentieth century South Africa*, p. 114.

⁴⁸ B.J. Liebenberg en S.B. Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, pp. 237-239; F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, p. 282.

buitelandse monetêre toestand het ingetree. Rentekoerse het binne twee weke begin daal en 'n toestand van oorvloedige banklikiditeit het gevolg. Geldvoorraad en kredietverlening deur banke het toegeneem.⁴⁹

Die ekonomiese depressie van 1929 tot 1932 het verreikende politieke gevolge vir Suid-Afrika gehad. Smuts het aangedring op die bedanking van die Hertzog-regering sodat 'n ware nasionale regering gevorm kan word. Hertzog was nie hiervoor te vinde nie en het ook enige koalisie-gerugte ontken. Nasionaliste was gevolelik verslae toe Hertzog op 14 Februarie 1933 plotseling sewe punte bekend gemaak het waarop hy bereid was om met Smuts 'n koalisie aan te gaan. Een van die punte het onder meer gegaan oor die handhawing van die Unie se soewerein onafhanklike status. Op 24 Februarie is in die pers aangekondig dat Hertzog en Smuts ooreengekom het om 'n koalisie-regering saam te stel.⁵⁰

Na die koalisieregering tussen die NP en die SAP ingestel is, het die twee partye in 1934 saamgesmelt en die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party (kortweg die Verenigde Party) gevorm. Baie NP-volgelinge wou nie met Smuts verenig nie en het Hertzog van versaking van sy beginsels beskuldig. Onder dr. D.F. Malan, wat intussen tot die politiek toegetree het, het hulle die Gesuiwerde Nasionale Party gevorm. Die Smuts-Hertzog-regering het op die golf van die nuwe ekonomiese voorspoed gery en in die 1938-verkiesing het die Smelter-regering, soos dit bekend gestaan het, die meerderheid steun gekry.⁵¹

Die oorsig oor die politieke agtergrond is noodsaaklik vir die posisionering van *Die Boerevrou*. Met die bestudering van die tydskrif se inhoud asook die redaksie, beleid

⁴⁹ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, p. 282; B.J. Liebenberg en S.B. Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, pp. 241-249.

⁵⁰ B.J. Liebenberg en S.B. Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, p. 252.

⁵¹ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad II*, pp. 67, 92; F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, pp. 285, 286.

en medewerkers behoort dit duidelik te word aan watter kant van die politieke spektrum die tydskrif en haar lesers hulle bevind het.



Figuur 1: Jan Christiaan Smuts (1870 – 1950)

Uit: http://en.wikipedia.org/wiki/Jan_Smuts



Figuur 2: James Barry Munnik Hertzog (1866–1942)

Uit: <http://connect.in.com/j-b-m-hertzog/images>

2. Ekonomiese en maatskaplike toestande

Teen die agtergrond van die genoemde politieke gebeure het die Afrikaner in groot getalle gedurende die laaste kwart van die 19de eeu en die eerste helfte van die twintigste eeu verstedelik. Teen 1936 het sowat 50% van alle Afrikaners in stede of dorpe gewoon. Verskeie redes kan vir die verstedeliking aangevoer word, soos grondskaarste en plattelandse verarming weens oorloë, droogtes, depressietoestande en die Rebellie. Die minerale ontdekings en werksmoontlikhede vir Afrikaners in die stede en dorpe, veral na 1907 met die instelling van onafhanklike bestuur, het mense ook na die stede gelok. Verengelsingspogings na die Anglo-Boereoorlog het verder daartoe bygedra dat die Afrikaner verstedelik het. In 'n hoofberig het *The Star* die situasie soos volg beskryf: "But if the Transvaal is to become English, it will not be sufficient to have a vast English population concentrated in Johannesburg. The existing cleavage between English town and Dutch country must disappear, and to this end the Dutch must be encouraged in every way to settle and seek employment in the towns, and especially in Johannesburg, where the field of employment is

greatest and at the same time an English rural population, which is now practically non-existent, must be created." Rand Mines het geld vir landbou-ontwikkeling beskikbaar gestel om Engelssprekendes op die platteland te vestig en phasen is tydens die Kroonkoloniebestuur aan Britse oud-soldate toegeken.⁵²

Hoewel die twintigste eeuse Afrikaners afstammelinge was van voorouers met 'n stedelike tradisie, het sekere faktore sedert die vestigingsjare aan Kaap veroorsaak dat hulle heeltemal onvoorbereid was vir die stedelike lewe en 'n moderne kapitalistiese mynbou-ekonomie. Die handelsbeleid van die VOC het verhoed dat die boere kontak met die stedelike samelewing behou het. Die Afrikanerboer het nie die geleentheid gehad om homself as geskoolde arbeider te bekwaam nie en die feit dat hy nie sy produkte teen 'n wins van die hand kon sit nie, het daar toe bygedra dat produksie tot die voorsiening in eie behoeftes beperk is en dat al hoe meer boere na veeboerdery oorgeskakel het. Die groter fisiese mobiliteit van die veeboer het hom ver weg van die beskawingsentrum laat beweeg en daar was reeds vae tekens van die latere Armlanke-vraagstuk in die ekonomiese bestaanswyse van die vroeë veeboer te bespeur.⁵³

Die agrariese leefwyse het nie veel geleenthede vir sosiale of ekonomiese beweging gebied nie en gevvolglik het daar ook nie 'n klassestelsel onder die Afrikaners ontwikkel nie. Toe die geleentheid om sosiale en ekonomiese mobiliteit hom wel voorgedoen het met die ontdekking van diamante, het die meeste blanke Boere hulle betreklik weinig daaraan gesteur ten spyte daarvan dat hulle in die gunstige posisie was om rykdom te bekom. Die rede vir hierdie traagheid om die ekonomiese leer te betree, is daarin geleë dat die ontginning en verkoop van diamante en goud,

⁵² E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, pp. 30-33, 84; H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 274; aangehaal in E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 37.

⁵³ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 1.

finansiële ondernemingsgees en sakevernuf buite die ervaringsveld en lewensbeskouing van die Afrikaner geleë was.⁵⁴

Verder is handearbeid in Suid-Afrika tradisioneel deur anderskleuriges verrig. Dit het daartoe gelei dat daar 'n arbeidskuheid teenoor handearbeid by die meeste Afrikaners ontstaan het. Dit sou later een van die Afrikaner se grootste struikelblokke wees by sy toetrede tot die beroepslewe in die stad.⁵⁵ Luli Callinicos skryf: "The unskilled whites who came to town found it more difficult to get jobs as labourers. Labouring jobs in the mines were closed to them, because the mine owners had worked out a system of cheap black labour based on the contract, the compound and the pass system ... Nor were they able to find work as semi-skilled workers, because the craft unions of the (mainly) British workers kept them out. As opportunities for self-employment declined, unskilled whites were trapped by the racism that had been developing in South Africa since early colonial times - fresh from the land, they lacked industrial skills, but because they were white, they could not be employed as ordinary labourers. The result was large-scale unemployment of whites, and poverty."⁵⁶

Dit is 'n natuurlike verskynsel in enige samelewing dat sommige van sy lede arm is, maar die Armlanke-vraagstuk kan egter as 'n spesiale verskynsel bestempel word. 'n Buitengewone groot groep mense van uitsluitlik dieselfde etniese oorsprong, in hierdie geval Afrikaners, was werkloos en het begin veragterlik. Na skatting was daar in 1930 ongeveer 300 000 armlanke Afrikaners in die Unie. Die Nederduits Gereformeerde Kerk het in 1916 al 'n kongres op Cradock belê waar aandag gegee is aan die vraagstuk van die armlankes. Dieselfde vraagstuk is deur konferensies te Stellenbosch (1922), Bloemfontein (1923) en op 15 en 16 Julie 1930 te Pretoria bespreek. Die belangrikste wetenskaplike ondersoek wat in 1932 op die publikasie van die Carnegie-verslag onder die titel *Die Armlankevraagstuk in Suid-Afrika en 'n*

⁵⁴ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 2.

⁵⁵ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 2.

⁵⁶ L. Callinicos, *A place in the city: The Rand on the eve of apartheid*, p. 44.

daaropvolgende Volkskongres in Kimberley in 1934 uitgeloop het, het ook uit die inisiatief van die kerk voortgevloeи.⁵⁷

Die kongres van 1916 het 'n oplossing vir die probleem in die kreet "Terug na die platteland" gesien, terwyl die Carnegie-verslag die trek na die stede as onvermydelik beskou het - 'n natuurlike verskynsel wat feitlik in alle lande op die industriële rewolusie gevolg het. Volgens die Carnegie-kommisie het die redding gelê in onderwys, die verwerwing van industriële vaardighede en die skep van werksgleenthede in die dorpe en stede.⁵⁸

Die betekenis van die verstedeliking was nie alleen die grootskaalse verskuiwing van die Afrikaners vanaf die platteland na die stede nie, maar die verandering in leefwyse, opvattings en ingesteldhede wat in die stedelike omgewing by die Afrikaner ingetree het. Verskille tussen die lewe op die platteland en die stadslewe sluit onder meer 'n verskil in die lewenstempo, die enkel- of veelvoudige aard van die gemeenskap en beperkings, al dan nie, op vryheid en selfstandigheid in. In die stad het dit die Afrikaners ontbreek aan gemeenskapsorg waaraan hulle op die platteland gewoond was. Gevolglik het daar baie maatskaplike probleme in die stede ontstaan waarmee die Afrikaner in sy aanpassing tot die nuwe milieu te kampe gehad het. Van die ergste krotbuurte in die wêreld was in Johannesburg, sommige met geen sanitêre geriewe nie.⁵⁹

Dit was vir die klein lagie middelstand-Afrikaners 'n pynlike verleenheid om mense met dieselfde agtergrond as hulle in so 'n toestand van verval te sien. Op 5 Desember 1917 het 'n groepie van sewe mans die Afrikaner se daadwerklike toetrede tot die

⁵⁷ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad II*, pp. 1, 14-16; P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, pp. 130-133.

⁵⁸ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad II*, p. 2; H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 298.

⁵⁹ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad II*, pp. 1, 4, 12; H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 275.

ekonomiese stryd in Suid-Afrika in die Royal Hotel in Kaapstad beplan deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Trust- en Assuransiemaatskappij Beperk (Santam) te stig. In 1918 is ook Sanlam (die Suid-Afrikaanse Nasionale Lewens-Assuransie-Maatskappy) gestig. Enkele ander inisiatiewe wat van individue uitgegaan het, was ondernemings soos die Afrikaanse Verbond, 'n voorsorgfonds wat in 1918 in Bloemfontein gestig is en in Januarie 1922 die Afrikaanse Verbond Begrafnis-onderneming Beperk (AVBOB) geword het. In Mei 1917 is die Saamwerk-Unie van Natalse vereniginge o.l.v. dr. E.G. Jansen in Pietermaritzburg gestig om Afrikaners in Natal te verenig en tot optrede aan te spoor. Tussen 1914 en 1922 is 26 Afrikaanse trustmaatskappye en eksekuteurskamers in die Kaapprovincie alleen gestig. Die belangrikste bydrae van sulke Afrikaner-nasionale bewegings om die arme op te hef, was deur hulle ten volle in die Afrikanergemeenskap in te lyf.⁶⁰ Die kerk en die staat, veral die Hertzog-regering na 1924, het ook die stedelike aanpassing vir Afrikaners makliker gemaak en ongeskoolde en halfgeskoolde blankes teen mededinging deur swart werkers beskerm.⁶¹

Die ekonomiese en maatskaplike gesteldheid van die vroeë twintigste eeuse Afrikaner word ook duidelik in die teks van *Die Boerevrou* weerspieël. Dit is duidelik dat hoewel die meerderheid lezers van die tydskrif nie armblanke was nie, hulle deeglik bewus was van hul mede-Afrikaners se droewige lot. Pogings tot opheffing en verligting van nood, asook besprekings van die aangeleentheid, word baie gereeld in die bladsye van die tydskrif aangetref.

⁶⁰ M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*, pp. 31, 41, 155; H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, pp. 324, 305.

⁶¹ H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 275; J. Bottomley, *Public policy and white rural poverty in South Africa, 1881-1924*, D.Phil. thesis, Queen's University, 1990, pp. ii, 375-376.



Figuur 3: 'n Plattelandse familie trek na die stad. Baie Afrikaners het eiendom gedurende Anglo-Boereoorlog en die daaropvolgende depressie verloor. Die droogte en veesiektes van 1913-1916 het verder 'n einde aan die bestaanswyse van baie kleinboere en bywoners gemaak. Baie mense moes noodgedwonge werk in die stede of op die diamantvelde gaan soek.


Uit: L. Callinicos, *Working life: Factories, townships and popular culture on the Rand* (Braamfontein, 1987), p. 69.

3. Die stryd vir Afrikaans

Taalwetenskaplikes is dit eens dat Afrikaans 'n spontane voortsetting, onder bepaalde omstandighede, van 17de eeuse Nederlands en Vlaams is. Teen die 1820's (volgens sommige bronne selfs vroeër) het die koloniste in Suid-Afrika 'n taal gepraat wat heeltemal onderskeibaar van Nederlands was, genoem Kaapse Hollands. In 1830 het 'n paar stukkies in dié taal in die Hollandse koerant, *De Zuid-Afrikaan*, verskyn. Dit is ook in gedrukte vorm gebruik in gebedeboeke wat in die 1840's vir die Moslemgemeenskap in Kaapstad opgestel is en in 1861 is die eerste volledige boek in Afrikaans gedruk. Dit was *Zamenspraak tussen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar over het afscheiding tusschen het Oostelyke en Westelyk Provincie*. Die skrywer was Louis Henri Meurant (1811 -1893) wat besef het dat die Oos-Kaapse boere hierdie taal beter as Nederlands verstaan het.⁶²

Figuur 4: L.H. Meurant en sy Samespraak

Uit: A.P. Grové en P.J. Nienaber, *Die Afrikaanse letterkunde in beeld*, p. 14.



⁶² B. Kok (red.), *Afrikaans ons pêrel van groot waarde*, p. 22; H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 176; J.H.H. de Waal, *Versamelde werke I*, p. 2.

Engelsperekendes het Kaapse Hollands egter as onwaardig vir openbare gebruik beskou en vir die statusbewuste koloniale Afrikaners was die taal 'n verleenheid: 'n verarmde dialek, 'n ontaarde vorm van Hollands, 'n onverstaanbare Kreoolse taal of 'n "Hotnotstaal" sonder enige toekoms.⁶³

Tog is die taal, wat later Afrikaans sou heet, in hierdie tyd toenemend as skryftaal gebruik, veral in geestige gediggies, wat in koerante verskyn het. Die evangeliese oplewing in die Kaapse kerk in die 1860's het 'n bydrae tot die toenemende gebruik van Afrikaans gelewer. In die Boland het individue soos Arnoldus Pannevis en C.P. Hoogenhout die beskikbaarstelling van die Bybel in 'n taal wat eenvoudiger is as Hollands, om die siele van die armer deel van die bevolking te bereik, bepleit. Hulle het daarop gewys dat die meeste boere se kinders baie min verstaan van wat hulle in die skool in Engels of by die kerk in Nederlands leer.⁶⁴

Op 14 Augustus 1875 is daar in die Paarl 'n vergadering gehou om die kwessie van 'n Bybelvertaling te bespreek. Daar is besluit dat die tyd nog nie ryp is vir 'n vertaling in Afrikaans nie, maar die agt aanwesiges - C.P. Hoogenhout, D.F. du Toit (Oom Lokomotief), S.J. du Toit, A. Ahrbech, S.G. du Toit, G. Malherbe, P.J. Malherbe en nog 'n D.F. du Toit (Dokter) - het oorgegaan tot die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA). Die GRA, onder leiding van ds. S.J. du Toit, se doel was om die Hollands- en Afrikaanssprekende blankes te oorreed dat Afrikaans 'n belangrike rol in hul nasionale bewussyn kan speel en om hulself te beskou as 'n besondere gemeenskap met die naam Afrikaners. Om sy boodskap te verkondig, het die GRA sy eie koerant, *Die Afrikaanse Patriot*, met D.F. du Toit as redakteur en *Ons Klyntji*, 'n tydskrif om letterkunde te bevorder, uitgegee. L.g. het tot in 1906 verskyn.⁶⁵

⁶³ H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 176.

⁶⁴ H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, pp. 168, 169, 177.

⁶⁵ H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, pp. 178, 179; M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*, pp. 237, 239.

Dié eerste Afrikaanse Taalbeweging het heelwat verrig. Dit het byvoorbeeld 93 650 eksemplare van Hollandse en 88 000 van Afrikaanse boeke gedruk. Maar teen 1900 was dit vir alle praktiese doeleindes dood. S.J. du Toit se liberale teologiese neigings, sy finansiële probleme, die toenadering wat hy by Cecil J. Rhodes gesoek het en sy latere oortuiging dat Engels as taal vir openbare gebruik eerder deur Hollands as Afrikaans vervang moes word, het hom vervoer van sy medestryders en ondersteuners.⁶⁶

Met die vooruitgang wat Afrikaans gemaak het, het die voorstanders van die gebruik van Nederlands, hulself tot 'n front saamgesnoer en op 31 Oktober 1890 'n taalkongres in Kaapstad gehou. Die Zuid-Afrikaansche Taalbond, met die doel om kennis van Nederlands te bevorder, maar ook 'n nasionale gevoel te kweek, is gestig en jaarlikse Taalbondeksamens is ingestel. Die Taalbond het die gebruik van 'n vereenvoudigde Nederlands as volkstaal voorgestaan en in 1897 'n kongres gehou waar sekere vereenvoudigingsvoorstelle aanvaar is.⁶⁷

Gedurende die Anglo-Boereoorlog het die nasionalgesinde Kapenaar, adv. J.H.H. de Waal, homself onder die skuilnaam Leentji in die vorm van Afrikaanse politieke rympies en bydraes ten gunste van die Republieke se saak in die koerant, *Ons Land*, uitgedruk. Milner het van die gediggies in die hande gekry, in Engels laat vertaal en na sir Joseph Chamberlain in Londen gestuur. In 1901 is die redakteur van *Ons Land* in hechtenis geneem en die verspreiding van die blad in distrikte, wat onder krygswet was, verbied. En so was die taalstryd, soos De Waal dit self bestempel het, "buiten sprake." Vir amper 'n jaar na die vredesluiting mag die Hollandse koerant, *De Volksstem*, ook nie weer in Transvaal verskyn nie. Die Afrikaner was nou vir eers

⁶⁶ H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, pp. 184; B. Kok (red.), *Afrikaans ons pêrel van groot waarde*, p. 41.

⁶⁷ M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuurmanak*, p. 315; B. Kok (red.), *Afrikaans ons pêrel van groot waarde*, p. 291.

in 'n stryd om oorlewing gewikkel terwyl die Engelse regering die bevolking probeer verengels het.⁶⁸

In April 1903 het die maandblad, *De Goede Hoop*, onder redaksie van De Waal in Kaapstad verskyn om leesstof vir Afrikaner jongmense te bied. "De taal ervan zal zijn eenvoudig, voor den Afrikaander gemakkelijk verstaanbaar Hollandsch. Gedichten en verhalen in Afrikaansch gesteld zullen echter niet uitgesloten worden." Dit is gunstig ontvang, selfs in die Transvaal en die Vrystaat. De Waal het dan ook gereeld bydraes vir die blad in Afrikaans ontvang en geplaas.⁶⁹

Op 6 Maart 1905 het J.H. Hofmeyr (Onze Jan) sy bekende Is 't ons ernst?-toespraak in Stellenbosch voor die studentevereniging gelewer. Hy het vereenvoudigde Nederlands as skryf- en moedertaal van die Afrikaner in plaas van Engels voorgestaan. Onbewustelik het hy aanleiding gegee tot 'n hernude bewussyn dat die stryd om Afrikaans as volkstaal voortgesit moet word. 'n Tweede Afrikaanse Taalbeweging was nou in volle swang. De Waal, Gustav Preller en ds. Willem Postma kan beskou word as die leiers van die beweging.⁷⁰

Postma (dr. O'Kulis) het in die Vrystaat die leiding geneem en in 1905 sy manifes oor die Afrikaanse taal in *De Vriend* gepubliseer waarin hy 'n pleidooi gelewer het vir die regte van Afrikaners. In Transvaal het Preller die bal aan die rol gesit deur 'n reeks artikels in 1905 in *De Volkstem* te skryf na aanleiding van Onze Jan se toespraak op Stellenbosch. Sy antwoord op die toespraak was "Laat 't ons toch ernst wesen!" Hy het grondige argumente aangevoer waarom Afrikaans, en nie Nederlands nie, die grootste en beste kans op voortbestaan in Suid-Afrika het. Die gedig *Winternag*, wat Eugène Nielen Marais in 1904 geskryf het, is in 1905 in *De Volkstem* gepubliseer. Dié

⁶⁸ J.H.H. de Waal, *Versamelde werke I*, pp. 88, 89, 93, 103.

⁶⁹ J.H.H. de Waal, *Versamelde werke I*, pp. 134, 136.

⁷⁰ M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*, p. 76; B. Kok (red.), *Afrikaans ons pérel van groot waarde*, p. 45.

gedig het die beeldende seggingskrag en skeppende vermoë van Afrikaans duidelik getoon en is veral deur Preller gebruik om te antwoord op beskuldigings dat Afrikaans nie geskik is vir letterkunde nie.⁷¹

Daar was 'n behoefte in Transvaal om kragte op taalgebied saam te snoer sodat beter propaganda vir Afrikaans gemaak kon word. Dit het uitgeloop op die stigting van die Afrikaanse Taalgenootskap (ATG) in Desember 1905 in Pretoria. Die ATG se doel was om Afrikaners te oortuig dat Afrikaans hulle taal is, dat dit as spreek- en skryftaal gebruik behoort te word, om die Afrikaanse taal in 'n suiwer vorm te ontwikkel en om 'n suiwer Afrikaanse nasionaliteitsgevoel aan te kweek. Die ATG het later ook die publikasie van *Die Brandwag* (1910-1922), 'n tydskrif wat 'n kragtige middel in die taalstryd was, uitgegee.⁷²

'n Jaar later, in November 1906, het die Kaaplanders o.l.v. De Waal, D.F. Malan en D.F. Malherbe die Afrikaanse Taalvereniging met verskeie takke gestig. Hierdie vereniging het hom nie slegs beywer om waardering vir Afrikaans by die volk op te wek nie, maar ook vir die wetsbepaling dat niemand in die staatsdiens opgeneem mag word, tensy hy oor 'n redelike kennis van Hollands beskik nie. Dié vereniging se lede het baie in Afrikaans geskryf en in *De Goede Hoop* en *Ons Landstem* gepubliseer. In 1914 het die Vereniging ook 'n mondstuk begin uitgee, *Ons Moedertaal*, wat gebruik is om die Afrikaanse taal en kultuur te bevorder. Dit het in 1916 met die pasgestigte tydskrif, *Die Huisgenoot*, saamgesmelt. *Die Huisgenoot* was nou die nuwe amptelike orgaan van die Afrikaanse Taalvereniging. Die Afrikaanse Taalvereniging het elke jaar 'n kongres gehou en by die 1908-kongres het D.F. Malan,

⁷¹ H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 318; B. Kok (red.), *Afrikaans ons pêrel van groot waarde*, pp. 44, 45.

⁷² B. Kok (red.), *Afrikaans ons pêrel van groot waarde*, p. 45.

as voorstander, sy beroemde lesing oor Afrikaans gehou en verklaar: "Het is ons Ernst!" Hy het ook samewerking tussen die ATV en die Taalbond bepleit.⁷³

Teen hierdie tyd is daar al hoe meer in Afrikaans geskryf en gepubliseer. *De sewe duiwels en wat hulle gedoen het*, deur Jan Lion Cachet, het byvoorbeeld in 1907 verskyn. Volgens Elize Botha is dit tot in die 1980's nog as 'n standaardwerk vir Afrikaanse prosa beskou.⁷⁴ Met die stigting van Onze Taal in 1908 het die Vrystaatse taalbeweging verder koers gekry. Hierdie vereniging het ook versoening tussen die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van Afrikaans voorgestaan.⁷⁵

Die voorstanders van vereenvoudigde Hollands het aanvanklik gevoel dat die bevordering van Afrikaans die stryd teen die oorheersing van Engels sou verswak. In 1907 het mev. M. Schonken, skoonsuster van generaal Smuts en sekretaresse van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV), aan die ou Stellenbosse professor N. Mansvelt in Amsterdam oor die taalstryd gerapporteer. Sy vertel dat sy aan De Waal geskryf het "dat het my speet dat zy de Afrik[aans] nu weer op het toneel gaan brengen daar die taal Vereenvoudigd nog niet heelmaal gevvestigd is, het bringt niets dan verbrokkeling, wy moeten lievers trachten al onse krachten te konsentreren en met al onse krachten samen te werken om Holl. eerst gelyke regte te laten krygen. Afrikaans mag goed zyn voor diegene die niet de voorregt van te kunnen leren hebben maar wanneer wy onse kinderen geleerd willen hebben dan willen wy toch niet dat zy Afr. schryven." Gaandeweg het hierdie voorstanders van Nederlands egter begin aanvaar dat hulle 'n verlore stryd voer.⁷⁶

⁷³ M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*, pp. 207, 318; *De Huisgenoot*, Mei 1916, voorblad; B. Kok (red.), *Afrikaans ons pêrel van groot waarde*, p. 45.

⁷⁴ P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeschiedenis van die Afrikaner*, pp. 303-323.

⁷⁵ B. Kok (red.), *Afrikaans ons pêrel van groot waarde*, pp. 45, 47.

⁷⁶ Aangehaal deur C.F.J. Muller, *Sonop in die Suide: Geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948*, p. 45; H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 319.

Op 'n Afrikaanse Taalkongres in Desember 1908 in Kaapstad is die daarstelling van 'n sentrale organisasie, wat samewerking tussen die strydende taalpartye vir Afrikaans en Hollands kan bewerkstellig, bepleit. Op 2 Julie 1909 het albei groepe deelgeneem aan die stigting van die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, wat Hollands én Afrikaans wou bevorder. Die naam van die organisasie sou later verander na die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die stigterslede was twaalf verteenwoordigers van die Kaapkolonie, nege van Transvaal, sewe van die Vrystaat en twee van Natal. Die doelstellings van die Akademie was "De handhaving en bevordering van de Hollandse Taal en Letteren en van de Zuid-Afrikaanse Geschiedenis, Oudheidkunde en Kunst. Onder 't woord, 'Hollands' word verstaan de beide taalvormen gebruikelik in Zuid-Afrika."⁷⁷

Die grootste betekenis van die totstandkoming van die Akademie is daarin geleë dat die voorstanders van Nederlands die werksaamhede van die voorstanders van Afrikaans erken het as in belang van die Hollandse taal in Suid-Afrika. In 1915 het die Akademie die eerste Afrikaanse Spelreëls aangeneem en in 1917 dit as die Afrikaanse *Woordelijs en Spelreëls* gedruk en uitgegee.⁷⁸

In 1908 het Hertzog, in daardie stadium minister van onderwys in die Vrystaat, daarin geslaag om 'n nuwe onderwyswet te laat aanneem in die Vrystaatse Wetgewende Vergadering. Volgens dié wet is dubbelmediumonderwys verpligtend gemaak en hoër besoldiging aan volkome tweetalige onderwysers vasgestel. Verset het onder Engelse ouers en onderwysers uitgebreek. 'n Inspekteur van Onderwys het 'n lastersaak teen Hertzog aanhangig gemaak op grond van iets wat hy oor die aangeleentheid gesê het. Hertzog het die hofsaak verloor en moes £25 skadevergoeding betaal. Openbare gevoel ten gunste van Hertzog het daartoe gelei dat die publiek £1 200 ingesamel het om sy hofonkoste te dek. Die verskil is aan die Akademie geskenk om die beste

⁷⁷ M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*, p. 194.

⁷⁸ B. Kok (red.), *Afrikaans ons pérel van groot waarde*, pp. 47, 293.

letterkundige werk in Afrikaans mee te bekroon. Die Hertzog-prys, soos dit vandag nog bekend staan, is die eerste maal in 1915 aan die digter Totius vir sy bundel *Trekkersweë*, toegeken.⁷⁹

Die gees van samewerking wat die Akademiestigting tot gevolg gehad het, het hom ook onder studente geopenbaar. In 1912 is die Studenten-Werda-Komitee gestig om studente in Kaapland te verteenwoordig en "... om te waken over de taalbelangen van Jong Zuid-Afrika." In 1916 het die komitee 'n Heldedag in Kaapstad gehou met 'n optog en toesprake. *Die Burger* het op 27 Maart 1916 berig dat studente in hulle duisentalle daaraan deelgeneem het. In die ander provinsies is daar ook studenteverenings gestig, soos die Afrikaanse Studente-Taalvereniging in 1911 in Bloemfontein. Dit het geleid tot die stigting van 'n algemene vereniging vir studente oor die hele land, die Afrikaanse Studentebond, in 1916 in Pretoria.⁸⁰

Hoewel etlike jare na die ander provinsies, het Afrikaners in Natal ook hulle deel bygedra tot die taal- en kulturele handhawingstryd. Die leiers in Natal was professor G. Besselaar, advokaat en mevrou E.G. Jansen en dominee G.M. Pellissier. In 1913 het hulle die Organisasie van Hollandse (later Afrikaanse) Taalvrienden gestig en op inisiatief van Jansen in 1917 Die Saamwerk-Unie van Natalse vereniginge in Pietermaritzburg. Met die eerste vergadering van Die Saamwerk-Unie is dit aan mevrou Jansen opgedra om 'n skema vir eksamens in Afrikaans op te stel. Dit was die eerste eksamens in Afrikaans in Suid-Afrika en het 'n belangrike rol gespeel in die bevordering van die taal. In die eerste jaar al het 406 kandidate die eksamen afgelê.⁸¹

⁷⁹ M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*, p. 158.

⁸⁰ K. Schoeman, *Bloemfontein: Die ontstaan van n stad 1846-1946*, p. 233; B. Kok (red.), *Afrikaans ons pêrel van groot waarde*, p. 47.

⁸¹ B. Kok (red.), *Afrikaans ons pêrel van groot waarde*, p. 47.

Ander ontwikkelinge op taalgebied in hierdie jare was:

- In 1914 het Afrikaans sy plek in die Kaaplandse skole verower en Transvaal en die Vrystaat sou spoedig volg.⁸²
- Die Vrystaatse Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in 1916 die leiding geneem met die erkenning van Afrikaans as amptelike taal van die Kerk. Die ander sinodes en Hollandse kerke het baie gou gevolg.⁸³
- In 1917 het die nuwe Nederlandstalige koerant in Bloemfontein sy naam van *Het Volksblad* na *Die Volksblad* verander.⁸⁴
- Daar is ook begin om Afrikaans aan die universiteite te erken. In 1918 is D.F. Malherbe aan die Grey-Universiteitskollege benoem as die eerste professor in Afrikaans.⁸⁵

Afrikaans, wat direk na die Anglo-Boereoorlog verag is, het dus binne twintig jaar Nederlands verdring en vir hom 'n staanplek in Suid-Afrika verower. Dit is al as een van die "wonders" van die taal bestempel.⁸⁶ Volgens sommige navorsers het die Tweede Taalbeweging egter uit predikante en onderwysers bestaan wat na die oorlog hulself op die rand van die samelewing bevind het en deur hul skryfwerk ondersteuners wou vind om weer die Afrikaanse kerke en skole te vul. Genoemde navorsers beskou die opkoms van Afrikaans as skryftaal nie, soos vroeër algemeen aanvaar is, as 'n weerspieëling van 'n nasionale gevoel wat in daardie stadium reeds onder Afrikaners vaardig geraak het nie, maar as die middel waardeur Afrikanernasionalisme geskep en versprei is.⁸⁷

⁸² B. Kok (red.), *Afrikaans ons pêrel van groot waarde*, p. 52.

⁸³ B. Kok (red.), *Afrikaans ons pêrel van groot waarde*, p. 52.

⁸⁴ K. Schoeman, *Bloemfontein: Die ontstaan van n stad 1846-1946*, p. 234.

⁸⁵ B. Kok (red.), *Afrikaans ons pêrel van groot waarde*, p. 52.

⁸⁶ B. Kok (red.), *Afrikaans ons pêrel van groot waarde*, p. 52.

⁸⁷ S. Marks (ed.), *The politics of race, class and nationalism in South Africa*, pp. 103,109.

In hierdie geestesklimaat en met die taalstryd as agtergrond, het *Die Boerevrou* in Afrikaans verskyn. Die redaksie en die lezers van die tydskrif het definitief standpunt ingeneem ten gunste van Afrikaans.

4. Afrikaanse skole en moedertaalonderrig

Die stryd om die erkenning van Afrikaans en die opheffing van die Afrikaner was van vroeg af reeds nou verweef met 'n stryd vir moedertaalonderrig vir die Afrikaanse kind. Reeds vroeg in die 19de eeu het lord Charles Somerset se pogings om 'n verengelsingsbeleid deur middel van die Kaapse Kerk deur te voer, hom die argwaan van verskeie predikante op die hals gehaal en veroorsaak dat die kerk soos 'n bolwerk teen die verengeling van Afrikanerkinders opgestaan het.⁸⁸

Gedurende die Anglo-Boereoorlog is onderwys in die twee Republieke heeltemal ontwrig en byna al die skole het gesluit. Die meeste Afrikaanse kinders was in konsentrasiekampe en die eerste skole onder die nuwe Britse Administrasie het in hierdie kampe hulle oorsprong gehad. Alle onderrig het in Engels geskied, behalwe godsdiensonderrig, wat in Hollands aangebied kon word. Na die oorlog het die nuwe onderwysdepartemente geen erkenning aan huistaal as onderrigmedium gegee nie en ook nie die seggenskap van die ouers oor die opvoeding van hulle kinders of die aanstelling van onderwysers in aanmerking geneem nie. Baie Afrikaners kon hulle nie met hierdie onderwysbeleid vereenselwig nie. Hulle het gestreef na 'n onderwysstelsel wat hulle tradisies, taal, godsdiens en kultuur sou uitbou.⁸⁹

Vroeg in 1903 is 'n kommissie van Christelik-Nasionale Onderwys in Transvaal in die lewe geroep. Die Het Volk-Party het sy steun aan die beweging gegee en die Sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk en die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk het gemeentes in Transvaal en die Vrystaat aangeraai om waar moontlik, vrye

⁸⁸ P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, pp. 199-200.

⁸⁹ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 131.

skole op te rig. Met hulp uit Nederland het daar 'n groot aantal CNO-skole in die gewese Republieke tot stand gekom. In Johannesburg alleen is elf sulke skole deur gemeentes gestig en onderhou. So is ook die Oranje-Meisieskool in Bloemfontein deur die toedoen van president Steyn gestig. Dié nuwe Christelike skool vir meisies, wat in 1907 in die ongebruikte St. Andrews-gebou geopen het, is die Oranje-skool genoem uit dankbaarheid vir hulp wat tydens die oorlog van die Nederlandse koningshuis ontvang is. Koningin Wilhelmina het selfs 'n eetservies van geëltroplateerde nikkel-silwer aan die skool geskenk.⁹⁰

Die finansiële las en die feit dat die Het Volk-Party na die toekenning van Verantwoordelike Bestuur nie meer die beweging gesteun het nie, het daartoe gelei dat die meeste CNO-skole na 1907 aan die regering oorgedra is. Die Rissik-ordonansie het wel in 1911 moedertaal-onderwys tot in st. IV verpligtend gemaak, maar Afrikaans was nog in sy kinderskoene en die gebrek aan eenvormige spelling en 'n tekort aan Afrikaanse skoolhandboeke was ernstige struikelblokke. Tog het die opkoms van die taal en die opgang wat Afrikaners mettertyd in die beroepswêreld gemaak het, asook die nasionale bewuswording van die Afrikaner, daartoe bygedra dat meer Afrikaansmediumskole 'n werklikheid geword het.⁹¹

In hierdie geestesklimaat het *Die Boerevrou* as Afrikaanse maandblad ontstaan en gedy. Toe hierdie eerste vrouetydskrif in Afrikaans verskyn het, het sy duidelik standpunt ingeneem ten gunste van Afrikaans en is sy daarin baie definitief en konkreet deur haar lesers gesteun.

⁹⁰K. Schoeman, *In liefde en trou: die lewe van president Steyn en mevrou Tibbie Steyn met 'n keuse uit hulle korrespondensie*, p. 121; E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 131; H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 224; K. Schoeman, *Bloemfontein: Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*, p. 212.

⁹¹E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, pp. 131,136.

5. Die kultuurlewe van die Afrikaner

Die eerste georganiseerde Afrikaanse kultuurorganisaie het ontwikkel uit die Christelike Jongelings Vereniging wat in 1888 in Johannesburg gestig is. Die doel van die vereniging was om jongmense van alle kerkgenootskappe saam te snoer in godsdiensstige vergaderings, Bybelklasse en voorlesings. Mettertyd is so baie Engelssprekendes egter tot die bestuur van die vereniging verkies dat dit teen 1898 'n uitsluitlik Engelse vereniging was, bekend as die Rand YMCA. In reaksie hierop is die Johannesburgsche Christelike Jongelings Vereeniging in 1898 gestig, met die voorvereiste dat slegs Hollands-Afrikaanssprekendes as lede toegelaat sou word.⁹²

Aan die begin van die twintigste eeu was dit kenmerkend dat die meerderheid sosiale aktiwiteite van die Afrikaner ontstaan het uit verset teen die minagting en geringskatting van die Afrikaanse taal en kultuur. In die stede moes die Afrikaner nie net sy kultuurbesit en sosiale aktiwiteite by 'n stedelike omgewing aanpas nie, hy moes dit ook teenoor die vreemde Engelse kultuur handhaaf. Na die Anglo-Boereoorlog het die Afrikaner se kultuurlewe die instinktiewe neiging van die verwonde "om hom af te sonder en in stilte te ly" getoon. Een van die weinig Afrikaanse sosiale- of kultuurbdrywighede, wat in die tydperk voor 1910 plaasgevind het, was die stigting van die Zangerbond in 1902. Dit was 'n gesamentlike koor uit die kerkkore van verskillende Johannesburgse gemeentes, asook die voorloper van die latere ASAФ-kore, wat baie tot die Afrikaner se kulturele herlewing bygedra het.⁹³

In 1909 is 'n Christelike sangvereniging, ASAФ, in Pretoria gestig. Volgens resensies wat in *De Volkstem* verskyn het, het dié koor 'n hoë peil in sy optredes gehandhaaf

⁹² E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 158.

⁹³ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, pp. 158, 160.

en is hy goed deur die publiek ondersteun. ASAФ se laaste optrede was op 7 April 1926, waarna die vereniging ontbind het.⁹⁴

In Melville, Johannesburg, het S.J. Buys (oom Fanie) en sy vrou (tant Breggie) se huis 'n vergaderplek vir jong Afrikaners geword waar hulle gereeld sang- en musiekaande gehou het. Oom Fanie het voorgestel dat hulle 'n koor stig, wat op 5 Julie 1920 plaasgevind het. Ds. J.V. Coetzeе het na aanleiding van een van Dawid se Psalms, waar melding gemaak word van die opper-sangmeester Asaf, ook vir hierdie koor die naam ASAФ voorgestel. Nog ASAФ-kore is later aan die Rand gestig. Dit het Afrikaanse jongmense verenig en aan hulle 'n vorm van gesonde, ligte vermaak verskaf.⁹⁵

Tot 1910 het sosiale aktiwiteite in die vorm van danse en gesellighede onder Afrikaners hoofsaaklik gespruit uit die Het Volk-Party se behoefté aan fondse. Hierdie praktyk is ook ná 1910 voortgesit en beide die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party het gesellighede gehou om geld in te samel. In 1917 het die Nasionale Party in Johannesburg die Eendracht Koffiehuis in Pleinstraat, oorkant die Victoria-hotel, geopen. Dit moes dien as 'n klubhuis of plek van samekoms vir Afrikaners. Die Unioniste en die Suid-Afrikaanse Party in Johannesburg het in daardie stadium elk reeds oor 'n eie klubhuis met 'n dranklisensie beskik. Die NP het konserte, danse en vergaderings in die Eendracht Koffiehuis gehou.⁹⁶

Soos reeds genoem, het die stryd om die handhawing van die Afrikaanse kultuur saamgeval met die stryd vir die bestaansreg van Afrikaans. 'n Tak van die Kaaplandse Afrikaanse Taal-vereniging is in 1916 in Johannesburg gestig. Deur toneelopvoerings het hierdie vereniging daarin geslaag om Afrikaners meer bewus te maak van hul taal en kultuur. Dit het in 1917 aanleiding gegee tot die stigting van die Afrikaans-Nederlandse Verbond met die doel om die Afrikaanse taal, tradisies en geskiedenis in

⁹⁴ P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, p. 172.

⁹⁵ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 164.


⁹⁶ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, pp. 113, 160.

ere te hou en te bevorder deur Afrikaanse lesings, debatte, konserte en eksamens in Johannesburg te organiseer.⁹⁷

In 1918 het die geweldige agterstand wat die Afrikaner op byna alle lewensterreine ervaar het, 'n groep vriende (onder meer L.J. Erasmus, ds. J.F. Naudé en H.J. Klopper) aangespoor om oorweging te skenk aan die stigting van 'n moontlike organisasie om alle Afrikaners, wat die ophef van die volk verlang, saam te snoer. Met hierdie doelstelling voor oë is Jong Suid-Afrika op 5 Junie 1918 deur 14 mans in die Johannesburgse huis van Danie du Plessis gestig.⁹⁸

Die vernaamste doelwitte van Jong Suid-Afrika, wat kort hierna as die Afrikaner-Broederbond bekend sou word, was:⁹⁹

- om Afrikaners saam te snoer en te laat saamwerk ten einde meningsverskille oor landsvraagstukke uit die weg te ruim en 'n gesonde eensgesindheid te bewerkstellig,
- die bevordering van oorspronklike Afrikaanse kuns en kultuur in alle opsigte,
- die opwekking van die selfbewussyn van die Afrikaner en inboeseming van liefde vir sy taal, geskiedenis, tradisies en godsdiens,
- behartiging van die ekonomiese belang van die Afrikaner, en
- om die "waaragtige welsijn en vooruitgang van die Holl.-Afr. nasie in elk moontlike oopsig" te bevorder.



Figuur 5: Stigterslede van die Afrikaner-Broederbond

Uit: Uit: L. Callinicos, *Working life: Factories, townships and popular culture on the Rand* (Braamfontein, 1987), p. 126.

⁹⁷ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 163.

⁹⁸ M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*, p. 167; L. Callinicos, *A place in the city: The Rand on the eve of apartheid*, p. 116.

⁹⁹ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 160.

Die Broederbond sou later tot 'n kragtige nasionale organisasie, bestaande uit geselekteerde manlike Afrikaanssprekende Protestante van goeie karakter, ontwikkel. Die lede was hoofsaaklik professionele mense – onderwysers, prokureurs, joernaliste en predikante – wat hulle beywer het vir die bevordering van die Afrikanersaak in die rigting van 'n republiek.¹⁰⁰

Organisasies waaraan die Broederbond 'n aandeel gehad het, was byvoorbeeld die Sentrale Dingaans-feeskommisie en vanaf 1921 jaarlikse kunsaande waarby Afrikaans-mediumskole betrek is. Lg. het op die stigting van die Afrikaanse Kunsvereniging in 1923 uitgeloop. Die Kunsvereniging het ook daarna gestreef om die oogmerke van die Broederbond te bereik.¹⁰¹

Teen ongeveer 1891 het daar alreeds Afrikaanse toneelopvoerings deur debatsverenigings op die platteland plaasgevind. Die Afrikaans-Hollandse Toneelvereniging in Pretoria se bedrywighede kan egter as die eerste ware toneelkuns in Afrikaans beskou word. Dié toneel-vereniging het sy eerste opvoering in 1907 gehou. Op 16 Desember 1913 is C.J. Langenhoven se toneelstuk, *Die Hoop van Suid-Afrika*, vir die eerste maal op Oudtshoorn opgevoer. Op dieselfde dag is die Vrouemonument in Bloemfontein onthul. Jan F.E. Celliers se *Heldinne van die Oorlog* is by hierdie geleentheid opgevoer.¹⁰²


In 1925 het die eerste Afrikaanse beroepsgeselskappe begin om reise deur die land te onderneem, waarvan die bekendstes Hendrik A. Hanekom se Afrikaanse Toneelspelers en die geselskappe van Paul de Groot (1878-1942) en André Huguenet (Gerhardus Petrus Borstlap 1906-1961) was. Huguenet, wat die eerste maal gedurende die Depressie met die toneelstuk *Aampie* deur Jochem van Bruggen, getoer het,

¹⁰⁰ L. Callinicos, *A place in the city: The Rand on the eve of apartheid*, p. 116.

¹⁰¹ M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*, p. 360; E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 165.

¹⁰² P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeschiedenis van die Afrikaner*, pp. 335-350.

onthou "... Ampie het tydelik die mense van hulle 'depressie' laat vergeet, en die goedkoop prys wat ek bepaal het, het iedereen in staat gestel om die spel by te woon. Die waardering was uitermate groot."¹⁰³



Figuur 6: Andre Huguenet as Ampie

Uit: A.P. Grové, *Die Afrikaanse letterkunde in beeld* (Kaapstad, 1973), p.55.

Militêr-politieke aangeleenthede het ook as aansporing tot die stigting van organisasies in Johannesburg gedien. Die Rebellie van 1914 het tot die Helpmekaarbeweging geleid. Dit het onder die Vrystaatse Afrikaanse publiek ontstaan om die hofonkostes en boetes van die rebelle te help betaal. Verskeie takke van die beweging is in Johannesburg en Pretoria gestig. Hul aktiwiteite was gemik op fonds-insamelings deur middel van basaars en konserte.¹⁰⁴ In 1920 is die Bond van Oudstryders gestig. Die Bond het hom daarvoor beywer dat die beloofde soldy aan oudstryders van die Anglo-Boereoorlog uitbetaal word en dat 'n mo-

nument vir die Boere, wat in die oorlog gesneuwel het, opgerig moes word. Daar het egter niks van hierdie oogmerke gekom nie, maar die bestaan van die Bond het wel sy lede as kulturele eenheid saamgesnoer.¹⁰⁵

¹⁰³ Aangehaal deur P.W. Grobbelaar (red.), *Die Vrystaat en sy mense*, p. 128.

¹⁰⁴ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 161.

¹⁰⁵ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 160.

Die bewuswording onder Afrikaners van hul eiesoortige kultuur het 'n groeiende behoefte by hulle laat ontstaan om hul kulturele erfenis te beskerm en bevorder. Onder leiding van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns is besluit om 'n konferensie te hou om simpatieke verenigings en persone te verenig en 'n gesamentlike program uit te werk vir die handhawing van Afrikaans en die positiewe ontwikkeling van die kultuur. Die voorgestelde volkskongres het op 18 en 19 Desember 1929 in Bloemfontein plaasgevind. Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) het hieruit voortgespruit en daar het spoedig geen vertakking van die Afrikanervolkskultuur meer bestaan waaraan die FAK nie deel gehad het nie. Die FAK wou aan elke Afrikaner die geleentheid gun om op praktiese wyse aan die kultuurstryd deel te neem.¹⁰⁶

Met die toestroming na die stede het die Spoorweë en ander staatsdepartemente 'n heenkome vir ongeskoolde Afrikaners gebied. Op 19 Augustus 1930 is die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens gestig om hierdie ongeskoolde werkers se taalregte te beskerm. Die vereniging, wat vandag 'n onafhanklike kultuurorganisasie is, se mondstuk is *Die Taalgenoot*.¹⁰⁷

Namate die Eeufeesherdenking van die Groot Trek van 1838 nader gekom het, het Afrikanergeesdrif opgelaaï. Op 4 April 1931 is die Sentrale Volksmonumentekomitee in Bloemfontein gestig met die hoofdoel om 'n Voortrekkerdenkplein vir die Voortrekkerreeufees in 1938 op te rig. Die komitee was uiteindelik verantwoordelik vir die werwing van fondse en oprigting van die volgende monumente:¹⁰⁸

- die Bloedriviermonument, 1947
- die Voortrekkermonument in Pretoria, 1949
- die Voortrekkermonument in Pietermaritzburg, 1962
- die Voortrekkermonument in Winburg, 1968

¹⁰⁶ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad II*, p. 68.

¹⁰⁷ M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*, p. 242.

¹⁰⁸ M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*, p. 336.

Sekere groepe in Afrikanergeledere het dus gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu 'n duidelike drang tot kulturele ontwaking getoon. Die sukses van hierdie ontwaking word deur Stals in 'n groot mate toegeskryf aan die ondersteuning van koerante soos *De Volkstem*, *Ons Vaderland* en *Die Burger*.¹⁰⁹ Dit is egter duidelik dat ook populêre tydskrifte soos *Die Huisgenoot*, *Die Brandwag* en *Die Boerevrou* 'n belangrike rol in dié proses gespeel het. Kulturele aktiwiteite het Afrikaners saamgesnoer en 'n klimaat geskep waarbinne 'n publikasie soos *Die Boerevrou* kon gedy, maar ook weer die proses verder neem. Die kulturele opbouproses word duidelik weerspieël in *Die Boerevrou*.

6. Volksaard van die Afrikaner

Die afsondering aan die Kaap, ver weg van Europa, en die lewe op die Groot Trek, weg van die beskawingsentra af, het 'n definitiewe stempel op die Afrikaner se volksaard tydens sy wordingsjare afgedruk. Gasvryheid, 'n kenmerkende Afrikaanse karaktereienskap, het ontwikkel as gevolg van die toestande op eensame plase en beperkte, kortstondige kontak met die buitewêreld. In hierdie eensame lewenswyse was Afrikaners op hulself aangewese om moeilikhede te oorkom en hulle het die gewoonte ontwikkel om te handel soos hulle dit goed vind. Dit het 'n vormende faktor vir individualisme en 'n sterk vryheidsin geword. Hulle het geleer om selfstandig van mekaar te funksioneer en het mekaar as gelykes beskou. Afsondering het dus bygedra tot 'n demokratiese lewensbeskouing.¹¹⁰

Afsondering is egter nie gunstig vir die ontwikkeling van 'n koöperatiewe gees nie en gevolglik was daar 'n neiging tot dwarstrekkery onder die vroeë twintigste eeuse

¹⁰⁹ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad II*, p. 165.

¹¹⁰ P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeschiedenis van die Afrikaner*, pp. 93-98.

Afrikaners. Beperkte kontak met andersdenkendes het ook geleid tot 'n konserwatiewe aard. Meer gereelde kontak sou 'n meer kritiese lewensbeskouing meegebring het.¹¹¹

Die gevolg van 'n afgesonderde, selfstandige en eenvoudige lewenswyse was die totstandkoming van selfversorgende huisgesinne as sosiale en ekonomiese eenhede. Die lede van hierdie eenhede het mekaar se lotgevalle gedeel en elke lid is reeds van jongs af voorberei vir sy/haar toekomstige taak of rol. 'n Verdere kenmerk van die huisgesin as belangrikste sosiale eenheid, is 'n patriargale familietradisie. Hiervolgens was die vader die hoogste gesagsdraer. Die tradisie is vir baie lank onder Afrikaners onderhou omdat dit deur hul Ou Testamentiese godsdiensopvatting gerugsteun is.¹¹²

Die eensame Afrikanerpionier is voortdurend gekonfronteer met natuurverskynsels wat hy nie kon beheer nie. Gevolglik was hy bewus van sy eie magteloosheid en baie afhanklik van 'n Hoë Hand en het hy nooit geleer om op ander mense te steun of staat te maak nie. Afrikaners kon hulle dus maklik isoleer ten opsigte van ander rasse en vreemde invloede en bejeën tradisioneel alle nuwe idees en moderne neigings met agterdog.¹¹³ Dit verklaar waarom Afrikaners hulle nie in die stede by ander volksgroepe, ook deel van die werkersklas, geskaar het in hul stryd om verbeterde werkstoestande nie en waarom vreemde ideologieë, soos Sosialisme, ook nooit op groot skaal onder Afrikaners byval gevind het nie.

Lowrey Nelson het gesê: "Under rural conditions social status is likely to be determined more by the personal qualities of the individual rather than by secondary criteria of income, occupation, and other general attributes. Class consciousness is not conspicuous in such a society, not only because of the personal knowledge which each has of the other, but also because of the fact that all are engaged in the same

¹¹¹ P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeschiedenis van die Afrikaner*, pp. 93-98.

¹¹² P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeschiedenis van die Afrikaner*, pp. 99-110.

¹¹³ P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeschiedenis van die Afrikaner*, pp. 93-98; E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 95.

occupation.” ‘n Soortgelyke plattelandse lewens- en wêreldbekouing het die Afrikaner se verwagting van verstedeliking, asook die metodes wat hy aangewend het om sy aanpassingsproses te vergemaklik, beïnvloed.¹¹⁴

Afrikaners en Engelssprekende stedelinge het verskillende norme vir die bepaling van sosiale waardes gehad. Onder die Afrikaners was daar geen klasseonderskeid nie. Hulle het mekaar as gelykes beskou en wou gevolglik ook nie by mekaar in diens staan nie. Verskille in tradisie en lewensuitkyk tussen Afrikaners en Engelse het onderlinge wantroue in die stedelike omgewing veroorsaak.¹¹⁵

Die feit dat die meeste Afrikaners heeltemal onvoorbereid was vir die stedelike lewe, asook die vernedering wat die Anglo-Boereoorlog tot gevolg gehad het, het tot ‘n minderwaardigheidsgevoel by die Afrikaner geleid. Aspirasies om homself uit sy posisie los te maak het op drie maniere tot uiting gekom:¹¹⁶

- ‘n Klein groepie Afrikaners het hulself in die stede vrywillig en volkome met die Engelse leefwyse vereenselwig.
- ‘n Groter groep het by die regering om hulp aangeklop om spesiale werkgeleenthede en die toekenning van eiendom. Die haglike lewensomstandighede van hierdie groep is voortdurend onder die aandag van die publiek gebring met oog op hulpverlening en die Engelssprekendes se vroeë beeld van die Afrikaner is hoofsaaklik op hierdie groep gebaseer.
- Die meerderheid Afrikaners het gepoog om hul ekonomiese en maatskaplike posisie te verbeter deur bestendige en ononderbroke arbeid en ‘n proses van selfhandhawing met doelbewuste pogings om hul identiteit te beskerm. In die

¹¹⁴ Aangehaal deur E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 172; E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 169.

¹¹⁵ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, pp. 170,172.

¹¹⁶ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, pp. 173,174.

tydperk van 1918 tot 1924 het Afrikaners daadwerklike stappe geneem om d.m.v. georganiseerde optrede hul kultuur te midde van 'n oorwiegend Britse leefwyse te handhaaf. Maatskaplike, sosiale, kulturele en politieke instellings wat later 'n belangrike rol in die Afrikaner se stryd om selfhandhawing sou speel, het in hierdie tyd en onder hierdie groep hul beslag gekry.

Pieter W. Grobbelaar het as kind tot die gevolgtrekking gekom dat die Anglo-Boereoorlog vir die Afrikaners 'n verskeurende ervaring moes gewees het. Hy vertel hoe daar tydens sy kinderjare in die 1930's baie daaroor gepraat is "... en altyd met smeulende verontwaardiging oor die konsentrasiekampe en wat dit aan die vroue en kinders gedoen het – en oor die verraaiers wat die Boere die oorlog sou gekos het." Hy vertel van 'n ryk familie in hulle omgewing met 'n ou voorsaat, wat nie 'n hendsopper was nie, maar openlik as Hanskakie teen sy mede-Boere geveg het. Elke menslike ramp wat hierdie familie later van tyd getref het, soos swaar siekte of 'n ongeluk of 'n skielike sterfgeval, is as 'n vingerwysing van Bo beskou. "'Gods meule maal langsaam, maar seker ... Die misdade van die vadere,' is veelbetekenend gesê."¹¹⁷

Ook die skrywer Elsa Joubert het as kind met die grootmense se gevoel teenoor die Engelse kennis gemaak. Haar oupa het gereeld grappies vertel oor die Engelse soos: "Hoekom weet ons daar's nie goud op die maan nie?" 'Ek weet nie, Oupa.' Oupa lag lekker: 'Omdat die Engelse dit nog nie geannekseer het nie.'"¹¹⁸

Leiersfigure uit die oorlog het vir die Afrikaner gedurende die pynlike jare van rekonstruksie en verstedeliking simbole geword van al die waardes wat vir hulle uit hul voormalige plattelandse leefstyl belangrik was en wat hul in hulself wou herken.

¹¹⁷ P.W. Grobbelaar, *Die Vrystaat en sy mense*, pp. 62,63.

¹¹⁸ E. Joubert, *'n Wonderlike geweld: Jeugherinneringe*, p. 63.

Mense soos president en mevrou Steyn en generaals De Wet en Hertzog is tot 'n besondere posisie verhef in die psige van die vroeë twintigste eeuse Afrikaner.¹¹⁹

Ook die volksaard van die Afrikaner vind duidelik neerslag in *Die Boerevrou*. 'n Studie daarvan was uiters noodsaaklik om die ingesteldheid en lewensuitkyk van die lesers te bepaal en verstaan.

7. Godsdiensopvatting van die Afrikaner

Die bloedvermenging van die Afrikaanse volk vir 1807 word op 53% Nederlandse, 28% Duitse, 15% Franse en 4% ander bloed gereken. Ver van hul stamlande en afgesonder in die binneland van Suid-Afrika, het net die Bybel vir die nasate van hierdie Europese nasies as beskawende middel oorgebly. "Dit het nie lank geduur nie, toe ontdek die vryburgers die parallel tussen hulle en die Ou Testamentiese Israel. Toe word hulle die Tweede Israel, en die opdrag van die Here aan die ou Israel, aanvaar die vryburgers as opdragte aan die nuwe." Hulle mag niks te doen gehad het met die heidense nasies om hulle nie en ook nie hulle dogters as vrouens aan die seuns van die omliggende heidene gegee het nie. Hulle moes verdraagsaam wees teenoor die vreemdelinge in hulle midde, maar as hul bloed vermeng geraak het met dié van die heidene, mag hulle tot in die tiende geslag nie in die raadsaal van die volk sit nie. Die skeiding tussen Christen en heiden in Suid-Afrika was aanvanklik 'n etniese verdeling en het uitgeeloop op 'n verskerpte gevoel van rasste-onderskeid en -skeiding.¹²⁰

Verreweg die meeste Afrikaners was Calviniste wat in God en sy groter plan vir die mens geglo het. In die roeping en rol van die mens in hierdie plan van God, het die Afrikaner sy bestaansreg gevind. Die Calvinistiese lewensbeskouing is op elke terrein

¹¹⁹ K. Schoeman, *In liefde en trou: die lewe van president M.T. Steyn en mevrou Tibbie Steyn met 'n keuse uit hulle korrespondensie*, p. 95.

¹²⁰ P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeschiedenis van die Afrikaner*, pp. 134-141, 190-200.

van die lewe toegepas.¹²¹ Hierdie godsdiensopvatting het ook gereeld in die bladsye van *Die Boerevrou* na vore gekom. Vir die Afrikaner was Calvinisme die rigsnoer van sy bestaan. Hy het geglo sy leefwêreld was 'n omgewing, vol gevare, wat nog verower en besit moes word en waar hulp ver weg en baie skaars was. Net diegene wat op hulleself en God staatmaak, kon staande bly.¹²²

Anders as die Rooms-Katolisisme en die Lutheranisme beklemtoon die Calvinisme die herrangskikking van die wêreld ooreenkomsdig beginsels wat van die Bybel afgelui word. Katolieke samelewings was hiërargies en waardes soos gelykheid, broederskap en geregtigheid het nie sterk op die voorgrond getree nie. Omdat die Katolieke bevoorregting op grond van klas kon regverdig, het hulle nie nodig gehad om rassisme as regverdiging vir onderskeid en uitsluiting te gebruik nie. Die Afrikaners was volgens Hermann Giliomee rassisties huis omdat hulle so vroeg reeds demokraties was. Hulle was al demokrate in 'n tyd toe die Westerse wêreld nog slawerny aanvaar het. Swart mense is hul vryheid ontneem omdat etniese verdeling as die enigste manier beskou is om groepe uit te sluit of te beheer. Die uitgangspunt van die latere beleid van Apartheid was dat swart en bruin mense in hul lewenswyse wesenlik verskil het van wit mense en dat hulle sosiaal minderwaardig, sedelik onvolwasse, intellektueel onontwikkeld en ongeskik vir intieme verhoudings was.¹²³ Die Afrikaner kon dus mettertyd Apartheid in terme van sy godsdiens en op grond van sy paternalistiese uitkyk regverdig. Uit *Die Boerevrou* blyk dit ook dat die segregasiebeleid, as voorloper van die beleid van Apartheid, deur die lesers as aanvaarbaar beskou is.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is met Jan van Riebeeck se aankoms in die tweede helfte van die 17de eeu in Suid-Afrika gestig. Die Gereformeerde Kerk het ontstaan toe 'n groep konserwatiewe Afrikaners in die

¹²¹ P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, pp. 190-200.

¹²² P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, pp. 111-120.

¹²³ H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, pp. 224, 418, 632.

noord-oostelike distrikte van die Kaapkolonie aan die begin van die 1800's in verset teen die sg. "verstandige opvatting" in die godsdiens gekom het. In 1853 is die Hervormde Kerk gestig toe die Transvalers nie by die Kaapse kerk ingelyf wou word nie. Die NG Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk het in Transvaal in die 1880's verenig, maar kort daarna het 'n groep van die Hervormde Kerk weer afgestig.¹²⁴

Hierdie drie kerke het die hoofwaarhede van die Bybel by hulle lidmate deur katkisasie oorgedra en vasgelê. Die kerk was ook, veral op die platteland, die middelpunt van die Afrikaner se sosiale en kulturele lewe. Selfs na baie Afrikaners verstedelik het, het die kerk sy houvas op die Afrikaner behou en sodoende die meeste van hulle van die drink- en dobbelplekke in die stede af weggehoud.¹²⁵

8.Die posisie van die vrou in die Afrikanersamelewing

Hoewel die Afrikanervrou as plaasvrou in die voor-industriële samelewing volgens Giliomee besonder onafhanklik en selfstandig was, kan daar met sekerheid aanvaar word dat haar rol in die huishouding en gesin duidelik omskryf was en dat sy nie geleentheid tot politieke of openbare optrede gegun is nie.¹²⁶ Dit was weliswaar die Afrikanervrou wat haar gesin tot verset teen die Britse oorheering in die Groot Trek, die Anglo-Boereoorlog en die proses van verstedeliking aangemoedig het, maar dit was ook sy wat haar kinders in die patriargale tradisie opgevoed het. Verstedeliking en industrialisasie het egter 'n verandering in die struktuur en funksionering van die tradisionele Afrikanerhuishouding meegebring. Volgens Lou-Marie Kruger was vrouens gevolelik onseker oor hul posisie in die samelewing en het hulle, in reaksie

¹²⁴ P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeschiedenis van die Afrikaner*, pp. 190-200.

¹²⁵ P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeschiedenis van die Afrikaner*, pp. 190-200.

¹²⁶ H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 328.

op hierdie onsekerheid, begin om hulself gedurende die eerste twee dekades van die twintigste eeu aktief in organisasies te organiseer.¹²⁷

Die Zuid-Afrikaansche Christelike Vrouwen Vereeniging (ACVV) is in 1903 in Kaapstad gestig met die doel om maatskaplike hulp te verleen aan mede-Afrikaners wat nadelig deur die Anglo-Boereoorlog geraak is. M.E.R. skryf in haar geskiedenis van die ACVV "dat die Anglo-Boereoorlog ons Kaaplanders so ru wakker geskud het uit ons gemeende volksveiligheid dat die vroue beskermende arms wou slaan om wat nog vir ons oor was". Hierdie uitlating is volgens C.F.J. Muller 'n bewys van 'n geïntegreerde nasionale gevoel by die Afrikanervroue van Kaapland in daardie tyd.¹²⁸

Op 19 Oktober 1904 het 43 vooraanstaande vrouens in Pretoria onder leiding van mev. Annie Botha, vrou van generaal Louis Botha, die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) gestig. "Ons doel is om de natie opnieuw op te bouen - met Gods hulpe voor Transvaal een zegen te wesen - ons streven is een opvoedingstelsel te verkrijgen voor het volk door de stem van het volk - de moedertaal van het natie is zijn heilige erfenis."¹²⁹

Die stigting van die Oranje-Vroueevereniging (OVV) het op 25 Maart 1908 op Onze Rust, die plaas van president Steyn, plaasgevind. Die Kaaplandse ACVV en Transvaalse SAVF het in daardie stadium reeds takke in die Vrystaat gehad, maar na die stigting van 'n eie organisasie vir die Vrystaat, het hulle hul werksaamhede tot hul eie gebiede beperk.¹³⁰

¹²⁷ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, p. 313.

¹²⁸ C.F.J. Muller, *Sonop in die Suide: Geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948*, pp. 19-20; Aangehaal deur C.F.J. Muller, *Sonop in die Suide: Geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948*, pp. 53-54.

¹²⁹ Aangehaal deur M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*, p. 303.

¹³⁰ M. du Toit, Domesticity of Afrikaner Nationalism: Volksmoeders and the ACVV, 1904-1929, *Journal of Southern African Studies*, vol. 29, no. 1, Mar. 2003, pp. 155-176.

Die vrouebewegings het geld vir liefdadigheid ingesamel, onkunde beveg, gesondheidsvoortiging verskaf, mense besiel, voorstelle aan die owerhede gemaak om spesiale kursusse en behuisingskemas te begin, huisvlyt bevorder en kultuurverbondenheid onderstreep. Volksopvoeding is voorop gestel en vroeë skoolverlating is ywerig beveg. Die vroue-organisasies se liefdadigheidsterrein het volgens Lorraine Maritz vir die meeste Afrikanervroue 'n aanvaarbare ruimte geskep waarbinne hulle hul politieke voorkeure kon uitleef.¹³¹ In hierdie geestelike klimaat het *Die Boerevrou* 'n nismark ontdek en op 'n manier 'n verlengstuk op papier van die vroue-verenigings geword.

Teen die agtergrond van die heersende voorgeskrewe rol vir vrouens, was die vroue-optog van 1915 'n verrassende stap. Die Rebellie wat tussen 1914 en 1915 plaasgevind het, het politieke spanning en verdeeldheid onder Afrikaners tot gevolg gehad. Dit was veral die inhegtenisneming van die rebelleleiers wat die simpatie van vrouens dwarsoor die land aangegryp het. In Pretoria is 'n vroue-optog onder leiding van mev. Hendrina Joubert, vrou van generaal Piet Joubert, gereël om vir die losslating van die rebelleleiers te pleit. Hoewel die betoging geen onmiddellike sukses gehad het nie, was 'n algemene gevoel dat dit die "ontwaking van Suid-Afrika se dogters aangekondig" het, soos mev. Joubert dit gestel het. Die Afrikanervroue van Suid-Afrika het inderdaad van daardie tyd af polities aktief begin word.¹³²

Die vroue-organisasie van die Nasionale Party het ook na aanleiding van die Rebellie ontstaan, toe 'n aantal vrouens spontaan byeengekom het om kos aan die rebelle, wat in die Johannesburgse fort aangehou is, te verskaf. Johanna Brandt, die vrou van ds. L.E. Brandt, het veral in hierdie verband die voortou geneem. Sy was toe reeds bekend as skrywer van *Die Kappie-kommando*. Politieke bedrywighede van die

¹³¹ J. Grobler, Volksmoeders in verset: Afrikanervroue-optogte in Pretoria, 1915 en 1940. *S.A. Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 23(1), Junie 2009, p. 54.

¹³² L. Maritz, Die Afrikanervrou, *Die Burger*, 27 Jan 2007 (elektroniese weergawe, geen bladsynommers); J. Grobler, Volksmoeders in verset: Afrikanervroue-optogte in Pretoria, 1915 en 1940. *S.A. Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 23(1), Junie 2009, p. 38.

Afrikaners het ook die stigting van die Witwatersrandse tak van die Vroue-Suid-Afrikaanse Party meegebring. Vrouens het nog geen stemreg gehad nie, maar dit was dié twee organisasies se doel om die belang van die onderskeie partye, waaruit hulle gespruit het, te bevorder.¹³³



Figuur 7: Johanna Brandt (1878-1964)

Uit: J. Brandt, *Die kappiekommando* (Pretoria, 1999), p.41.

In hierdie jare het die winde van verandering wêreldwyd vir vrouerestate begin waai. Afrikaanse predikante wat in Nederland gaan studeer het, het egter onder die invloed van die ultra-konserwatiewe patriargale teologie van Abraham Kuyper gekom. Gevolglik het die Nederduitse Gereformeerde Kerk die vrouerestate-beweging as on-Bybels gesien. Die gevolg was dat Afrikanervroue hulle grootliks van die stemregbeweging gedistansieer het. Daar was egter Afrikanervroue wat voorstanders vir vrouestemreg was. Die familie van president Steyn is gedurende hul verblyf in Europa aan progressiewe invloede blootgestel. Mev. Steyn was in aanraking met feministe soos Emily Hobhouse en dr. Aletta Jacobs van Nederland, wat aktiewe propagandiste vir vrouestemreg was. Gevolglik het die Steyn-dogters, Gladys en Emmie, hulle reeds op 'n vroeë ouderdom met die vrouestemregbeweging vereenselwig.¹³⁴

Toe blanke vrouens in Suid-Afrika in 1930 stemgeregtig geword het, is daar verklaar dat dit gebeur het as deel van Hertzog se plan om die effek van die Kaapse swartes se stem te neutraliseer en blanke oorheersing in Suid-Afrika te vestig. Verskeie historici is

¹³³ E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, pp. 113,114.

¹³⁴ L. Maritz, *Die Afrikanervrou, Die Burger*, 27 Jan 2007 (elektroniese weergawe, geen bladsynommers).

van mening dat die toekenning van vrouestemreg nie as 'n resultaat van die stryd om vroueregte beskou kan word nie, maar as 'n oorwinning vir anti-feministiese Afrikanernasionalisme.¹³⁵

Die eerste 25 jaar van die twintigste eeu kan beskou word as die tydperk waarin Afrikanernasionalisme beslag gekry het. Hierdie ideologie is volgens die heersende siening deur 'n betreklike klein groep Afrikaner-intelligensia geskep en suksesvol aan die meerderheid Afrikaners "verkoop." Dit was volgens Kruger en andere vir die leiers van die nasionale beweging noodsaaklik om 'n geslagsdiskoers in die ideologie in te bou sodat vrouens die noodsaaklike funksie kon vervul om gesonde en nasionalisties-gesinde kinders groot te maak. So is die Volksmoeder-ideaal gebore waarvolgens die Afrikanervrou beïnvloed sou word om alles veil te hê vir haar gesin en te aanvaar dat sy nie 'n rol in die politiek of openbare arena kan speel nie.¹³⁶

Kruger en andere, soos Louise Vincent, het bevind dat vooraanstaande vrouens, wat ooglopend selfstandig was, soos Mabel Malherbe, M.E.R. en Johanna Brandt, Afrikanernasionalisme ondersteun het en selfs gehelp het om die Volksmoeder-diskoers te vorm, terwyl dit in der waarheid 'n beleid ondersteun het wat vrouens onderdruk en tot passiwiteit gedwing het. Kruger is van mening dat Malherbe met *Die Boerevrou* selfs 'n belangrike rol in die artikulasie en bevordering van dié ideaal gespeel het. Hierdie verskynsel van politieke konserwatisme by vrouens word aan die biologiese realiteit en godsdiestige oortuigings toegeskryf, asook die feit dat die Afrikanervrou tradisioneel nie betrokke was in loonarbeid nie en dus teen die begin

¹³⁵ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, pp. 321,322.

¹³⁶ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, p. 310; J. Grobler, Volksmoeders in verset: Afrikanervroue-optogte in Pretoria, 1915 en 1940. S.A. Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis, 23(1), Junie 2009, p. 54; M. du Toit, Domesticity of Afrikaner Nationalism: Volksmoeders and the ACVV, 1904-1929, *Journal of Southern African Studies*, vol. 29, no. 1 Mar. 2003, pp. 155-176.

van die twintigste eeu nie volkome proletaries was nie. Navorsers Koonz en Campbell het albei met studies oor nasionalistiese vrouens in Brittanje en Nazi-Duitsland tot die gevolgtrekking gekom dat vrouens geredeneer het dat dit nie moontlik is om mag in die openbare arena te verkry deur op gelyke voet met mans mee te ding nie, want mans is nie bereid om regverdig mee te ding nie.¹³⁷

Daar kan nie met sekerheid gesê word dat Afrikanervroue ook só geredeneer het nie, maar Kruger is van mening dat hulle wel gepoog het om 'n eie invloedsfeer te bekom waardeur hulle indirek mag in die openbare arena kon kry: "... women were led to believe that by doing their traditional duties in the household, they were doing much more – they were shaping the future of the nation ..." ¹³⁸

Tog het verstedeliking en die armlanke-kwessie in sommige gevalle tot 'n soort Afrikanervrou gelei wat ver verwyderd van die geïdealiseerde "Volksmoeder" was. Arm Afrikanervroue het loonarbeiders in fabrieke geword en het onder meer met die kommunistiese ideologie in aanraking gekom wat nie net die klem op die rol van die werker laat val het nie, maar ook die gelykheid van die geslagte beklemtoon het. Verskeie Afrikaanse vrouens het ook aktief aan die 1922-staking deelgeneem. *Die Goudvelder* het byvoorbeeld berig dat "tot ons spyt moes ons sien dat selfs die Afrikanervrou in Johannesburg haar verlaag om haar op onwaardige manier te bemoei met sake wat by die mans thuis behoor."¹³⁹

¹³⁷ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, pp. 311; L. Vincent, Bread an honour: white working class women and Afrikaner Nationalism in the 1930s, *Journal of Southern African studies*, vol.26, nr. 1, March 2000, pp. 61-78.

¹³⁸ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, pp. 311, 312, 316.

¹³⁹ L. Maritz, *Die Afrikanervrou*, *Die Burger*, 27 Jan 2007 (elektroniese weergawe, geen bladsynommers); Aangehaal deur E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I*, p. 90.

Vincent, Kruger, Maritz en Marijke du Toit is dit almal eens dat die meeste Afrikanervroue hulself met die Volksmoeder-ideaal vereenselwig het, maar ook geveg het vir 'n uitgebreide weergawe van dié geslagsdiskoers om vir hulle 'n staanplek in die Suid-Afrikaanse samelewing te verseker.¹⁴⁰ Dit is baie duidelik dat die Afrikanervrou 'n merkwaardige transformasie in die eerste paar dekades van die twintigste eeu ondergaan het. Sy het gedurende dié tyd 'n moderne vrou met politieke aspirasies geword wat vir haarself nuwe rolle en verantwoordelikhede geskep het. Hierin is sy deur *Die Boerevrou* geleei en ondersteun, maar sy openbaar ook duidelik haar voorkeure en ingesteldheid in die tydskrif.

9. Die Afrikaanse media-landskap tot 1919

'n Blik op die koerant- en tydskrifwese in Suid-Afrika tot en met 1919 kan as agtergrond dien waarteen die verskyning van *Die Boerevrou* beoordeel kan word. So kan daar bepaal word of daar werklik ruimte was vir 'n vrouetydskrif en of dit inhoudelik met ander publikasies oorvleuel het. Volgens Schalk Pienaar stap Afrikanerpolitiek en Afrikaanse joernalistiek hand aan hand. Hoewel dit ook elders in die wêreld gebeur dat die joernalistiek vir individue 'n springplank na die politiek bied, is dit 'n baie opvallende verskynsel in die Afrikaanse geskiedenis.¹⁴¹ Gevolglik is dit sinvol om te probeer vasstel watter rol, indien enige, *Die Boerevrou* in hierdie verband gespeel het.

Gedurende die eerste helfde van die 19de eeu was die vooruitgang in die koerant- en tydskrifwese in die hele Britse ryk relatief stadig. Teen die 1890's het die prosesse

¹⁴⁰ L. Vincent, Bread an honour: white working class women and Afrikaner Nationalism in the 1930s, *Journal of Southern African studies*, vol.26, nr.1 March 2000, pp. 61-78; M. du Toit, Domesticity of Afrikaner Nationalism: Volksmoeders and the ACVV, 1904-1929, *Journal of Southern African Studies*, vol. 29, no. 1 Mar. 2003, pp.155-176; L. Kruger, Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of *Die Boerevrou* (1919-1931), M.A. dissertation, UCT, 1991, p. 330; L. Maritz, Die Afrikanervrou, *Die Burger*, 27 Jan 2007 (elektroniese weergawe, geen bladsynommers).

¹⁴¹ S. Pienaar, *Getuie van groot tye*, p. 126.

van papierproduksie, fotografie, lettersetwerk en drukwerk egter aansienlik ontwikkel en verbeter. Dit het groter oplae en laer kostes moontlik gemaak. Lesergetalle het ook in hierdie tyd toegeneem weens bevolkingsgroei en verhoogde geletterdheid. Dít het daartoe bygedra dat adverteerders 'n groter belangstelling in dié bedryf begin toon het en weer op hul beurt die verskyning van nuwe publikasies gestimuleer het.¹⁴² Die gevolg was 'n persindustriële omwenteling wat selfs in Suid-Afrika sigbaar was.

Twee Skotse vriende, Thomas Pringle (1789-1834) en John Fairbairn (1794-1864), wat saam met die Britse Setlaars (1820) na Suid-Afrika gekom het, het die koerantwese en die stryd om persvryheid in Suid-Afrika op tou gesit. Vroeg in 1824 het hulle saam die maandblad *South African Journal* in Kaapstad begin uitgee. Dit was die eerste Kaapse koerant. Pringle en Fairbairn het geglo dat die deursnee mens die reg tot vryheid van denke en spraak moet hê. Hierdie standpunt het hulle die gramskap van die goewerneur, lord Charles Somerset, op die hals gehaal. Aangesien hulle geweier het om die blad aan beperkinge te onderwerp, moes dit reeds na die tweede uitgawe gestaak word. Daarna het hulle *The South African Commercial Advertiser* (ook in 1824) begin. Fairnbairn het later die alleenbesitter daarvan geword en nadat dit herhaaldelik aan sensuur onderwerp is, het hy uiteindelik in 1827 die reg verkry om die blad sonder inmenging te publiseer.¹⁴³

In September 1825 het Fairbairn geskryf: "...we are indebted to two of the most illustrious inventions with which God has been pleased to reward the ingenuity and perseverance of man, and for which our gratitude should only be second in degree to our thankfulness for the Revelation of Christ and the hopes of immortality. They are - the Invention of Printing, and the Liberty of the Press." In 1829 is 'n Ordonansie, wat

¹⁴² A. Gough-Yates, *Understanding women's magazines: Publishing, markets and readerships*, p. 40.

¹⁴³ E. Rosenthal (red.), *Ensiklopedie van Suidelike Afrika*, pp. 394,141.

die grondslag vir persvryheid gelê het, uitgevaardig. Fairbairn het dus deur volgehoue ywer die vryheid van die Suid-Afrikaanse pers bewerkstellig.¹⁴⁴

In dieselfde jaar (1924) en uit dieselfde groep as die eerste koerante het die eerste Hollandse tydskrif, *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift*, onder redaksie van Abraham Faure, 'n predikant van die NG Kerk, verskyn. Dit is tot in 1843 uitgegee. In 1873 het die tydskrif herleef as die *Het Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* met Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan) as redakteur.¹⁴⁵ Dit was die doel van die tydskrif om lektuur in Hollands te verskaf. Die inhoud was grootliks godsdienstig van aard, maar ook geskiedkundig. So het die Dagverhaal van Jan van Riebeeck vanaf die tweede nommer deurgaans verskyn. Daar was ook 'n gereelde "Zuid-Afrikaansche Kronyk" met 'n opsomming van belangrike gebeurtenisse – dus iets vir elkeen se smaak.¹⁴⁶

Faure het in die Desember 1824-uitgawe van die tydskrif 'n artikel gepubliseer wat as die eerste bydrae van 'n vrou tot die koerant- of tydskrifwese in Suid-Afrika bestempel kan word. Dit was 'n artikel deur sy niggie, Petronella Sophia Camijn (1787-1868), dogter van die landdros van Swellendam, Anthonij Alexander Faure. Die artikel is 'n beskrywing van haar besoek aan die Kangogrot. Sy het op 16 September 1808, twee maande na haar troue, saam met 'n groep van twintig mense 'n besoek aan Druipkelder, soos sy dit genoem het, gebring.¹⁴⁷

Sy vertel dat sy baie bang was vir die doodse stilte, gitswart donkerte, fladderende vlermuise en die spore van wilde diere, wat hulle oral opgemerk het. Die bedompige lug en stof wat deur hul besoek veroorsaak is, het haar amper laat flou word en sy moes na haar reukwater gryp. Die lig van die kerse onder in die grot het spookagtig

¹⁴⁴ Aangehaal deur W. de Kock, *A manner of speaking: The origins of the press in South Africa*, pp. 5,93.

¹⁴⁵ H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 66; A.P. Grové en P.J. Nienaber, *Die Afrikaanse letterkunde in beeld*, p. 9.

¹⁴⁶ Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift, Deel I, 1824, *Suid-Afrikaanse Biblioteek: Herdrukreeks 9, Inleiding*.

¹⁴⁷ J.C. Pretorius, *Al laggende en pratende: Kaapse vroue in die 17de en 18de eeu*, pp. 82,83.

gelyk en sy het gewonder of sy ooit weer die daglig sou aanskou. Toe hulle uiteindelik die bodem van die grot bereik, het sy haar in wêreld bevind waarvoor sy byna nie woorde kon vind om dit te beskryf nie. Sy skryf jare later dat enigeen wat dit aanskou, in die almag van God moet glo. In die tempel van die natuur het sy melkwit pilare en sierlik geplooide gordyne gesien, wat lyk of dit met pêrels oordek is. In die kerslig het dit gelyk of alles met silwer bespat is en sy was baie teleurgesteld toe hulle na twee ure die terugtog moes aanpak. Toe sy weer in die daglig kom, het sy egter wel besluit dat, ten spyte van al die skatte in die grot, sy dit nooit vir die sonskyn sal verruil nie.¹⁴⁸

Josephus Suasso de Lima was van Portugees-Joodse afkoms. Hy het in 1826 die sewende koerant aan die Kaap begin, genaamd *De Verzamelaar*. Dit was die eerste Hollandse koerant en het 22 jaar lank verskyn. De Lima wou nuttige, leersame en vermaaklike leesstof verskaf en het self onder verskillende skuilname verskeie briewe in die koerant geskryf, in wat vandag selfs as vroeë Afrikaans bestempel kan word.¹⁴⁹

Fairbairn se politieke idees van emansipasie van die swartes en aanvalle op die koloniste het Afrikaans- sowel as Engelssprekendes ontstig en die ontstaan van inheemse persbedrywighede in albei groepe gestimuleer. In Kaapstad het *De Zuid-Afrikaan* ontstaan en in Grahamstad die *Graham's Town Journal*. In 1837 het *De Mediator* in Kaapstad berig: "... wy waren ... op den inval gekomen om de Drukpers tegen de Drukpers te stellen ten naasten by op dezelfde wyze dat men zich van die Schorpioen bedient om dezelfs vernynige wonden te genezen."¹⁵⁰

'n Franse joernalis en teaterdirekteur Charles Etienne Boniface (1787-1883) het in 1830 *De Zuid-Afrikaan* in Kaapstad begin uitgee. Dit het mettertyd 'n stem van die

¹⁴⁸ Uittreksel uit een Reisverhaal van een Kaapsch Meisje, naar de Spelonk in het Cango's Gebergte, Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift 1(6), December 1824, pp. 446-452. Suid-Afrikaanse Biblioteek: Herdrukreeks 9.

¹⁴⁹ W. de Kock, *A manner of speaking: The origins of the press in South Africa*, pp. 94,14-17.

¹⁵⁰ W. de Kock, *A manner of speaking: The origins of the press in South Africa*, pp. 8,94.

groeiente nasionale bewusheid onder Afrikaners en 'n mondstuk vir Afrikanerboere in die Kaap geword. Daar is byvoorbeeld breedvoerig in *De Zuid-Afrikaan* verslag gedoen oor die aanloop tot en die vrystelling van slawe in 1838. In 1837 het Boniface ook saam met 'n venoot, Cornelius P. Moll, *De Mediator* (eers genoem *The Moderator*) begin.¹⁵¹

'n Houtdrukpers, wat die Britse Setlaars saam met hulle na Suid-Afrika gebring het, is deur die Kaapse owerheid gekonfiskeer uit vrees dat die openbare mening aan die Oosgrens daarmee verenig kon word. In 1831 het Louis Henri Meurant die pers op 'n veiling gekoop en op 30 Desember 1831 die *Graham's Town Journal* daarmee begin. Dit sou tot in 1840 die enigste koerant buite die Kaapse Skiereiland wees en het as spreekbuis van die blankes aan die Oosgrens gedien. In 1837 het Piet Retief se bekende manifes in dié koerant verskyn. Daar het ook gereeld briewe van Voortrekkers en verslae van smouse en reisigers oor die Voortrekkers se vordering, wense en terugslae daarin verskyn. Dit is huis in die *Graham's Town Journal* dat die eerste beriggewing oor die Slag van Bloedrivier gepubliseer is.¹⁵²

Die eerste koerant in Natal, *De Natalier en Pietermartizburgsche Trouwe Aantekenaar*, is in 1844 ook deur Boniface en Moll begin. Dit moes egter in 1846, na 'n lastersaak teen die koerant, gesluit word. David Dale Buchanan het toe, ook in 1846, *The Natal Witness* begin. Dit was 'n weeklikse en tweetalige koerant tot diens van die gemeenskap en is deur Buchanan as 'n agent vir die moderne beskawing beskou. Hy het geglo dat 'n mens, selfs al woon jy in die middel van die beskawing, sonder 'n koerant net sowel op 'n afgeleë, vergete plek kon woon.¹⁵³

¹⁵¹ A.P. Grové en P.J. Nienaber, *Die Afrikaanse letterkunde in beeld*, p. 13; H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, pp. 72-74; W. de Kock, *A manner of speaking: The origins of the press in South Africa*, p. 3.

¹⁵² M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*, p. 375.

¹⁵³ W. de Kock, *A manner of speaking: The origins of the press in South Africa*, pp. 95, 96.

Het *Volksblad*, in 1849 in Kaapstad opgerig, het net een jaar lank bestaan. B.J. van de Sandt de Villiers het dit egter in 1856 laat herleef. Die koerant het gestreef na "... samewerking der beide kolonistenrassen ten behoeve van hun Zuid-Afrikaansch vaderland, en van zichzelfe als heerschend volk." Baie van die oudste Afrikaanse koerantbydraes het ook in *Het Volksblad* verskyn.¹⁵⁴

Die *Afrikaanse Patriot* het vir die eerste maal op 15 Januarie 1876 in Kaapland verskyn. Dit was 'n maandblad en die mondstuk van die GRA wat die vorige jaar gestig is. *Die Patriot* het die adres van *De Zuid-Afrikaan* in Kaapstad gebruik en die eerste redakteur, C.P. Hoogenhout, die skuilnaam "Oom Lokomotief". Latere redakteurs sou ook hierdie skuilnaam gebruik. Die koerant wou leiding gee ten opsigte van landsake, geskiedenis, belangrike nuus en die Afrikaanse taal. Dit het selfs markpryse bevat. Intekenaars op die blad het in 'n kort tyd van 50 tot 3 000 gegroeи en *Die Patriot* was teen 1880, hoewel dit hewige teenkanting gekry het, een van die mees gelese blaaie in Suid-Afrika. Selfs in Transvaal het Nicolaas Smit, een van die generaals met die Slag van Majuba, opgemerk: "Mar een morre toen di pos inkom, kry ek di koerant van di Paarl, en toen ek hom oopbreek, wat moet ek daar lees? Broeders in di Transvaal, nou is di tyd. Langer lydelik verset sou nou wees ydel verset ... Toen seg ek somar dadelik: Kinders, maak skoon julle roers, nou is ons tyd om te gaan skiet." Die koerant het bygedra tot die ontwaking van Afrikanernasionalisme, het die Afrikaner leer lees en gehelp om Afrikaans tot skryftaal te verhef. *Die Patriot* is in 1904 gestaak toe lesersgetalle aansienlik afgeneem het, hoofsaaklik weens redakteur S.J. du Toit se steun aan Rhodes.¹⁵⁵

Die GRA het ook van 1896 tot 1906 'n tydskrif uitgegee om letterkunde te bevorder. *Ons Klyntji* was die eerste Afrikaanse tydskrif. Met die 20ste verjaardag van *Die Patriot* in 1896 is die Eerste Afrikaanse Taalkongres in die Paarlse Stadhuis gehou. Met dié

¹⁵⁴ M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuurmanak*, p. 13.

¹⁵⁵ W. de Kock, *A manner of speaking: The origins of the press in South Africa*, pp. 90, 91.

geleentheid is daar besluit om ‘n tydskrif uit te gee wat “... ‘n blad ver di huisgesin, ‘n ware huisvrind ...” moes wees. Die blad sou neutraal staan ten opsigte van politieke vraagstukke en het baie bygedra tot die lees en skryf van Afrikaans. *Ons Klyntji* het gepoog om die Afrikaner te genees van ‘n minderwaardigheidsgevoel op taalgebied.¹⁵⁶

Ons Tijdschrift is in 1896 in Kaapstad onder redaksie van onder andere ds. Adriaan Moorrees, professor in die teologie en skrywer van ‘n digbundel *Zevenjaartjes* (1908), uitgegee. Moorrees het hom ernstig verset teen die Afrikaanse taalstrewe en het in dié tydskrif leesstof in Nederlands van hoogstaande gehalte as teenvoeter vir Afrikaans probeer bied.¹⁵⁷

Die eerste koerant wat in Transvaal verskyn het, was die *Staats Courant* in Potchefstroom, uitgegee deur Moll vanaf 1857. President M.W. Pretorius het C.P. Moll versoek om sy drukpers van Natal na Potchefstroom te verskuif omdat daar ‘n behoefté was aan ‘n pers om die Republiek se wette te druk. Die *Staats Courant* het ook ander nuus en advertensies bevat en soms ook ‘n artikel of twee. Die Transvaalse regering het later Moll se drukpers gekoop en sedert 1859 was die koerant se naam die *Gouverments Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek*.¹⁵⁸

Die pers is in 1863 na Pretoria verskuif en Moll sou van toe af slegs die drukwerk van die koerant vir die regering behartig en het nie meer van sy eie artikels geplaas nie. In 1864 het Moll sy eie koerant, *De Republikein*, begin. Dit was Pretoria se eerste onafhanklike koerant en was tweetalig.¹⁵⁹

¹⁵⁶ P.J. Nienaber, ‘n Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika, pp. 28-26; M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*, p. 26.

¹⁵⁷ A.P. Grové en P.J. Nienaber, *Die Afrikaanse letterkunde in beeld*, p. 9.

¹⁵⁸ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, p. 5.

¹⁵⁹ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, p. 8.

Daar is egter mettertyd 'n sterk behoefte aan 'n meer patriotiese Transvaalse koerant gevoel. President T.F. Burgers en andere het geld geskenk om 'n koerant te stig. Die redakteurskap is vir J.F. Celliers (genoem Jan Volksstem en vader van die digter Jan F.E. Celliers) aangebied. Hy het sedert 1863 op die redaksie van die Kaapse *Het Volksblad* gedien. Die nuwe koerant, *De Volksstem*, het die eerste maal op 8 Augustus 1873 verskyn. Dié Hollandse koerant het baie inligting oor vroeë Pretoria en Transvaal bevat en het weekliks verskyn. Later is daar selfs 'n aparte uitgawe in Engels gepubliseer. Vir vier jaar lank was Celliers met *De Volksstem* die hoofmeningsvormer in Pretoria. Hy het hom byvoorbeeld sterk teen die anneksasie van Transvaal deur sir Theophilus Shepstone in 1877 uitgespreek.¹⁶⁰ Shepstone het op 21 Oktober 1878 aan sir Bartle Frere, Britse Hoë Kommissaris, geskryf dat die enigste Nederlandse koerant in Pretoria vyandigheid teenoor die Engelse veroorsaak. Hy skryf ook "...it is universally read by the Boers who, being extremely ignorant, are correspondingly credulous and settle any doubtful point by saying: 'Does it not stand so in the Courant?' One Boer told me that his countrymen believed the Volksstem more implicitly than they do the Bible."¹⁶¹

Celliers se uitgesprokenheid in *De Volksstem* was die rede waarom die *Transvaal Argus* en *Commercial Gazette*, wat intussen in Potchefstroom ontstaan het, na Pretoria verskuif is. Dit was die eerste volwaardige Engelse koerante in Pretoria en was uiteraard Britsgesind.¹⁶²

Gedurende die Britse anneksasie van Transvaal en die Eerste Vryheidsoorlog (1877-1881) het die Engelse militêre administrasie begin om 'n koerant in Nederlands, die *Boerenvriend*, te publiseer omdat die Boere nie die Engelse *Transvaal Argus* wou lees nie. Celliers se drukpers is ook gekonfiskeer. Hy het egter 'n ou drukpers gerestoureer en aangehou om *De Volksstem* uit te gee. Met kollektes by twee openbare

¹⁶⁰ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, pp. 8,9,11.

¹⁶¹ Aangehaal deur H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, p. 11.

¹⁶² H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, pp. 8,9,11.

vergaderings het generaal Piet Joubert genoeg geld ingesamel om weer vir Celliers 'n nuwe drukpers te koop. In Desember 1880, met die uitbreek van vyandelikhede, het Celliers in die tronk beland vir 'n aankondiging in sy koerant dat daar 'n groep Transvaalse burgers is wat te kenne gegee het dat hulle nie belasting gaan betaal nie.¹⁶³

Na die oorlog het die *Transvaal Argus* nie weer verskyn nie, maar *De Volksstem* het dadelik weer sy verskyning gemaak. Celliers het twee koerante twee-weekliks, een in Afrikaans en een in Engels gepubliseer. In 1888 het hy die koerant aan die regering verkoop wat dit weer aan W. Jonker verkoop het. Jonker is in 1889 oorlede. Die vakante pos is toe vir dr. Frans Vredenrijk Engelenburg, 'n jong Nederlandse immigrant en regsgelerde, aangebied. Onder sy leiding het *De Volksstem* 'n hoë tegniese en joernalistieke standaard bereik met invloed ver anderkant die Transvaalse grens.¹⁶⁴

Vanaf 9 Oktober 1899 tot 4 Junie 1900, gedurende die Anglo-Boereoorlog, het daar verskeie spesiale uitgawes van *De Volksstem*, wat tweetalig was, verskyn. Na die Britse inname van Pretoria in 1900 is die koerant gestaak. Daar is egter geskiedenis gemaak toe 'n "veldtocht-editie" van *De Volksstem* in die veld by Elandslaagte gedruk is. Gedurende daardie stadium van die oorlog het daar geen koerant in Pretoria bestaan nie en die militêre owerhede het op 26 Junie 1900 *The Pretoria Friend* gepubliseer. Dit was 'n dagbladjie wat vir drie weke bestaan het tot reëlings getref kon word om koerante uit die suide van die land na Pretoria te laat kom.¹⁶⁵

Teen 1903 het Engelenburg genoeg steun gewerf om *De Volkstem* weer uit te gee. Na die oorlog is die naam met een "s" gespel. In hierdie tyd het Gustav Preller by die redaksionele personeel aangesluit. Hy het die koerant as 'n middel beskou waardeur

¹⁶³ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, p. 11.

¹⁶⁴ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, p. 14.

¹⁶⁵ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, p. 29.

hy mense kon bereik en beïnvloed. Gevolglik het hy, deur sy skryfwerk in *De Volkstem*, 'n deurslaggewende rol in die Tweede Taalbeweging gespeel. In 1914 het 'n joernalis van *De Volkstem*, Frederik Rompel, baie oor die Eerste Wêreldoorlog geskryf. Verskeie Pretorianers het sy werk as te pro-Duits beskou en dit het geleid tot 'n opstand waarin die kantore van die koerant in 1915 beskadig is.¹⁶⁶



Figuur 8: Op die foto van die redaksie van *De Volkstem* verskyn v.l.n.r. G.S. Preller, Frederik Rompel, F.V. Engelenburg (redakteur), J.P. la Grange Lombard en Adam Boshoff.

Uit: A.P. Grové en P.J. Nienaber, *Die Afrikaanse letterkunde in beeld* (Pretoria, 1973), p. 29.

In 1924 het Preller Engelenburg as redakteur van *De Volkstem* opgevolg, maar in 1925 die pos opgegee om redakteur van *Ons Vaderland* te word. Daarna het eers C.S. Coetzee en toe H.C. de Kock hom as redakteurs van *De Volkstem* opgevolg.²²² Met die uitsondering van *De Zuid-Afrikaan*, wat later *Ons Land* geword het (1830-1930) was *De Volkstem* in 1951, met sy laaste verskynning, die oudste nie-Engelstalige koerant in Suid-Afrika.¹⁶⁷

De Pers/The Press, 'n tweetalige weekblad, wat uitgesproke in sy ondersteuning van president Kruger en die Republiek was, het 1889 begin verskyn. Die koerant is deur die konsessiehouer, A.H. Nellmapius, finansieel ondersteun. Na laasgenoemde se dood is dit deur J.B. Robinson, met Leo Weinthal as redakteur, steeds weekliks uitgegee. Robinson het ook die *Weekly Press* in Pretoria uitgegee. Albei die koerante het net tot en met die uitbreek van die oorlog bestaan.¹⁶⁸

Op 10 Oktober 1888 het *Land en Volk* die eerste maal verskyn. Dit is in Johannesburg en Pretoria versprei en deur J.F. Meyer and Co. gepubliseer. Die snelle

¹⁶⁶ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, pp. 29, 30.

¹⁶⁷ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, p. 30.

¹⁶⁸ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, p. 23.

toename in sirkulasiesyfers van die koerant is toegeskryf aan die gebruik van Afrikaans. In ‘n gewilde rubriek, “Swart Pilletjies” deur “Apteker” (waarskynlik Eugène N. Marais), is kommentaar, grappe en sarkastiese opmerkings oor die openbare lewe en die regering gemaak. Die naam van die rubriek is later verander na “Gal Pilletjies.”¹⁶⁹

In 1891 het Marais (toe 19 jaar oud) en J. de Villiers Roos die koerant gekoop en onderneem om Afrikanerbelange te bevorder. Vanaf 1892 was Marais alleen in beheer van *Land en Volk*. In 1892 het hy die eerste van vele lastersake teen hom verloor omdat hy geskryf het wat hy gevoel het reg was en nie geskroom het om bekendes en die regering aan te vat nie.¹⁷⁰

Haakplekke tussen Marais en president Kruger het ook in 1892 sigbaar geraak. Marais is gearresteer en van hoogverraad aangekla, maar onskuldig bevind oor iets wat hy oor Kruger geskryf het. Marais het Kruger ook daarvan beskuldig dat hy voorkeur gee aan Nederlanders as regeringsamptenare en dat hy hom met spekulerende Jode omring en aan hulle konsessies toestaan ten koste van die land. Hy was verder gekant teen die beoogde standbeeld van Kruger waarvoor Samuel Marks £10 000 geskenk het. Hy het gesê die Republiek wil nie beelde hê wat met die wins van drankverkope betaal is nie en het dit die “drankbeeld” genoem. Daardeur het hy op Marks se konsessie by Eerste Fabrieken gesinspeel.¹⁷¹

Marais is met Aletta Beyers getroud. Sy is oorlede met die geboorte van hul eerste kind toe Marais 22 jaar oud was – ‘n slag wat hy nooit heeltemal oorkom het nie. Hy was gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) betrokke by ‘n ekspedisie om ‘n nuwe soort plofstof uit Europa na Suid-Afrika te smokkel. Dit het die land te laat

¹⁶⁹ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, p. 15.

¹⁷⁰ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, p. 18.

¹⁷¹ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, pp. 16, 19.

bereik. Die oorlog was verby en Marais siek aan Malaria toe hy in 1902 in Suid-Afrika aangekom het.¹⁷²

Na die oorlog het Marais vir Gustav Preller oortuig om die redakteurskap van *Land en Volk* oor te neem. Toe *Land en Volk* op 20 September 1902 herverskyn, was dit die eerste Hollandse koerant wat weer na die oorlog uitgegee is. Marais het wel later weer die redakteurskap van die koerant oorgeneem, maar die vuur van sy jongdae was weg. Op aanbeveling van generaal Botha is *Land en Volk* in 1907 verkoop. Marais het op die agtergrond geskuif en homself op die letterkunde toegespits.¹⁷³

In April 1903 het die maandblad, *De Goede Hoop*, onder redaksie van J.H.H. de Waal in Kaapstad verskyn. Hy het 'n behoefte aan Afrikaanse leesstof vir jongmense geïdentifiseer. Dit is gunstig ontvang, selfs in die Transvaal en die Vrystaat. De Waal het ook gereeld bydraes vir die blad in Afrikaans ontvang en geplaas.¹⁷⁴

In 1904 het Hendrik de Graaf die Het Westen-Drukkery in Potchefstroom begin wat die *Het Westen* uitgegee het. Die koerant wou die deur oorlog verarmde en ontredderde Afrikaners tot politieke aktiwiteit en nasionale bewussyn aanspoor. Vanaf 1914 het dié koerant 'n mondstuk vir die Nasionale Party in Transvaal geword. De Graaf het ook van Mei 1913 tot April 1914 'n tydskrif met die naam *Werda* uitgegee.¹⁷⁵

Harm Oost het na die Anglo-Boereoorlog vir *De Volkstem* in Pretoria gewerk en in 1907 die redakteur geword van *De Boer*, 'n bylaag tot *De Volkstem*. *De Boer*, die eerste geïllustreerde Hollandse koerant in Suid-Afrika, het 'n rigting ingeslaan wat kort daarna as die Hertzogbeleid bekend geword het terwyl *De Volkstem* 'n erkende

¹⁷² H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, pp. 19,20.

¹⁷³ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, pp. 20,21.

¹⁷⁴ J.H.H. de Waal, *Versamelde werke I*, pp. 134,136.

¹⁷⁵ P.J.Nienaber, 'n Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika, pp. 117,118.

Botha mondstuk was. Teen die einde van 1911 is Oost aangesê om te bedank by *De Boer* of sy beleid te verander. As gevolg hiervan het Oost in 1912 *De Week* begin. Dit is deur Dirk Verbeek en Seuns se Atlas Printing Works in hul agterplaas in Bloedstraat, Pretoria, gedruk. Na 'n finansiële dood in 1913 het vriende van Oost sy koerant gehelp en in dieselfde week as die afsterwe van *De Week*, is *Het Volk* gebore. Dit is in 1914 deur 'n bevel van generaal Botha se regering stopgesit. Tydens die Rebellie het Oost by generaal De Wet se kommando aangesluit en moes hy uiteindelik ook tronkstraf uitdien.¹⁷⁶

Die eerste Afrikaanse weekblad in die Noorde was *Die Brandwag* wat van 1910 tot 1922 verskyn het ('n tweede tydskrif met die titel *Die Nuwe Brandwag* is later uitgegee). *Die Brandwag* is deur W.M.R. (Morti) Malherbe en Gustav Preller opgerig. Malherbe was van 1910 tot 1919 die redakteur. Hy het 'n doktorsgraad in die regte aan die Universiteit van Utrecht behaal en het in 1921 die eerste professor in Romeins-Hollandse Reg aan die Universiteit van Stellenbosch geword. *Die Brandwag* het die ontwaking van Afrikaans as jong taal weerspieël en blyk ook die eerste tydskrif in Suid-Afrika te wees wat leesstof vir jong kinders in Afrikaans gebied het.¹⁷⁷



Figuur 9: Izak van Heerden, sekretaris van die A.T.G. en sy vrou, Tannie van *Die Brandwag*, wat hoofsaaklik vir kinders in die tydskrif geskryf het.

Uit: A.P. Grové en P.J. Nienaber, *Die Afrikaanse letterkunde in beeld* (Pretoria, 1973), p. 35.

In 1914 het die Afrikaanse Taalvereniging wat in 1906 in Kaapland gestig is, 'n mondstuk gekry. Dié tydskrif, *Ons Moedertaal*, is gewy aan die bevordering van die

¹⁷⁶ P.J. Nienaber, 'n Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika, pp. 120,121; H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, p. 32.

¹⁷⁷ J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, p. 124; M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuurmanak*, p. 43.

Afrikaanse taal en kultuur. Dit het agt aflewerings beleef en is vanaf 1915 deur die Nasionale Pers uitgegee.¹⁷⁸

De Nationale Pers, Bpk. is in 1915 in Kaapstad gestig en het op 26 Julie 1915 het *De Burger*, 'n dagblad van tien bladsye onder redaksie van D.F. Malan, begin uitgee. Hierdie Afrikaanse koerant is gestig om aan die Nasionalvoelende Afrikaners in die Kaapprovincie se behoefté aan 'n koerant, wat hul gevoelens tydens die Eerste Wêreldoorlog kon vertolk, te voldoen. Volgens Schalk Pienaar is die koerant aan die begin beskryf as "Een Hollands Dagblad, met een demokratiese, kristelik-nasionale strekking, onafhankelik van Regerings- of Partijbeheer," hoewel dit van die begin af die mondstuk van die NP in Kaapland was. *Die Burger* het ook na Pienaar se mening mettertyd 'n draer van 'n hoë joernalistieke tradisie in die Afrikanersamelewing geword.¹⁷⁹

Toe die Nasionale Pers op 20 Mei 1916 *Die Huisgenoot* begin uitgee, het *Ons Moedertaal* met die nuwe tydskrif saamgesmelt. Vanaf 23 November 1923 was *Die Huisgenoot* nie meer 'n maandblad nie, maar 'n geillustreerde weekblad.²³⁸ Volgens die Nasionale Pers het *Die Huisgenoot* 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van die Afrikaanse kultuur en letterkunde en het baie daar toe bygedra om die Afrikaner te leer lees.¹⁸⁰

Dit is moontlik dat tydskrifte soos *Die Brandwag* en *Die Huisgenoot* die weg vir *Die Boerevrou* voorberei het deur 'n klimaat en ingesteldheid van lees in die algemeen en tydskriflees te skep.

¹⁷⁸ M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*, p. 207.

¹⁷⁹ P.J. Nienaber, 'n Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika, p. 119; S. Pienaar, *Getuie van groot tye*, p. 128.

¹⁸⁰ M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*, p. 151.



Figuur 10: Die eerste uitgawe van *Die Huisgenoot*.

Uit: A.P. Grové en P.J. Nienaber, *Die Afrikaanse letterkunde in beeld* (Pretoria, 1973), p. 36.

Die Noordelike Drukkersmaatskappy is in 1915 in Pretoria gestig en het in dieselfde jaar die Atlas Printing Works oorgeneem. Die maatskappy het op 10 September 1915 begin om 'n nuwe weekblad, *Ons Vaderland*, te publiseer. *De Transvaler*, 'n Johannesburgse blad, is by *Ons Vaderland* ingelyf en die redakteurskap is vir Oost aangebied nadat hy uit die tronk vrygelaat is. Vanaf 1923 het dit twee maal per week verskyn. Gustav Preller het in 1925 by die koerant aangesluit. In 1929 het dit 'n dagblad geword met 'n voorsprong bo die ander koerante omdat daar 'n radio-ontvangstoestel in die agterplaas van die koerant se kantore was – die eerste radio-nuusdiens in Suid-Afrika. *Ons Vaderland* het in 1930 weer twee maal per week begin verskyn. Toe die Noordelike Drukkersmaatskappy in 1932 opgeneem is in die Afrikaanse Pers Beperk, is die naam van die koerant verander na *Die Vaderland*. Op 2 Julie 1936 het die koerant se kantore na Johannesburg verskuif en het dit weer 'n dagblad geword.¹⁸¹

Die pro-Britse *Bloemfontein Post* het omstreeks 1916 verdwyn. In hierdie stadium was *De Vriend des Volks* Bloemfontein se enigste Nederlandstalige koerant, maar as susterskoerant van *The Friend* en ondersteuner van Botha se beleid, het dit heelwat simpatie verloor nadat die Vrystaat op groot skaal na die Nasionale Party oorgeslaan het. *De Vriend des Volks* is teen die einde van 1926 gestaak.¹⁸²

¹⁸¹ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, p. 32.

¹⁸² K. Schoeman, *Bloemfontein: Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*, p. 239.

De Graaf het in 1916 *Het Volksblad* in Bloemfontein met H.G. Viljoen as redakteur, begin, ook as ondersteuner van die Nasionale Party. Viljoen het met sy artikels en resensies doelbewus die kultuursaak van die Afrikaner gedien. In 1917 het De Graaf sy Bloemfonteinse drukkery en koerant vir £15 000 aan die Nasionale Pers in Kaapstad verkoop.¹⁸³

Die eerste uitgawe van *Die Landbouweekblad* het op 21 Mei 1919 verskyn. Die Nasionale Pers het dié tydskrif, wat ten volle aan die landbou gewy is, begin in 'n tyd toe die Suid-Afrikaanse boer as gevolg van droogte op sy knieë was. Hoewel die fokus op die landbou was, het *Die Landbouweekblad* wel gepoog om leesstof aan 'n wye spektrum lesers van albei geslagte en verskillende ouderdomme op die platteland sowel as in die stedelike gebiede te voorsien. Daar is deur hierdie soort publikasies gepoog om lesers op te hef en onkunde te bestry, ook omdat die Carnegie-verslagop die gevare van isolasie klem gelê het.¹⁸⁴

Die geskiedenis van die Afrikaanse pers blyk een van baie probeerslae en mislukkings te wees. Bestendigheid en 'n veilige voortbestaan sou eers heelwat later 'n kenmerk en voorreg van Afrikaanse tydskrifte en koerante word. Meer as 20 Hollands-Afrikaanse tydskrifte en koerante het tot en met 1919 gekom en gegaan. Daar was dus ruimte vir 'n tydskrif uitsluitlik gewy aan die belang van die Afrikanervrou teen 1919 en *Die Boerevrou* sou nie inhoudelik met enige van die bestaande publikasies oorvleuel nie.

¹⁸³ K. Schoeman, *Bloemfontein: Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*, p. 240; P.J. Nienaber, 'n *Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika*, p. 118.

¹⁸⁴ W. Beinart, *Twentieth century South Africa*, p. 121.

HOOFSTUK III: DIE BESTUUR, REDAKSIE EN MEDEWERKERS

VAN *DIE BOEREVROU*

1. Mabel Malherbe – ‘n merkwaardige vrou

Die eienares en redaktrise van *Die Boerevrou* was Mabel Catherine Malherbe (gebore Rex). Mabel is op 9 Augustus 1879 in Pretoria gebore en op 1 Februarie 1964 in Nelspruit oorlede. Sy was die enigste dogter van Frans Christopher Muller (Frank) Rex en sy vrou, Gezina Constantia Marais (genoem Jess). Hulle het ook twee seuns gehad, Percy en Herbert, wat albei as jong mans oorlede is.¹⁸⁵

Frank Rex se oupa was die legendariese stamvader George Rex, stigter van Knysna, en Jess Marais se pa was Jan Nielen Marais, ‘n lid van die Transvaalse Regering onder president T.F. Burgers. Jan en Catharina Marais het in 1868 van ‘n plaas naby Stellenbosch na Pretoria verhuis. Hulle het ses dogters (o.m. Lenie/Lizzie Niemeyer, Jess, Kate Dougall, mev. Verdoorn en mev. Ueckerman) en vier seuns gehad. Hul jongste seun, Eugène Nielen, sou later die bekende Afrikaanse digter word. Die meeste van die kinders het as volwassenes in Pretoria bly woon.¹⁸⁶

Die Marais-familie het hoofsaaklik met Engelssprekende Transvalers en oud-Kapenaars omgegaan. Hulle kon Engels vlot praat en het dit ook graag gedoen om – soos Lou-Marie Kruger beweer – hul meerderwaardigheid te toon. Verder het hulle nie goed klaargekom met die Afrikaanse Transvalers nie en het ook nie ‘n hoë dunk van president Kruger gehad nie. Hy was glo te wild en daarby nog ‘n Dopper ook.¹⁸⁷

¹⁸⁵ C.J. Beyers (red.), *Suid Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, p. 362; M.E. Rothmann, *My beskeie deel: ‘n Outobiografiese vertelling*, pp. 200,202.

¹⁸⁶ C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, p. 362; M.E. Rothmann, *My beskeie deel: ‘n Outobiografiese vertelling*, p. 200; L. Rousseau, *Die groot verlange*, p. 392.

¹⁸⁷ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, p. 3.



Figuur 11: Hierdie foto van Mabel Catherine Malherbe het in 1931 in 'n boek oor die Nasionale Party verskyn.

Uit: H. Reitz en H. Oost (reds.), *Die nasionale boek: 'n Geskiedenis van die ontstaan en groei van die Nasionale Party van Suid-Afrika* (Johannesburg, 1931), p. 541.

Frank en Jess, die Marais-suster wat by uitstek pro-Engels was, is in 1874 getroud. Die onthaal, in die vorm van 'n bal, was 'n groot gebeurtenis op Pretoria se sosiale kalender. Dit is in magistraat Skinner se huis gehou en president Burgers was ook een van die belangrike gaste. Daar was egter vroeg reeds probleme in die huwelik. Frank het 'n drankprobleem gehad en het Jess verlaat kort na die geboorte van hulle derde kind. Hy het in die Karoo gaan woon en, hoewel hy Engelssprekend was, die redakteur van een van die eerste Afrikaanse koerante in die Karoo geword.¹⁸⁸

Jess was 'n sterk vrou en het deur 'n losieshuis en 'n klein melkery te bedryf, haar drie kinders alleen onderhou. Daar was altyd 'n gespanne verhouding tussen Jess en haar enigste dogter, Mabel. Mabel het geglo dat sy aan 'n psigosomatiese vorm van asma gely het as gevolg van haar verhouding met haar ma. Die asma het verdwyn na haar ma se dood.¹⁸⁹

Mabel Rex het haar skoolopleiding in Pretoria en aan die Rustenburg Girls' High School in Rondebosch in Kaapstad ontvang. Daar het sy besluit om 'n joernalis te word en het self na matriek reëlings getref om by een van die groot Engelse dagblaaie opgelei te word. Sy het later gesê dat sy baie soos haar pa was wat haar liefde vir

¹⁸⁸ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, p. 4.

¹⁸⁹ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, pp. 4, 5.

joernalistiek aan betref. "I have ink in my veins," het sy gereeld geskerts. Tog was sy van mening dat sy nie haar pa se talent geërf het nie. Volgens M.E.R. was Mabel "... die joernalistiek sterk toegeneë. Sy het dit van weerskante gehad: haar vader, as ek dit reg het, was koerantskrywer; Eugène Marais was haar oom van moederskant."¹⁹⁰

Haar planne het egter nie Jess se goedkeuring weggedra nie. "My moeder was so ontsteld daaroor dat ek in 'n kantoor sou moes werk (en dit nogal in 'n koerantkantoor!) dat ek per telegram huis toe gebied is." Op sewentienjarige leeftyd was sy dus terug in Pretoria, waar sy af en toe beriggies vir koerante geskryf het. Sy is ook gevra om Engelse lesse vir mevrou Grobler te gee. Sy was die eggenote van president Kruger se sekretaris, Piet Grobler.¹⁹¹

Deur die Groblers het Mabel Rex 'n paar keer by president Kruger aan huis gekom. Sy het 'n geweldige bewondering vir die stil, sterk, ruwe president ontwikkel en onthou dat sy ontroer langs die pad gestaan het wanneer hy in volle presidentsmondering na die Volksraad gery het. Na die Jameson-inval het sy tot nasionale bewussyn gekom en vervul geraak met die idee om haar vaderland groot te sien. Toe die Anglo-Boereoorlog uitbreek, het sy by die Rooikruis aangesluit en eers in Pretoria en toe op die trein tussen Pretoria en Modderspruit verpleegwerk gedoen. Op haar laaste besoek aan Modderspruit het sy verloof geraak aan Kenne Nicolaas de Kock Malherbe. Hy is kort daarna gevang en as krygsgevangene na Indië gestuur. Jare lank het hulle niks van mekaar gehoor nie, want toe die Britte Pretoria op 5 Junie 1900 ingeneem het, het haar familie tydelik op Gordonsbaai gaan woon.¹⁹²

¹⁹⁰ Standard Encyclopaedia of Southern Africa 7, p. 154; L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, pp. 4, 5; M.E. Rothmann, *My beskeie deel: 'n Outobiografiese vertelling*, p. 204.

¹⁹¹ A. Neethling-Pohl, Mev. Mabel Malherbe, *Die Huisgenoot*, 1 Junie 1945, p. 33; Redaksie, *Die Boerevrou*, Julie 1929, p. 2.

¹⁹² A. Neethling-Pohl, Mev. Mabel Malherbe, *Die Huisgenoot*, 1 Junie 1945, p. 33.

In Kaapstad het die jong Mabel die vermoënde en invloedryke mev. Maria M. Koopmans-De Wet leer ken. Met die steun en hulp van mev. Koopmans-De Wet is sy op die Duitse skip, *Hertzog*, na Nederland waar sy aan die Diakonessehuis in Haarlem 'n driejarige kursus in verpleging gevolg het. Sy het later met ontroering onthou hoeveel simpatie, belangstelling en hulp Suid-Afrika van die Nederlandse volk gedurende die oorlog ontvang het. 'n Dokter het een oggend vir haar kom sê: "Dis vrede in jou land – die vreugdeklokke lui in Londen." Sedert haar verblyf in Nederland was daar vir haar net een lewensdoel: om alles in haar vermoë te doen om die verlore vryheid te help terugwen.¹⁹³

Mabel Rex is op 13 April 1904, kort na haar terugkeer na Suid-Afrika, met die republikeins-gesinde Kenne Malherbe getroud. Kenne was die seun van Nicolaas Samuel Malherbe, tesourier-generaal van die voormalige Z.A.R. Volgens M.E.R. was Kenne, toe sy die Malherbes leer ken het, 'n knap prokureur met "veelsydige aanknopings en belang." Hy het na die oorlog in Pretoria begin praktiseer en was bevriend met verskeie intellektuele Pretorianers soos die politikus Tielman Roos en Gustav Preller van *De Volkstem*. Sy broer, William Mortimer Robertson Malherbe (soms Willem en soms Morti genoem) was ook 'n regsgleerde en van 1910 tot 1921 die redakteur van *Die Brandwag*. Morti het hom beywer vir die ontwikkeling en gebruik van Afrikaans as regstaal.¹⁹⁴

Kenne en Mabel het 'n goeie verhouding gehad. Hy was 'n saggearde mens en het Mabel heelhartig ondersteun in alles wat sy aangepak het. Hy het soms grappenderwys na homself as "Mnr. Mabel Malherbe" verwys. Hulle het huis Engels gepraat, waarskynlik omdat sy Engels grootgeword het. Hul twee kinders is na Engelse

¹⁹³ A. Neethling-Pohl, Mev. Mabel Malherbe, *Die Huisgenoot*, 1 Junie 1945, p. 33; C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, p. 362.

¹⁹⁴ A. Neethling-Pohl, Mev. Mabel Malherbe, *Die Huisgenoot*, 1 Junie 1945, p. 33; *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* 7, p. 154; M.E. Rothmann, *My beskeie deel: 'n Outobiografiese vertelling*, p. 205; L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, pp. 4, 5.

skole gestuur. Martha (Martli) is in 1905 gebore en Nicolaas Samuel (Boet) in 1906. M.E.R. het die kinders as “twee talentvolle kinders, selfstandig van aard” beskryf. Mev. Malherbe was baie besorg oor haar kinders. Boet het as baba as gevolg van wanvoeding, Ragitis gehad, iets waарoor sy haarself baie verkwalik het en ‘n lewenslange belangstelling, selfs ‘n obsessie, in voeding en gesondheid ontwikkel het. Martli het baie tyd by haar ouma Jess in Les Marais deurgebring en later haar ma verwyt dat sy altyd met liefdadigheidswerk besig was en nie beskikbaar was toe sy haar die nodigste gehad het nie. Sy het ‘n aktrise geword, het 25 jaar in Londen gewoon, is nooit getroud nie en het heeltemal verengels. Volgens M.E.R. was Martli “... rooi tot agter die ore, sommer baie rooi [...] en teen wat Afrikaans is.”¹⁹⁵

Boet is as “a detached kind of person” en “an intellectual in the true sense of the word” beskryf. Hy het graag die werke van Karl Marx, Friedrich Engels en later ook Vladimir Lenin gelees en uiteindelik lid geword van die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party. Hy is in 1939 met sy kleinniggie Donsie Niemeyer getroud. Sy was die dogter van sy ma se neef Fred Niemeyer. Donsie kon haar later jare glad nie herinner dat sy ooit Afrikaans met haar skoonma gepraat het nie. Mabel Malherbe het blykbaar haar kinders se politieke uitkyke en leefwyse onvoorwaardelik aanvaar.¹⁹⁶

Volgens Lou-Marie Kruger het die Malherbes nie ‘n tipiese Afrikaner-huishouding gehad nie en is dit vir haar vreemd dat Mabel Malherbe ‘n nasionalisties-gesinde tydskrif soos *Die Boerevrou* uitgegee het. Kruger glo Malherbe se belangstelling in nasionalisme is ‘n bewys dat sy daarin ‘n ideologie gesien het wat sekere voordele vir vrouens ingehou het of dat sy besef het dat dit ‘n krag gaan word om mee rekening te

¹⁹⁵ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, pp. 7,8; M.E. Rothmann, *My beskeie deel: ‘n Outobiografiese vertelling*, p. 205; J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, p. 134.

¹⁹⁶ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, pp. 7,8.

hou en dat vrouens moet seker maak dat hulle 'n rol daarin speel.¹⁹⁷ Hoewel sy haar met die geestelike en sedelike opheffing van die Afrikanervrou vereenselwig het omdat sy geglo het dat dit voordelig vir die vrou sou wees, is dit te betwyfel of Malherbe werklik in die vormingsjare van nasionalisme reeds doelbewus die uitkoms daarvan sou probeer bepaal het. Sy was eerder 'n produk van haar tyd en omstandighede en met 'n bepaalde geaardheid en 'n herkoms uit 'n familie met sterk oortuigings was dit onvermydelik dat haar sentimente na vore sou kom.

Malherbe, met haar verplegings-agtergrond en 'n belangstelling in maatskaplike sake, het in die stittingsjaar (1904) van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie by dié organisasie aangesluit. Sy het in 1917 op die hoofbestuur van die Federasie gedien. Van haar huis in Brooklyn (Mackenziestraat 5) was dit moeilik om die vergaderings by te woon, want met die perdebus het dit amper 'n uur geduur om Kerkplein te haal. Om die buitelede tegemoet te kom, het die destydse voorsitter van die Federasie, mev. Faure, voorgestel dat 'n eie tak in hulle wyk gestig moet word. Malherbe was nie hiervoor te vinde nie en het besluit om eerder 'n leesunie te stig waar Nederlandse en mettertyd ook Afrikaanse boeke bespreek is. Die Pretoriase Afrikaans-Hollandse Lees-unie vir Afrikaanse vrouens se moeder-tak het in 1978 nog haar naam gedra.¹⁹⁸

Met die uittrede van generaal Hertzog uit die Botha-kabinet in 1912, het Kenne en Mabel Malherbe in hom die leier gesien wat die volk tot sy bestemming sou lei. Van daardie oomblik af het sy al meer haar krag en energie ingespan om op politieke gebied vir die nasionale saak te werk. Sy het Hertzog die eerste maal hoor praat by sy huis in Brynterion na die Mishoop-vergadering wat generaal De Wet in Prinsespark

¹⁹⁷ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, p. 10.

¹⁹⁸ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, p. 10; A. Neethling-Pohl, Mev. Mabel Malherbe, *Die Huisgenoot*, 1 Junie 1945, p. 33; C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, p. 362; K. Donaldson, *South African Who's Who (Social and Business)*, ongenommer.

toegespreek het. Sy sou hom daarna op sy hele loopbaan trou volg. Malherbe het deelgeneem aan die vroueoptog na die Uniegebou op 4 Augustus 1915 en was een van die stigterslede van die Nasionale Vroueparty in 1915. Sy het ook op die bestuur daarvan gedien. Ook van die Bond van Afrikaanse Moeders was sy 'n stigterslid. Dit is in 1919 gestig om vrouens te help om veilig geboorte te skenk en om vroedvroue op te lei.¹⁹⁹

Toe 'n tak van die Nasionale Vroueraad (ook genoem Algemene Vroueraad van Suid-Afrika) in die twintigerjare in Pretoria gestig is, het Malherbe die eerste president daarvan geword. Sy het selfs hierdie liggaam in 1927 op 'n internasionale konferensie van vroueverenigings in Switserland verteenwoordig. Daar is in 1927 in *Die Boerevrou* berig dat die redaktrise vir ses maande na Europa vertrek het om in Junie die Internasionale Vroueraad se konferensie in Genève as Suid-Afrikaanse afgevaardigde en persverteenvwoordiger by te woon. In Augustus van dieselfde jaar het sy 'n foto van die Paleis van die Volkebond in Genève gestuur, wat in *Die Boerevrou* geplaas is, en berig dat sake soos kinderwelvaart, gesondheid, rolprentverbetering, propaganda vir wêreldvrede, verbeterde sedelewe en opvoeding op die konferensie bespreek is. Sy het ook in 'n artikel in Januarie 1928 breedvoerig verslag gedoen oor die konferensie.²⁰⁰

Figuur 12: Paleis van die Volkebond, Genève.

Uit: *Die Boerevrou*, Augustus 1927, p. 9.



¹⁹⁹ A. Neethling-Pohl, Mev. Mabel Malherbe, *Die Huisgenoot*, 1 Junie 1945, p. 33; M.E. Rothmann, *My beskeie deel: 'n Outobiografiese vertelling*, p. 134; L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, p. 10.

²⁰⁰ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, p. 13; C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, p. 362; Redaksie, *Die Boerevrou*, Junie 1927, p. 2; Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Augustus 1927, pp. 9-12; M. Malherbe, *Die Internasionale Vroueraad, Die Boerevrou*, Januarie 1928, pp. 6-8.

Van 1927 tot 1933 was Malherbe lid van die stadsraad van Pretoria en in 1932/33 – kort nadat *Die Boerevrou* gestaak is – is sy verkies tot burgemeerster van Pretoria – die eerste vroulike burgemeester van ‘n Suid-Afrikaanse stad. Gedurende haar ampstyd het sy gehelp om die ontsettende nood tydens die Depressie te verlig. Vir werkloses is werk geskep waarvoor hulle kos en kaartjies vir kruideniersware ontvang het en sopkombuise is opgerig om kinders by skole te voed. Toe die Transvaalse Universiteitskollege in die dertigerjare ‘n onafhanklike universiteit sou word, het sy haar ook beywer om die nodige fondse daarvoor in te samel. Sy was ook die eerste burgemeester wat ‘n kranslegging op burgergrafe uit die Anglo-Boereoorlog uitgevoer het.²⁰¹

Figuur 13: In 1951 het Mabel Malherbe ‘n boodskap vir die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria se Feesuitgawe geskryf. Die foto wat haar boodskap vergesel, is geneem in die jare toe sy die burgemeester van Pretoria was (1932/33). Haar ampsketting is op die foto sigbaar. Sy moes hier ongeveer 50 jaar oud gewees het.

Uit: Feesuitgawe 1930-1951: Afrikaanse Hoër Meisieskool, (Pretoria, 1951), pp. 18,24.



VAN DIE EERTYDSE REDAKTRISE VAN „DIE BOEREVROU“

MET groot graagte voldoen ek aan u vriendelike versoek om met die mondigwording van die skool 'n boodskap te stuur.

Ek voel altyd dat daar 'n band tussen die skool en my as redaktrise van ons eerste vroueblad, *Die Boerevrou*. Toe *Die Boerevrou* nie langer kon bly voortbestaan nie, was ek natuurlik hartseer en dit bly nog altyd 'n troos dat ons eerste Afrikaanse Hoër Meisieskool die leuse en wapen van *Die Boerevrou* oorgeneem het. Ek voel asof jonger kragte, vol moed en geesdrif, ons werk voortsit.

Dis betekenisvol dat die mondigwording van die skool met die mondigwording van die vrou van Suid-Afrika saamval. Een-en-twintig jaar gelede het die vrou van ons land vir die eerste keer stemgeregtig geword.

Dis verbasend en verbluyend om te sien hoe vinnig en hoe stelselmatig die dogters van ons volk vandag van die knellers van die verlede bevry raak, hoe hulle meer en meer geleenthede verower om hulle in 'n steeds groter verskeidenheid beroepe ten volle uit te leef. Hoe groter 'n dogter se beroepskeuse, hoe waarskynliker is dit dat sy die loopbaan sal vind waarin sy die nuttigste en gelukkigste sal wees.

As ek terugdink aan my eie jeugjare toe die dogters van ons volk aan bande gelê is, nie alleen deur gebrek aan goeie onderwys nie, maar ook omdat nog ouers, nog onderwysers, die noodsaaklikheid van beroepsleiding ingesien het, dan is dit verbluyend dat in hierdie skool dogters opgevoed word wat van die staanspoor goeie onderwys ontvang het. Klaarblykliks word hulle nou veral geleer om konstruktief oor die toekoms te dink, om hulle by die lewe aan te pas, om rigting te soek en te vind. (Vervolg op bladsy 24).

(Vervolg van bladsy 18)

Dogters, julle sal later eers besef hoe groot die voorreg is wat julle geniet. My boodskap aan julle is om met altwee hande na die geleenthede wat julle aangebied word, te gryp. Wees so toegerus vir die lewe dat julle dit nooit hoeft te vrees nie. So sal julle ryk en gelukkig wees. En onthou veral altyd dat al hierdie voorregte pligte meebring. Julle is dit aan die skool wat julle so goed toegerus het, verskuldig om erkentlikeheid te toon. Dit kan julle die beste doen deur nou en in die toekoms werk en diens van hoogste kwaliteit te lewer.

MABEL MALHERBE.

²⁰¹ M.E. Rothmann, *My beskeie deel: 'n Outobiografiese vertelling*, p. 247; A. Neethling-Pohl, Mev. Mabel Malherbe, *Die Huisgenoot*, 1 Junie 1945, p. 35.

Met die samesmelting van die Nasionale Party en die Vroue Nasionale Party in 1931, het Malherbe 'n uitvoerende lid van die Transvaalse Nasionale Party geword. Na 'n koalisieregeling tussen die NP en die SAP ingestel is, het die twee partye in 1934 saamgesmelt en die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party gevorm. Kenne en Mabel Malherbe het Hertzog getrou na die Verenigde Party gevolg en sy het dadelik op die uitvoerende komitee van die nuwe party gedien.²⁰²

In Junie 1933 het Mabel Malherbe lid van die Transvaalse Provinciale Raad geword en op 23 Augustus van dieselfde jaar is sy verkies tot Volksraadslid vir Wonderboom, 'n kiesafdeling wat sy tot in 1938 in die Volksraad verteenwoordig het. Sy was die eerste Afrikaanssprekende vrou in Suid-Afrika wat tot die parlement verkies is. Hier het sy al haar energie aan twee ideale gewy. Dit was die verbetering van die lot van minderbevorregtes en die bevordering van vrouebelange. Sy het in die Volksraad gepleit dat vroue tot die staatsdiens toegelaat word, dat minderbevorregte meisies spesiale opleiding as huishoudsters moet ontvang, dat werkgeleenthede vir blankes op die paaie geskep moet word, dat 'n intringende ondersoek na die voedingstoestande in die land ingestel moet word en dat voorlichting oor voeding en gesondheid aan die breë volkslae verskaf moes word. Malherbe was ook die eerste vrou in die Unie wat 'n Vrederegter geword het, 'n amp wat sy moes neerlê toe sy as kandidaat vir die Volksraad voorgestel is. 'n Vrederegter was 'n persoon met beperkte regterlike mag. Hy was onder meer bevoeg om by die afwesigheid van 'n landdros, op versoek van die polisie, lasbriewe tot arrestasie te onderteken, beëdigde verklarings af te neem en dokumente te waarmerk.²⁰³

²⁰² C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, p. 362; L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, p. 13.

²⁰³ C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, pp. 362,363; F.F. Odendaal (red.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 1243.

In 1940 het Anna Neethling-Pohl, Eldie Buurman en Christa Muller vir Malherbe gevra om ‘n vroue-optog, om teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog te betoog, te lei aangesien sy ook teen deelname gekant was. Hendrik Verwoerd het die organiseerders egter versoek om nie so ‘n kontroversiële politieke figuur soos Mabel Malherbe toe te laat om die optog te lei nie. Die Malherbes het nie die Gesuiwerde Nasionale Party gesteun nie en was dus polities in ‘n ander kamp as die nasionaliste wat teen deelname aan die oorlog wou betoog. Malherbe was woedend, maar het steeds aan die optog deelgeneem.²⁰⁴

Daar het ‘n aantal artikels van Malherbe in tydskrifte verskyn en in 1931 het daar ‘n bydrae van haar met die titel “Die Afrikaner-Vrou”, in die boek *Ons land en volk*, wat deur Harm Oost saamgestel is, verskyn. Die Universiteit van Pretoria het aan haar in 1953 ‘n eredoktorsgraad in die Lettere toegeken vir die groot dienste wat sy aan die Afrikaanse taal en kultuur gelewer het.²⁰⁵

Mabel Malherbe was klein en fyn van postuur. Tog was sy ‘n vrou met merkwaardige dryfkrag en vasberadenheid. Al was sy bekend, het min mense haar op ‘n intieme vlak goed geken. Diegene wat haar wel goed geken het, soos haar skoondogter, was lief vir haar, maar het nooit heeltemal op haar gemak in Malherbe se geselskap gevoel nie. Sy was gereserveerd en van haar vriende het haar as intimiderend beskryf. Tog was sy, in die woorde van ‘n aangetroude familielid, Betty Malherbe, “a woman of tremendous integrity.” Die belang van Afrikanervroue en vrouens in die algemeen het sy opreg op die hart gedra en bevorder. Malherbe het ‘n onmiskenbare bydrae gelewer om die Afrikanervrou voor te berei vir die moderne lewe in die twintigste eeu.²⁰⁶

²⁰⁴ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, p. 14.

²⁰⁵ C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, pp. 362,363.

²⁰⁶ C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, p. 363; L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, pp. viii, ix.

2. Die stigting van *Die Boerevrou*

Saam met mev. Van Broekhuizen (waarskynlik president Kruger se kleindogter)²⁰⁷ is Malherbe as lid van die Vroue Nasionale Party in Januarie 1919 na die groot onafhanklikheidskongres in Bloemfontein afgevaardig. Daar het sy die eerste keer persoonlik met generaal Hertzog kennis gemaak. Sy het hom sommer dadelik gevra wat sy standpunt in verband met vrouestemreg was. Hy het haar beloof dat hy daaraan aandag sal gee sodra die tyd daarvoor ryp was. Intussen moes die vrouens opgelei word om hul taak en plig as stemgeregtigde burgers te kan inneem as die tyd daarvoor aanbreek.²⁰⁸

Kort hierna het Malherbe en haar man 'n tentoonstelling bygewoon en is daar oorgehaal om op die *Farmer's Weekly* (gestig 1911) in te teken. Toe sy huis kom, het sy die vroueblaadjie, *The Homestead*, daarin gekry. Sy het gevoel dat Afrikanervrouens ook so 'n publikasie nodig het en het besluit om *Die Boerevrou* te stig. Leon Rousseau, skrywer van 'n biografie oor Eugène Marais, reken dit lyk waarskynlik dat die gedagte om die eerste Afrikaanse vrouetydskrif te begin by die Malherbes, Tielman Roos en Eugène Marais gesamentlik ontstaan het. Kenne het die kapitaal verskaf, Mabel sou redakteuse wees en Eugène het bydraes belowe. Die enigste ander vaste werknemer sou Marguerite Pienaar wees. Sy is, soos Malherbe, 'n susterskind van Marais en sou die administrasie behartig. *Die Boerevrou* was dus 'n egte familie-onderneming. 'n Intense volksgevoel het in hierdie jare op baie gebiede

²⁰⁷ Francina (Ellie) Elof was die vyfde kind van Frederik Christoffel Elof en sy vrou, Elsie Francina Kruger, dogter van president Kruger. Ellie was met ds. Herman Dirk van Broekhuizen getroud en was van 1907 af in Pretoria woonagtig. Ellie was een van die vroue wat in 1915 aan die Vroue-optog deelgeneem het, 'n stigterslid van die Vroue Nasionale Party en ook presidente van die party in Transvaal en voorstitser van die Federale Vroueraad. Nadat die Vroue Nasionale Party met die Nasionale Party in 1931 verenig het, het sy die vise-voorsitster van die NP in Transvaal geword. Sy het haar beywer vir die stigting van die Bond van Afrikaanse Moeders in 1919 en was voorstitser van die beheerraad tot in 1927. C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, pp. 817,818.

²⁰⁸ A. Neethling-Pohl, Mev. Mabel Malherbe, *Die Huisgenoot*, 1 Junie 1945, p. 33.

sigbaar geword en *Die Boerevrou* blyk só 'n gevoelsuiting te wees waardeur die Afrikanervrou opgevoed, ingelig en voorberei kon word vir haar rol in die politiek en samelewing.²⁰⁹

Die drukkery, wat as die Noordelike Drukkersmaatskappy bekend gestaan het en wat in 1915 in Pretoria gestig is om *Ons Vaderland* te druk, is as die Noordelike Drukpers Maatskappij Beperk geregistreer. Onder die stigter-aandeelhouers van die maatskappy en die koerant was onder meer generaal Hertzog, adv. Tielman Roos, ds. J.H. Greyvenstein, N.C. Havenga, die joernalis C.F. Beyers en Karel Rood. Aangesien die Malherbes vurige Hertzog-ondersteuners was en huisvriende met Tielman Roos, is dit ondenkbaar dat Malherbe haar blad deur enige ander drukpers as die Noordelike Drukpers Maatskappij sou laat druk. Die maatskappy is in 1932, 'n jaar na die staking van *Die Boerevrou*, ook weens die Depressie in die Afrikaanse Pers Beperk opgeneem.²¹⁰

Figuur 14: 'n Advertensie van die Noordelike Drukpers Maatskappij in die eerste uitgawe van *Die Boerevrou*.

Uit: *Die Boerevrou*, Maart 1919, ongenommerde bladsy.



Mabel Malherbe het in 1949 vertel dat die gedagte om 'n vroueblad uit te gee, ontstaan het in die jare toe sy as sekretaresse van die Hoofbestuur van die Vroue Nasionale Party honderde briewe van oor die hele land ontvang het. As hoofbestuurslid van die Vroue-federasie het sy ook baie rondgereis en takke besoek

²⁰⁹ A. Neethling-Pohl, Mev. Mabel Malherbe, *Die Huisgenoot*, 1 Junie 1945, p. 33; L. Rousseau, *Die groot verlange*, pp. 310,311.

²¹⁰ Die Vaderland, http://af.wikipedia.org/wiki/Die_Vaderland. Toegang: 2011-09-08.

en toegespreek. "Ek het sterk onder die indruk gekom van die skreiende behoefte aan hulp: leesstof, wenke oor huishouding, oor siektes ens. ens., kortom, oor die lewe – eenvoudig en aantreklik opgestel en in ons eie taal, sodat die eenvoudigste ou vrouetjie daar op die platteland nut en plesier daaruit kon kry." Sy onthou: "Alhoewel ek alreeds so 'n bietjie hier en daar geskrywe het, was Die Boerevrou my eerste groot poging in die skrywerswêreld, en ek was bitter onervare en ook veels te onafhanklik om veel hulp en raad te vra. As ek terugdink, dan is ek verbaas dat ons dit sover gebring het. As ek toe die kennis gehad het wat ek nou besit, sou Die Boerevrou vandag nog bestaan het. My man het my trou bygestaan, geldelik ook, en ek het maar die hele ding so op eie houtjie aangedurf."²¹¹

M.E.R. skryf in haar outobiografiese vertelling dat Malherbe as redaktrise van *Die Boerevrou*, hoewel met 'n baie duidelike herkenning van haar drang en strewe, 'n "soeker en proefnemer" was. "Ons was albei nog te onseker van onsself en van mekaar as skrywers en as joernaliste, om goed te keur of om te lei: ons was medesoekers na die *summum bonum*, met die plesier van kamerade. Want hoewel sy sukses as redaktrise behaal het, en iets moois geskep het, was dit deur gedurige 'trial and error'.²¹² Dat die *Die Boerevrou* Malherbe baie plesier verskaf het, kon M.E.R. later jare goed onthou: "Ek sien haar nou nog by haar lessenaar sit met die maand se stukke voor haar, besig om die 'dummy' op te stel – artikels, 'Koffietafel briewe,' stories, versies, illustrasies, dekorasies, bladvullings. Ek sien haar elke stuk, elke brokkie en krummel met die genoë hanteer waarmee 'n jong moeder haar enigste dogtertjie aantrek en linte in die hare bind. Die aanknopings wat die blad bewerk het met so 'n menigte vroue, gretig vir hierdie leesstof, was ook vir haar sielsvoedend. Dit was in haar aard om te help en te gee aan dié wat moes ontbeer; sy kon gebrek nêrens aansien sonder om dit te probeer verhelp nie."²¹³

²¹¹ M. Malherbe, "Ek sien haar win," Sarie Marais, 6 Julie 1949, p. 30.

²¹² M.E. Rothmann, *My beskeie deel: 'n Outobiografiese vertelling*, p. 275.

²¹³ M.E. Rothmann, *My beskeie deel: 'n Outobiografiese vertelling*, pp. 275,206.

Die Boerevrou kan in die eerste plek beskou word as 'n uiting van Mabel Malherbe se besorgdheid oor vrouens. Volgens Kruger, het sy egter doelbewus gekies om hulp en raad aan die vrouens in 'n definitiewe Afrikaner-nasionalistiese raamwerk te verpak. Deur haar studie is Kruger oortuig dat die keuse van artikels vir *Die Boervrou* só plaasgevind het dat dit die nasionalistiese ideologie bevorder het.²¹⁴

Tog blyk dit dat *Die Boerevrou* meer was as net 'n poging om van Afrikanervrouens volksgesinde landsburgers te maak. Deur middel van die tydskrif het Malherbe aan haar eie behoefte om "in te lig en te lei" voldoen, maar ook die lewens van vrouens verruim deur hulle aan 'n verskeidenheid invloede bloot te stel. Die "ink in Mabel Malherbe se are" was uiteindelik soos 'n onsigbare krag wat haar na die joernalistiek getrek het, ongeag haar persoonlike oortuigings. Dit word bevestig deur hierdie opmerking wat sy in 1949, in terugskouing oor haar lewe, gemaak het: "... van alles wat ek al in 'n veelbewoë lewe aangepak het, was en bly *Die Boerevrou* tog my lieflingswerk. Dit was (as ek dit so mag uitdruk) my eie skepping, en daarin het ek uitgestort al my gedagtes en ideale; dit was iets lewendigs wat onder my hand gegroeи het en wat ek kon stuur in die rigting wat ek wou. En dit kan 'n mens nie met gebaande werk of met 'n kind van vlees en bloed doen nie!"²¹⁵ Sy het dit as 'n roeping beskou en het gereeld haar toewyding aan die tydskrif en die lesers bevestig.



Figuur 15: Mabel Malherbe soos sy in 1949 gelyk het.

Uit: Ons stel onsself bekend, *Sarie Marais*, 6 Julie 1949, p. 1.

²¹⁴ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, p. 11.

²¹⁵ M. Malherbe, "Ek sien haar win," *Sarie Marais*, 6 Julie 1949, p. 30.

3. Medewerkers van *Die Boerevrou*

Aanvanklik was Malherbe en haar niggie, Marguerite Pienaar, die enigste vaste personeel van *Die Boerevrou*. Marguerite Pienaar was die dogter van Lenie (Lizzie) Niemeyer, Jess Rex se een suster. Sy was tot in 1931, met die staking van die tydskrif, verantwoordelik vir die administrasie en beantwoording van die talle brieve van lesers wat raad gevra het.²¹⁶ “Mev. Pienaar het maar altyd in die een hoek van die kantoor gesit – besig met die rekenings, besig met die enorme korrespondensie, besig met die minder interessante maar tog baie belangrike sakedeel van die werk.”²¹⁷

Volgens Kruger het nie een van die twee vir ‘n salaris gewerk nie.²¹⁸ Dit is moontlik dat Malherbe die tydskrif nie ter wille van finansiële gewin bedryf het nie, maar dit lyk onwaarskynlik dat Pienaar vir byna dertien jaar voltyds by *Die Boerevrou* betrokke sou wees sonder enige vergoeding. M.E.R. herinner haar jare later dat Malherbe “niks gekry het nie,” maar sy sê sy weet nie hoeveel Pienaar betaal is nie.²¹⁹ M.E.R. het dus, as latere werknemer en medewerker, onder die indruk verkeer dat die bestuurderes wel ‘n salaris verdien het.

‘n “Anonieme” kantoor-meisie is in 1924 toegelaat om ‘n paar gedagtes as naskrif by een van die artikels in *Die Boerevrou* te tik. Volgens Kruger duï dit op ‘n ekstra persoon/pos wat nie as deel van die personeel beskou is nie. Dit lyk egter eerder waarskynlik dat dit ‘n erkende administratiewe personeellid was wat kon tik, moontlik Pienaar, en wat net ter wille van hierdie naskrif na haarself as die “kantoor-meisie” verwys het. Dit was nie omdat dit haar werklike titel of posbenaming was nie, maar omdat dit ‘n benaming was vir jong vrouens wat kantoorwerk verrig het, soos ‘n

²¹⁶ M. Malherbe, “Ek sien haar win,” Sarie Marais, 6 Julie 1949, p. 48; K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 7.

²¹⁷ M.E. Rothmann, *My beskeie deel: ‘n Outobiografiese vertelling*, p. 202.

²¹⁸ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, p. 174.

²¹⁹ M.E. Rothmann, *My beskeie deel: ‘n Outobiografiese vertelling*, p. 205.

kafee-meisie een was wat wat die werk van 'n kelnerin verrig het. Uit die strekking van die naskrif is dit duidelik dat sy die beginsel en voordeel daarvan om geld buitenshuis te verdien, wou tuisbring en dus vir haar werk 'n naam móés gee: "Ek is die kantoor-meisie wat die stuk vir die Redaktriese getik het, en terwyl ek dit doen, dag ek - dat die rede waarom die kantoor-meisie altyd opgeruimd is en keurig lyk is nie soveel die 'buitelug' as wat ons Redaktriese mag dink nie, maar omdat sy altyd 'n bietjie sak-geld van haar eie verdienste in haar beurs het ..."²²⁰ Wie ook al verantwoordelik vir hierdie naskrif was, dit is 'n verdere bewys daarvan dat Malherbe haar werknemers en die meeste medewerkers vir hul werk en bydraes vergoed het.

Daar is onsekerheid oor die betrokkenheid van 'n mej. Ockerse by *Die Boerevrou*. In die Julie-uitgawe van 1921 van *Die Boerevrou* verskyn 'n troufoto van mnr. en mev. Eben Theron van Dewetsdorp in die Vrystaat. By die foto is die volgende byskrif: "Mev. Theron was Mej. Ockerse, van Pretoria, die bestuurderes van ons blad bij sij begin, en wat veel bijgedra het tot sij sukses en vooruitgang." Dit is die eerste en laaste verwysing na die bestaan en betrokkenheid van hierdie persoon.²²¹ Dié verwysing skep egter die indruk dat Marguerite Pienaar nie van die heel begin af by die tydskrif betrokke was nie, terwyl alle ander inligting daarop dui. Dit is moontlik dat mej. Ockerse net vir 'n kort tyd by die blad werksaam was en toe sy getroud is, weggetrek het uit Pretoria. Verder is dit ook heeltemal moontlik dat sy en Pienaar gelyktydig en saam by *Die Boerevrou* gewerk het. Daar is geen verwysing in die eerste uitgawes na die rol van 'n "bestuurderes" nie en dit is waarskynlik 'n titel wat Malherbe later eers aan een of meer van die werknemers, wat administratiewe funksies vervul het, toegeken het.



Figuur 16: Die toufoto van mej. Ockerse wat in die uitgawe van Julie 1921 verskyn het.

Uit: *Die Boerevrou*, Julie 1921, p. 3.

²²⁰ Die vrou in haar huis, *Die Boerevrou*, Oktober 1924, p. 15.

²²¹ *Die Boerevrou*, Julie 1921, p. 3.

By die inhoudsopgawe van elke uitgawe word die adres van *Die Boerevrou*, asook die name van persone aan wie korrespondensie gerig kon word, aangegee. Daar word genoem dat die tydskrif onder redaksie van mevrou K. Malherbe uitgegee word. Van die eerste uitgawe af het “tante Kato” ook die modeartikels behartig. Dit word vroeg duidelik dat dit Malherbe self was. Die “Kato” is waarskynlik aangeleid van haar tweede naam “Catherine.” Dit was ‘n algemene gebruik om name te verafrikaans of te verkort en menige “Catharinas” is “Kato, Kitty, Kina of Rina” genoem.²²² Tant Kato was dus nie ‘n ekstra persoon op die personeel van *Die Boerevrou* nie. Dit verklaar ook waarom Malherbe *Die Boerevrou*-boek in 1950 onder die naam K. Malherbe uitgegee het. ‘n Mens dink aanvanklik dit was omdat sy met Kenne Malherbe getroud was. Tog was sy teen 1950 reeds ‘n selfstandige openbare figuur en is dit onwaarskynlik dat sy haar man se voorletters sou gebruik. Dit is eerder moontlik dat sy deur sommige mense “Kato” genoem is.

Omdat Malherbe nie ‘n opgeleide joernalis was nie, het sy by hulle huisvriend, Gustav Preller van *De Volkstem*, om hulp aangeklop. Hy het ‘n jong verslaggewer van *De Volkstem*, Louis Hiemstra, aanbeveel.²²³ Ludwig Wybren Hiemstra (1897- 1978) het in Maart 1920 self ‘n blad gestig, waarvan hy die redakteur was. Dié maandblad, *Die Banier*, was die mondstuk van die Afrikaanse Studentebond en het verskyn as bylaag tot die tydskrif *Die Brandwag*, waarvan Preller na Morti Malherbe die redakteur was. Die twee *Volkstem*-manne het hierdie werk naas hul pligte by die koerant behartig. In 1921 het Hiemstra lid van *De Burger* se redaksie geword. Ook hier het hy gou ekstra take op hom geneem, soos die persklaarmaak van boeke vir die uitgewersafdeling. In ‘n al hoe breër kring en met al hoe groter gesag het hy deur sy hele loopbaan sy werk as taalleier en taalbouer voortgesit. By *Die Volksblad* in Bloemfontein, waarheen hy in 1927 as assistentredakteur gestuur is, het hy ook taalleiding geneem en ‘n voorbeeld gestel met hoofartikels wat volgens ‘n jonger

²²² Skrywer van hierdie proefskrif het self ‘n oumagrootjie en ‘n hele paar tantes gehad met die doopnaam Catharina en die noemnaam Kitty.

²²³ M. Malherbe, “Ek sien haar win,” Sarie Marais, 6 Julie 1949, p. 30.

kollega "koel beredeneerd, wetenskaplik en sonder herhaling of omhaal van woorde" was. In 1946 het hy aangestel as Taalkundige Redakteur van die Nasionale Pers, 'n pos waarvoor sy hele loopbaan hom voorberei het.²²⁴ Hiemstra het Malherbe vir byna drie jaar soveel as moontlik in sy vrye tyd gehelp en al die kopieë nagesien. "Hy het my trou gehelp, nie alleen met die proewe lees nie, maar ook met die taal. Alles wat ek self geskrywe het, moes eers na hom gaan, sodat hy die taal en spelling kon verbeter. Ons het toe maar besluit om mnr. Hiemstra se reëling aan te neem."²²⁵

Malherbe het in die eerste uitgawe van *Sarie Marais* haar medewerkers by *Die Boerevrou* in herinnering geroep: "Maar ek moet veral noem mev. Rothmann (M.E.R.), wat eers haar bydraes gestuur het en later by ons op kantoor 'n geruime tyd gewerk het. Haar spore is oral te sien en ons kan haar nie skei van Die Boerevrou nie."²²⁶ M.E.R. was die skrywersnaam van Maria Elizabeth Charlotte Rothmann. Sy was die jongste van Gert en Annie Rothmann van Swellendam se nege kinders. Sy is op 28 Augustus 1875 gebore en op 7 September 1975, tien dae na haar 100 ste verjaardag, oorlede. Haar pa is in die jaar na haar geboorte dood en sy het baie arm grootgeword. In die matriekeksamen van 1893 het sy tiende in die land gestaan en met dié hoë punte twee studiebeurse vir kollege verwerf. Die een was die Queens Scholarship by die South African College (later die Universiteit van Kaapstad) en die ander een die Webb-beurs vir Geskiedenis. Sy was die vierde vroulike student in Suid-Afrika. In 1896 het sy 'n B.A.-graad in die Lettere en Filosofie behaal en was die beste student in haar klas.²²⁷

Hoewel haar huistaal Afrikaans was, het sy in Engels skoolgegaan en gestudeer. Sy was vinnig besig om een van die "Queen's Afrikaners" te word, soos Hermann Giliomee die bolaag verengelsde Kaapse Afrikaners van dié tyd noem. Cecil John

²²⁴ P.A. Joubert, Louis Hiemstra - 'n leeftyd in diens van Afrikaans, <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger>. Toegang: 2011-09-13.

²²⁵ M. Malherbe, "Ek sien haar win," *Sarie Marais*, 6 Julie 1949, p. 30.

²²⁶ M. Malherbe, "Ek sien haar win," *Sarie Marais*, 6 Julie 1949, p. 48.

²²⁷ J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, pp. 13,37,38,45.

Rhodes was M.E.R. se held. Sy politieke ideale het vir haar “mooi” gelyk en sy het selfs daarvan gedroom om sy privaat-sekretaresse te word. “Van kleins af het duisend drukkinge dit op my ingestempel dat wat Engels is, goed is; wat Afrikaans is, minder goed; ek het geleer glo aan British fairplay, British justice, British honour, the English gentleman...” Die nuus van die Jameson-inval is egter met verontwaardiging deur Afrikaners regoor Suid-Afrika ontvang en het M.E.R., soos vir Mabel Malherbe, tot nasionale ontwaking aangespoor.²²⁸

Figuur 17: M.E.R. as student aan die South African College, Kaapstad, omstreeks 1896.

Uit: J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, (Kaapstad, 2004), ongenommerde plaat.



In 1920 het M.E.R. ‘n aanstelling by die Hoërskool Ermelo gekry waar sy Latyn aangebied het. Sy was teen hierdie tyd ‘n enkelouer met twee hoërskoolkinders om te onderhou. Volgens haar het sy van haar man geskei omdat een van sy kenmerke “‘n algehele verwaarlosing van geldelike verpligtings” was, in so ‘n mate dat “mens byna kon dink dat hy werklik blind was vir die feit dat iets wat gekoop word, ook betaal moes word: en hy het onmatig gekoop.”²²⁹ M.E.R. het op Ermelo blyplek in die seunskoshuis, Nestehuis, gekry. Sy het met die matrone van die koshuis bevriend geraak en die het haar weer aan Sara Niemeyer (née Rood), die weduwee van advokaat Fred Niemeyer (Mabel Malherbe se neef en Marguerite Pienaar se broer) van Ermelo voorgestel. “... in haar [Sara] het ek gevind soveel wat fyn was, wat slim en gevat was, wat gesond en vrolik was, wat mens- en dierliewend was, wat getrou

²²⁸ J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, pp. 28,14,15; T.D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom: Power, Apartheid, and the Afrikaner civil religion*, p. 41.

²²⁹ J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, pp. 82,130.

en beginselvas was ..." M.E.R. en Sara het lewenslange vriendinne geword.²³⁰ Dit is moontlik dat hulle verbintenis M.E.R. aangemoedig het om van haar vroegste skryfwerk aan Sara se verlangse, aangetroude familie by *Die Brandwag* en *Die Boerevrou* te stuur. Haar eerste bydrae vir 'n tydskrif blyk 'n gediggié oor 'n soort orgidee, *Disperis capensis*, te wees. Dit het in Junie 1917 in *Die Brandwag* verskyn.²³¹

By *Die Boerevrou* is Malherbe en Hiemstra getref deur die oorspronklike sienings en individuele uitdrukkingswyse van 'n onbekende skrywer se bydraes, getekен M.E.R. Hulle het mettertyd meer bydraes gevra en uiteindelik is sy in 1920 per brief genooi om vir 'n proeftyelperk van 'n maand na Pretoria te kom met die oog op 'n permanente betrekking by die tydskrif. Ondanks M.E.R. se aanvanklike bedenkings het sy en Malherbe mekaar in die proeftyd aanvaarbaar gevind. Sy is sak en pak met albei kinders Pretoria toe. Haar salaris was £20 per maand en hulle het maklik daarmee uitgekom. Dit was volgens haar in daardie tyd 'n goeie betaling vir Pretoria, wat blykbaar altyd 'n duur stad was. M.E.R. is aangestel as die subredakteuse van *Die Boerevrou* en het kopieë help nasien. Sy het ook 'n groot aantal stukke, stories en sketse geskryf en baie pentekeninge gemaak. Sy het selfs 'n sangspeletjie geskryf.²³² Van toe af het Malherbe gereeld na die personeel van die tydskrif as "die driemanskap op kantoor" verwys.

Hiemstra moes deur die jare hulpeloos toesien hoe die vrouens sukkel en soek na Afrikaanse woorde vir sekere van die Engelse begrippe waarmee hulle grootgeword het. M.E.R. onthou hoe hy dikwels strepe deur haar anglisismes getrek het en van haar verwag het om alternatiewe woorde voor te stel. "Net een maal, sover ek onthou, het ek my versit. Ek het naamlik in die ingestuurde resepte altyd die eiers laat klits: Louis het volgehou dat hulle gekluts sou word, iets wat my so onnatuurlik

²³⁰ J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, p. 132; M.E. Rothmann, *My beskeie deel: 'n Outobiografiese vertelling*, p. 203.

²³¹ J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, p. 125.

²³² J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, pp. 134,135,137.

geklink het dat ek op my tande gebyt en dit weer na klits verander het. Ek meen ook dat ek daar gewen het, want vandag klits alle Afrikaners hulle eiers.”²³³

M.E.R. was gelukkig by *Die Boerevrou* en het goeie vriende met Malherbe en haar familie geword. “Hierdie drie, Sara, Mabel, Marguerite, het vir my geword, elk op sy wyse, ‘n vervulling van ‘n droom ...” Sy was egter nie heeltemal twee jaar by die tydskrif werksaam nie. “My salaris het te veel van Boerevrou se inkomste moes wegdra. As daar vir die stories en sketse wat ek geskryf het, apart betaal sou word en die hoof-redaktrise self, sonder my, alle redaksiewerk sou doen, sou dit haar ten goede gestaan het. Sy was verplig om my af te dank. Ek kon dit self so bereken, en het met haar saamgestem.”²³⁴

Frederik Rompel en Louis Hiemstra het albei in 1921 *De Volkstem* vir *De Burger* verruil. Toe die direksie van die Nasionale Pers besluit om ‘n behoorlike vroueblad vir *De Burger* daar te stel, het Rompel en Hiemstra vir M.E.R. aanbeveel. Die ervaring wat sy as sub-redaktrise by die eerste Afrikaanse vroueblad opgedoen het, het haar handig te pas gekom en sy is by die Nasionale Pers teen £35 per maand aangestel. Sy was van 1923 af ook verantwoordelik vir die kinderafdeling van *Die Huisgenoot*.²³⁵ Daar het egter hierna steeds bydraes van M.E.R. in *Die Boerevrou* verskyn.

M.E.R. het tot aan die einde van Maart 1928 by *Die Burger* gewerk. Daarna is sy aangestel as die eerste reisende en organiserende sekretaresse van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging. In dieselfde jaar is sy gevra om ‘n lid van die Carnegie-komissie, wat die Armlanke-vraagstuk ondersoek het, te wees. Sy het haar werk in hierdie verband as die belangrikste van haar lewe en haar werklike bydrae tot die samelewing beskou.²³⁶ In 1950 was M.E.R. die eerste vrouw om ‘n eredoktorsgraad van

²³³ M.E. Rothmann, *My beskeie deel: ‘n Outobiografiese vertelling*, p. 208.

²³⁴ M.E. Rothmann, *My beskeie deel: ‘n Outobiografiese vertelling*, pp. 202,207.

²³⁵ J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, p. 139.

²³⁶ J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, pp. 230,234.

die Universiteit van Stellenbosch te ontvang. Ook die Universiteit van Kaapstad het haar in 1951 met 'n eredoktorsgraad vereer. In 1953 het sy die Hertzogprys vir prosa en 'n ereoekening van £300 van die Drie Eeue Stigting vir haar digkuns ontvang.²³⁷

Twee ander medewerksters van *Die Boerevrou* wat baie tyd in die kantoor deurgebring het, was Rita Hubregtse en Anna E. Carinus-Holtzhausen. Hubregtse se skrywersnaam was Eva Walters. Sy het ook 'n goeie vriendin van M.E.R. geword. Anna Carinus was welbekend as vertaler en dramaskryfster in die skrywerskringe van Pretoria. Sy was sewe tale magtig en het vir lank die kinder-byblad van *Die Boerevrou*, genaamd *Ons Kleintjie*, behartig. Daar is, na M.E.R. weg is by *Die Boerevrou*, na Carinus as "die tweede in bevel" verwys. Na haar dood het Malherbe vir 'n dagblad 'n kort stukkie oor die medewerkers van *Die Boerevrou* geskryf:²³⁸



Figuur 18: M.E.R. as reisende sekretaresse van die ACSVV in die 1930's.

Uit: J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, (Kaapstad, 2004), ongenommerde plaat.

Mev. Carinus, mev. Pienaar (ons bestuurderes) en ek het nie van die begin af nie, maar tog baie jare saamgewerk – en M.E.R. vir 'n lang tyd en ook Eva Walters (mej. Hubregtse) vir 'n korter tyd. Ons wat aan 'Die Vroutjie' gearbei het, was 'n groep vroue wat sonder wanklank saamgewerk het ...

²³⁷ J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, pp. 432, 441, 444, 448.

²³⁸ M. Malherbe, "Ek sien haar win," *Sarie Marais*, 6 Julie 1949, p. 48; R. Pretorius, *Ek sien haar wen!*, p. 82; A. Neethling-Pohl, Mev. Mabel Malherbe, *Die Huisgenoot*, 1 Junie 1945, p. 35.

Vir die eerste uitgawe van *Die Boerevrou* het Malherbe se oom, Eugène Marais, die gedig *Waar Tebes in die Stil Woestyn* geskryf. Marais het in dié jare in die losieshuis van sy suster Jess gewoon en Mabel Malherbe was omtrent die enigste familielid wat nie krities teenoor hom was nie "...want hy het maar soms kommer en moeite veroorsaak..." Anna Neethling-Pohl het in 1945 gereken dat dit miskien een van Malherbe se grootste geskenke aan die Afrikaanse volk was dat sy dié begaafde digter voortdurend aangepor en gepla het om gedigte en prosastukke vir haar lesers te skryf. Later het *Mabalel*, *Lalasini* en *Dwaalstories* ook vir die eerste keer die lig in *Die Boerevrou* aanskou.²³⁹

Volgens M.E.R. was die dames op kantoor trots daarop om Marais se werk te plaas omdat hy die doel en strewe van die tydskrif raakgesien het. Sy onthou dat sy gedigte altyd sorgvuldig en volmaak afgewerk was, maar met die vervolgherhaal, *Margriet van Laastelust*, het dit net te gejaagd en haastig gegaan. Hy het die lengte van Margriet se hare so lank aangegee dat "die arme ding haar ongemaklik sou kon beweeg het, en ek moes hom daarop gaan wys. Nee, het hy gesê, ons kan maar gerus afsny."²⁴⁰

Daar was ook ander vername en waardige medewerkers. C. Louis Leipoldt het in 'n gesondheidsrubriek noodsaaklike voorligting oor allerlei siektes gegee en prosastukke geskryf. A.G. Visser, Jan Celliers, Toon van den Heever, Ignatius Mocke, Uys Krige, Henry Fagan, Sita, Hettie Cillié, C.M. van den Heever, H.G. Bruwer, Reenen van Reenen, Gladys Zeiler, Else Lourens, oud-president F.W. Reitz, G.R. von Wielligh, Gerard Moerdijk, H. Viljoen (later redakteur van *Die Huisgenoot*), Marie Linde, Albert Coetzee en Miemie Louw Theron - om maar enkeles uit te lig - het ook deur die jare bydraes gestuur. Of hulle daarvoor vergoed is, is nie seker nie. Die feit dat Malherbe

²³⁹ A. Neethling-Pohl, Mev. Mabel Malherbe, *Die Huisgenoot*, 1 Junie 1945, p. 33; M. Malherbe, "Ek sien haar win," *Sarie Marais*, 6 Julie 1949, p. 48; M.E. Rothmann, *My beskeie deel: 'n Outobiografiese vertelling*, p. 137.

²⁴⁰ J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, p. 137.

met M.E.R. ooreengekom het om haar vir haar bydraes te betaal na sy weg is by *Die Boerevrou*, wek die vermoede dat ander medewerkers ook vergoed is. Mabel het ook die lesers aan verskeie kunstenaars voorgestel. J.H. Pierneef en Erich Mayer het van die begin af pentekeninge gemaak en *Die Boerevrou* in staat gestel om 'n smaak vir westerse kuns by die lesers te kweek.²⁴¹

'n Lys van 363 persone, wat as medewerkers bestempel kan word, is vir hierdie studie uit die 154 uitgawes van *Die Boerevrou*, wat oor die amper 13 jaar verskyn het, saamgestel. Die lys van medewerkers van *Die Boerevrou* is as Bylae I ingesluit. Hieruit kan 'n idee gevorm word van hoeveel mense se bydraes en betrokkenheid nodig was om 'n tydskrif van hierdie formaat in die jare 1919 tot 1931 te publiseer. Baie artikels het anoniem verskyn, wat beteken dat daar selfs meer medewerkers kon wees as wat uit die lys blyk. Die lys bevat ook nie die name van lesers wat grappies, foto's of briewe gestuur het of raad en versoekie gerig het nie. Ook die name van die skrywers en insenders van die vroueverenigings se stukke is nie in die lys opgeneem nie. Slegs die skrywers van artikels, gereelde rubriek, gedigte, verhale en sketse het in aanmerking gekom vir die titel "medewerker van *Die Boerevrou*." Die skrywers se name is alfabeties gesorteer en die name is presies soos dit in die tydskrif verskyn het, oorgeneem. Elke medewerker se naam verskyn net een maal al het die persoon meer as een bydrae of op 'n gereelde basis bydraes gestuur. By elke medewerker op die lys is daar ook net 'n enkele verwysing aangebring aangesien dit nie die bedoeling van die lys is om die tydskrif inhoudelik te ontsluit nie. Die doel met die lys van medewerkers was om te bepaal hoeveel mense die geleentheid gehad het om hulle idees en skeppingswerk in *Die Boerevrou* te laat publiseer.

In 1949 skryf Malherbe oor die medewerkers: "Dis te veel om almal te noem, en ek vrees dat ek soms goeie en troue ondersteuners op die oomblik miskien vergeet – om

²⁴¹ A. Neethling-Pohl, Mev. Mabel Malherbe, *Die Huisgenoot*, 1 Junie 1945, p. 33; M. Malherbe, "Ek sien haar win," *Sarie Marais*, 6 Julie 1949, p. 48.

daar later van spyt te hê.”²⁴² Sy was deeglik bewus van die feit dat sy nooit op haar eie ‘n suksesvolle tydskrif sou kon bedryf nie, maar uiters afhanklik was van ander se bydraes. Nou, na meer as tachtig jaar, wek die mate van ondersteuning wat die redaksie van medewerkers ontvang het, die indruk dat *Die Boerevrou* ‘n kulturele manifestasie was wat op die een of ander manier gestalte sou vind selfs al was dit nie deur die kanaal van Mabel Malherbe nie. In 1919 was die tyd ryp vir die eerste Afrikaanse vrouetyllydskrif.

4. Die redaksionele beleid van *Die Boerevrou*

In die redaksionele kolom van die heel eerste uitgawe van *Die Boerevrou* (Maart 1919) word die doel en beleid van die tydskrif goed opgesom:

Die Boerevrou is ‘n Maandblad vir die Afrikaanse vrouw. Ons is nou moeg daarvan om altijd in ‘n uithoekje van tijdskrifte (bij die kinder-afdeling!) een, of misskien twee bladsje te krij wat aan ons belang gewij is! Die twintigste eeuw word met reg genoem die eeuw van die kind – daar is groot vooruitgang op alle gebied in die behandeling en opvoeding van kinders. Nou kom die tijd van die vrouw aan!

Als die Afrikaanse vrouw leer te dink en te lees, en die goeie dinge wat sij so leer toe te pas op die huishoudelike lewe, is daar ‘n groot toekoms vir haar kinders.

Ons hoop dat ieder Afrikaanse vrouw die hele land deur sal saam werk om die Boerevrouw werkelik die mondstuk van ons vrouwens te maak. Hulle moet voel dat die blad aan hulle behoor en dat hulle vrij is om raad en wenke te

²⁴² M. Malherbe, “Ek sien haar win,” Sarie Marais, 6 Julie 1949, p. 48.

gee en te vra; om te kritiseer en, as hulle iets op die hart het dit dan deur middel van ons blad aan ons ander landgenote bekend te maak.

Ons hoop om van vèr en wijd korrespondensie te krij oor allerlei sake, en hoop viral dat die dames hulle eie name sal laat druk en sover moontlik skuilname vermij. 'n Brief getekend deur 'n bekende persoon het veel meer waarde dan een van 'n onbekende. Maar ons wil niemand afskrik nie – en sal briewe onder 'n skuilnaam ook plaas, als die skryfster haar naam mee stuur – die blij dan natuurlik die geheim van die redaksie.

Ons wil graag mooi oorspronklike stukke oor allerlei onderwerpe ontvang en sal dit weer terug stuur als ons dit nie kan gebruik nie, als daar maar net altijd posseels bij is vir die versending!²⁴³

Lou-Marie Kruger het in haar verhandeling verklaar dat Mabel Malherbe hiermee 'n ambisieuse nasionalistiese opvoedingsprojek vir vrouens van stapel gestuur het. As so 'n projek het die tydskrif opvoeding oor gesondheid, die belangrikheid van opleiding en geletterdheid en voorbereiding vir 'n lewe in die moderne industriële samelewing verskaf. Die oogmerk met hierdie opvoeding was eerstens om die Afrikanervrou te oortuig om haar rol as eggenote en moeder in die private domein van haar huis met groter erns te bejeen. Tweedens is die skryf en lees van Afrikaanse letterkunde en geskiedenis aangemoedig. Gevolglik het *Die Boerevrou* vrou-wees en Afikanernasionalisme suksesvol met mekaar vereenselwig.²⁴⁴

Die identifisering van 'n geartikuleerde geslagsdiskoers in die tydskrif, is egter nie 'n klinkklare bewys dat beïnvloeding die uitsluitlike doel met die publikasie was nie. Die oogmerke blyk wyer en die ideale groter te gewees het. Dit lyk eerder moontlik dat

²⁴³ Redaksie, *Die Boerevrou*, Maart 1919, p. 2.

²⁴⁴ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, pp. 12,266.

die behoefté aan 'n blad, wat inligting bevat oor sake waarmee vrouens in elk geval daaglik gekonfronteer is, deeglik gevoel is en dat *Die Boerevrou* in hierdie behoefté wou voorsien. Dat die keuse en aanbieding van die stof van die redaktrise se persoonlik oortuigings getuig het, is onvermydelik. Geen mens is polities, ideologies en godsdiensdig objektief nie. Tog impliseer dit nie 'n doelbewuste poging tot eensydige beriggewing nie. Om nasionalisme te bevorder is dit noodsaaklik om die lezers aan te moedig om te lees en te dink, maar om mense aan te moedig om te lees is nie noodwendig die bevordering van nasionalisme nie. Die moontlikheid dat kulturele beïnvloeding in hierdie geval bloot 'n onvoorsiene byproduk van die breër oogmerke met *Die Boerevrou* was, kan nie buite rekening gelaat word nie.

Die hoop is uitgespreek dat die blad 'n mondstuk vir vrouens van oral oor Suid-Afrika sou word. Verder is enige iemand genooi om vir die tydskrif te skryf.²⁴⁵ Dit dui daarop dat Malherbe bereid was om die tydskrif by die behoeftes en oortuigings van die lezers aan te pas. In Januarie 1928 kon sy in die redaksionele kolom berig dat sy in dié doel geslaag het:

'Die Boerevrou' is heeltemal selfstandig, onafhanklik van enige persoon of maatskappy, en ons wil dit graag so hou, sodat ons aldeur werklik suiwer kan vertolk wat ons voel is die belang van die vrouens van ons volk. Die leseresse van 'Die Boerevrou' het self die mag om dit in enige rigting te stuur waar hulle voor voel deur hul briewe in die Koffietafel-afdeling, deur versoek aan die Redaksie, deur die Federasie. Toe ons nege jaar gelede begin het, was ons die eerste en enigste blad van sy soort in ons land - ons voel dat 'Die Boerevrou' in 'n bepaalde behoefté voorsien het en nog altyd voorsien. Die strewe was altyd om dit waardig en besadig te maak, - iets wat werklik tot nut en opheffing van

²⁴⁵ Redaksie, *Die Boerevrou*, Maart 1919, p. 2.

die Afrikaanse vrou sal wees. As ons van daardie ideale afwyk, is ons maar te bereid om die welmenende kritiek van vriende te hoor en daarop te handel.²⁴⁶

Daar was egter sekere beleidsaspekte wat vir Malherbe ononderhandelbaar was. "Ons sal nooit iets in ons kolomme toelaat nie wat in enige oopsig die sedelikheid en karakter van ons volk skadelik kan raak." Die voorbeeld van haar eie pa, met wie sy vroeër gekorrespondeer het, maar wat sy nooit gesien het nie, het haar terdeë bewus gemaak van die verwoesting wat drank in 'n gesin kan saai. *Die Boerevrou* het volstrek geen drankadvertensies geplaas nie. Ook het geen advertensie vir Chlorodyne, wat vrylik te koop was, ooit in die tydskrif verskyn nie. Dit het morfien bevat en haar oom, Eugène Marais, se morfienverslavwing het haar daarop attent gemaak. Advertensies vir ander patente medisyne is eers aan 'n betroubare geneesheer voorgelê voor dit geplaas is.²⁴⁷

Ook onderwerpe wat die gemoedere tussen Afrikanervrouens hoog kon laat opvlam, is vermy. "'Die Boerevrou' het nog nooit tevore die groot, en vir die vrou van Suid-Afrika, lewens-belangrike saak van vrouestemreg aangeroer nie, want dit was 'n saak waaroor ons baie van mening verskil het en op so 'n saak loop die gemoedere al gou te vol en ons het altyd gevoel ons het so 'n groot en gewigtige werk om te doen - om die vrou aan die lees en aan die dink te kry - sal ons nou daaraan skuldig wees om 'n twisappel tussen hulle in te goo? Maar nou [na die toekenning van vrouestemreg] is dit anders." Tog het lesers deur die jare verskeie versoek om die bespreking van vrouestemreg in die tydskrif gerig. Dit bevestig vir die kultuurhistorikus die feit dat dié kwessie 'n aktuele aangeleentheid vir baie Afrikanervroue was en dat hulle nie onverskillig daaroor was, soos al beweer is nie. "Koloniedogter" het byvoorbeeld in Julie 1922 gereken "... dit sal goed wees om oor Vrouestemreg 'n bietjie te gesels," en

²⁴⁶ Redaksie, *Die Boerevrou*, Januarie 1928, pp. 2,5

²⁴⁷ Redaksie, *Die Boerevrou*, September 1919, p. 2; J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, p. 136; L. Rousseau, *Die groot verlange*, p. 311; M.E. Rothmann, *My beskeie deel: 'n Outobiografiese vertelling*, p. 206.

mev. E. Scholtz het in September 1924 laat weet dat as sy die redaktrise van *Die Boerevrou* was, sy lesers se opinie oor vrouestemreg sou gevra het.²⁴⁸

Kruger is van mening dat Malherbe deur die sistematiese ignorering van kerklike en politieke verskille in *Die Boerevrou* daarin geslaag het om die lesers te lei om hulle te verbeeld dat hulle deel is van 'n verenigde Afrikanernasie met duidelik afgebakende etniese grense. Dit was volgens haar die hoofdoel van die narratief in die tydskrif om 'n bewuste gedeelde identiteit vir Afrikanervroue te skep.²⁴⁹ Indien dit werklik die redaksie se oogmerk was met die vermyding van verskille, is dit te betwyfel of dit geslaagd was. Die veronderstelde verskille wat verdeeldheid kon veroorsaak en gevolglik die suksesvolle funksionering van nasionalisme kon benadeel, het huis in families, waarvan die lede almal reeds deel was van dieselfde etniese oorsprong, voorgekom. Dit blyk dus 'n vermorsing van tyd en energie te wees om grense vas te lê vir groepe waarvan dit reeds bestaan.

In *Die Boerevrou*-boek verklaar Malherbe later dat die tydskrif nooit probeer voorgoe het om iets meer as 'n vroueblad te wees nie.²⁵⁰ As dit 'n eerlike terugskouing is, blyk die feit dat die tydskrif uiteindelik as 'n nasionalistiese projek bestempel kon word, bloot 'n interessante - moontlik selfs 'n onvermydelike ontwikkeling – te wees, eerder as 'n weldeurdagte program. Volgens Anna Neethling-Pohl het *Die Boerevrou* in 'n dringende en groot behoefte voorsien. Die blad het volgens haar besliste leiding in verskillende algemene sake gegee, maar ook vrouens se lewens verryk en verdiep.²⁵¹

²⁴⁸ Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, September 1924, pp. 8,9,10,11; Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Julie 1922, pp. 14,15,17; Redaksie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Junie 1930, pp. 2,4.

²⁴⁹ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, pp. 252-255.


²⁵⁰ K. Malherbe, *Die Boerevrou*-boek, p. 7.

²⁵¹ A. Neethling-Pohl, Mev. Mabel Malherbe, *Die Huisgenoot*, 1 Junie 1945, p. 33.

HOOFTUK IV: DIE BOEREVROU AS SAKE-ONDERNEMING

1. Verkoopprys en advertensie-inkomste

Dit is 'n feit dat 'n vroueblad – ondanks ander idealistiese verwagtinge – in die eerste plek 'n sake-onderneming is. Daarom moet dit wins maak om te kan voortbestaan. Die aanvanklike plan was dat subskripsiesfooie en advertensies *Die Boerevrou* moes finansier.²⁵² In 1949 het Mabel Malherbe erken dat *Die Boerevrou* 'n finansiële waagstuk was: "... dit het moeite gekos om Pa te oortuig dat Ma ook 'n eie tydskrif wou hê en nie net 'n paar bladsye by die kinderafdeling nie! Om kontant (10s. per jaar) uit te gee vir nog 'n tydskrif, waar hulle alreeds Die Huisgenoot, Die Brandwag en Die Kerkbode kry, was nie so maklik nie. Nou is dit al 'n gewoonte om die waarde van sulke leesstof te ken, maar ons baanbrekers op daardie gebied moes die swaar weg baan."²⁵³



Figuur 19: 'n Voorbeeld van 'n intekenvorm vir *Die Boerevrou*. In die eerste uitgawe word na die intekenvorm as 'n bon verwys. Malherbe het waarskynlik die Nederlandse woord vir 'n koepon of intekenvorm gebruik vanweë haar verblyf in Nederland en die kennis wat sy van die Nederlandse taal opgedoen het, want volgens Johan Spies, samesteller van die Tweetalige Woordeboek, is dit onwaarskynlik dat bon vroeër 'n gebruikswoord in Afrikaans was.

Uit: *Die Boerevrou*, April 1922, p. 3, L. Rabe, *Die ontstaan en ontwikkeling van Sarie Marais as massatydskrif vir die Afrikaanse vrou*, M.A.-verhandeling, U.S., 1985, p. 37.

²⁵² L. Rabe, *Die ontstaan en ontwikkeling van Sarie Marais as massatydskrif vir die Afrikaanse vrou*, M.A.-verhandeling, U.S., 1985, p. 6.

²⁵³ M. Malherbe, "Ek sien haar win", Sarie Marais, 6 Julie 1949, p. 30.

Suid-Afrika was, in die tyd waarin *Die Boerevrou* verskyn het (1919-1931), 'n dominium van die Britse Ryk en die ou Britse geldstelsel van ponde, sjielings en pennies (£sd), was gevvolglik nog in gebruik. Daar was 12 pennies in 'n sjieling en 20 sjielings in 'n pond. 'n Pond is in twee vorme uitgegee, nl. 'n pond-noot of 'n goue pond-muntstuk. 'n Sjieling was 'n silwer-nikkel munt en 'n pennie was van koper gemaak en is in Afrikaans ook 'n Oulap genoem. In *Die Boerevrou* van Augustus 1921 is 'n wedstryd aangekondig waarin vier leseresse elk 5/- kon wen. Hulle moes foto's instuur van iets mooi en nuttigs "... wat hulle tuis gemaak het sonder om daar 'n **oulap** voor uit te gee." Hulle moes dus iets maak met produkte of materiaal wat 'n mens gewoonlik in die huis het en mag nie eers soveel soos 'n pennie ekstra daarop spandeer het nie.²⁵⁴

Figuur 20: Tabel van die Britse geldstelsel – skryfwyse en uitspraak

Bedrag	Geskryf	Uitgespreek
Een pond, 10 sjielings en 6 pennies	£1.10/6	"Een pond, tien en ses"
Een pond en 10 sjielings	£1.10/-	"Een pond, tien"
Tien sjielings en 6 pennies	10/6	"Tien en ses"
Tien sjielings	10/- of 10s.	"Tien sjielings"
Ses pennies	6d	"Ses pennies"

Vanaf Maart 1919 tot April 1920 was die intekenfooi op *Die Boerevrou* 7/6 per jaar in die Unie. Intekenaars buite die Unie se grense kon die tydskrif deur die pos vir 8/6 ontvang. Enkel uitgawes het 9d gekos. Daarna het dit tot aan die einde van 1931 met die staking van die tydskrif, 10/- per jaar, 12/- buite die Unie en 1/- vir 'n enkel uitgawe gekos. Dit was duurder as *Die Huisgenoot* wat, toe dit in 1916 begin verskyn het, net 6d vir 'n enkel uitgawe gekos het en selfs later nog goedkoper geword het. Die prys op die voorblad van die uitgawe van *Die Huisgenoot*, wat op 25 Mei 1928

²⁵⁴ Redaksie, *Die Boerevrou*, Augustus 1921, p. 2.

verskyn het, was 4d. *Die Huisgenoot* en *Die Boerevrou* was ewe dik, ongeveer 30 bladsye per uitgawe.²⁵⁵

Die Boerevrou was op 'n kleiner en meer spesifieke mark gemik. Dit is dus verstaanbaar dat dit meer as *Die Huisgenoot* sou kos. Vir sommige leseresse, soos mev. Van Rooijen, was die prys definitief nie te hoog nie: "Wat is jij tog soms 'n uitkomste vir 'n mens! Waarlik, die jongste uitgawe was en is my die hele 7/6 wêrd."²⁵⁶ Tog is dit moeilik om vandag te bepaal of *Die Boerevrou* deur die deursnee leser as 'n duur tydskrif bestempel is. In die April 1919-uitgawe is kindertruie byvoorbeeld deur die klerewinkel Millars in Pretoria vir tussen 6/6 en 10/6 geadverteer.²⁵⁷ Dus kon 'n vrou vir min of meer die koste van 'n trui vir haar kind, 12 uitgawes van *Die Boerevrou* kry. Gemeet aan vandag se standarde is dit nie duur nie, maar daar moet in gedagte gehou word dat die meeste vrouens in daardie jare in staat was om self minstens twee truie vir daardie hoeveelheid geld te brei. Dit beteken dat *Die Boerevrou* waarskynlik as 'n luuksheid in baie huise beskou is en potensiële intekenaars daardeur beperk kon word.



Figuur 21: Advertensie vir die klerewinkel Millars.

Uit: *Die Boerevrou*, April 1919, p. 3.

²⁵⁵ *Huisgenoot* 1916-2006: Gedenkuitgawe, p. 8.

²⁵⁶ Korrespondensie, *Die Boerevrou*, Desember 1919, p. 36.

²⁵⁷ *Die Boerevrou*, April 1919, p. 3.

Die Boerevrou se finansies het gereeld bekommernis veroorsaak en Malherbe het dikwels in die tydskrif 'n beroep op die lesers gedoen om te help om meer intekenaars te werf en die adverteerders te ondersteun en dan te meld dat hulle reageer op advertensies in die tydskrif. "Dit gaan nou nie maklik om advertenties [sic] te kry nie. Die winkels moet ook besuinig, en is huiwerig om te adverteer waar hulle nie seker is dat hulle advertensie 'n goeie uitslag sal geniet nie. Dit is soos almal weet die lewensbloed van 'n blad; geen blad kan sonder advertensies bestaan nie, en die advertensies is alleen verkrijgbaar as die adverteerders sien dat dit hulle betaal."²⁵⁸ In 1924 was daar selfs 'n poging om *Die Boerevrou* met *Die Huisgenoot* te verenig. Dit sou finansiële verligting en meer vrye tyd vir Mabel Malherbe beteken het. Tog het sy blykbaar uiteindelik daarteen besluit omdat sy nie seker was dat sy met die ander mense, met wie sy sou moes saamwerk, oor die weg sou kom nie.²⁵⁹

M.E.R. is in 1921 van *Die Boerevrou* af weg om *Die Burger* se vroueblad te behartig. Oor haar werk by *Die Burger* onthou sy: "Soos by alle koerante en tydskrifte was die 'vrouebladsy' bedoel om advertensies te lok, en dit het toe vir die redaksie gelyk dat dit die beste sou wees om daarvoor 'n vaste redaktrise aan te stel." Die oorgrote meerderheid van die adverteerders in *Die Burger* was Engelstalig en hulle wou blykbaar net die versekering hê dat die vroueblad werklik 'n "ladies page" was, sonder om met die res van die blad se inhoud vertroud te raak.²⁶⁰ Daar is dus in die tyd van *Die Boerevrou* reeds algemeen aanvaar dat vrouens die hoofverbruikers van 'n beduidende hoeveelheid geadverteerde goedere was en gevolelik deur advertensies bereik en beïnvloed kon en moes word. Advertensies het die lewensaar van vrouetydskrifte geword terwyl die tydskrifte op hulle beurt weer die massas fabrieksvervaardigde goedere aan die huishoudings van die lesers moes bekend stel.

²⁵⁸ Redaksie, *Die Boerevrou*, Augustus 1921, p. 2.

²⁵⁹ Redaksie , *Die Boerevrou*, Junie 1929 pp. 2,7; L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. Dissertation, U.C.T., 1991, p. 174.

²⁶⁰ M.E. Rothmann, *My beskeie deel: 'n Outobiografiese vertelling*, pp. 212,213.

Ongelukkig kon die simbiose in die verhouding tussen 'n vroueblad en haar adverteerders maklik deur botsende belangte versteur word. Die tweede Afrikaanse vrouetydskrif, *Die Huisvrou*, se redaksie het ook hiervan getuig. Die inhoud van *Die Huisvrou* was oorwegend godsdiensdig van aard en die tydskrif het 'n sterk plattelandse sirkulasie gehad. Die blad het van 1922 tot 1976 bestaan. Audrey Blignault was die derde redaktrise van die tydskrif, van 1944 tot 1954. In 'n brief aan haar skryf M.E.R. in 1944 dat dit nie maklik gaan wees om die redaktrise van *Die Huisvrou* te wees nie. "... 'n blad met die gedaante van 'n 'Home Chat' en 'n inhoud van gesonde kulturele waarde. Dit gaan nie maklik wees nie; daarvoor sal die adverteerders sorg."²⁶¹

Met hierdie realiteit moes Mabel Malherbe ook vroeg reeds rekening hou. Wat haar beleid rakende leesstof en advertensies behels, het sy in September 1919 al onderneem: "Ons sal nooit iets in ons kolomme toelaat nie wat in enige opsig die sedelikheid en karakter van ons volk skadelik kan raak." Vir hierdie uitgawe is 'n advertensie vir sterk drank, wat 'n hele bladsy sou beslaan en goed sou betaal, geweier.²⁶² Anna Neethling-Pohl het verder hierop uitgebrei: "En hier moet 'n mens ook mev. Malherbe se beginselvaste optrede i.v.m. advertensies noem. Alhoewel die tydskrif van die begin af sulke geldelike steun nodig gehad het, het sy geen enkele soort medisyne laat adverteer voordat dit nie eers deur deskundiges goedgekeur is nie. Sy was nie van plan om haar leseresse, versprei op eensame plase, ter wille van die geld deur aantreklike advertensies te laat mislei nie. Die adverteerders het dikwels woedend geword en met beledigende woorde hul steun teruggetrek, maar mev. Malherbe het hardneklig voet by stuk gehou."²⁶³ *Die Boerevrou*-redaksie is hierin ook deur die lesers gesteun. In Desember 1919 het daar byvoorbeeld 'n brief van

²⁶¹ Aangehaal in L. Rabe, *Die ontstaan en ontwikkeling van Sarie Marais as massatydskrif vir die Afrikaanse vrou*, M.A.-verhandeling, U.S., 1985, pp. 8,9,10.

²⁶² Redaksie, *Die Boerevrou*, September 1919, p. 2.

²⁶³ A. Neethling-Pohl, Mev. Mabel Malherbe, *Die Huisgenoot*, 1 Junie 1945, p. 33.

mev. Cronjé verskyn waarin sy geskryf het dat sy bly is dat daar geen drankadvertensies in die tydskrif opgeneem word nie.²⁶⁴

Deur te volhard in haar oortuiging het Malherbe volgens M.E.R. baie geld verloor: "Maar die afkeur van advertensies het ook menige geldjie van die Malherbe-beurs weggekeer. Die goeie Kenne moes meer as een keer aan die end van die maand 'n tekort aansuiwer – kamma al klaend, maar steeds gewillig om sy Mabel te help aan haar plesier in haar Boerevrou. So het sy dit dertien jaar aan die gang gehou. Teen daardie tyd was ek al lank weg van hulle af en weet nie wat presies gebeur het dat hulle die blad moes staak, maar in later jare het Marguerite Pienaar my gesê dat hulle vasgebrand het met gedurige tekorte, en ook dat die advertensiewerwer aan haar gesê het dat hy maklik £50 in die maand meer kon gekry het as hy die advertensies kon aangeneem het wat ander blaaie gepubliseer het."²⁶⁵

Hierdie spanning tussen joernalistiese ideale en sakebelange was volgens M.E.R. teen 1928 reeds 'n vaste verskynsel wat algemeen by tydskrifte en dagblaaie voorgekom het.²⁶⁶ In die geval van *Die Boerevrou*, kon die gevolg hiervan wees dat die tydskrif haar beleid – en gevolglik haar bestaansreg – sou moes prysgee om finansiell te kon oorleef. 'n Alternatief sou wees om meer intekenaars te kry en 'n groter oplaag te druk en versprei, maar uitbreiding is weer deur 'n tekort aan fondse – wat deur meer advertensies verskaf sou kon word – gestrem. Teen die einde van 1931 het die Groot Depressie *Die Boerevrou*, toe reeds in 'n bose kringloop vasgevang, 'n finale nekslag toegedien.

²⁶⁴ Korrespondensie, *Die Boerevrou*, Desember 1919, p. 36.

²⁶⁵ M.E. Rothmann, *My beskeie deel: 'n Outobiografiese vertelling*, p. 206.

²⁶⁶ J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, p. 230.

2. Sirkulasie

Daar kan nie vasgestel word presies hoe groot *Die Boerevrou* se sirkulasie was nie. Dit word nooit in die tydskrif self vermeld nie en die Suid-Afrikaanse ABC (Oudit-Buro vir Sirkulasie), wat volgens Lizette Rabe sulke inligting bewaar, is eers in 1949 gestig.²⁶⁷ Aangesien *Die Boerevrou* 'n privaatonderneming was, bestaan daar ook nie direksienotules wat nagegaan kan word nie.

Volgens Malherbe was die leserskring van enige Afrikaanse blad, hetsy koerant of tydskrif, in vergelyking met die leserstal van Engelse publikasies in daardie jare beperk.²⁶⁸ 'n Opmerking wat sy later in *Sarie Marais* gemaak het, bevestig dat die tynskrif nie algemeen bekend was nie: "Ek noem so terloops ons belangrikste werk, want ek besef dat daar onder my lezers vroue sal wees wat *Die Boerevrou* nie geken het nie."²⁶⁹

Volgens M.E.R. was *Die Boerevrou* se sirkulasie egter, gemeet aan 1972 se standaarde, "goed." Sy verhaal ook in haar herinneringe 'n gebeurtenis wat waarskynlik 'n aanduiding kan wees van hoe groot die oplaag was wat maandeliks van *Die Boerevrou* gedruk is:

Ek onthou van 'n konsternasie wat eenkeer die hele driemanskap van die personeel ontstel het. 'n Leseres het, in antwoord op die vraag van 'n ander leseres na 'n ontsmettingsmiddel, 'Coopers Dip'²⁷⁰ aanbeveel. Hierdie antwoord is goedgekeur en is met ander kopie na die drukkers aangestuur

²⁶⁷ L. Rabe, *Die ontstaan en ontwikkeling van Sarie Marais as massatydskrif vir die Afrikaanse vrouw*, M.A.-verhandeling, U.S., 1985, p. 26

²⁶⁸ Redaksie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Oktober 1931, pp. 1,8.

²⁶⁹ M. Malherbe, "Ek sien haar win", *Sarie Marais*, 6 Julie 1949, p. 47.

²⁷⁰ Cooper's Powder Dip is in 1852 deur William Cooper in Ravens Lane, Engeland ontwikkel vir die behandeling van brandsiekte by skape. Die aktiewe bestanddele daarvan was arseen en swael. The Story of Cooper's of Berkhamsted. The Dacorum Heritage Trust.

<http://www.dacorumheritage.org.uk/coopers.htm>. Toegang: 2011-10-11.

deur die Hoof. Maar daardie nag kon sy nie slaap nie. Sê nou die raad van die ‘Coopers Dip’ word gevolg; sê nou ‘n kind kom daarby en kry dit op die een of ander manier in – word siek – sterf! Baie vroeg die volgende môre bel sy die drukkers. Die kopie van gister, hoe ver is hulle daarmee? – O, byna aangehandel, mevrou. Ses- of aghonderd gedrukte blaarie moes eenkant toe gegooi word, geen ander uitweg nie!²⁷¹

Dit is heeltemal moontlik dat ‘n oplaag uit duisend tydskrifte kon bestaan as tussen ses- en aghonderd eksemplare “byna” alles was. ‘n Opmerking in die redaksionele bydrae van November 1924 bevestig hierdie beraming: “Die Boerevrou tel haar leseresse by duisende deur die hele land.”²⁷²

By nadere ondersoek blyk dit dat die Cooper’s Dip-episode homself in die uitgawes van November en Desember 1919 afgespeel het en dat dit waarskynlik dele van die uitgawe van Desember 1919 was wat oorgedruk moes word. In die redaksionele bydrae van hierdie uitgawe verskyn ook ‘n waarskuwing dat Cooper’s Dip baie giftig is en dat dit nie in huishoudings met klein kindertjies gebruik behoort te word nie.²⁷³ Die waarskuwing is waarskynlik na die groot nagtelike wroeging ingesluit. *Die Boerevrou* was dus nog ‘n betreklike jong tydskrif toe haar oplaag na beraming al duisend getel het.

Die Kaapse koerant, *De Burger*, as die enigste Afrikaanse dagblad wat in daardie jare die N.P. gesteun het, het so baie lesers in die ander provinsies ook gehad dat hy permanente korrespondente in Potchefstroom, Potgietersrus, Standerton, Ermelo, Lydenburg, Hendrina, Parys, Lindleyweg, Philippolis en Okahandja kon bekostig. In 1921 was hierdie koerant se sirkulasie seweduusend vir die dagblad en vierduisend vir

²⁷¹ M.E. Rothmann, *My beskeie deel: ‘n Outobiografiese vertelling*, pp. 205-206.

²⁷² Redaksie, *Die Boerevrou*, November 1924, pp. 2, 6, 7.

²⁷³ Redaksie, *Die Boerevrou*, Desember 1919, p. 5.

die halfweeklikse uitgawe. Dit word as 'n hoë sirkulasiesyfer vir daardie tyd beskou.²⁷⁴ In vergelyking hiermee kan die sirkulasie van *Die Boerevrou* dan, hoewel nie as uitermate groot nie, inderdaad as "goed" bestempel word.

Gedagtg aan die feit dat 'n tydskrif stadiger en oor 'n langer tydperk as 'n koerant deurgelees word en dat elke eksemplaar gewoonlik deur meer as een persoon gelees word, kan geredeneer word dat 'n oplaag van ongeveer duisend Boerevrou-tydskrifte maandeliks 'n beduidende aantal lesers kon bereik. Baie lesers van *Die Boerevrou* het huis deur die jare aangedui dat hulle tydskrifte met ander lesers deel of aan vriende en familie uitleen.²⁷⁵

In 'n verdere poging om te bepaal hoe wyd *Die Boerevrou* gelees is, is 'n lys van alle lesers wat met die kantoor gekorrespondeer het, uit die oorspronklike tydskrifte saamgestel. Die lys bevat 4 386 inskrywings en is as Bylae II ingesluit. Die skrywers van briewe vir die koffietafelafdeling, asook die name van lesers wat vrae, wenke, resepte en foto's ingestuur het is in die lys opgeneem. Ook die briewe van kinders, wat aan die tydskrif geskryf het voor die kinderblad 'n aparte tydskriffig geword het, is getel omdat baie kinders die tydskrif by die skool te lees gekry het en nie deur hul ouers by hul huise nie. Die redaksie het soms net die voorletters van insenders by geplaaste briewe en versoek aangegee en die moontlikheid bestaan dat dieselfde persoon as gevolg daarvan meer as een maal op die lys verteenwoordig kan word. Briewe wat aan die vroueverenigings se afdelings gestuur is, is nie ingesluit by die lys nie. Baie briewe is anoniem gestuur en die name van insenders het ook nie altyd by die resepte verskyn nie. Heelwat insendings kon dus nie getel word nie. Verder het dit dikwels gebeur dat daar so baie briewe oor 'n spesifieke onderwerp ontvang is dat nie alles geplaas kon word nie. Lesers is ook dikwels versoek om oor 'n spesifieke onderwerp te skryf, maar is vooraf ingelig dat net enkele briewe gekies gaan word om

²⁷⁴ J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, p. 141.

²⁷⁵ Kyk byvoorbeeld Om die koffietafel, *Die Boerevrou*, April 1921, pp. 15,17.

te publiseer.²⁷⁶ Sommige lezers se brieue was ook net bedoel as goeie wense met Kerstyd of *Die Boerevrou* se verskillende verjaarsdae en het nooit in die tydskrif verskyn nie.²⁷⁷ Dit wil dus voorkom of daar deur die amper 13 jaar van *Die Boerevrou* se bestaan baie meer brieue ontvang is as wat ooit uit so 'n saamgestelde lys sal blyk. Gevolglik mag dit sinneloos lyk om op hierdie wyse 'n bron te probeer saamstel. Tog is dit in werklikheid net 'n manier om bestaande data te organiseer. Geen inskrywing in die lys is kunsmatig gefabriseer nie. Die 4 386 inskrywings op die lys dien as 'n bevestiging van die moontlikheid dat die *Die Boerevrou* elke maand in 'n minimum van 'n duisend Afrikaanse huise ontvang en gelees is.

Waar dit vermeld is, is die woonplekke van die insenders ook gelys. Die spelling van name en plekname is sover moontlik onveranderd gelaat. Daar is wel gepoog om die name van plekke eenvormig te maak. Dit is insiggewend om te sien hoe wyd die tydskrif binne Suid-Afrika en selfs buite die landsgrense versprei is. Behalwe in Pretoria, wat die tuiste van *Die Boerevrou* was, is dit van Waterpoort in die noorde tot Paardeberg in die suide en van Ulundi in die ooste tot Darling in die weste van Suid-Afrika gelees. Met behulp van die intydse rekenaarprogram *GoogleEarth* kon die meeste plekke, waar *Die Boerevrou* in die Unie gelees is, op 'n kaart van Suid-Afrika opgespoor en uitgestip word. Die kaart is as Bylae III aan die einde van hierdie studie ingesluit. Dit gee met 'n enkele oogopslag 'n idee van waar daar oral in die land Afrikaners was wat met die leesstof in die tydskrif bereik is en benadruk die feit dat die verspreiding (adressering en pos) van die blad ongelooflik tydrowend en arbeidsintensief vir *Die Boerevrou*-kantoor moes gewees het. In die oorgrote meerderheid van die gevalle verteenwoordig elke nommer op die kaart baie meer as een leser aangesien elke dorp net eenmaal aangedui is ongeag die aantal adresse in die dorp waarheen die tydskrif gepos is. Malherbe het dus nie oordryf toe sy in 1928 gesê het dat *Die Boerevrou* in elke uithoekie van Suid-Afrika haar verskynning maak

²⁷⁶ Redaksie, *Die Boerevrou*, Mei 1926 p. 2.

²⁷⁷ Redaksie, *Die Boerevrou*, Januarie 1928, pp. 2,5; Redaksie, *Die Boerevrou*, Januarie 1927, p. 2.

nie.²⁷⁸ Buite die Unie se grense het inwoners van die volgende plekke onder die destydse lezers van *Die Boerevrou* getel: Angola, Basoetoeland (Lesotho), België, Betsjoeanaland (Botswana), Engeland, Java (Indonesiese eiland), Kenia, Tanganyika (Tanzanië), Nederland, Noord-Rhodesië (Zambië), Portugees Oos-Afrika (Mosambiek), Suid-Rhodesië (Zimbabwe), Suid-Wes Afrika (Namibië) en Swaziland.

3. Advertensies


Die advertensiebedryf steun sterk op begrip van en insig in verbruikersbehoeftes. In 'n poging om 'n idee te vorm van wie die mark is en hoe om dit te bereik, doen adverteerders reeds sedert die vroeë twintigste eeu marknavorsing. Hoewel verbruikers in daardie jare nog as 'n relatiewe homogene groep gesien is, is advertensies toe al reeds gebaseer op adverteerders se persepsie van verbruikers se leefstyl, status en inkomste. Baie kan dus uit advertensies afgelei word oor die ingesteldheid van die lezers van 'n historiese publikasie.²⁷⁹ Dit impliseer egter nie dat die adverteerders in *Die Boerevrou* die lezers baie goed geken en verstaan het en dat die advertensies noodwendig 'n akkurate weerspieëeling van die lezers se lewenstyl is nie. 'n Gevolgtrekking waartoe daar wel gekom kan word, is dat as bepaalde adverteerders herhaaldelik of vir langer as wat 'n moontlike kontrakperiode vereis het, in *Die Boerevrou* geadverteer het, die advertensies geslaagd was en dus 'n moontlike aanduiding van die lezers se verbruikersingesteldheid kan gee.

Gevolgtrekking is daar 'n lys van advertensies vir elke jaar wat *Die Boerevrou* verskyn het, saamgestel. Die data op die dertien lyste is vervolgens saamgevat in 'n lys wat as Bylae IV ingesluit is. Hieruit kon bepaal word dat 592 adverteerders hul besighede en goedere in 'n totaal van 7 600 advertensies deur die jare in *Die Boerevrou*

²⁷⁸ Redaksie, *Die Boerevrou*, Desember 1928, p. 2.

²⁷⁹ A. Gough-Yates, *Understanding women's magazines: Publishing, markets and readerships*, p. 61.

geadverteer het. Die advertensies het jaarliks toegeneem, soos die tydskrif meer bekend geraak het. Die hoogtepunt was in 1924 toe daar van Januarie tot Desember altesaam 760 advertensies tot *Die Boerevrou* se inkomste bygedra het. Vanaf 1929, met die aanvang van die Depressie, het die aantal advertensies per jaar weer skerp afgeneem. In 1931 was die aantal advertensies net 446. Slegs in 1919, toe daar net tien uitgawes van *Die Boerevrou* verskyn het, was daar minder advertensies.



Figuur 22: Lyngrafiek van die aantal advertensies wat per jaar in *Die Boerevrou* verskyn het, saamgestel uit Bylaag IV.

Adverteerders wat in al 154 uitgawes van *Die Boerevrou* geadverteer het, was I. Mendelsohn "Horlogemakers, Juweliers, Algemene en Diamant-handelaars" en R. Müller "Het grootste Muziekmagazijn in Zuidafrika," albei van Kaapstad. Wolf Brothers, ook 'n juwelier van Kaapstad, het waarskynlik ook in al die uitgawes geadverteer. Hulle advertensie het egter gewoonlik agter op die buiteblad verskyn en het nie behoue gebly by die uitgawes wat deur die Nasionale Biblioteek in jaarbande gebind is nie.



Figuur 23: Advertensie vir R. Müller in Kaapstad.
Uit: *Die Boerevrou*, Mei 1929.



Figuur 24: Advertensie vir Wolf Brothers in Kaapstad.
Uit: *Die Boerevrou*, Julie 1929.

Ander getroue adverteerders wat op 'n gereelde basis deur die amper dertien jaar advertensieruimte gekoop het, was die uitgewer J.L. van Schaik en die klerewinkels John Jack en Millar en Co., almal van Pretoria. Gevestigde produkte, soos Bovril, Moir's Jellie en 4711-parfuum kon ook bekostig om gereeld met van die mooiste en grootste advertensies te adverteer. Al kan daar nie bepaal word hoeveel lesers van dié produkte gebruik het nie, kan aanvaar word dat al die lesers daarmee vertroud was. Malherbe het ook gedurig haar lesers aangemoedig om die adverteerders te ondersteun en met aankope of bestellings te meld dat hulle op 'n advertensie in *Die Boerevrou* reageer.²⁸⁰



Figuur 25: Advertensie vir Bovril.
Uit: *Die Boerevrou*, Augustus 1925, p. 43.


²⁸⁰ Kyk byvoorbeeld Redaksie, *Die Boerevrou*, Julie 1919, p. 2.

Hoewel die beleid van *Die Boerevrou* as 'n filter gedien en bepalend was vir die tipe advertensies wat uiteindelik daarin verskyn het, is dit steeds insiggewend om te sien waaraan die leseresse blootgestel is en wat hulle kon koop as hulle sou wou. Daarom is al die advertensies in twaalf kategorieë ingedeel.

	Kategorie	Voorbeeld van goedere en dienste in die advertensies in elke kategorie geadverteer	
1	Boerdery en huisbedrywe	Afslaers Broeimasjiene Byekorwe Gereedskap Koekamers Landbougereedskap Markagente	Naaimasjiene en breimasjiene Roomafskieiers Saad, plantjies, bome Spinwiele Veedip en gif Vervoeragente
2	Diverse	Aankondigings deur bv. Stadsraad v. Johannesburg Gewere en ammunisie Grafstene Koffiehuise en restaurante	Losieshuise en hotelle Speelgoed Sportklere en -toerusting Tentoonstellings Wasserye en droogskeepmakers
3	Eetware	Kos	Kruideniers
4	Finansies	Banke Eiendom	Spaar en beleggings
5	Gesondheid	Apteke Brilmakers en oogkundiges	Medisyne Vroedvroue en verpleegsters
6	Huis (inrigting en onderhoud)	Boumateriaal Elektrisiëns Meubels Muurpapier	Stowe Verf Ysmasjiene
7	Huishoudelike gebruik	Bedlinne Breekgoed Eetgerei Gif en ontsmettingsmiddels Gordyne Komberse	Kombuisgereedskap Materiaal, wol, ens. Paraffien Skoonmaakprodukte Tafellinne Tasse
8	Klein geklassifiseerd	Nadat die ruilkolom in 1921 ingestel is, het hierdie advertensies afgeneem en intekenaars kon gratis hul huisgemaakte goedere adverteer.	
9	Motors	Garages (motorhawens) Motors	Motorfietsse
10	Selfverwesenliking	Boekwinkels Drukkers en uitgewers Fotograwe Kameras Lees Musiekinstrumente	Onderrig, opleiding, werksgleenthede Raamwerk Skryfbehoeftes Stokperdjies Vakansies
11	Toiletware	Haarprodukte Parfuum Seep	Skeermesse Skoonheidsprodukte Tandepasta
12	Voorkoms	Haarbewerkers, haarsnyers Hoede Juwele	Kleremakers Klerewinkels Patrone

Figuur 26: Tabel met voorbeeld van advertensies in twaalf kategorieë

Elke advertensie wat ooit in *Die Boerevrou* verskyn het, is as een van die twaalf tipes geklassifiseer en daarvolgens getel. Die volgende grafiek toon die hoeveelheid advertensies in elke kategorie. Die advertensies wat die meeste in *Die Boerevrou* voorgekom het, was dié wat te make gehad het met **voorkoms** (waarvan die meeste klere en juwele was), **selfverwesenliking** (nie basiese behoeftes nie) en die **huishouding**. Gemeet aan die tipe advertensies wat die meeste verskyn het, was *Die Boerevrou* dus 'n ware vrouetydskrif. Selfs die tipe wat die minste voorgekom het, naamlik advertensies van motors, was gemik op die vrou se behoeftes. Haak's Garage in Pretoria het die nuwe Ford soos volg geadverteer: "Vrouens en kinders kan maklik aanleer om die nuwe Ford te bestuur," en J.G. Dickson, ook van Pretoria, het die dames aanbeveel: "Wanneer u man of verloofde besluit om 'n motorfiets met sykar te koop, staan dan daarop dat hy die gemaklikste soort kry sowel as die beste. Onthou dat u al die ongemak sal moet uitstaan. Indian. Dit is die volmaakte motorfiets."²⁸¹




Figuur 27: Staafgrafiek met *Die Boerevrou* se advertensies volgens tipes verdeel.

Van die totale 592 adverteerders dui net 391 plekname aan. Die res was hoofsaaklik produkte soos Ashton & Parsons' Kinderpoeiers en Royal Bakpoeier. Die volgende sirkelgrafiek toon dat die oorgrote meerderheid advertensies uit Pretoria en Johannesburg gekom het, waarskynlik omdat dit aanvanklik die teikengebied van die tydskrif was en omdat dit makliker was om van advertensie-agente naby *Die*

²⁸¹ *Die Boerevrou*, Desember 1919; *Die Boerevrou*, Januarie 1924.

Boerevrou-kantoor gebruik te maak. Tog kon Malherbe reeds in 1920 verklaar: "Een van die beste tekens van ons groot vooruitgang is die vele advertensies wat ons nou kry, veral uit Kaapland."²⁸² Dit duï daarop dat sy nie aanvanklik soveel belangstelling en steun uit ander dele van die land verwag het nie. Dat adverteerders uit ander dele van Suid-Afrika bereid was om in *Die Boerevrou* te adverteer, bevestig voorts dat die tydskrif inderdaad reg oor die land gelees is.



Figuur 28: Sirkelgrafiek van adverteerders in *Die Boerevrou* volgens plek verdeel.

Die meerderheid advertensies in *Die Boerevrou* het soos koerantadvertensies gelyk: klein, met 'n hele aantal op dieselfde bladsy. Daar is ook ruimte gelaat vir die sogenaamde geklassifiseerde persoonlike berigte. Die eerste bladsy van die eerste uitgawe (Maart 1919) is blanko gelaat daarvoor, met slegs die volgende daarop: "Gereserveer voor kleine Advertensies (als dit kan Geboorte, Trouw en Sterf Berigte) 2/6 per 24 woorde en 1d. per woord ekstra." Mettertyd sou hierdie ruimtes

²⁸² Redaksie, *Die Boerevrou*, Februarie 1920, p. 3.

maandeliks gevul word met die lief en leed van *Die Boerevrou*-lesersgemeenskap. In Julie 1922 is die verlowing van Nico van der Westhuizen en Hester van Wyk van Keetmanshoop en die geboorte van 'n dogtertjie vir mnr. en mev. S.E. Futcher van Sunnyside, byvoorbeeld hier aangekondig. 'n Foto van 'n mnr. en mev. H.B.K. Hermann, wat in Maart 1927 hulle goue bruilof gevier het, het ook met geleentheid verskyn en is van die volgende byskrif vergesel: "... albei is 'n bewys dat jongtrou en baie lief en leed nie 'n mens uitput nie." In Junie 1922 het die lesers egter in die plek "gereserveer voor kleine advertensies" gelees: "Tot onze diepe droefheid werd ons de 3de April te Bergum (Friesland, Holland) 'n levenloos zoontje geboren. F.A. de Roos. Y.H. de Roos-van der Veen." En die eggenoot en vader van Anna Catharina Fourie en baba Ella Johanna Dorothea het van 1921 af tot met die staking van die tydskrif in 1931 elke jaar in Maart 'n berigging laat plaas ter herinnering aan sy vrou en dogtertjie wat in 1921 twee weke na mekaar oorlede is.²⁸³

Figuur 29: Die meeste advertensies in *Die Boerevrou* was klein en daar het 'n hele aantal op een bladsy verskyn. Aanvanklik was daar min illustrasies, maar daar het mettertyd meer tekeninge en foto's in die advertensies verskyn.

Uit: *Die Boerevrou*, September 1925, p. 24.



Figuur 30: Ruimte "gereserveer voor kleine advertensies."

Uit: *Die Boerevrou*, Maart 1919, p. i.

²⁸³ *Die Boerevrou*, Maart 1919, p. 1; *Die Boerevrou*, Junie 1922, p. 8; *Die Boerevrou*, Julie 1922, p. 2; *Die Boerevrou*, Junie 1927, p. 4; *Die Boerevrou*, Maart 1928, p. 55.

Aan die begin was daar minder geïllustreerde advertensies in *Die Boerevrou*, maar die advertensies het met verloop van tyd meer gesofistikeerd en wetenskaplik geraak. Daar is meer van foto's gebruik gemaak en die uiteensetting en taalgebruik het ook verbeter. Die bestaan van produkte en besighede is nie, soos meestal die geval aan die begin was, bloot net aangekondig nie. Daar is in 'n toenemende mate gepoog om lesers te oortuig dat hulle sekere produkte nodig het en verdien het om dit te besit. Vergelyk byvoorbeeld die heel eerste Boerevrou-advertensie vir Colgate met een wat in 1929 verskyn het.



Figuur 31: In 1921 het daar vir die eerste maal 'n Colgate tandepasta-advertensie in *Die Boerevrou* verskyn.

Uit: *Die Boerevrou*, Desember 1921, p. 42.

Tussen Februarie en Mei 1925 was daar selfs 'n advertensie-wedstryd in *Die Boerevrou* om lesers se aandag op die geadverteerde goedere te vestig. Daar het elke maand agt prentjies van voorwerpe, wat in die betrokke uitgawe geadverteer is, verskyn. Lesers moes elke prentjie dan met een van die advertensies verbind. Pryse wat deur die adverteerders geborg is, was voorwerpe soos reënjasse, skoene, aardewerk [gebruiksvoorwerpe met emalje bedek], sykouse en geraamde prente.



Figuur 32: Agt jaar later was Colgate se advertensie heelwat langer en het verduidelik hoe die produk werk en waarom lesers dit behoort te koop.

Uit: *Die Boerevrou*, Desember 1929, p. 52.

Soms was die eerste prys 'n kontantbedrag. Die antwoorde en pryswenners is telkens in die volgende maand se uitgawe aangekondig.²⁸⁴

4. Drukproses

Teen 1916 was daar 222 drukkers en verwante ondernemings in die drukkersbedryf in Suid-Afrika, wat altesaam vyfduisend werknemers gehad het. Die prosesse van Linotype-setwerk en Fotogravure, vir die hantering van foto's en illustrasies, was al goed ontwikkel en algemeen in gebruik vir die druk van tydskrifte en koerante toe *Die Boerevrou* die eerste keer verskyn het.²⁸⁵ Tog was dié prosesse, wat ook vir die druk van *Die Boerevrou* gebruik is, in vergelyking met die digitale drukprosesse van vandag, baie tydrowend en omslagtig.

In Julie 1922 is daar in die redakteursbydrae van *Die Boerevrou* berig dat die redaktrise met vakansie is "... vér in die Bosveld êrens..." Die persoon wat in haar plek waargeneem het, het vertel dat die werk rondom so 'n tydskrif baie meer is as wat dit op die oog af lyk en dat dit baie tyd en inspanning kos om dit "... die mondstuk van die Afrikaanse vrouens ..." te hou.²⁸⁶

Ook M.E.R. het in 'n brief aan Sara Niemeyer op 14 Desember 1920 gemeld dat die opmaak van die tydskrif met baie moeite gepaard gegaan het. Sy vertel dat Malherbe vir haar 'n "skrifmasien" geleent het om op te werk en sy tik die brief vir oefening. Die papier wat sy gebruik het om op te tik was die wat die redaksie geweier het om aan te neem by die druk van die Desember-nommer weens al die foute daarin. "Ag dit was 'n geswoeg om dit alles in orde te krij, ek hoop die mense sal dit mooi vind.

²⁸⁴ *Die Boerevrou*, Februarie 1925, p. 29; *Die Boerevrou*, Maart 1925, p. 47; *Die Boerevrou*, April 1925, p. 56; *Die Boerevrou*, Mei 1925.

²⁸⁵ *Wêreldspektrum*, vol. 5, p. 138.

²⁸⁶ Redaksie, *Die Boerevrou*, Julie 1922, p. 2.

Ek self dink dat dit net goed is. Daar is nog heelwat drukfoute in al het ons dit 4 maal verbeter, maar ons het self naderhand die foute nie raak gesien nie.”²⁸⁷

Alle lettersetwerk is sedert Gutenberg se tyd met die hand gedoen tot daar in die 19de eeu pogings aangewend is om die setmetode te meganiseer. In 1885 het Otto Mergenthaler die Linotype-setmasjien in die V.S.A. ontwerp. Hierdie masjien het met behulp van ‘n toetsbord vir elke letter ‘n matrys of gietvorm geselekteer en dan lood in ‘n hele reël se matryse gegiet sodat die lettertjies nie los van mekaar is nie, maar elke reël ‘n soliede stuk lood vorm. ‘n Behendige handsetter kon ongeveer duisend karakters per uur set, maar ‘n Linotype-setmasjien het nagenoeg sesduisend karakters per uur gelewer. Die feit dat die letters nie los is nie, maar as soliede reëls gegiet is, het snelle hantering moontlik gemaak. Hierdie setmasjien het ‘n toetsbord soortgelyk aan dié van ‘n tikmasjien gehad. Telkens as ‘n toets gedruk is, het ‘n kopermatrys in ‘n vorm geval. Sodra genoeg letters en spasies vir een reël in die vorm gelê het, is die hele reël voor ‘n gietspuit geplaas en gesmelte lood uit die gietspuit in die reël matryse gespuit. So is Linotype-setreëls gemaak. Sodra die lood afgekoel het, is die reël na die staalgalei vervoer en die gebruikte matryse na die matrys-magasyne teruggevoer sodat dit vir die volgende reëls gebruik kon word. Foute kon net gekorrigeer word deur die hele reël oor te set.²⁸⁸ Om hierdie rede is setfoute in *Die Boerevrou*, wat voor uitgawe bespeur is, soms net in die redaksionele kolom vermeld of reggestel.²⁸⁹ Dit sou te tydrowend en duur wees om die hele bladsy oor te set.

Elke bladsy van ‘n koerant of tydskrif het presies dieselfde vooraf bepaalde lengte gehad en die loodreëls is opgedeel in bladsye wat elkeen dieselfde aantal reëls bevat het. *Die Boerevrou* is gedruk met ‘n drukmasjien wat drukplate van 31 x 22cm kon hanteer en ruimte vir 65 reëls per bladsy gehad het. By geïllustreerde publikasies, soos *Die Boerevrou*, moes daar tydens die opmaak van die bladsye vir illustrasies

²⁸⁷ J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, p. 134.

²⁸⁸ *Wêreldspektrum*, vol. 5, pp. 129,131.

²⁸⁹ Kyk byvoorbeeld Redaksie, *Die Boerevrou*, Februarie 1920, p. 3.

ruimte gelaat word. Nadat die bladproewe gekontroleer en die finale korreksies aangebring is, is die bladsye in drukvorms van agt, sestien of 32 bladsye saamgestel, afhangende van die tipe drukmasjien waarop die werkstuk gedruk sou word.²⁹⁰

In die Januarie 1929-uitgawe van *Die Boerevrou* verskyn die volgende by 'n advertensie vir die *Cape Times*: "Die blokke vir illustrasies wat in hierdie blad verskyn is gemaak deur die Cape Times Beperk Prosesdepartement." Verder word dié afdeling van die Kaapse koerant as die "spesialiste in kleur-blokke, halftone, koper-tone, lynblokke en fotogravure" beskryf.²⁹¹ Die voorbereiding van die grafiese materiaal is dus nie deur Die Noordelike Drukpers Maatskappy self gedoen nie, maar uitgekontrakteer. Fotogravure of Rotogravure verwys na 'n proses wat gebruik word vir die fotografiese voorbereiding van illustrasies vir 'n drukplaat. 'n Koperplaat word met 'n ligsensitiewe gelatienoplossing bedek waarna die beeld dan as 'n fotografiese negatief deur graving op die koperplaat aangebring word. Die drukwerk word van die plaat af gedoen. Die vroegste fotogravure-prosesse is in die 1830's ontwikkel en is in 1878 deur die Tsjeg Karel Klíč verfyn om foto's en illustrasies van hoë kwaliteit te lewer. As illustrasies by die artikels en advertensies in *Die Boerevrou* is heelwat sketse, tekeninge en linosneë gebruik. Daar is ook vroeg reeds, in die eerste jaar, foto's in die tydskrif gepubliseer.²⁹²

Die eerste kleurdrukwerk wat klaarblyklik in *Die Boerevrou* verskyn het, was 'n advertensie vir Clark's Anchor Coton à Broder (borduur-garing) wat in die uitgawe van November 1921 as 'n los blad ingevoeg is. In dieselfde uitgawe verskyn 'n interessante versoek in *Ons ruilkolom*: "Mev. Engelbrecht van Swasiland wil 10 mooi nuwe musiekstukke ruil vir 'Ladies Home Journals' of ander boeke met gekleurde plate. Sy wil papierkale daarvan maak."²⁹³ Mev. Engelbrecht was sekerlik in haar skik

²⁹⁰ *Wêreldspektrum*, vol. 5, p. 132.

²⁹¹ *Die Boerevrou*, Januarie 1929.


²⁹² *Wêreldspektrum*, vol. 5, p. 133.

²⁹³ *Ons ruilkolom*, *Die Boerevrou*, November 1921, p. 33.

met haar vonds van gekleurde papier in die Novemberuitgawe. Sy sou egter daarna nie gereeld gekleurde blaaie in *Die Boerevrou* aantref nie, al het mej. L.M. Saayman in September 1924 gereken: "n Gekleurde plaatjie hier en daar sal ook die Blad baie mooi maak."²⁹⁴ Gekleurde drukwerk was duur en net by enkele Kersuitgawes het daar 'n los gekleurde prent in die tydskrif verskyn.²⁹⁵

Figuur 33: 'n Los, gekleurde prent, wat geraam kon word, is soms by die feesuitgawes van *Die Boerevrou* ingesluit.

Uit: *Die Boerevrou*, Desember 1924.



5. Die einde in 1931

Volgens Lou-Marie Kruger het Mabel Malherbe *Die Boerevrou* in 1931 as 'n projek laat vaar omdat haar eie oortuigings oor die rol en posisie van vrouens mettertyd meer liberaal geword het.²⁹⁶ Hoewel so iets moontlik sou kon bydra tot haar besluit om die tydskrif te staak, is dit onwaarskynlik dat dit die hoofrede was. As Malherbe in staat was om, soos beweer word, haar lezers vir die nasionalistiese ideologie te wen, sou sy haar veranderde sienings ook suksesvol aan hulle kon oordra en hulle daarmee beïnvloed. Die tyd en energie wat haar pligte as burgemeester en die rol wat sy in die openbaar begin speel het, in beslag geneem het, asook die voortdurende bekommernis oor die finansies kan eerder as die deurslaggewende redes aangevoer word vir die staking van *Die Boerevrou*. Ook ander Afrikaanse tydskrifte het in hierdie jare swaargekry. *Die Brandwag* is byvoorbeeld in Februarie 1922 gestaak nadat dit 'n paar maande lank teen 'n verlies uitgegee is.²⁹⁷

²⁹⁴ Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, September 1924, pp. 8,9,10,11.

²⁹⁵ Kyk byvoorbeeld *Die Boerevrou*, Desember 1924.

²⁹⁶ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, U.C.T., 1991, p. 15.

²⁹⁷ J.C. Steyn, *Die 100 jaar van MER*, p. 137.

In November 1931 het Malherbe in die tydskrif geskryf dat die kinders dalk teleurgesteld sal wees om te sien dat hulle blad weer deel is van die ouerblad. Dit was nodig om dit weer as deel van *Die Boerevrou* uit te gee omdat dit te duur geword het om dit apart te druk. Dit kon egter steeds maklik uitgehaal word en in eie boekie gevou word soos vroeër, voor dit 'n afsonderlike publikasie was. Sy het verduidelik dat dit swaar gaan om die tydskrif finansieel staande te hou, want die advertensie-inkomste het drasties afgeneem. Lesers kon help deur te verseker dat hulle intekengeld "opbetaal" is, deur firmas te ondersteun wat in die blad adverteer en deur te help om nuwe intekenaars te werf. Daar is selfs afslag van 2/6 op die intekengeld belowe vir diegene wat elk 'n nuwe intekenaar kon werf. 'n Poging is aangewend om die lesers gerus te stel:

Almal kry nou swaar, en dit is verstaanbaar dat ons koerante en blaale ook saly want ons lesers kring is beperk. Alhoewel ons nou so ronduit en presies sê hoe sake staan beteken dit nie dat ons sonder moed is of hopeloos voel nie. Inteendeel is ons bereid om nog swaar te veg vir ons lewe, om alles in ons vermoë te doen om deur te worstel want ons is daarvan oortuig dat dinge stadig maar seker sal verbeter en dit hang net af of ons die uithouvermoë het of ons weer daar-bo sal kom.²⁹⁸

Die goeie voornemens van November ten spyt, was die afskeidsgroet in Desember onafwendbaar:

Vir die laaste keer praat ek vandag met u as Redaktriese. Soos ons verlede maand alreeds voorspel het, is ons verplig om die publikasie van *Die Boerevrou* te staak, en dit wel met hierdie uitgawe. Ek haas my om te sê dat ons intekenaars nie skuld daaraan het nie, want, die swaar tyd in aanmerking geneem, is daar betreklik weinig bedankings, en ons kry nog gedurig briewe

²⁹⁸ Redaksie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, November 1931 p. 1.

van waardering. Die skuld lê ook nie by ons nie, want ons is nog net so gewillig en gretig as ooit om die werk (die groot volkswerk soos ons dit beskou) voort te sit, en ons beste kragte daarvan te wy. Nee, die skuld lê by die algemene depressie wat dit vir ons advertensie-agente onmoontlik maak om langer vir ons voldoende advertensies te kry om die koste van die blad te dek. Advertensies is die lewensbloed van 'n blad, en daarsonder kan geen blad bestaan nie. In die swaar tye is die winkels genoodsaak om net in dagblaaie te adverteer, waarvandaan hulle gou resultate kan verwag." "Dus moet ek u, liewe vriendinne, vandag 'n tydelike vaarwel toeroep, nie soos een sonder hoop in die toekoms nie, maar met dankbaarheid vir wat ons in die verlede vir mekaar gewees het, en met die innige hoop dat ons verder mekaar sal bly dien, indien nie deur middel van die blad nie, dan wel op ander maniere.²⁹⁹

As sake-onderneming was *Die Boerevrou* dus uiteindelik nie geslaagd nie. Tog het die tydskrif 'n blywende indruk op die lewens van baie Afrikanervroue gelaat. Anna Neethling-Pohl vertel dat dit waarlik 'n bittere teleurstelling vir honderde leseresse én skrywers was toe die blad weens die depressie gestaak moes word: "Die enkele oppassendes wat vandag nog 'n volledige stel besit, blaai treurig daarin rond en hoop dat daar weer so 'n gesellige, nuttige artistieke blad sal ontstaan met dieselfde doel, ideale en diens van *Die Boerevrou*. Vir daardie groot werk te midde van onnoembare opofferings sal ons Mabel Malherbe nooit genoeg kan dank nie."³⁰⁰

Die verhaal van *Die Boerevrou* illustreer duidelik dat die wisselwerking tussen die redaksie van tynskrifte, hul adverteerders en die lezers reeds aan die begin van die twintigste eeu 'n komplekse samehang van rolspelers, oortuigings en gebeure was. Die publikasie van tydskrifte vind nie in isolasie plaas nie, maar word deur 'n

²⁹⁹ Afskeidsgroet, *Die Boerevrou*, Desember 1931, p. i.

³⁰⁰ A. Neethling-Pohl, Mev. Mabel Malherbe, *Die Huisgenoot*, 1 Junie 1945, p. 35.

verskeidenheid persone en faktore as veranderlikes beïnvloed. Gevolglik kan 'n tydskrif as 'n kulturele manifestasie van 'n spesifieke tydperk bestempel word.

HOOFTUK V: BESIELENDE RUBRIEKE IN *DIE BOEREVROU*

Met die bestudering van die groep besielende rubrieke en gereelde bydraes uit *Die Boerevrou*, het dit duidelik geword dat daar 'n noue verbondenheid tussen die redaksie van die tydskrif en die lesers bestaan het. Dit het waarskynlik ontstaan uit en is verder gevoed deur die aktiewe wisseling van idees en gedagtes tussen Mabel Malherbe en haar mederedaksielede aan die een kant en die lesers aan die ander kant.

1. Die redaksionele afdeling

Vandag is die redakteursbrief (Engels: *editorial*) van die meeste tydskrifte en koerante 'n "opinie-stuk" wat deur die redakteur of 'n senior personeellid geskryf word. Daar word ook dikwels daarna as die hoofartikel verwys en reflekter altyd die publikasie se amptelike standpunt.³⁰¹

Malherbe het die redakteursbrief van *Die Boerevrou*, met enkele uitsonderings wanneer sy oorsee of met vakansie was, altyd self geskryf.³⁰² Dit was nooit in die vorm van 'n artikel met 'n spesifieke onderwerp nie, maar eerder in die vorm van 'n brief en was direkte kommunikasie met die lesers.³⁰³ Hulle is aangemoedig om met die tydskrif te korrespondeer,³⁰⁴ is gevra om oor sekere aangeleenthede te dink,³⁰⁵

³⁰¹F.F. Odendaal (red.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 841; Editorial, <http://en.wikipedia.org/wiki/Editorial>. Toegang: Desember 2011.

³⁰²Redaksie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie en Ons Kleintjie*, April 1930, p.2; Redaksie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Mei 1930, p. 2; Redaksie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Oktober 1930, p. 2.

³⁰³Redaksie, *Die Boerevrouw*, April 1919, p.2; Redaksie, *Die Boervrou*, Januarie 1923, p. 2; Redaksie, *Die Boerevrou*, Junie 1923, p. 2.

³⁰⁴Redaksie, *Die Boerevrou*, Februarie 1922, p. 2; Redaksie, *Die Boerevrou*, Maart 1921, p. 2.

³⁰⁵Redaksie, *Die Boerevrou*, Februarie 1922, p. 2.

aan die wedstryde deel te neem,³⁰⁶ of te help om meer intekenaars te soek en die adverteerders te ondersteun.³⁰⁷

Algemene reëlings rakende die beleid en die verspreiding van die tydskrif is ook in hierdie afdeling aan die lesers gekommunikeer. So het 'n leser een maal gevra dat ander lesers oor hul ervarings uit die Anglo-Boereoorlog skryf en die tydskrif het 'n uitermate groot hoeveelheid brieve oor die oorlog en ondervindings in die konsentrasiekampe ontvang. Malherbe het haarself egter genoodsaak gevoel om haar beleid rondom die plaas van brieve te verander en het dit in die redaksionele bydrae van Augustus 1923 aan die lesers gekommunikeer:³⁰⁸

...juis omdat ons so diep bewoë is, het ons besluit om dergelike stukke nie op te neem nie. Ons doel met 'Die Boerevrou' is dat dit 'n hulp en genot moet wees vir alle Afrikaanse vrouens, ons vermy sover moontlik alles wat gemoedstorend sou kan wees.

Die feit dat Mabel Malherbe in die twintigerjare weier om hierdie brieve te plaas dien as verdere bewys dat sy nie *Die Boerevrou* doelbewus as publikasie-agent vir nasionalisme gebruik het nie. In die dertigerjare is "gemoedstorende" gebeure uit die Anglo-Boereoorlog dikwels juis gepubliseer om Afrikanervroue se swaarkry te verwoord en Afrikanernasionalisme te bevorder.³⁰⁹

³⁰⁶ Redaksie, *Die Boerevrou*, Oktober 1926, pp. 2,6.

³⁰⁷ Redaksie, *Die Boerevrou*, Januarie 1927, p. 2.

³⁰⁸ Redaksie, *Die Boerevrou*, Augustus 1923, p. 2; Nog voorbeeldlike kommunikasie oor die beleid: Redaksie, *Die Boerevrouw*, Julie 1919, p. 2; Redaksie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Junie 1931, pp. 2,4; Redaksie, *Die Boerevrouw*, September 1919, p. 2.

³⁰⁹ F. Pretorius, 'Should we forget?': A history series to promote Afrikaner nationalism in the 1930s and 1940s, referaat gelewer by die tiende internasionale konferensie van die Boek, Barcelona, Spanje, 30 Junie 2012.

Verder is die redaksiekolom soms gebruik om die lesers se aandag net op artikels, wat elders in die spesifieke uitgawe verskyn het, te vestig.³¹⁰ Wat wel ooreenstem met die hedendaagse siening van 'n redakteursbrief, is die feit dat Mabel Malherbe se persoonlike oortuigings altyd duidelik uit die redakteursbydrae geblyk het. Toe sy lesers byvoorbeeld versoek het om briewe te skryf oor of dit wenslik is dat 'n getroude vrou buitenshuis werk, het sy ook duidelik te kenne gegee dat sy self nie gekant daarteen was nie.³¹¹

Die feit dat Malherbe die redakteursbrief vir die doel van kommunikasie met die lesers aangewend het, eerder as om daarin bewys te probeer lewer van haar eie joernalistieke vermoëns, het daar toe bygedra dat daar 'n hegte band tussen die lesers en die redaksie van *Die Boerevrou* ontstaan het. Soos sy self in Januarie 1926 verklaar het:

... elke vrou, al is sy ure van haar naaste buurvrou verwyder, sal deur ons blad 'n aanknopingspunt kry om met haar susters te gesels of te werk.³¹²

Malherbe onthou later jare in *Die Boerevrou-boek* steeds die verbondenheid wat sy en die destydse lesers van die tydskrif met mekaar gevoel het. Volgens haar was dit die eerste leesstof wat baie plattelandse vrouens in Transvaal in hul eie taal gekry het. Die geliefdheid van die blad blyk duidelik uit die talryke briewe wat ontvang is, selfs van mense wat gesê het dat hulle nie eintlik graag of maklik skrywe nie. Sommige het die blad selfs 'Vroutjie' genoem.³¹³ Daar is ook elke jaar met die tydskrif se verjaardag en met Kerstdag groot hoeveeldhede briewe ontvang waarna daar dan telkens net in die redaksiekolom verwys is, sonder om dit te plaas.³¹⁴ Die besondere band wat

³¹⁰Redaksie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Oktober 1931, pp. 1,8.

³¹¹Redaksie, *Die Boerevrou*, Januarie 1928, p. 2.

³¹²Redaksie, *Die Boerevrou*, Januarie 1926, p. 2.

³¹³K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 7.

³¹⁴Redaksie, *Die Boerevrou*, Januarie 1928, pp. 2,5.

tussen leseresse en die redaksie bestaan het, bewys die gewildheid van die tydskrif en dui daarop dat dit 'n definitiewe invloed op die lesers gehad het.

Die band is ongetwyfeld versterk deur die gemoedelike en baie eerlike geselstrant wat deur die redaktrise gebruik is.³¹⁵ Gevolglik was die korrespondensie-afdeling, wat nie aanvanklik deel van *Die Boerevrou* was nie, 'n natuurlike uitvloeisel van die interaktiewe aard waarop Malherbe die redaksiekolom van die begin af bedryf het.

2. Die briewekolom

Die eerste briewe wat van Boerevrou-lesers ontvang is, is deur die redaksionele afdeling of die gedeelte vir resepte, vrae en wenke geabsorbeer. Skaars twee maande na die eerste verskyning van die tydskrif was die briewe egter so baie dat dit 'n aparte briewekolom regverdig het:

In hierdie nummer begin ons 'n korrespondensie-kolom. Ons hoop dit sal baje groot word en versoek ons intekenaars om te antwoord op die vrae en wenke wat van tijd tot tijd voorkom. En ons vra nie alleen korrespondensie wat instem met ons gedagtes en die gedagtes van ons korrespondente. Kritiek sal ons verwelkom en als iemand 'n beter gedagte het oor 'n onderwerp wat ons bespreek of dit beter kan duidelik maak dan hoop ons dat hulle dit somaar dadelik aan ons sal skrywe. Diegene wat wil kan 'n skuilnaam gebruik maar ons moet altijd die volle naam en adres van alle korrespondente weet voor ons enige brief kan publiseer.³¹⁶

Die lesers het Malherbe in haar hoop dat dié afdeling tot iets groot sou groei, nie teleurgestel nie en in Mei 1926 kon sy sê:

³¹⁵Redaksie, *Die Boerevrouw*, Junie 1919, p. 2.

³¹⁶Redaksie, *Die Boerevrouw*, Mei 1919, p. 2.

As ons al die vriendelike briewe wat ons ontvang in die Koffietafel-afdeling sou plaas, sou die hele Boerevrou net 'n geselsery om die Koffietafel wees.³¹⁷

Dit wil voorkom of byna alle briewe wat deur die tydskrif ontvang is, of gepubliseer is of persoonlik beantwoord is. Die bestuurderes, Marguerite Pienaar, het op versoek om raad, talryke briewe geskryf.³¹⁸ In haar verhandeling oor Sarie bestempel Lizette Rabe vir Pienaar selfs as die eerste Afrikaanse "agony aunt".³¹⁹ Die Boerevrou-kantoor in Bureaulaan in Pretoria is ook gereeld deur lesers besoek. Eva Walters (Rita Hubregtse) het in 1932 geskryf dat sy daarvan gewoond moes raak dat op enige uur van die dag, druk of nie, besoekers in die kantoortjie verwelkom is. Baie mense het persoonlik of telefonies, versoek om hulp gerig. Die kantoor was volgens haar in werklikheid niks anders as 'n hulpburo nie.³²⁰

Dis nie moontlik om te sê of Malherbe die belangrike sosiale rol, wat die tydskrif deur die aanmoediging van korrespondensie gespeel het, vooraf kon voorsien nie, maar dis baie duidelik dat sy daardeur aan 'n groot behoefte onder Afrikaanse vrouens in daardie jare voldoen het. Sy moes dikwels, om plek te spaar, net aanhalings uit die talle briewe van waardering publiseer.³²¹

Daar is in 1920 besluit om die briewekolom se naam te verander van *Korrespondensie* na *Om die Koffietafel*. In haar verhandeling huldig Lou-Marie Kruger tereg die mening dat dit 'n manier was om die lesers te help om deur rituele en metafore hulself te verbeeld dat hulle deel van 'n gemeenskap was. Die denkbeeldige gesprek rondom 'n koffietafel dien as 'n kragtige metafoor omdat gesellige samesyn

³¹⁷Redaksie, *Die Boerevrou*, Mei 1926, p. 2.

³¹⁸K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 7.

³¹⁹L. Rabe, *Die ontstaan en ontwikkeling van Sarie Marais as massatydskrif vir die Afrikaanse vrouw*, M.A.-verhandeling, U.S., 1985, p. 29.

³²⁰Aangehaal deur L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A.-dissertation, 1991, p. 175.

³²¹Korrespondensie, *Die Boerevrouw*, Desember 1919, p. 36.

met vriende en familie vir Afrikaners bekend was en hulle maklik daarmee kon identifiseer. Deur briewe aan die tydskrif te rig, het lesers volgens Kruger simbolies lede geword van 'n gemeenskap met spesifieke etniese en geslagsgrense en waarvan die leefstyl en waardes geïdealiseer is. So 'n gemeenskaplike identiteit is volgens haar 'n noodsaaklike element vir die bevordering van die nasionalistiese ideologie en was onontbeerlik as Malherbe die lesers van *Die Boerevrou* suksesvol met nasionalisme en die Volksmoeder-ideologie wou bereik.³²² Dit is belangrik om kennis te neem dat hoewel hierdie argument die impak en uitwerking van die gebruik van die metafoor op die lesers uitwys en verklaar, dit te betwis of Malherbe dit opsetlik met die uiteindelike bevordering van nasionalisme in gedagte, gekies en gebruik het. Die behoefte wat haar lesers geopenbaar het aan samesyn en die inskakeling by 'n sosiale groep kan eerder aangevoer word as 'n rede vir die keuse van die metafoor van 'n geselskap om 'n koffietafel.

Deur die jare het vrouens van verskillende ouderdomme en uit verskillende omgewings by die geselskap aangesluit. In September 1923 het mej. Moolman gevra of sy ook maar by die koffietafel mag kom sit. Sy was negentien jaar oud en na haar eie mening te oud vir die kinderafdeling.³²³ Sophia Elof van 'n plaas naby Rustenburg was net sestien jaar oud en het laat weet haar ma is oorlede en sy moet vir haar pa, haar jonger boetie en twee jonger sussies sorg. Sy het *Die Boerevrou* onmisbaar en leersaam gevind: "... want ek sien daarin baie dingetjies wat vir 'n vrou nodig is om te weet ..." ³²⁴ Dokter Nell Keet van Senekal het geskryf dat sy nie 'n Afrikaner is nie, maar 'n Kaaskop en nie kan brood bak of boer nie, maar ook 'n behoefte het om saam te gesels.³²⁵ Uit Kenia het Johanna Murton laat weet dat sy baie eensaam is en

³²² L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A.-dissertation, 1991, pp. 239-255.

³²³ Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, September 1923, pp. 11,13,15.

³²⁴ Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Oktober 1928, pp. 47,49.

³²⁵ Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Februarie 1926, pp. 11,13,15.

behoefte aan geselskap het.³²⁶ En uit Amsterdam, Nederland, kon mevrou L. Greenlees verklaar:

Ek moet jou waarlik felisiteer met Die Boerevrouw. Ek vind dit 'n baie goeie blad en wil goed glo dat dit op die plase bijval vind. Ek gee myne altijd aan mev. ds. van der Merwe, pres. Steyn se dogter, en sij geniet dit ook baie.³²⁷

Malherbe het latere lesers van *Die Boerevrouw*-boek versoek om in gedagte te hou dat die destydse tydskrif hoofsaaklik bestem was vir die ongekunstelde vrouens van die platteland en dat die bekoring van die briewe huis in die naïewe trant was waarin dit geskryf is. Dit het na haar mening gepas by die eenvoud en oregtheid van die lesers.³²⁸ In Maart 1921 het 'n leser, genoem M., die aard, trant en onderwerpe van die koffietafelgesprekke in 'n brief aan die tydskrif goed opgesom:

Liewe Boerevrouw, Ek sien julle gesels so oor allerhande dinge by die Koffietafel. Dit is so na my sin, want ons vrouens, so sê hulle, bly mos nie by een onderwerp nie, maar vlieg van een ding na die ander – glo omdat ons kindertjies die gewoonte het om ons uit die slaap en werk en plesier weg te roep as hulle ons nodig het; dan moet ons maar neergooi en loop. Nou, hoe sal mens maak? Jy kan nie sit en logies redeneer oor 'n onderwerp van A tot Z, en tegelykertyd kind oppas nie.³²⁹

Toe iemand gevra het of so baie vrouens vir die tydskrif skryf omdat hulle graag hul eie name in gedrukte vorm wil sien, het Lenie Boshoff geantwoord dat dit eerder is omdat hulle iets op die gemoed het om oor te praat en dat 'n mens, as jy klaar

³²⁶Om die Koffietafel, *Die Boerevrouw*, Februarie 1928, pp. 11,12,13,15,17.

³²⁷Om die Koffietafel, *Die Boerevrouw*, Februarie 1921, pp. 15.

³²⁸K. Malherbe, *Die Boerevrouw*-boek, p. 8.

³²⁹Om die Koffietafel, *Die Boerevrouw*, Maart 1921, p. 8.

geskryf het, jou nie meer so maklik daaroor kwel nie.³³⁰ Vir *Die Boerevrou*-boek het Malherbe vir Rita Hubregtse gevra om ook iets oor die destydse koffietafelbriewe te skryf. Haar bydrae bevestig ook die indruk dat die lesers van die tydskrif ongekunsteld en opreg was en hulle nie laat voorskryf het nie:

... [Vrouens] skryf nie sommer briefies nie. Hulle gesels hartlik saam, gee hul weloorwoë opinie oor die kwessies van die dag en mooiste van al, vertel 'n ware storie van eie ervaring of uit die deurleefde familiegeschiedenis wat ons vandag meer as ooit boei. Vir hulle is die belangrikste punt die suiwer waarheid van die verhaal. Wat traak hulle reëls van skryfkuns, klassieke filosofie of tegniek! Alleen die waarheid tel. En so moet dit wees tot in die hoogste kuns. Geen wonder nie dat al die lesers van *Die Boerevrou* geleerd of ongeleerd, poëties of prosaies aangelê, die egte, eenvoudige ware stories van vanmelewe se dae deur gewone boerevroue verhaal, hoog op prys gestel het!³³¹

In Junie 1921 het Malherbe gesê dat die redaksie uit die talle briewe aanwysings en wenke gekry het om die blad in 'n bepaalde rigting te stuur. Daar is met dieselfde uitgawe 'n begin gemaak om elke maand 'n spesiale teelepeltjie te skenk aan die skrywer van die brief wat die driemanskop op kantoor die meeste plesier gegee het.³³² Mev. Jeanne Bakker het byvoorbeeld in Augustus 1922 die lepeltjie gekry omdat haar brief die redaksie glo lekker laat lag het. Sy het vertel van 'n Nederlandse vrou wat sy ken, wat in die tydskrif vir gansvere gevra het en uit alle dele van die Unie so baie vere ontvang het dat sy snags van vere begin droom het.³³³

³³⁰Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Julie 1925, pp. 6,7,8,9,56.

³³¹K. Malherbe, *Die Boerevrou*-boek, p. 38.

³³²Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Junie 1921, pp. 17,19,21.

³³³Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Augustus 1922, p. 8.

Die korrespondensiekolom was teen die stadium dat die lepeltjie-prys ingestel is, reeds 'n gevestigde rubriek en die prys het nie 'n beduidende toename in brieve in die algemeen gehad of veroorsaak dat lesers meer gehoor aan versoek vir brieve oor spesifieke onderwerpe gegee het nie. Hoewel Malherbe dikwels onderwerpe voorgestel het om oor te skryf, het baie lesers hulle nie daaraan gestuur nie en self besluit wat hulle wil meedeel of waaroor hulle raad wil vra. In Junie 1924 is 'n mooi handsakkie beloof vir die beste brief wat begin met: "As ek die redakteur van *Die Boerevrou* was, sou ek ..." In antwoord hierop is daar onder meer voorstelle gemaak vir artikels oor die lewenswyse van vrouens van verskillende lande, wenke oor moederskap, meer gekleurde prente, bespreking van die advertensies, sielkundige stukke oor byvoorbeeld kinderopvoeding, besprekings oor vrouestemreg en meer artikels oor huisinrigting. Die vrouens se behoeftte om hul menings te lug blyk eerder die rede vir die talle brieve oor die onderwerp te wees, as die handsak-prys, want in dieselfde uitgawe het mev. ds. Mimie Nicol die lepeltjie gewen vir 'n brief oor 'n heel ander onderwerp, naamlik haar vakansie by Malhabatine.³³⁴

Lesers het aanvanklik in die briewekolom raad gevra oor 'n verskeidenheid onderwerpe. Mej. Visser wou byvoorbeeld weet watter soort broeimasjien die redaksie sou aanbeveel en mev. Van Aswegen waar sy 'n stampblok kon koop. Mev. Van Heerden het raad gevra oor kindervoeding en mev. De Clercq oor watter soort grassaad die beste in 'n koue klimaat sal groei.³³⁵ Mettertyd is al die baie vrae in 'n aparte rubriek vir vrae en wenke geakkommodeer.

Benewens haar onversetlike siening oor onderwerpe wat sekere lesers aanstoot kon gee, het Malherbe geweier om enige brief te laat plaas waarvan die sender nie bereid was om haar ware identiteit aan ten minste die kantoor bekend te maak nie.³³⁶

³³⁴Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, September 1924, pp. 8,9,10,11.

³³⁵Korrespondensie, *Die Boerevrou*, Junie 1919, pp. 5,6,7.

³³⁶Redaksie, *Die Boerevrou*, April 1922, p. 2.

Skuilname is wel in die tydskrif gepubliseer, maar is nie in korrespondensie tussen die redaksiekantoor en die lesers gebruik nie.

Sulke streng reëlings ten spyt, was die rubriek *Om die Koffietafel* besonder gewild onder die lesers van *Die Boerevrou* en hulle het nie geskroom om hul waardering daarvoor uit te spreek nie. Sommige lesers het erken dat dit die eerste was wat hulle gelees het as hulle die tydskrif ontvang het. Ander het vertel dat hulle sommer lus kry om ook te skryf as hulle eers die ander lesers se briewe gelees het. Mev. J. Hiemstra het gereken dat die geselskap om die koffietafel alleen meer werd is as die 10/- wat sy vir die hele tydskrif betaal het en mev. M.J.R. Engelbrecht het die hoop uitgespreek dat sy nooit weer sonder so 'n tydskrif sou hoef te wees nie, aangesien die geselsies om die tafel vir haar 'n ware seën was.³³⁷ Uit mev. M. se waarderende brief blyk haar behoefte aan die band, wat met die redaksie en die ander lesers bestaan het, duidelik:

'n Mens voel dat jy jou moeilikhede om die Koffietafel kan deel en dat dit met simpatie ontvang sal word.³³⁸

3. Geestelike oordenking

Reeds vroeg in *Die Boerevrou* se geskiedenis, in Mei 1919, het mevrou A. Grobler 'n versoek gerig dat daar in elke uitgawe 'n geestelike oordenking ook verskyn.⁴² Teen Julie 1919 is die eerste reaksie op die versoek in die tydskrif geplaas. Van die lesers was van mening dat daar genoeg kerkblaie bestaan het en dat geestelike bydraes dalk onenigheid tussen kerkgenoootskappe kon veroorsaak.³³⁹ Hierdie siening het die

³³⁷Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Februarie 1922, pp. 15,17,19,21,23; Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Julie 1922, pp. 14,15,17.

³³⁸Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, April 1922, p. 8.

³³⁹Korrespondensie, *Die Boerevrouw*, Julie 1919, pp. 6,7.

amptelike standpunt van die tydskrif geword³⁴⁰ hoewel daar in die Kersuitgawes egter gewoonlik enkele artikels van 'n godsdienstige aard verskyn het.³⁴¹

In Mei 1922, na die ekonomiese insinking en politieke spanning wat in die land geheers het as gevolg van die groot mynstaking in Januarie daardie jaar, het Malherbe in die redakteursbrief op die volgende manier na 'n geestelike bydrae van prof. J.A. du Plessis verwys:³⁴²

Ons maak nie 'n vaste reël daarvan om sulke stukke op te neem nie, want ons dink dis meer tuis in die verskillende kerkblaaie, maar dié stuk kom juis op die regte tyd. Ons volk gaan deur so 'n moeilike tyd en veral die arme word so swaar getref, dat dit die heilige plig van elke mens is om alles te doen wat moontlik is om die nood te lenig.

Tog blyk dit dat die meeste lesers van die tydskrif baie godsdienstig was³⁴³ en dat daar mettertyd nog versoek om geestelike leesstof was.³⁴⁴ Uiteindelik het *Die Boerevrou* gehoor gegee en elke maand 'n geestelike stuk geplaas.³⁴⁵ 'n Reeks karaktersketse oor vrouens van die Bybel het van Augustus tot Oktober 1922 verskyn en in September 1922 het 'n Christelike rubriek afgeskop in die vorm van vier "Bybellesse", een vir elke Sondag van die maand. Die rubriek is *Stille Sondagure*, gedoop.³⁴⁶

³⁴⁰Redaksie, *Die Boerevrouw*, Augustus 1919, p. 2.

³⁴¹Redding en Blydschap. 'n Boodskap vir Kersfees. Deur Ds. du Plessis, *Die Boerevrou*, Desember 1921, p. 3.

³⁴²Redaksie ,*Die Boerevrou*, Mei 1922, p. 2.

³⁴³Beweys van die lesers se godsdienstige karakter – Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Oktober 1921, pp. 8,9,10,11; Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Mei 1922, pp. 10,11,12,13,15; Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, September 1924, pp. 8,9,10,11; Ruilkolom, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Oktober 1931, pp. 37,41.

³⁴⁴Redaksie, *Die Boerevrouw*, Augustus 1922, p. 2.

³⁴⁵Redaksie, *Die Boerevrou*, Oktober 1922, p. 2.

³⁴⁶Stille Sondag Ure, *Die Boerevrou*, September 1922, pp. 3,4.

Hierna het geen verdere uitgawe van *Die Boerevrou* ooit weer sonder 'n godsdiestige oordenking verskyn nie. Soms was die rubriek nie in die vorm van vier afsonderlike kort preke nie, maar een langer oordenking en verskillende skrywers het mekaar afgelos, naamlik ds. J. Adler, prof. J.A. du Plessis, ds. A. Esterhuysen, ds. D. Rumpff en ds. R. Theron.³⁴⁷ Verskeie lesers het mettertyd hul waardering vir "die Stille Sondag-ure" om die koffietafel uitgespreek.³⁴⁸

Daar is nooit oor spesifieke kerkgenootskappe of onderwerpe wat verdeeldheid kon veroorsaak, gepraat nie. Slegs 'n grappie wat in die uitgawe van Julie 1923 verskyn het, kan moontlik 'n aanduiding daarvan wees dat die meerderheid van die lesers van *Die Boerevrou* aan die gereformeerde kerke behoort het:

'n Seuntjie wat vir die eerste maal in die Metodiste kerk kom en onder gebed
'n paar 'amens' hoor, kan dit later nie meer hou nie en stap na die persoon
wat bid en sê: 'moenie jou aan hulle steur nie, bid solank as wat jy lus het.'³⁴⁹

4. Kinderfoto's

In die uitgawe van Mei 1919 het die redakteuse van *Die Boerevrou* voorgestel:

Sal dit nie mooi wees nie als ons 'n bladsij kinder portrette in die 'Boerevrouw' sit? Wat dink die moeders? Stuur a.u.b. mooi kinderportrette, maar sit tog a.u.b. altijd die volle naam en adres op so 'n portret en als dit weer terug moet gestuur word dan moet voldoende pos-seëls bij wees.³⁵⁰

³⁴⁷Stille Sondag-ure, *Die Boerevrou en Ons Kleintje*, Oktober 1931, pp. 3,4; Stille Sondagure, *Die Boerevrou*, November 1924, pp. 3,4; Stille Sondagure, *Die Boerevrou*, Oktober 1928, p. 3; Stille Sondagure, *Die Boerevrou*, Januarie 1928, pp. 3,4; Stille Sondagure, *Die Boerevrou*, Mei 1928, p. 3.

³⁴⁸Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, April 1923, pp. 15,17,21.

³⁴⁹Grappies, *Die Boerevrou*, Julie 1923, p. 19.

³⁵⁰Redaksie, *Die Boerevrouw*, Mei 1919, p. 2.

Die gevolg van hierdie voorstel was die geboorte van 'n rubriek, *Jong Suid-Afrika*, in Julie 1919, met vier foto's van kindertjies.³⁵¹ Van reg oor die land het lesers begin om foto's in te stuur. 'n Gemiddeld van sowat ses foto's kon mettertyd per uitgawe gepubliseer word. Sommige maande was daar selfs meer, tot vyftien foto's.³⁵²



Figuur 34: Hierdie foto van Hjalmar Reitz (hier vier en 'n half jaar oud) het saam met drie ander foto's in die eerste *Jong Suid-Afrika*-rubriek in *Die Boerevrou* van Julie 1919 verskyn. Hy was die kleinseun van oud-president F.W. Reitz.

Uit: *Jong Suid-Afrika*, *Die Boerevrou*, Julie 1919, p. 22.

Uit die name en beskrywing van die foto's is dit duidelik dat nie altyd net die trotse ouers die foto's ingestuur het nie, maar ook ander familielede van die kinders, soos oumas en tannies.³⁵³

Daar is ook meer as een maal 'n "kiekie-wedstryd" vir die Desember-feesuitgawes uitgeskryf. Vir die Desember 1924-uitgawe is foto's gevra van kinders of werksaamhede op 'n boereplaas of natuurtonele. Pryse sou toegeken word vir die mooiste foto's met goeie beskrywings.³⁵⁴ Die reaksie van die lesers was oorweldigend. Daar kon 27 foto's van kinders wat swem, met troeteldiere speel of tuin maak, in die feesuitgawe gepubliseer word. Mev. Van H. Tulleken het ook 'n foto van twee vrouens, wat hoede vleg, ingestuur³⁵⁵ en daar is altesaam veertien foto's van

³⁵¹*Jong Suid-Afrika*, *Die Boerevrou*, Julie 1919, p. 22.

³⁵²Kyk byvoorbeeld: *Jong Suid-Afrika*, *Die Boerevrou*, uitgawes van September 1923, Januarie 1925 en Julie 1925.

³⁵³*Jong Suid-Afrika*, *Die Boerevrou*, Augustus 1923, pp. 28,29.

³⁵⁴Redaksie, *Die Boerevrou*, September 1924, p. 2.

³⁵⁵*Jong Suid-Afrika*, *Die Boerevrou*, Desember 1924, pp. 40,41,43.

natuurtonele ontvang.³⁵⁶ Foto's van plaaswerksaamhede het dertien getel. Die foto's wys ganse en eende, 'n mieliehoop, seepkook, broodbak, varkslag, koringsny en dors en lusernhooi, wat opgelaai word.³⁵⁷

Vir die kiekie-wedstryd van Desember 1928, is daar foto's van Durban, Tulbagh, Witbank, Worcester, Bethal, Paulpietersburg, Trichardt, Wolmaransstad en Morgenzon ontvang. Twee prysse is in elk van die volgende afdelings toegeken: kinders, werksaamhede op die werf en natuurtonele.³⁵⁸ 'n Jaar later was daar weer 'n soortgelyke wedstryd, met 'n kinderafdeling en 'n afdeling vir foto's van die plaaslewe.³⁵⁹

'n Leseres het laat weet dat sy gipsrentjies maak van die foto's wat in *Jong Suid-Afrika* verskyn, en het aangebied om dit ook teen betaling vir die ouers van die kinders, wie se foto's verskyn het, te doen.³⁶⁰ In Julie 1924 het Koloniedogter verklaar dat sy baie van die foto's van die "liewe ou babetjies" hou.³⁶¹

Die rubriek het van die middel van 1925 nie meer elke maand verskyn nie, maar daar is steeds gereeld kinderfoto's van lesers ontvang en geplaas. In Februarie 1926 het 'n foto van Marie Paulowna Keet op haar eerste verjaardag verskyn. Sy was die dogtertjie van die bekende dokters Nell N.C. en A.D. Keet van Senekal.³⁶² In Augustus 1927 het twee leseresse byvoorbeeld ook uit Brits Oos-Afrika foto's gestuur. Mev. De Bruin het saam met haar sustertjie en haar baba by 'n renoster, wat hulle in

³⁵⁶Fotos van natuurtonele, *Die Boerevrou*, Desember 1924, pp. 4,5,12,13.

³⁵⁷Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Desember 1924, pp. 19,21,22; Redaksie, *Die Boerevrou*, Augustus 1928, p. 2.

³⁵⁸Redaksie, *Die Boerevrou*, Desember 1928, p. 2,53.

³⁵⁹Redaksie, *Die Boerevrou*, Desember 1929, pp. 2,6.

³⁶⁰Ruikolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Augustus 1922, pp. 33,35.

³⁶¹Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Julie 1924, pp. 14,15,17.

³⁶²*Die Boerevrou*, Februarie 1926, p. 9.

hul landerye geskiet het, geposeer, terwyl mev. Dugand afgeneem is saam met haar seuntjie by 'n dooie leeu, wat hul beeste gevang het.³⁶³

5. Grappies en raaisels

Onskuldige grappies oor die sedes en oor tradisionele gesagsfigure in die Afrikanersamelewing, soos die predikant en die dokter, het dikwels in *Die Boerevrou* verskyn:

'Ek is verwonder' sê die predikant, wat 'n seun sien vis vang bji die spruit, 'dat jij hier sit en vis vang op 'n Sondagmore.' 'Waarom?' sê die seun, 'Weet oom van 'n plek waar die visse beter bijt?'³⁶⁴

In die eerste ses uitgawes van *Die Boerevrou* (Maart tot Augustus 1919) is alle grappies en raaisels onder een rubriek gedruk. Die titel van die rubriek, *Die Harlekein*, is in Maart en April anders gespel as van Mei tot Augustus. Toe is *Die Harlakijn*, bo die aanvanklike, vir vandag, meer aanvaarbare spelling verkies. Vanaf September 1919 was daar nie meer 'n aparte afdeling vir grappies nie en het dit verspreid tussen die ander leesstof in die tydskrif voorgekom.³⁶⁵

'Ek vrees uw man lê buiten hoop,' sê die dokter. 'Ek kan niks vir hom doen nie.' 'Moenie glo nie!' kom 'n swak stem van die bed af. 'Julle dink verniet dat ek gaan kop uittrek.' 'Stil, ouman,' antwoord sij vrou – 'Laat dit maar aan die dokter oor - hij weet beter als jij.'³⁶⁶

³⁶³Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Augustus 1927, pp. 9,10,11,12.

³⁶⁴Die Harlekein, *Die Boerevrou*, Maart 1919, p. 22.

³⁶⁵Die Boerevrou, September 1919.

³⁶⁶Die Boerevrou, September 1919, p. 24.

Die lesers, veral die kinders, het dikwels grappies ingestuur en het dit klaarblyklik ook die meeste geniet. Mev. L. Cronjé het geskryf dat haar twee dogterjies altyd eerste na die grappies in die tydskrif gevra het.³⁶⁷ Die grappies en raaisels was egter ook vir die volwasse lesers bedoel. Een leseres het geskryf dat om lekker te lag vir die tydskrif se grappies, 'n mens vrolik stem wanneer die wêreld swaar druk.³⁶⁸

Ongetwyfeld het baie gesinne *Die Boerevrou* se meer as 200 grappies en raaisels deur die jare saam geniet. Ene Vriendin het in Augustus 1922 vertel dat hulle saans voor die kaggel die tydskrif gelees het. Haar seun het dit so baie geniet dat hy wou weet hoekom *Die Boerevrou* nie elke week kon verskyn nie.³⁶⁹

Hy: 'Hoeveel moet ek jou broertjie gee dat hy nie moet verklap dat ek jou gesoen het nie?' Sy (ingedagte): 'O hy kry gewoonlik 'n sieling.'³⁷⁰

6. Die kinderafdeling

Van Maart 1919 tot in Junie 1925 was daar, met die uitsondering van enkele uitgawes, ook 'n afdeling spesiaal vir die kinders in *Die Boerevrou*.³⁷¹ Dit is aanvanklik die *Kinderafdeling* genoem en later *Vir al die kinders wat Die Boerevrou lees* of soms net *Vir die Kinders*. Die afdeling het stories, gediggies, raaisels, liedjies, inkleurprente en speletjies vir kinders bevat.³⁷² Die kinders het self baie van die bydraes ingestuur en is aangemoedig om oor sekere onderwerpe opstelle en briewe te skryf. Die

³⁶⁷Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Mei 1921, p. 5; Raaisel wedstryd, *Die Boerevrou*, Maart 1923, p. 55.

³⁶⁸Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Oktober 1922, pp. 13,15,17.

³⁶⁹Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Augustus 1922, pp. 12-14.

³⁷⁰*Die Boerevrou*, Mei 1926, p. 19.

³⁷¹Kyk byvoorbeeld: *Die Boerevrou*, Januarie 1921.

³⁷²Vir al die kinders wat *Die Boerevrou* lees, *Die Boerevrou*, Junie 1923, pp. 51,52; Vir al die kinders wat *Die Boerevrou* lees, *Die Boerevrou*, Mei 1924, pp. 28,29,31; Vir al die kinders wat *Die Boerevrou* lees, *Die Boerevrou*, Julie 1923, pp. 49,51; Vir al die kinders wat die *Boerevrou* lees, *Die Boerevrou*, Maart 1924, p. 71.

opstelle wat prys gewen het, is dan dikwels in die tydskrif gepubliseer. Soms het die redaktrise kommentaar gelewer op die opstelle en briewe en het raad gegee om dit te verbeter.³⁷³ In Oktober 1922 het Bybie Maré en Tienie Stiglingh prys gewen vir hul opstelle oor voëls en wilde diere. 'n Verbasende groot hoeveelheid kinders het ook opstelle vir hierdie uitgawe oor mak meerkaie geskryf.³⁷⁴

Uit die kinders se briefies kan daar baie oor die plaaslewe en die lewe op die dorp in die twintigerjare afgelei word. Party vertel dat hulle met 'n donkie of donkiekar skool toe gery het, ander was in 'n kosskool en het baie huistoe verlang en sommige is tuis onderrig.³⁷⁵ Doris se briefie was 'n treffende voorbeeld hiervan:

Dis die eerste maal dat ek vir jou skryf, want ek is te skaam om vir jou te skryf.
Ek was nog nooit in 'n skool nie, ek leer by my mammie.
Red. Dankie vir jou briefie, Doris. Jy hoef nie skaam te wees nie om te skrywe,
jou Mammie het jou baie mooi geleer.³⁷⁶

Ander het weer vertel hoe hulle ma's en oumas leeus en slange, wat naby die huis gepla het, doodgeskiet het, of hulle het onwetend dinge verklap waарoor hul ouers alstry gekry het.³⁷⁷ Ook kan afgelei word dat lesers wat op 'n dorp gewoon het en nie koelkamers gehad het nie, elke dag vleis van die slaghuis af gekry en hulle eie groentetuine aangeplant het. Helien Roux het in haar opstel oor katte vertel van hulle kat, Oupa Tom, wat "as die vlees smôrens van die slaghuis af kom dan gaan sit hy daarby asof hy dit moet oppas en hy sit nooit sy bek daaraan nie." Oupa Tom het ook blykbaar altyd die molle, wat in hulle groentetuin gepla het, gevang.³⁷⁸

³⁷³Vir die Kinders, *Die Boerevrou*, Julie 1922, pp. 41,43,44.

³⁷⁴Vir al die kinders wat die Boerevrou lees, *Die Boerevrou*, Oktober 1922, pp. 41,43,45,46.

³⁷⁵Vir die kinders, *Die Boerevrou*, Junie 1925, pp. 43,44,45.

³⁷⁶Vir die Kinders, *Die Boerevrou*, Julie 1922, pp. 41,43,44.

³⁷⁷Vir die Kinders, *Die Boerevrou*, Julie 1922, pp. 41,43,44; Vir al die Kinders wat Die Boerevrou lees, *Die Boerevrou*, Januarie 1922, pp. 43,45; Vir al die kinders wat die Boerevrou lees, *Die Boerevrou*, Februarie 1923, pp. 45,47.

³⁷⁸Vir al die kinders wat Die Boerevrou lees, *Die Boerevrou*, Augustus 1922, pp. 43,45,47.

Soms was die kinderbriefies te veel om te plaas en Malherbe was oortuig daarvan dat selfs as die kinderafdeling "... 12 bladsye was sou ons dit steeds fluit-fluit vol kry."³⁷⁹ Daar was nooit klagtes oor die kinderrubriek nie en baie lesers, jonk en oud, was hoogs tevreden daarmee en baie dankbaar daarvoor. Mej. S.E. Lötz het die tydskrif gelukgewens met die goeie gehalte van die kinderafdeling terwyl die kinders by die skool waar Mej. M. Spies 'n onderwyseres was, ook graag die afdeling gelees het.³⁸⁰ Mev. Krige was betrokke by 'n koshuis waar behoeftige kinders gewoon het en het selfs nog meer leesstof vir kinders vir die lang winteraande gevra.³⁸¹ Victor Carinus-Dreyer, 'n seun van elf jaar, was "baie lief vir die Boerevrou"³⁸² en in Mei 1923 is berig dat 'n ander lesertjie, Anna Geyser, in Februarie oorlede is. Die redaksie het medelye betuig en was dankbaar om te verneem hoe veel die blad se kinderafdeling vir Anna beteken het.³⁸³

In Junie 1921 is daar deur mnr. Von Wielligh vir die kinders vertel van Oom Jan of Onse Jan (C.P. Hoogenhout). Hulle het saam aan die Genootskap van Regte Afrikaners behoort en vir die bestaansreg van Afrikaans gestry. Daar is ook 'n gedig van oom Jan, *Oordenking op 11 Maart*, geplaas.³⁸⁴

³⁷⁹Vir al die kinders wat Die Boerevrou lees, *Die Boerevrou*, April 1923, pp. 52,55.

³⁸⁰Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Augustus 1922, pp. 12-14.

³⁸¹Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Mei 1923, pp. 17,21,23,25.

³⁸²Vir al die kinders wat Die Boerevrou lees, *Die Boerevrou*, Augustus 1922, pp. 43,45,47.

³⁸³Redaksie, *Die Boerevrou*, Mei 1923, p. 2.

³⁸⁴Oom Jan, *Die Boerevrou*, Junie 1921, p. 6.

Oordenking op 11 Maart

Die geur
Trek deur
Die hele huis,
Uit die kombuis.
Daar word vandag weer têrt gemaak
En dié sal seker lekker smaak!
As Pa verjaar
Lijk dit Bazaar:
Dis regtig waar!
En Ouma, maar dit weet jul wel
-Dit hoef ek nouliks meer vertel-
Is so beroem vir lekkernij,
Geen plek waar jij dit beter krij.
Kom ons vandag maar net besoek
En proef ook van haar têrt en koek!

Baie van “Oom Jan wat versies maak” se gediggies het deur die jare in *Die Boerevrou* verskyn³⁸⁵ en in Mei 1922 is daar berig dat hy oorlede is.³⁸⁶ Na Oom Jan se dood, het sy seun, dr. N.M. Hoogenhout, wat destyds hoof van die Normaalkollege in Pretoria was, ‘n bundel van die G.R.A. se eerste tydskrifries, *Ons Klyntji*, na *Die Boerevrou* se kantoor gebring. Volgens Mabel is daar dadelik besluit om die kinderrubriek ter ere van Oom Jan te herdoop na *Ons Kleintjie*.³⁸⁷

Die kinderrubriek is ‘n paar keer in 1924 op so ‘n manier in die middel van *Die Boerevrou* ingebind dat dit maklik uitgehaal en in ‘n aparte tydskrifjie gevou kon

³⁸⁵Kyk byvoorbeeld: Vir die kinders, *Die Boerevrou*, Januarie 1921, pp. 42-44.

³⁸⁶In Baanbreker weggeval, *Die Boerevrou*, Mei 1922, p. 5.

³⁸⁷K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 137.

word. Tom Gilliland, 'n seun van sestien, het 'n gedig geskryf waarin hy die plan, om *Ons Kleintjie* as 'n aparte bladjie te kan uithaal, besing het:³⁸⁸

Wie het dit nou ooit kon dink,
Die 'Boerevrou' het ook 'n kind!
Mense, juig, wees bly en sing,
Die pos het nou 'Ons Kleintjie' gebring.

Dit is 'n aardig lief klein ding,
Wat al te mooi kan speel en sing.
Dit is van grappies opgemaak,
En liedjies, ai, net na my smaak.

Toe Jan hom van die pos af bring,
Het ons gedans en rondgespring.
Want ons was opgeruimd en bly,
Om ook 'n eie blad te kry.

Jan het hom vir ons uitgesny,
En toe met garing vasgerye.
So mooi en lief was hy gevou,
Die kleintjie van die 'Boerevrou.'

Teen Julie 1924 het veertien kinders laat weet dat hulle daarvan hou as die tydskrif so gebind word³⁸⁹ en van Augustus 1925 af kon die kinderafdeling as 'n heeltemal aparte tydskrif nie bylaag, onder redaksie van mev. A.E. Carinus, saam met *Die Boerevrou* uitgegee word. Die nuwe tydskrif nie is eers *Fakkeldraers* genoem, maar later is die naam ook na *Ons Kleintjie* verander.³⁹⁰ Omdat dit 'n los tydskrif nie was, het baie min uitgawes daarvan saam met versamelings van *Die Boerevrou* behoue gebly. In *Die Boerevrou* self kom daar na 1925 van tyd tot tyd verwysings na

³⁸⁸Ons Kleintjie, *Die Boerevrou*, Junie 1924, p. 43.

³⁸⁹Vir die Kinders, *Die Boerevrou*, Julie 1924, pp. 47,49,51,53.

³⁹⁰Redaksie, *Die Boerevrou*, Augustus 1925, p. 2.

Fakkeldraers en *Ons Kleintjie* voor, maar dit is moeilik om te bepaal presies wanneer die naam weer verander het.

Die laaste verwysing na *Fakkeldraers* in *Die Boerevrou* is in Februarie 1929. L. Cronjé het geskryf dat *Die Boerevrou* vir haar baie beteken en dat haar kinders *Fakkeldraers* leersaam en genotvol vind.³⁹¹ Vanaf Januarie 1930 staan die moedertydskrif bekend as *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, maar die naamsverandering moes voor die einde van 1929 plaasgevind het, want in Oktober 1929 het Malherbe vertel van die plan om *Ons Kleintjie* te vergroot sodat dit deur skole apart bestel kan word. Die Onderwys Departement van Transvaal het blykbaar ook onderneem om die helfte van die intekengeld van die kindertydskrif vir Transvaalse skole te betaal.³⁹²

Reeds in November 1929 het mej. Du Plessis van die Kindertuin in Aberdeen *Die Boerevrou* bedank vir die mooi gesondheidsliedjies wat in *Ons Kleintjie* verskyn het. Jong Ouma het vertel “die kleintjies is tog ook altyd só gretig vir hulle ‘klein vrouwtjie’ soos hulle dit noem.”³⁹³ ’n Ander onderwyseres, J. Vorster, was ook vol lof vir *Ons Kleintjie* en het haar waardering uitgespreek vir die uitstekende kinderlektuur wat vir die Afrikaanse kind gebied is in die vorm van die tydskrif. Sy het gevra dat die liedjies in *Ons Kleintjie* nie op weerskante van dieselfde bladsy gedruk word nie, sodat dit in ’n boek geplak kan word. Die redaksie het onderneem om in die vervolg te probeer om dit te verhoed.³⁹⁴

Teen Augustus 1930 het *Ons Kleintjie* al uit 24 bladsye bestaan met verhale, versies, tekeninge en raaisels. Daar het steeds briewe, wat deur die kinders ingestuur is, verskyn en selfs ’n Afrikaanse vertaling van *Pinocchio*, die houtpop.³⁹⁵

³⁹¹Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Februarie 1929, pp. 6-9.

³⁹²Redaksie, *Die Boerevrou*, Oktober 1929, pp. 2,4.

³⁹³Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, November 1929, pp. 29,31,33,35.

³⁹⁴Om die Koffietafel, *Die Boerevrouen Ons Kleintjie*, Junie 1930, pp. 11,13,15.

³⁹⁵*Ons Kleintjie*, Byblad van *Die Boerevrou*, Augustus 1930.

Die finansiële druk waaronder *Die Boerevrou* in 1931 verkeer het, was ook outomatises druk op *Ons Kleintjie*. Malherbe het in November verstaan dat die kinders miskien teleurgesteld sou wees om te sien dat hulle blad weer deel geword het van die ouer-blad, maar verduidelik dat dit darem steeds maklik uitgehaal en in 'n eie boekie gevou kon word, soos vroeër toe dit deel van die tydskrif was. Dit was nodig om *Ons Kleintjie* weer so uit te gee omdat dit baie meer gekos het om dit in 'n aparte bladjie te bind.³⁹⁶ En saam met die laaste uitgawe van *Die Boerevrou* in Desember 1931 moes die kindertydskrif, *Ons Kleintjie*, ook noodgedwonge sy winterslaap aanvaar.

Daar is twee jaarboeke uitgee met die beste stof wat deur die jare in *Die Boerevrou* en in *Ons Kleintjie* verskyn het. Die eerste was *Kinders van 'Die Boerevrou'-Jaarboek* wat in 1927 deur Pro Ecclesia-drukkery op Stellenbosch uitgegee is en die ander een is *Die Jaarboek van Ons Kleintjie*, uitgegee deur J.L. van Schaik in 1930.³⁹⁷

7. Vervolgverhale, kortverhale, sketse en gedigte

Tot stigting, vermaak en ontspanning van die lezers het daar elke maand 'n kortverhaal, vervolgverhaal of skets en gedigte in *Die Boerevrou* verskyn. Mabel Malherbe se oom, Eugène Marais, het spesiaal vir die eerste uitgawe die gedig *Waartebes in die stil woestyn*, geskryf. Sy het gevoel dat die tydskrif sy bestaan geregtig het, sowel as 'n groot diens aan die Afrikaanse letterkunde betoon het deur soveel van die werk van Eugène Marais te plaas, al het dit soms baie oorreding geveng. Ten spyte daarvan het hy positief teenoor die tydskrif gebly en na sy vertrek na Heidelberg het hy op sy beurt ook dr. A.G. Visser aangespoor om bydraes te stuur.³⁹⁸

³⁹⁶ Redaksie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, November 1931, p. 1.

³⁹⁷ Boekrak, *Die Boerevrou*, Mei 1927, p. 6; *Die Jaarboek van Ons Kleintjie*, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Desember 1930, p. 2; K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 8.

³⁹⁸ K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 8.

Marais het blykbaar gewoonlik 'n gedig in sy gedagte laat ryp word voordat hy dit die eerste maal neergeskryf het. Die gedig *Lalasini*, wat in die uitgawe van Desember 1929 verskyn het, het waarskynlik so ontstaan.³⁹⁹ Hy het een oggend die redaksiekantoor van *Die Boerevrou* besoek en op aandrang van mevrou Malherbe, dié gedig daar en dan, sonder enige verdere verandering of verbetering geskryf.⁴⁰⁰

“Toon” is hoe die skrywer F.P. van den Heever alom deur sy vriende genoem is. Hy het ook van die eerste uitgawe af bydraes gebring. Vir Marguerite Pienaar was dit maklik om hom vas te keer en te vra om bydraes te skryf.⁴⁰¹ Van sy vervolgverhale, kortverhale en sketse wat verskyn het, was byvoorbeeld *Werkstaking by die Kleigat*, *Skoffel*, *Oom Abraham die Geweldige*, *Kobus* en *Die avonture van 'n onnut*, wat hy uit Duits vertaal het.⁴⁰²

Ander bekendes van wie daar gereeld letterkundige werk verskyn het, was, om net 'n paar te noem, M.E.R, C.L. Leipoldt, A.G. Visser, Totius, Sara Niemeyer, Jochem van Bruggen, C.M. van den Heever, Else Louwrens, A.E. Carinus, Marie Linde, Eva Walter, Miemie Louw-Theron en Sita.

Van die gewildste vervolgverhale wat deur die jare in die tydskrif gepubliseer is, was *Margriet van Laastelus* deur Eugène Marais onder die skuilnaam H.v.R.v.O. en *Deur die droomoort* deur D.C. *Margriet van Laastelus* is 'n ou Kaapse verhaal - waarskynlik een van die eerstes in die genre - en handel oor 'n meisie van Drakenstein wat terugkeer van 'n reis deur Holland. Sy word met 'n fees op haar geboorteplaas verwelkom. 'n Dragonder-kaptein, wat op die spoor is van 'n

³⁹⁹ *Die Boerevrou*, Desember 1929, p. 9.

⁴⁰⁰ F.M. du Toit, aangehaal in K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 68.

⁴⁰¹ K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 75.

⁴⁰² *Werkstaking by die Kleigat*. *Die Boerevrou*. Mei 1922, p. 4; *Skoffel*, *Die Boerevrou*, Desember 1919, pp. 27,28; *Kobus*, *Die Boerevrou*, Desember 1922, p. 5; *Oom Abraham die Geweldige*, *Die Boerevrou*, Februarie 1926, pp. 5,6; *Die avonture van 'n onnut*, *Die Boerevrou*, uitgawes van Maart tot Oktober 1919.

rowerbende, word gewond en op die plaas verpleeg en Margriet sien een nag 'n geheimsinnige perderuiter op die plaas. Die verhaal het van Augustus 1921 tot Januarie 1922 verskyn.⁴⁰³ In April 1922 het mej. A. Wilkens geskryf en vertel dat sy elke maand baie nuuskierig was om te hoor wat in *Margriet van Laastelust* gaan gebeur,⁴⁰⁴ terwyl Sonblom ook laat weet het hoe baie sy en haar man uitgesien het na elke aflewering van die verhaal. Sy het ook gesê dit sal lekker wees as daar elke maand 'n mooi liefdestorie in *Die Boerevrou* verskyn.⁴⁰⁵

Deur die droompoort het in Julie 1922 begin en die slotaflewering was in April 1923.⁴⁰⁶ Dit handel oor 'n arm Ierse meisie wat besoek moes aflê by ryk familielede in Duitsland. Daar het sy 'n onheilspellende droom en dis duidelik dat die huishoudster van iets geheimsinnig weet. In 1929 het Juffie in die ruilkolom gevra of iemand vir haar die ou tydskrifte, waarin dié verhaal verskyn het, sal leen. Sy het onderneem om dit goed op te pas en terug te stuur.⁴⁰⁷

Lesers is ook gereeld aangemoedig om self verhale, reisbeskrywings, gedigte en toneelstukke te skryf en in te stuur, met die belofte dat daar betaal sal word vir die stukke wat gebruik word.⁴⁰⁸ 'n Verhale-wedstryd in 1919 was 'n mislukking, want al die inskrywings is aan iemand met "fijn smaak en 'n grondige kennis van letterkunde"

⁴⁰³ Margriet van Laastelust, *Die Boerevrou*, Augustus 1921, pp. 3,4,41; Margriet van Laastelust, *Die Boerevrou*, September 1921, pp. 11,12,13; Margriet van Laastelust, *Die Boerevrou*, Oktober 1921, pp. 15,17,19; Margriet van Laastelust, *Die Boerevrou*, November 1921, pp. 19,21,23; Margriet van Laastelust, *Die Boerevrou*, Desember 1921, p. 62; Margriet van Laastelust, *Die Boerevrou*, Januarie 1922, pp. 37,39,41.

⁴⁰⁴ Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Maart 1922, pp. 8,9,10,11.

⁴⁰⁵ Redaksie, *Die Boerevrou*, April 1922, p. 2.

⁴⁰⁶ Deur die droompoort, *Die Boerevrou*, Julie 1922, pp. 10,11,12; Deur die droompoort, *Die Boerevrou*, Augustus 1922, pp. 9,10,11,12; Deur die droompoort, *Die Boerevrou*, September 1922, pp. 9,10,11,12; Deur die droompoort, *Die Boerevrou*, Oktober 1922, pp. 8,9,10; Deur die droompoort, *Die Boerevrou*, November 1922, pp. 21,23; Deur die droompoort, *Die Boerevrou*, Desember 1922, pp. 21,23; Deur die droompoort, *Die Boerevrou*, Januarie 1923, pp. 21,23; Deur die droompoort, *Die Boerevrou*, Februarie 1923, pp. 21,23; Deur die droompoort, *Die Boerevrou*, Maart 1923, pp. 41,43,45; Deur die droompoort, *Die Boerevrou*, April 1923, pp. 47,49,51.

⁴⁰⁷ Ruilkolom, *Die Boerevrou*, Desember 1929, p. 59.

⁴⁰⁸ Redaksie, *Die Boerevrou*, Augustus 1929, p. 2.

voorgelê en “sijn ordeel is dat geeneen van die stukke goed genoeg is om te druk nie.” Die redaksie het raad gegee oor hoe om iets boeiends te skryf en lesers aangemoedig om weer te probeer.⁴⁰⁹ Die kortverhaal-wedstryde wat *Die Boerevrou* in 1925/1926 en 1927 in samewerking met die Afrikaans-Hollandse Leesunie uitgeskryf het, was egter albei ‘n groot sukses. Daar is meer as honderd inskrywings vir elk van die wedstryde afsonderlik ontvang waarvan die beste drie telkens met kontantpryse beloon is en in die tydskrif gepubliseer is.⁴¹⁰

8. Boekresensies

Hoewel nie in elke uitgawe nie, was daar gereeld ‘n afdeling met boekresensies in *Die Boerevrou*. Dikwels is die boeke net aan die lesers bekend gestel en is dit nie geresenseer in die ware sin van die woord nie. Volgens Malherbe was die opvatting dat daar te min Afrikaanse leestof beskikbaar was, ongegrond, aangesien sy elke maand stapels Afrikaanse boeke van uitgewers op haar lessenaar ontvang het.⁴¹¹

Die eerste ware *Boekbeoordeling*, soos dit toe genoem is, het in Mei 1919 verskyn. Dit was ‘n lang bespreking van mev. M.L. Rompel-Koopman se skryfwerk in die algemeen, en haar boek, *In het land van Piet Retief*, in die besonder. Daarna was daar in die meeste uitgawes ‘n rubriek wat boeke bespreek het. Van September 1921 af, is dit *Die Boerevrou se boekrak* of *Boekrak* genoem.⁴¹²

Die meeste boekbesprekings is waarskynlik deur Mabel Malherbe self gedoen aangesien sy die stigter van die Afrikaans-Hollandse Leesunie was. In Oktober 1921

⁴⁰⁹Redaksie, *Die Boerevrou*, September 1919, p. 2.

⁴¹⁰Boerevrou Kort-verhaal wedstryd, *Die Boerevrou*, Desember 1925, p. 18; Redaksie, *Die Boerevrou*, Januarie 1926, p. 2; Redaksie, *Die Boerevrou*, Maart 1926, pp. 2,53; Die Boerevrou se kortverhaalwedstryd,*Die Boerevrou*, Maart 1927, p. 50; Die Boerevrou se kort-verhaal-wedstryd, *Die Boerevrou*, Mei 1927, p. 23; Redaksie, *Die Boerevrou*, September 1927, pp. 2,3.

⁴¹¹Die Boerevrou se boekrak, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Junie 1930, pp. 8,9.

⁴¹²Die Boerevrou se boekrak, *Die Boerevrou*, September 1921, pp. 8,9.

en April 1922 is dit egter deur Eugène Marais behartig.⁴¹³ Ander persone wat enkele kere as resensente opgetree het, was E.C. Pienaar, J.H.L. Findley, Jan F.E. Celliers en M.S.B. Kritzinger.⁴¹⁴

Kritzinger, die latere bekende literêre kritikus en woordeboekskrywer, was in daardie stadium verbonde was aan die Transvalse Universiteitskollege. In Maart 1926 het hy *Aampie*, van Jochem van Bruggen, in 'n artikel beoordeel deur te bepaal waar die werk in die ontwikkeling van die Afrikaanse prosa inpas. Hy het verduidelik dat die meeste novelles, wat na die Anglo-Boereoorlog verskyn het, nie hoë kunswaarde gehad het nie, en die leser geleidelik begin walg het. Teen 1921 het skrywers dit gewaag om hul omringende werklikheid uit tebeeld en die volksiel te vertolk. Hy bestempel *Aampie*, wat in 1924 al verskyn het, as die eerste roman in Afrikaans.⁴¹⁵ Hierna het Kritzinger nog 'n hele aantal kere die boekresensie-rubriek vir *Die Boerevrou* behartig⁴¹⁶ en ook artikels geskryf oor die plek van die vrou in die Afrikaanse letterkunde.⁴¹⁷

Uit hierdie rubriek kan bepaal word watter verskillende uitgewers in die eerste dertig jaar van die twintigste eeu Afrikaanse boeke uitgegee het. Die lys is verbasend lank:

- Central News Agency
- Danie Smal-Boekhandel
- Die Nasionale Pers, Beperk, Kaapstad
- Die Noordelike Drukpers Maatskappij, Bepk., Pretoria

⁴¹³Die Boerevrou se Boekerak, *Die Boerevrou*, Oktober 1921, p. 5; Afrikaanse Handwerk-boek II met oorspronklike patronie, *Die Boerevrou*, April 1922, p. 31.

⁴¹⁴Redaksie, *Die Boerevrou*, September 1925, pp. 2,4; Die Trekboere te St. Januario, Humpata, *Die Boerevrou*, Februarie 1923, pp. 4,5,6; Boekrak, *Die Boerevrou*, Maart 1923, p. 4.

⁴¹⁵'Aampie' deur Jochem van Bruggen, *Die Boerevrou*, Maart 1926, pp. 4,5.

⁴¹⁶Kyk byvoorbeeld: Boekrak, *Die Boerevrou*, Augustus 1926, p. 7; Boekrak, *Die Boerevrou*, Mei 1927, p. 6; Ons Boekrak, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, April 1930, pp. 5,6.

⁴¹⁷Die vrou in die letterkunde, *Die Boerevrou*, Maart 1929, pp. 25,27,44,48; Die vrou en ons letterkunde, *Die Boerevrou*, April 1929, pp. 10,11.

- Die Suidelike Agentskap, Stellenbosch
- Die Volksblad-drukkery, Bloemfontein
- J.H. de Bussy, Pretoria
- J.L. van Schaik, Bepk., Pretoria
- Juta en Ko. Bpk., Kaapstad
- Maskew Miller, Kaapstad
- Ons Vaderland, Pretoria
- Pro Ecclesia-Drukkerij, Stellenbosch
- Suid-Afrikaanse Boekwinkel, Pretoria
- The Religious Tract Society (het ook Afrikaanse boeke soos *Christie se orrel* uitgegee)
- Wellingtonse Ekonomiese Pers

Die lezers het met 'n wye verskeidenheid boeke in die boekresensie-rubriek kennis gemaak. Hier word net een voorbeeld van elke tipe gelys, maar daar is van al die soorte meer as een deur die jare bekend gestel of geresenseer:

- Ander tydskrifte soos *De Vrouw en haar huis* en *Die Koningsbode*
- Boeke vir die huishouding soos *Nuttige wenke*
- Geskiedenisboeke soos *Die geskiedenis van Suid-Afrika*, deur prof. S.F.N. Gie
- Boeke oor Godsdiens, soos *Die geskiedenis van Josef*, deur C.P. Hoogenhout en *Bybelse geskiedenis in Afrikaans* van H.A. Steyn
- Kinderboeke soos *Brolloks en Bittergal*, deur C.J. Langenhoven
- Letterkunde soos *Onder bevoorregte mense*, van Marie Linde
- Mediese boeke soos *Die menslike liggaam*, deur dr. C.F. Beyers
- Musiekbundels soos *Volksliedere versamel deur die Studente Werda en Afrikaanse Studentebond*

- Skoolboeke byvoorbeeld *Bloemlesing vir die Laerskool*, met J.C. Alers as redakteur
- Toneelstukke soos J.H.H. de Waal se *Die jonge skrywer*
- Vertalings soos *Die swart tulp* van Alexandre Dumas, vertaal uit Frans deur C.L. Leipoldt

Daar het 'n aansienlike hoeveelheid artikels en briewe in *Die Boerevrou* verskyn wat die stigting van leesunies of –kringe aanbeveel en aangemoedig het. Sylva Moerdyk (die vrou van die argitek, Gerard Moerdyk) het die stigting van leesunies op klein dorpies en op plase bepleit. Sy het voorgestel dat meisies en vrouens goeie boeke oor allerlei onderwerpe om die beurt voorlees terwyl die ander naaldwerk doen en dan hulle menings daaroor gee.⁴¹⁸ Malherbe het ook wenke gegee oor hoe om 'n leesunie te stig en wat om te lees, asook die lesers aangemoedig om daaraan deel te neem.⁴¹⁹ Uiteraard kan nie bepaal word hoeveel lesers verbonde was aan leesunies nie, maar in die lig van *Die Boerevrou* se sirkulasie en gewildheid, kan aangeneem word dat hierdie bydraes in die tydskrif 'n vormende invloed op lesers se leesgewoontes gehad het.

J.C. Smit het byvoorbeeld vertel dat sy deel was van 'n groep vrouens wat in 1924 op Uitenhage 'n leeskamer met 'n boekery van meer as 400 boeke gestig het, omdat die biblioteek op die dorp oorwegend Engels en onsimpatiek teenoor Afrikaans was.⁴²⁰ Verder was uitgewers soos J.L. van Schaik en die Nasionale Pers bereid om afslag te gee op aankope deur nuwe leeskringe. Dr. Van Bruggen was bereid om *Aampie posvry* aan leesunies te verkoop¹⁵⁸ en Sagmoedige Neelsie (Langenhoven) het self 'n bespreking van sy *Sonde met die bure* vir gebruik deur leesunies geskryf.⁴²¹

⁴¹⁸Tevredenheid, *Die Boerevrou*, Julie 1922, pp. 19,21.

⁴¹⁹Redaksie, *Die Boerevrou*, September 1925, pp. 2,4.

⁴²⁰'n Interessante brief omtrent 'n leeskamer, *Die Boerevrou*, Oktober 1925, p. 63.

⁴²¹Ons leesunies, *Die Boerevrou*, Desember 1925, p. 18.

9. Artikels en wedstryde ter bevordering van Afrikaans

Hoewel daar nooit amptelik 'n rubriek uitsluitlik oor Afrikaans in *Die Boerevrou* bestaan het nie, het soveel losstaande artikels, reekse en wedstryde ter bevordering van die taal deel uitgemaak van die meeste uitgawes, dat dit nie in 'n ontleding oor die staande inhoud van die tydskrif geïgnoreer kan word nie. Malherbe was later jare daarvan oortuig dat *Die Boerevrou* hiermee 'n belangrike en waardevolle rol gespeel het in wat sy die derde taalbeweging genoem het.⁴²²

Reg van die begin af het die tydskrif, onder Malherbe se oortuigende leiding, doelbewus die gebruik van Afrikaans deur lesers aangemoedig en gepoog om sover moontlik Engelse woorde tussen die Afrikaans te vermy.⁴²³ In Oktober 1919 is Afrikaanse onderwyseresse gevra om Afrikaanse leestof, waарoor hulle dalk sou beskik, vir *Die Boerevrou* te stuur sodat dit vir ander onderwysers gepubliseer kon word, aangesien daar 'n tekort aan "goeie materiaal in Afrikaans" was. Liedjies wat toe reeds ontvang is, is in dieselfde uitgawe gedruk.⁴²⁴

Enkele artikels en briewe is wel in die beginjare nog in Nederlands geplaas,⁴²⁵ maar na Februarie 1922 het dit net in uiterste gevalle gebeur. 'n Nederlandse kortverhaal deur Top Naeff, *Rouwbeklag*, in Desember 1925 en drie reekse artikels in 1926, 1928 en 1929 is die enigste bydraes wat na 1922 nie in Afrikaans was nie.⁴²⁶ Hierdie beleid is met instemming deur die lesers ontvang. Skabloonjie het in 1921 geskryf dat sy Afrikaans eerder as "Hollands" as haar taal beskou en haar bes sou doen om

⁴²²K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 101.

⁴²³Vir die Kinders, *Die Boerevrou*, Julie 1922, pp. 41,43,44

⁴²⁴Iets vir onderwyseresse, *Die Boerevrouw*, Oktober 1919, p. 20.

⁴²⁵Kyk byvoorbeeld: Verdwenen Modes door wijlen Mev. Rompel-Koopman, (Voor de eerste maal verschenen), *Die Boerevrou*, Februarie 1922, pp. 7,8.

⁴²⁶Rouwbeklag, *Die Boerevrou*, Augustus 1928, pp.11,12,13; Herinneringen van een Artillerie-Offisier majoor Th. Kroon, *Die Boerevrou*, Maart 1928 tot Mei 1929; De Parijsche Boulevards, *Die Boerevrou*, Januarie en Augustus 1926; Waarheid in de opvoeding, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Julie tot Oktober 1930.

dit te lees en te skryf.⁴²⁷ Mev. Emmie Erasmus het ook laat weet dat sy meer tuis voel in Afrikaans omdat dit haar spreektaal was en sy nie meer nodig gehad het om Nederlands te skryf soos vroeër nie.⁴²⁸

Vanaf Julie 1920 is die "w" uit die titel van die tydskrif weggelaat en teen Mei 1922 is die spelreëls van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns gevolg.⁴²⁹ Hierna het die Redaksie die spelling in die lesersbriewe ook verbeter en het "ij" plek gemaak vir "y" in woorde soos *tyd, skryf* en *my*.

Artikels oor taal met die doel om lesers positief jeens die gebruik van Afrikaans te stem, het gereeld verskyn. As voorbeeld hiervan kan Rikie Postma se '*n Taalstrijd ses honderd jaar gelede*' genoem word. Daarin het sy vertel van die herdenkingsfeeste wat in Italië in 1921 gehou is ter ere van die taalstryder Dante Alighieri, wat op 14 September 1321 oorlede is. Italiaans se teenstanders wou nie insien dat Latyn, soos Nederlands in Suid-Afrika, stadig en ongemerkt 'n vreemde element geword het waarin die mense nie meer hulself kon wees of aan hul intiemste gevoelens op 'n maklike en natuurlike manier kon uiting gee nie:

... maar die liefde van sij hart het Dante gegee aan die taal wat hij aan moedersknie geleer het: 'Die taal,' soos hij dit uitdruk in 'n vurige pleidooi vir die gebruik van die moedertaal, 'wat mij ouers praat, waarin ek mij eerste kinder vrindskappe gesluit het, waarin mij soveel vriendelike woorde toegevoeg is, en soveel liefde bewijs is, is mij gids en weldoener deur mij hele lewe.'

— Rikie Postma, 'n Taalstrijd ses honderd jaar gelede, *Die Boerevrou*, September 1921, p. 17.

⁴²⁷Om die koffietafel, *Die Boerevrou*, September 1921, p. 17.

⁴²⁸Om die koffietafel, *Die Boerevrou*, Januarie 1921, pp. 24,25.

⁴²⁹Redaksie, *Die Boerevrou*, Mei 1922, p. 2.

⁴³⁰'n Taalstrijd ses honderd jaar gelede, *Die Boerevrou*, September 1921, pp. 5,6.

Van G.R. von Wielligh het 'n reeks, *Wenke vir jong prosa-skrywers*, in tien aflewerings in 1921 verskyn. Dit het omvattende riglyne en raad aan voornemende skrywers gegee omdat die "... lus vir skrywe ontwaak het ..." in Afrikaans.⁴³¹ Baie maande het dit meer as twee bladsye in die tydskrif beslaan.⁴³²

Daar is ook gereeld nuus oor taalverwante sake aan die lesers oorgedra. In April 1923 is aangekondig dat die Saamwerk-Unie van Natalse Vereniginge se jaarlikse Afrikaanse Taaleksamens op 19 Oktober sou plaasvind.⁴³³ Later het lesers ook kennis geneem van 'n Afrikaanse Taal- en Kultuurkonferensie, onder beskerming van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, wat in Desember 1929 in Bloemfontein sou plaasvind.⁴³⁴ In April 1930 het hulle terugvoer gekry en gelees dat daar 300 afgevaardigdes by die volkskongres teenwoordig was en dat die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge daar tot stand gekom het.⁴³⁵ Die Prosa- en Poësiewedstryd, wat jaarliks deur die President Steyn-gedenkfonds georganiseer is, is ook elke jaar deur *Die Boerevrou* geadverteer.⁴³⁶

Teen 1926 was dit ongeveer vyftig jaar dat Afrikaans doelbewus geskryf is. In 1902 het die eerste Afrikaanse woordeboekie deur ds. S.J. du Toit verskyn en na 1920 is drie vertalende woordeboeke met Afrikaanse woorde in, uitgegee. In 1925, na Afrikaans as amptelike taal erken is, het die regering prof. J.J. Smith aangewys as die hoofsamessteller van 'n verklarende Afrikaanse woordeboek wat deur die Nasionale Pers uitgegee sou word.⁴³⁷ Daar was 'n behoefte aan 'n standaardwoordeboek wat

⁴³¹Wenke vir jong prosa-skrywers, *Die Boerevrou*, Maart 1921, pp. 3,4.

⁴³²Wenke vir jong prosa-skrywers, *Die Boerevrou*, Maart tot November 1921 en Januarie 1922.

⁴³³Wenke vir jong prosa-skrywers, *Die Boerevrou*, Maart tot November 1921 en Januarie 1922.

⁴³⁴Afrikaanse Taal- en Kultuurkonferensie, *Die Boerevrou*, Oktober 1929, p. 52.

⁴³⁵Handhaaf en bou, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, April 1930, pp. 47,48.

⁴³⁶Wedstryd vir die President Steyn-gedenkfonds, *Die Boerevrou*, April 1924, p. 45; Wedstryd, *Die Boerevrou*, Mei 1926, p. 37; President Steyn-Gedenkfonds, *Die Boerevrou*, Januarie 1927, p. 53.

⁴³⁷'n Afrikaanse woordeboek, *Die Boerevrou*, April 1926, p. 4.

alle Afrikaanse woorde en verklarings bevat en verder ook spreekwoorde en gesegdes.⁴³⁸

In April 1926 het J.J. Smith die lesers van *Die Boerevrou* versoek om deur die rubriek, *Om die Koffietafel*, te help met die insameling van “woorde in verband met die vrouewêreld.” Vir die volgende ses maande is daar vir elke maand ‘n prys van 10/- beloof vir die beste lys woorde⁴³⁹ en van Junie 1926 af het die Nasionale Pers elke maand die prys vir die beste lys betaal.⁴⁴⁰

Die lesers het dadelik aan die oproep gehoor gegee en die beoogde projek van ses maande het uiteindelik tien maande geduur. Malherbe moes later erken dat sy nie so groot medewerking verwag het toe daar met die woordelys begin is nie.⁴⁴¹ Die koffietafel-rubriek was gou te klein en ‘n nuwe afdeling, *Die Boerevrou se woordelys*, het lesers se ongeveer sestig ingestuurde lyste met woorde gehuisves. Mev. N.J.M. Breytenbach van Breyten het die eerste maand die prys gewen en sou teen die einde die leseres wees wat die meeste bruikbare woorde met mooi verduidelikings ingestuur het.⁴⁴²

Mnr. M.S.B. Kritzinger het elke maand kommentaar gelewer op die lyste se inhoud en het verduidelik hoe moeilik dit is om die spelling van woorde te bepaal wat tot dusver net in die gesproke taal bestaan het.⁴⁴³ Hy het ook vrae van lesers beantwoord. Klara wou weet of Afrikaanse woorde geskep moet word vir nuwe Engelse woorde wat deur die mode en ontwikkelings ontstaan het. Kritzinger was van mening dat dit goed is om daarna te streef mits die skepper presies verstaan wat met die Engels bedoel word en oor ‘n grondige kennis van die veld, waarin die woorde

⁴³⁸‘n Afrikaanse woordeboek, *Die Boerevrou*, April 1926, p. 4.

⁴³⁹Redaksie, *Die Boerevrou*, April 1926, p. 2.

⁴⁴⁰*Die Boerevrou*, Junie 1926, p. 2.

⁴⁴¹Redaksie, *Die Boerevrou*, Augustus 1926, p. 2.

⁴⁴²*Die Boerevrou se woordelys*, *Die Boerevrou*, Mei 1926, pp. 4-6.

⁴⁴³*Die Boerevrou se woordelys*, *Die Boerevrou*, Junie 1926, pp. 4-6.

gebruik word, beskik. Hy het selfs 'n paar vertalings gewaag en enigeen genooi om hom reg te help waar hulle dink hy misgetas het.⁴⁴⁴ Op die vraag of daar woorde uit Swarttale in die woordeboek opgeneem moet word, het hy geantwoord dat daar 'n aantal woorde bestaan het wat deur die taalkenners as leengoedere erken is. Daar moes egter gewaak word teen die gebruik van woorde waarvoor daar Afrikaanse woorde bestaan het.⁴⁴⁵

Neulpotjie het in Julie 1926 laat weet dat sy in *Die Burger* gelees het dat Langenhoven in sy rubriek, *Langs stille waters*, met groot waardering van *Die Boerevrou* se lys gepraat het.⁴⁴⁶ Mej. Nettie Morkel, min wetende dat sy ook een slag die prys sou wen,⁴⁴⁷ was bekommerd dat nie baie van die woorde op haar lys bruikbaar sou wees nie, maar dat sy ook wou help om die woerdeboek 'n sukses te maak.⁴⁴⁸

Teen Desember 1926 het Kritzinger die lesers bedank en hul daarvan verseker dat die lys wat uit *Die Boerevrou*-lyste saamgestel is, baie woorde bevat het wat andersins nooit in die woerdeboek opgeneem sou wees nie.⁴⁴⁹ Van die mooiste Afrikaanse woorde wat deur die lesers se toedoen in die woerdeboek beland het, is *beslag* ('n dun, loperige deeg), *oes* (swak of sleg), *windbol* (grootprater),⁴⁵⁰ *melkflappe* (deeg in melk gekook), *pekelbalie* (vleisvat) en *kardoesie* (papiersakkie).⁴⁵¹ Die laaste lyste is in Januarie 1927 aan Smith gestuur en daarmee het die projek ten einde geloop.⁴⁵²

⁴⁴⁴Die Boerevrou se woordelys, *Die Boerevrou*, November 1926, pp. 4-6.

⁴⁴⁵Moet Kafferwoorde in die Groot Woerdeboek opgeneem word?, *Die Boerevrou*, November 1926, p. 5.

⁴⁴⁶Die Boerevrou se woordelys, *Die Boerevrou*, Julie 1926, pp. 5,6.

⁴⁴⁷Die Boerevrou se woordelys, *Die Boerevrou*, Oktober 1926, pp. 4-6.

⁴⁴⁸Die Boerevrou se woordelys, *Die Boerevrou*, Augustus 1926, pp. 4-6.

⁴⁴⁹Die Boerevrou se woordelys, *Die Boerevrou*, Desember 1926, pp. 8,63.

⁴⁵⁰Die Boerevrou se woordelys, *Die Boerevrou*, Oktober 1926, pp. 4-6.

⁴⁵¹Die Boerevrou se woordelys, *Die Boerevrou*, Julie 1926, pp. 5,6.

⁴⁵²Redaksie, *Die Boerevrou*, Januarie 1927, p. 2.

In Januarie 1928 het 'n kortverhaal, *Die bruilof*, verskyn. Volgens die redaksie is die storie geskryf om al die ouderwetse woorde wat in *Die Boerevrou* se woordelys voorgekom het, te gebruik.⁴⁵³ Malherbe maak melding van hierdie verhaal in *Die Boerevrou-boek* ook. Sy het, soos van die ander eertydse medewerkers, vermoed dat die skrywer van *Die Bruilof*, die toe reeds oorlede, Anna Carinus-Holzhausen was, aangesien haar skryftrant en grondige taalkennis onmiskenbaar was.⁴⁵⁴

Die Boerevrou se bydrae tot die “derde taalbeweging” is hierna weer op die ou resep voortgesit. Inligting oor taalaangeleenthede⁴⁵⁵ en riglyne oor hoe om te skryf het weer op 'n gereelde basis verskyn.⁴⁵⁶ Malherbe het lesers steeds aangemoedig om in Afrikaans te skryf en kon trots sê dat 'n bekende Afrikaanse skrywer op 'n dag van mening was dat sommige koffietafelbrieve in *Die Boerevrou*, “onder die mooiste juweeltjies van ons Letterkunde” getel kan word.⁴⁵⁷

Dit is duidelik dat die bevordering van Afrikaans in *Die Boerevrou* nie net 'n aanblaas van taalnasionalisme deur die redaksie was nie. Die lesers het aktief deelgeneem aan 'n interaktiewe proses wat tot die ontwikkeling van Afrikaans as skryftaal bygedra het.

In Desember 1926 het lesers gehoor dat die spellingkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns aan die einde van September daardie jaar besluit het dat die spelreëls radikaal verander moet word. Malherbe het definitief standpunt ingeneem teen hierdie voorgestelde veranderings en gemaan dat die meeste mense kort vantevore vir die taalsak gewen is en gevvolglik nie weer vervreem moes word nie. Nuwe spelreëls sou ook die aanleer van Afrikaans deur

⁴⁵³Die bruilof, *Die Boerevrou*, Januarie 1928, pp. 11,12,13.

⁴⁵⁴K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 101.

⁴⁵⁵Die horison, *Die Boerevrou*, Junie 1927, p. 6.

⁴⁵⁶Hieroer en daaroor, *Die Boerevrou*, Februarie 1927, pp. 7,8.

⁴⁵⁷Redaksie, *Die Boerevrou*, Oktober 1927, p. 2.

Engelsperekendes bemoeilik. Sy het wel onderneem om deur middel van die tydskrif te help om die Afrikaanse spelling meer bruikbaar te maak.⁴⁵⁸

Van die laaste artikels oor Afrikaans het in 1929 verskyn. Dit was twee lang en insiggewende artikels deur Kritzinger oor die vrou se plek in die Afrikaanse letterkunde. Daarin het hy voorspel dat die vrou in die toekoms nog belangrike bydraes tot die letterkunde sou lewer.⁴⁵⁹

10. Rubrieke, artikels en foto's wat lesers moes inlig

Gereeld leesstof in *Die Boerevrou* wat ophef en inlig, kon nie oorgesien word met die ontleding van die gereeldle materiaal in die tydskrif nie. 'n Tydskrif het, soos 'n koerant, die funksie om sy lesers bloot te stel aan gebeure, ontwikkelings en idees buite hulle direkte ervaringswêreld. *Die Boerevrou* het die Afrikanervrou in die gemak en veiligheid van haar eie huis aan die snel ontwikkelende en veranderende twintigste eeu bekend gestel. Lesers kon deur die redakteursbrief, briewekolom en advertensies kennis maak met nuwe idees en ander denkrigtings as hul eie. Verder is daar gereeld foto's en artikels gepubliseer, wat tot die verruiming en opheffing van die Afrikanervrou gelei het. Al die bydraes, wat aan hierdie beskrywing voldoen, kon egter onmoontlik deel uitmaak van een enkele rubriek.

Voorbeeld van stof wat inlig en die horisonne verbreed, is die gereeldle foto's wat in die tydskrif verskyn het. Sommige is met verlof uit ander publikasies oorgeneem, byvoorbeeld foto's en 'n beskrywing van die Saharawoestyn met "vriendelike toestemming" van die *Suid-Afrikaanse Spoorwegblad*.⁴⁶⁰ In 1923 is lesers gevra om interessante portrette van mooi streke in die land of van historiese waarde aan die

⁴⁵⁸Kry ons nuwe spelreëls?, *Die Boerevrou*, Desember 1926, pp. 6,59.

⁴⁵⁹Die vrou in die letterkunde, *Die Boerevrou*, Maart 1929, pp. 25,27,44,48; Die vrou en ons letterkunde, *Die Boerevrou*, April 1929, pp. 10,11.

⁴⁶⁰Die Sahara, *Die Boerevrou*, Junie 1929, pp. 4-6.

tydskrif te leen sodat dit afgedruk kon word.⁴⁶¹ Foto's wat van lesers ontvang is, was onder meer die natuurfoto's van Suid-Afrika, wat gereeld deur dr. Pole Evans gestuur is.⁴⁶² Baie foto's, soos dié wat mej. A.C. Greyling uit Wes-Kenia gestuur het, het die lewenswyse van die lesers uit verskille dele van die land, of selfs buite die landsgrense uitgebeeld.⁴⁶³ Daar het ook dikwels foto's in *Die Boerevrou* verskyn sonder enige aanduiding van wie dit ingestuur het, maar dit was definitief nie minder interessant vir die lesers nie. Van 'n lugfoto van New York tot die Goewerneurshuis in Pretoria,⁴⁶⁴ het aan die lesers die wye buitewêreld vertoon. Foto's van die ou fort in Grahamstad, 'n waterval naby Oudtshoorn, die Brandvleimeer by Worcester, 'n straat in Potchefstroom en die hawe in Kaapstad, is nog voorbeeldelike hiervan.⁴⁶⁵ In die uitgawe van Desember 1922 het daar drie foto's van ou Pretoria verskyn. Volgens die redaksie was die een van Kerkplein verreweg die oudste foto wat van die plein bestaan. Dit wys nog die ou Voortrekkerkerk wat in 1884 deur die Herdenkingskerk, wat die Vryheidsoorlog van 1881 herdenk het, vervang is.⁴⁶⁶ Hierdie foto's is 'n sonderlike vonds vir enige student in kultuurgeskiedenis.

Dit blyk dat die plasing van mededelings van nuwe uitvindings of opbouende gedagtes problematies was en daarom is dit dikwels losstaande tussen die ander leesstof gedruk.⁴⁶⁷ Daar was wel deur die jare vier pogings om hierdie soort mededelings saam in een rubriek te groepeer, wat telkens misluk het. Dit was waarskynlik omdat die redaksie nooit vooraf kon bepaal wat die aard en hoeveelheid van hierdie tipe stof sou wees nie.

⁴⁶¹ Redaksie, *Die Boerevrou*, Augustus 1923, p. 2.

⁴⁶² Kyk byvoorbeeld: *Die Boerevrou*, April en Mei 1926.

⁴⁶³ *Die Boerevrou*, Oktober 1921, p. 12.

⁴⁶⁴ *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Julie 1931, p. 33; *Die Boerevrou*, Februarie 1926, p. 19.

⁴⁶⁵ *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, April 1930, p. 19; *Die Boerevrou*, November 1927, p. 8; *Die Boerevrou*, Januarie 1929, pp. 6,7; *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, September 1931, p. 9; *Die Boerevrou*, Junie 1929, p. 24.

⁴⁶⁶ *Die Boerevrou*, Desember 1922, p. 1.

⁴⁶⁷ Kyk byvoorbeeld: Gedagtes, *Die Boerevrou*, Junie 1921, p. 15; K.O.A. deur die pos, *Die Boerevrou*, Julie 1925, p. 37.

Onbeduidende dingetjies, wat van Februarie tot Mei 1921 verskyn het, is deur mej. E.A. Woods behartig. Hoewel dit ook algemeen interessante brokkies inligting bevat het, het dit hoofsaaklik huishoudelike wenke en uitvindings bespreek.⁴⁶⁸ *Brokkies van alles, en uit ander lande* het net eenmaal in 1925 verskyn en is die volgende maand vervang met *Die wêreldspieël*, wat vyf uitgawes beleef het. Dit lyk asof die redaksie van *Die Boerevrou* self verantwoordelik was vir hierdie twee rubriek. In *Brokkies van alles, en uit ander lande* is onder meer berig dat kouse met helder kleure en patronen hoogmode in Londen was, dat daar mense in Switserland was wat op die sneeu tennis gespeel het en dat president Kruger se woonhuis in Pretoria, toe die Hospitaal van die Bond van Afrikaanse Moeders, deur die regering gekoop is. Daar is beplan om die woonhuis te restoureer en te meubileer soos dit tydens die President se leeftyd daaruit gesien het en dit in 'n museum te omskep.⁴⁶⁹

In *Die wêreldspieël* kon lesers daarvan kennis neem dat 'n nuwe motorfietsklub in Pietersburg 'n wedren van 100 myl gehou het, dat sewe van die nege deelnemers klaargemaak het en dat die wenner 'n jong meisie van veertien jaar oud was.⁴⁷⁰ Ander wetenswaardighede was dat 'n nuwe visspesie in Amerika ontdek is, dat die vrouens van Turkye nou nou toegelaat word om onderwys te ontvang en dat 'n windmeule, die aerodynamo, in Duitsland ontwikkel is om elektrisiteit op te wek omdat Duitsland sy kolemyne na die oorlog verloor het.⁴⁷¹

Die ander twee rubriek wat die opheffing van die vrou ten doel gehad het, was *Hieroor en daaroor* deur Boerseun⁴⁷² en *Praatjies verkoop* deur M.E.R.⁴⁷³ Albei hierdie rubriek was meer gemik op die emosionele en sielsontwikkeling van die vrou as wat

⁴⁶⁸Onbeduidende dingetjies, *Die Boerevrou*, Februarie tot Mei 1921.

⁴⁶⁹Brokkies van alles, en uit ander lande, *Die Boerevrou*, Maart 1925, pp. 35,39.

⁴⁷⁰Die wêreldspieël, *Die Boerevrou*, Augustus 1925, pp. 12,13.

⁴⁷¹Die wêreldspieël, *Die Boerevrou*, September 1925, pp. 15,17; Die wêreldspieël, *Die Boerevrou*, Mei 1925, p. 10.

⁴⁷²Hieroor en daaroor, *Die Boerevrou*, November 1926 tot Desember 1927.

⁴⁷³Praatjies verkoop deur M.E.R., *Die Boerevrou*, Januarie 1927, Maart, April, September en November 1929, Julie 1930.

Die wêreldspieël was, maar het tog interessante brokkies inligting ook bevat. Boerseun het die lesers geleer hoe om notules by vergaderings te hou, voorlesings te doen, formele briewe te skryf en nuusberigte vir die pers te skryf.⁴⁷⁴

M.E.R. het lesers vertel van 'n Kafeteria, 'n nuwe soort kafee waarin jy jouself kan bedien. Sy het een in Eloffstraat in Johannesburg besoek en dit was glo "baie oulik en skoon."⁴⁷⁵ Sy was ook van mening dat mans nie net altyd agter 'n verskoning skuil as hulle beweer dat hulle nie die regte gereedskap het om iets vir die vrou te doen nie, want sy het self ervaar dat werk tog vinniger en makliker geskied as 'n mens die regte gereedskap het.⁴⁷⁶ En dan het sy ook iets te vertelle gehad oor prinses Juliana van Nederland. Die prinses is universiteit toe en is geensins anders as die ander studente behandel nie. Sy het die studentelewe baie geniet en toe iemand 'n aanmerking oor haar fris bene gemaak het, was die persoon baie verleë toe hy uit haar antwoord aflei wie sy is: "Ja, maar op hierdie bene rus die hele huis van Oranje."⁴⁷⁷

As daar na hierdie tipe bydraes in *Die Boerevrou* gekyk word, is dit duidelik dat die lesers goed op hoogte van nuwe uitvindings moes gewees het en dat hulle baie stof, wat selfstandige denke kon bevorder, tot hulle beskikking gehad het. Hulle het byvoorbeeld al in 1927 geweet dat 'n Skot, mnr. Baird, 'n toestel ontwikkel het wat dit moontlik maak om dinge, wat duisende myle ver is, te sien beweeg. Beelde is oorgesit in klanke wat dan deur die draadloos versend is en dan weer deur 'n ontvangtoestel in beelde verander kon word.⁴⁷⁸

⁴⁷⁴Hieroor en daaroor, *Die Boerevrou*, Oktober 1927, pp. 17,35; Hieroor en daaroor, *Die Boerevrou*, November 1927, p. 13.

⁴⁷⁵Praatjies verkoop deur M.E.R., *Die Boerevrou*, November 1929, pp. 19,21.

⁴⁷⁶Praatjies verkoop deur M.E.R., *Die Boerevrou*, Maart 1929, pp. 13,15,17.

⁴⁷⁷Praatjies verkoop deur M.E.R., *Die Boerevrou*, Maart 1929, pp. 13,15,17.

⁴⁷⁸Televiesie, *Die Boerevrou*, Oktober 1927, p. 4.

11. Vroueeverenigings

In die verligting vanveral verarmde stedelike Afrikaners se nood het welsynsorganisasies in die jare twintig 'n al hoe belangrikere rol begin speel. Afrikanervroue uit die middelklas het in groot getalle aktief by organisasies soos die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF), betrokke geraak.⁴⁷⁹ Uit verskeie rubriek, brieve en artikels in *Die Boerevrouw* is dit duidelik dat die betekenis van hierdie organisasies in die lewe van hul lede tweeledig was. Aan die een kant was die hoofdoel daarvan noodleniging en opheffing, wat 'n gevoel van eiewarde by die hardwerkende vrouens gewek het. Aan die ander kant het die gemeenskaplike werk in die verenigings geleentheid tot sosialisering en ontspanning gebied. Hierdie twee aspekte loop soos 'n goue draad deur al die bydraes van en oor vroueeverenigings in *Die Boerevrouw*.

In die heel eerste uitgawe van die tydskrif is die oprigting van 'n Boerevroubond in die vooruitsig gestel. Die doel daarvan was om 'n vriendekring tussen Afrikaanse vrouens te stig waardeur liefdadigheidswerk en tuisverdienste aangemoedig kon word. Dit sou nie 'n vereniging in die ware sin van die woord, met takke en vergaderings wees nie, maar in werklikheid net 'n advieskolom in *Die Boerevrouw*.⁴⁸⁰

In die volgende uitgawe is voorgestel dat vrouens wat op die dorp woon, ruskamers kan inrig en teen betaling beskikbaar stel vir die gebruik deur ander lede van die bond, wat op plase in die omgewing woon en vir 'n dag dorp toe moet gaan vir inkopies en ander besigheid. So 'n kamer moes netjes, maar eenvoudig gemeubileer wees met 'n rusbank, 'n kinderbedjie, 'n paar gemaklike stoele, 'n wastafel, spieël en teetafel.⁴⁸¹

⁴⁷⁹H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 293.

⁴⁸⁰Die Boerevrouw Bond, *Die Boerevrouw*, Maart 1919, p. 5.

⁴⁸¹Die Boerevrouw Bond, *Die Boerevrouw*, April 1919, p. 5.

Die plan van 'n bond vir Afrikaanse vrouens is dadelik positief ontvang en brieue oor die onderwerp lig die lesers se behoefté aan verbondenheid met mekaar duidelik uit. In Julie 1919 het mev. A.J. in 'n waarderende brief oor die aangeleentheid selfs voorgestel dat die lede van die bond 'n spesiale knopie op hul bors moet dra om maklik in 'n dorp deur mekaar uitgeken te word. Haar motivering was dat 'n mens op 'n vreemde dorp maklik verlore en verward kon voel.⁴⁸²

Mev. M.B. en Voortrekkers-dogter was ook albei van mening dat die stigting van 'n bond, die inrigting van ruskamers op dorpe en die dra van 'n teken, 'n uitstekende idee was.⁴⁸³ Laasgenoemde het selfs voorgestel dat die lede van die bond verenigings stig waar hulle in groepe maandeliks kon bymekaar kom om saam te kuier en te werk.⁴⁸⁴ Die redaksie was van voorname om almal, wat deel van die bond wou wees, se name in 'n lys in die tydskrif te publiseer.⁴⁸⁵

Teen Oktober 1925 het *Die Boerevrou* afgewyk van die oorspronklike plan om 'n bond te stig sonder takke en vergaderings en 'n struktuur met takke, distrikse- en wyksbesture en 'n sentrale raad, wat elke drie jaar bymekaar moes kom, is voorgestel.⁴⁸⁶ Na aanleiding van twee artikels deur mev. S. van H. Tulleken⁴⁸⁷ en 'n aantal lesersbrieue in 1924 en 1925 oor die moontlikheid van lonende tuisnywerhede vir die Afrikaanse vrouw, is daar besluit om die regering saam met die vroue-organisasies, die Vroue-afdeling van die Landbouvereniging en die Huisvlyt

⁴⁸²Die Boerevrouw-Bond, *Die Boerevrouw*, Julie 1919, p. 5.

⁴⁸³Brieue van lesers, *Die Boerevrouw*, Oktober 1919, p. 5.

⁴⁸⁴Die Boerevrouw-Bond, *Die Boerevrouw*, Augustus 1919, p. 5.

⁴⁸⁵Die Boerevrouw-Bond, *Die Boerevrouw*, Julie 1919, p. 5.

⁴⁸⁶Die Boerevroubond, *Die Boerevrouw*, Oktober 1925, pp. 51,53,55,57,59,61.

⁴⁸⁷Boerdery: sy voor- en nadeel. Hoe 'n vrou haar man kan help, *Die Boerevrouw*, Augustus 1923, pp. 44,45; Hoe die vrou haarself kan help, *Die Boerevrouw* Februarie 1925, pp. 6,7.

Vereniging van Transvaal te nader en steun te vra vir die stigting van kantore in elke provinsie.⁴⁸⁸

In Desember 1925 is daar egter berig dat die Vrouetak van die Transvaalse Landbou Unie *Die Boerevrou* versoek het om nie 'n Boerevroubond te stig nie, daar dit na hulle mening verdeeldheid sou veroorsaak. Takke van die Oranje Vroue Vereniging (OVV) en die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) het ook gemeen dat die werk van die voorgestelde bond eerder deur die vroue-organisasies se takke gedoen kon word. *Die Boerevrou* was bereid om gehoor te gee aan die versoek en het die vertroue uitgespreek dat die werk steeds gedoen sou word.⁴⁸⁹

Dit blyk dat van die genoemde voorstelle en planne wel tot uitvoer gekom het, want 'n lid van die Boerevrouvereniging in Clanville het in 1926 laat weet dat hulle 'n groep vrouens is wat een maal per maand bymekaar kom en gedeelde belang bespreek, bakkompetisies hou en selfs 'n kamer het in die "Kerkhuis" (vermoedelik die pastorie) op die dorp waar hul produkte verkoop word.⁴⁹⁰ Die Dames van Langberg het ook in 1927 'n brief geskryf waarin hulle vertel het dat hulle 'n groep gevorm het wat belang gestel het om vrugte in te lê en konfyte te kook en dit dan uit te voer. Hulle het gesamentlik vir mev. Sewly Uys geborg om mev. Jeanette Slade se kursus te doen en na voltooiing daarvan, sou sy demonstrasies in Postmasburg, Kuruman, Olifantshoek, Deben, Dingle en Dikepping hou.⁴⁹¹

In April 1931 was daar egter weer 'n leser wat die stigting van 'n bond deur die tydskrif bepleit het en Malherbe het gevra wat die ander lezers daarvan dink.⁴⁹² Mev.

⁴⁸⁸Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Oktober 1924, pp. 37,39; 'n Interessante brief, *Die Boerevrou*, Desember 1924, p. 55; Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, April 1925, pp. 9-11; Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Mei 1925, pp. 19,21,23; Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Julie 1925, pp. 6-9,56.

⁴⁸⁹Afrikaanse Boerevrou-Bond, *Die Boerevrou*, Maart 1925, pp. 4,5.

⁴⁹⁰Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Desember 1925, p. 7; Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Maart 1926, pp. 11,13,15,43.

⁴⁹¹Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Oktober 1926, pp. 15-19.

⁴⁹²*Die Boerevrou*, Maart 1927, p. 49.

Cecilia Roos het laat weet dat baie vrugte jaarliks in hulle distrik verlore gaan terwyl die aanvraag na gekristaliseerde vrugte, droë vrugte en konfyt hoog is. Sy was oortuig daarvan dat 'n bond nodig was om oor die verspreiding van produkte toesig te hou.⁴⁹³ Die einde van *Die Boerevrou* het egter kort hierna aangebreek en die stigting van 'n Boerevroubond het nooit 'n realiteit geword nie.⁴⁹⁴ Tog het die saamdink en saampraat oor die onderwerp iets tot gevolg gehad wat baie naby aan die oorspronklike plan van die tydskrif was, naamlik om die Afrikaanse vrou op ekonomiese, opvoedkundige en maatskaplike gebied aan te moedig, te ondersteun en verbonde aan ander, soos syself, te laat voel.

Die Boerevrou sou tot aan die einde van haar bestaan intens belangstel en meeleeft in die doen en late van verskeie ander vroue-organisasies, bo en behalwe die bond wat sy probeer stig het. Dit was 'n algemene gebruik aan die einde van die negentiende en begin van die twintigste eeu dat tydskrite en koerante as mondstuk van organisasies en verenigings dien sonder dat hulle met dié doel gestig is of uitsluitlik dié funksie verrig het. Dit het organisasies van 'n netwerk voorsien om hul doelstellings te versprei en uitgewers van publikasies het gehoop om daardeur hul sirkulasie te verhoog. Mabel Malherbe was vanaf 1904, die stigtingsjaar van die SAVF, 'n lid van dié organisasie en was teen 1921 die eienares van 'n suksesvolle vrouetydskrif. Gevolglik blyk die gebruik van *Die Boerevrou* as mondstuk vir die SAVF 'n logiese keuse te wees.

Vanaf Februarie 1921 is daar elke maand minstens een bladsy, en van Januarie 1924 twee bladsye, in die tydskrif vir gebruik deur die SAVF afgestaan.⁴⁹⁵ Alle amptelike kennisgewings van die Federasie aan sy takke het van toe af deur middel van die nuuskolom in *Die Boerevrou* geskied. Vir die volgende elf jaar kon die takke verslag

⁴⁹³Om die Koffietafel, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, April 1931, pp. 35-37.

⁴⁹⁴Om die Koffietafel, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Junie 1931, pp. 32-36.

⁴⁹⁵Suidafrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Februarie 1921, p. 43; Suid Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Januarie 1924, pp. 55,56.

doen van hul werksaamhede, kennisgewings en terugvoer kry oor die jaarlikse kongresse. Hulle is aangemoedig om die Federasie se inrigtings te ondersteun en van bydraes te voorsien.⁴⁹⁶ Die takke moes op die tydskrif inteken en het selfs later afslag op die verkoopprys gekry as daar vir meer as tien eksemplare ingeteken is.⁴⁹⁷

In 1925 is voorstelle vir 'n titelblok vir die kolom gevra en 'n prys van £5 is beloof vir die beste tekening wat ontvang word.⁴⁹⁸ Die Volksrust-tak het toe alreeds 5/- vir hierdie doel bygedra.⁴⁹⁹ 'n Ontwerp van Erich Mayer is uiteindelik aanvaar en die Germistonse tak het dadelik hul waardering vir die mooi, nuwe titelblok uitgespreek.⁵⁰⁰

Uit hierdie gereelde afdeling in *Die Boerevrou* kon verneem word dat die Federasie se amptelike kleure groen en geel was en dat die suiderkruis, soos vandag steeds, hul kenteken was. Die SAVF, die ACVV en die OVV het almal dieselfde gesang as amptelike lied gebruik, waarvan die woorde en bladmusiek verskeie kere in *Die Boerevrou* gedruk is.⁵⁰¹

In 1921 het die takke van die organisasie reeds 37 getel en die ledetal het binne die bestek van een jaar van 2 010 tot 2 255 aangegroei.⁵⁰² Hierdie afdeling in *Die Boerevrou* lees soos die geskiedenis van die SAVF tussen 1921 en 1931 en behoort nie geïgnoreer te word as 'n omvattende werk oor die organisasie geskryf word nie.

⁴⁹⁶Suidafrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Februarie 1921, p. 43; Suid Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Januarie 1924, pp. 55,56.

⁴⁹⁷Suidafrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Maart 1921, p. 44.

⁴⁹⁸S.A. Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Mei 1925, pp. 14-16.

⁴⁹⁹Suidafrikaanse Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Junie 1923, p. 55.

⁵⁰⁰Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Junie 1927, pp. 54-56; Suid-Afrikaanse Vroue-federasie, *Die Boerevrou*, Julie 1927, pp. 55,56.

⁵⁰¹Suidafrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Februarie 1922, p. 48; Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Junie 1927. pp. 54-56; S.A. Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Mei 1926, pp. 50,51.

⁵⁰²Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Maart 1921, p. 44.

Die name van nuwe takke is byna elke maand aangegee en die takke is welkom geheet. Die stigtingsgeskiedenis van die SAVF is verskeie kere in *Die Boerevrou*⁵⁰³ en die lief en leed van die lede is ook in hierdie kolom gedeel. Daar kon gelees word van bekendes, soos mev. Sannie Buhrmann, die voorsitter van die Ermelo-tak, se afsterwe en die president van die organisasie, mev. Broers, se silwerbruilof.⁵⁰⁴

Uiteindelik sou Boerevrou-lesers nuus kry van altesaam 74 SAVF-takte. Stede, soos Pretoria en Johannesburg, het meer as een tak gehad en soms het klein dorpies, soos Kinross en Kriel, saam 'n tak gevorm. Daar was ook vyf takke van die SAVF in Brits Oos-Afrika.⁵⁰⁵ Teen die einde van 1931 het die volgende takke in Suid-Afrika bestaan:

- | | | |
|---------------------------|-----------------------------------|------------------|
| - Alberton | - Hartebeestfontein | - Potchefstroom |
| - Amersfoort | - Heidelberg | - Potgietersrus |
| - Barberton | - Hendrina | - Premiermyn |
| - Belfast | - Jeppestown | - Pretoria |
| - Bethal | - Johannesburg
(Sentrale Rand) | - Pretoria-Noord |
| - Bloemhof | - Johannesburg
(Oos) | - Rustenburg |
| - Boksburg | - Kinross-Kriel | - Sabie |
| - Brakpan | - Kliprivier | - Schoonspruit |
| - Brits | - Krugersdorp | - Selonsrivier |
| - Bultfontein | - Lichtenburg | - Skaapkraal |
| - Carolina | - Lydenburg | - Skeerpoort |
| - Charl Celliers | - Machadodorp | - Snymansbult |
| - Chrissiesmeer | - Melville | - Staderton |
| - Christiana | - Middelburg | - Swartruggens |
| - Daspoort | - Modderfontein | - Trichard |
| - Davel | - Moot | - Turffontein |
| - Dullstroom | - Morgenzon | - Van Wyksvlei |
| - Eendracht | - Muldersdrift | - Ventersdorf |
| - Eloffsdal
(Pretoria) | - Ngemani | - Vereeniging |
| - Erasmus | - Nuskotland | - Volksrus |
| - Ermelo | - Newlands | - Wakkerstroom |
| - Fordsburg | - Nooitgedacht | - Waterval Boven |
| - Germiston | - Pietersburg | - Witbank |
| - Greylingstad | | - Zeerust |

⁵⁰³Suidafrikaanse Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Julie 1921, pp. 47,48; Suid Afrikaanse Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, April 1924, pp. 5-7, 49.

⁵⁰⁴S.A. Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, November 1926, pp. 47,48; Suid-Afrikaanse Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Julie 1924, pp. 55,56.

⁵⁰⁵Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Desember 1926, pp. 61-63.



Figuur 35: Afgevaardigdes by die SAVF-kongres van 1921 in Pietersburg.

Uit: Suidafrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, April 1921, p. 44.

Die jaarlikse kongres het elke jaar op 'n ander dorp plaasgevind en was gedurende die twee feesjare, 1924 en 1929 met die 20ste en 25ste verjaardag van die SAVF, in Pretoria. Besoek aan al die Federasie se inrigtings in Pretoria en die Transvaalse Universiteitskollege en 'n onthaal deur die burgemeester van Pretoria by die Fonteine-kiosk het deel van die 1929-kongres en verjaardagvieringe uitgemaak.⁵⁰⁶

Uit die takverslae en terugvoer oor kongresbesluite kan 'n goeie idee gevorm word van die SAVF se werksaamhede. Met die belasting en ander bydraes wat deur die takke aan die hoofbestuur oorbetaal moes word, is die amptelike inrigtings van die Federasie onderhou:⁵⁰⁷

- Die Oudetehuis op Krugersdorp
- Die Leprose-gestig
- Die Huishoudskool in Pretoria
- Die Langlaagte Kindertehuis
- Die Bond van Afrikaanse Moeders se opleidingskool vir vroedvroue
- Die Armstrong-Berning Reddinghuis vir ongehude moeders

⁵⁰⁶Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Maart 1929, pp. 47,48.

⁵⁰⁷Suidafrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Februarie 1921, p. 43.

Die Federasie het ook sitting op die bestuur van die volgende organisasies gehad en hulle finansieel ondersteun:⁵⁰⁸

- Die Zuid-Afrikaanse Hospitaal
- Die Industriële Skool op Standerton
- Die Kruger-Monument-Kommissie
- Die Gesondheidsraad van die Unie

Verder is daar bygedra tot:⁵⁰⁹

- Die Transvaalse Uniwersiteitskollege (in Mei 1927 reeds £ 774 15 9⁵¹⁰)
- Die Red die Transvaalse Kinderfonds (vir kinders op die delwerye)
- Die salaris van die verpleegster op De Lagersdrift
- Die opknapping van die Trichardt-grafte in Delagoabaai
- Die herbegrafnis van Emily Hobhouse
- Die Vrouemonument in Bloemfontein
- Die oprigting van standbeelde van president Kruger en generaal Joubert
- Die Doofstomme-inrigting
- Ondersteuning van OVV in hul hulp tot verligting van die nood in Sentraal Europa
- Kinderleiding-Kliniek van dr. Maria te Water by T.U.K.
- Vroue-Sending Bond op die delwerye
- Afrikaanse Bybelvertaling
- Verligting van die nood in die Karoo weens droogte

⁵⁰⁸Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Mei 1927, pp. 49,78.

⁵⁰⁹Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Mei 1927, pp. 49,78; Suid Afrikaanse Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, April 1924, pp. 5-7,49; Suid-Afrikaanse Vroue-federasie, *Die Boerevrou*, Julie 1927, pp. 55,56; Suid Afrikaanse Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Oktober 1923, pp. 45,46; Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Mei 1928, pp. 55,56; Suid Afrikaanse Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Desember 1923, pp. 49,55.

⁵¹⁰Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Mei 1927, p. 51.

Die onderskeie takke het ook individueel verskillende projekte en organisasies ondersteun.⁵¹¹ Baie takke het gehelp om meisies op die verskillende huishoudskole in die land te onderhou. Afgesien van die Federasie se Huishoudskool in Pretoria, het *Die Boerevrou* gereeld berig oor huishoudskole op Bethlehem en Hartebeestpoort en hoe die meisies, wat daar gestudeer het, se lewens daar uitgesien het.⁵¹²

Verreweg die meerderheid takke het gedurende die winter daagliks sop of melk en brood aan minderbevoordeerde skoolkinders in hul gemeenskappe verskaf, soms met hulp van die Transvaalse Onderwysdepartement.⁵¹³ Na die mynstaking van 1922 het die takke op Boksburg, Germiston, Fordsburg, Krugersdorp en Johannesburg kos, klere en gebruiksartikels van die ander takke gevra om onder die noodlydendes te versprei.⁵¹⁴ Takke het ook bygedra tot koshuise, ander weeshuise, die bou van gemeenskapsale en naaldwerkklasse vir arm moeders. Verder is arm oumense en kinders van truie en kruideniersware voorsien.⁵¹⁵ Die verskillende takke het op die volgende vindingryke maniere geld ingesamel om hul verpligtinge na te kom:

- Kollektelyste en straatkollekte⁵¹⁶
- Verkoping van verversings by Landboutentoonstellings, vendusies, stembusse op verkiesingsdae, met nagmaalnaweke op die platteland, skyfskietdae en by debatsaande⁵¹⁷

⁵¹¹Kyk byvoorbeeld: Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Maart 1927, pp. 55,56; Suidafrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Januarie 1922, pp. 47,48.

⁵¹²In Huishoudskool se leerplan, *Die Boerevrou*, November 1925, pp. 21,23; Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, September 1930, pp. 47,48.

⁵¹³Kyk byvoorbeeld: Suid-Afrikaanse Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Oktober 1924, p. 56.

⁵¹⁴Suidafrikaanse Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, April 1922, p. 44.

⁵¹⁵Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, April 1930, pp. 43,44,45,48.; Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Junie 1927, pp. 54,55,56; S.A. Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Oktober 1926, pp. 55,56.; Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Februarie 1931, pp. 46-48; Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Maart 1927, pp. 55,56; Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Junie 1930, pp. 48,50,52,43.

⁵¹⁶Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Februarie 1931, pp. 46-48; Suidafrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Februarie 1922, p. 48.

- Koekverkopings⁵¹⁸
- Speletjies-aande⁵¹⁹
- Kunswedstryde⁵²⁰
- Tiekie-aande⁵²¹
- Produktedae (produkte word ingesamel en weer van huis tot huis aan die dorp se mense verkoop)⁵²²
- Watersport by 'n dam en 'n kafee onder die bome⁵²³
- Bioskoopaande⁵²⁴
- "Chain teas" (gasvrou nooi vyf vriendinne vir tee en elkeen betaal 6d., hulle moet dan elkeen weer vyf mense onthaal, ens.)⁵²⁵
- "Fancy dress" voet- en korfbalwedstryde⁵²⁶
- Konserte, byvoorbeeld orrel-, koor-, klavier- en harpuitvoerings en toneelstukke⁵²⁷
- Voorskotaande en ponddae (elke lid skiet kruideniersware voor of skenk byvoorbeeld £1 se kruideniersware wat in pakkies opgemaak word en aan die verskillende inrigtings van die Federasie gestuur word)⁵²⁸
- "Bybie-tentoonstellings"⁵²⁹

⁵¹⁷S.A. Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Junie 1926, pp. 53,55,56; Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Maart 1927, pp. 45,47; Suidafrikaanse Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Desember 1921, p. 64; S.A. Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Junie 1926, pp. 53,55,56; Suidafrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Januarie 1922, pp. 47,48.

⁵¹⁸Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Julie 1927, pp. 55,56.

⁵¹⁹Suid Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Januarie 1924, pp. 55,56.

⁵²⁰S.A. Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Junie 1926, pp. 53,55,56.

⁵²¹S.A. Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Oktober 1921, p. 48.

⁵²²Suid-Afrikaanse Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Junie 1924, p. 56.

⁵²³S.A. Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, September 1926, pp. 54-56.

⁵²⁴Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Junie 1929, pp. 47,48.

⁵²⁵S.A. Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, September 1926, pp. 54-56.

⁵²⁶Suid Afrikaanse Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Oktober 1923, pp. 45,46.

⁵²⁷Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Desember 1929, pp. 61,63; S.A. Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Januarie 1927, pp. 55,56; Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Junie 1927, pp. 54-56.

⁵²⁸Suid Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Oktober 1923, pp. 45,46.

⁵²⁹Suidafrikaanse Vrouefederasie, *Die Boerevrou*, Januarie 1923, pp. 46,47,48.

- Praalwedstryde (amper soos 'n modeparade met snaakse of ouderwetse klere)⁵³⁰
- Maak en verkoop van kranse vir kransleggings by grafte en monumente op spesiale dae⁵³¹
- Sportdae (bv. skyfskiet en perdesport)⁵³²
- Tuinparty waar daar kroukie en ping-pong gespeel is⁵³³
- Mandjie-aande (mandjies eetgoed wat geskenk word deur lede word by 'n geselligheid opgeveil)⁵³⁴
- Verjaardagaande (Funksie of geselligheid waarvoor gaste bedrae betaal gelykstaande aan hulle ouderdomme)⁵³⁵
- Elke lid kry 'n halfkroon om mee te woeker soos sy goed dink⁵³⁶
- Naaldwerk gedoen en verkoop⁵³⁷

Aangesien *Die Boerevrou* na die ander provinsies van die land ook versprei is, was daar lesers wat die begeerte gehad het om ook te vertel wat die ander vroueverenigings in hulle omgewings gedoen het. Ou-jong Vrou het in Oktober 1922 in 'n lang brief vertel dat hulle ACVV-tak 'n konsert gehou het waarmee hulle 'n aansienlike som geld ingesamel het en waarvan die Engelse lede van die gemeenskap ook baie gehou het. Sy maak melding van 'n vrouw wat 'n konsertina op die konsert so meesterlik bespeel het dat sy 'n dawerende applous van die gehoor ontvang het.⁵³⁸

'n Artikel oor die ontstaan, in 1903, en die geskiedenis van die ACVV het in Maart 1924 in *Die Boerevrou* verskyn. Daaruit is dit duidelik dat die ACVV en die SAVF in

⁵³⁰Suidafrikaanse Vrouefederasie, *Die Boerevrou*, Maart 1926, p. 55.

⁵³¹Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, September 1930, pp. 47,48.

⁵³²S.A. Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Januarie 1927, pp. 55,56.

⁵³³Suidafrikaanse Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Augustus 1923, pp. 55,56.

⁵³⁴Suidafrikaanse Vroue Federasie, *Die Boerevrou*, Desember 1921, p. 64.

⁵³⁵Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, September 1929, pp. 43,45.

⁵³⁶S.A. Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, November 1926, pp. 55,56.

⁵³⁷Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Februarie 1931, pp. 46,47,48.

⁵³⁸Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Oktober 1922, pp. 13,15,17.

hul oogmerke en werkswyse baie ooreengestem het.⁵³⁹ Na aanleiding van die artikel het 'n leseres, mev. Gert Jordaan, 'n brief wat mev. Marie Koopmans-De Wet in 1902 aan haar geskryf het en wat 'n groot invloed op die stigting van die ACVV gehad het, aan die *Die Boerevrou* gestuur.⁵⁴⁰ Dit is in April 1924 geplaas. Vir die enigste biografie oor Marie Koopmans-De Wet wat in 1925 deur F.S. Malan geskryf is, het dit laat gekom vir gebruik.⁵⁴¹

'n Kort huldeblyk aan mev. Roos, stigterslid en president van die ACVV en eggenote van ds. Jan Roos, het in 1925 verskyn. Sy is op 5 Desember 1924 oorlede.⁵⁴² Saam met die huldeblyk het nog 'n artikel oor die ACVV se werksaamhede verskyn⁵⁴³ en dis duidelik dat daar 'n hegte band van samewerking en wedersydse ondersteuning tussen die vroueverenigings onderling, asook tussen die tydskrif en verskillende verenigings bestaan het. 'n Gedig, *Laat sy tog maar bedank*, deur Kandas is uit *Eendrag*, die ACVV se kwartaalblad, oorgeneem. Volgens die gedig is "Die lid wat graag iets aanpak en die werk op ander skuif, en dan op die verhoog verskyn met mooi gekrulde kuif", ook gewoonlik die een wat altyd anders wil doen as wat die meerderheid besluit, agteraf skinder, altyd te haastig is en te veel van die tak se geld wil spandeer. Malherbe se kommentaar op die gediggie verklap dat groot hoeveelhede Afrikaanse vrouens geweet het wat samewerking in 'n vereniging behels:

Ons reken ons leseresse sal die geniet – want almal wat verenigings-werk doen, in watter Vereniging ook, ken daardie soort lid, nie waar nie.⁵⁴⁴

⁵³⁹Groei en bloei van die Afrikaanse Christelike Vroue Vereeniging, *Die Boerevrou*, Maart 1924, pp. 5,7.

⁵⁴⁰Nog iets oor die A.C.V.V., *Die Boerevrou*, April 1924, p. 11.

⁵⁴¹F.S. Malan, *Marie Koopmans-De Wet (1834-1906)*.

⁵⁴²Wyle Mev. Roos van die ACVV, *Die Boerevrou*, Januarie 1925, p. 9.

⁵⁴³Werksaamhede van die A.C.V.V., *Die Boerevrou*, Januarie 1926, pp. 15,17.

⁵⁴⁴Laat sy tog maar bedank, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, April 1930, p. 8.

Hoewel die ACVV nie *Die Boerevrou* as mondstuk nodig gehad het nie, het nuus oor die organisasie tot in 1931 nog verskeie kere in die tydskrif verskyn. Teen Februarie 1931 het die ACVV 7 000 lede gehad wat gemiddeld £11 000 per jaar vir liefdadigheid ingesamel het.⁵⁴⁵ Die jongste tak van die ACVV, wat hoofsaaklik in die Kaapkolonie werksaam was, is in April 1930 in Windhoek gestig. In Augustus is die tak in *Die Boerevrou* verwelkom as deel van die groot span wat saamwerk om die armes en siekes te versorg en op te hef.⁵⁴⁶

Na die eerste artikel oor die ACVV in 1924 verskyn het, het Malherbe die plan gekry om ook artikels en verslae van die OVV en die Natalse Christelike Vrouevereniging (NCVV) te plaas en onderneem om dit spoedig te doen.⁵⁴⁷

Die beloofde artikel oor die OVV het in Desember 1925 verskyn en twee oor die NCVV eers in 1929. Lesers wat onbekend was met die OVV kon verneem dat die organisasie deur president Steyn in 1908 gestig is en sedertdien geld ingesamel het om ook by te dra tot die onderhoud van ouetehuise, weeshuise, hospitale, huishoudskole en monumente. Projekte soos hulp aan die noodlydende Duitsland na die Eerste Wêreldoorlog, die Afrikaanse Bybelvertaling en werksverskaffingsprojekte, soos die Municipale Washuis in Bloemfontein, het geld van die OVV ontvang.⁵⁴⁸

Die twee bydraes deur die Sekretaresse van die NCVV se hoofbestuur het nie inligting oor die stigting en geskiedenis van die organisasie bevat nie, maar die werkzaamhede is beskryf. Dis duidelik dat die NCVV nie so vooruitstrewend en aktief soos haar susterverenigings in die ander dele van die land was nie. Sy kon wel daarin slaag om met net 352 lede jaarliks ongeveer £41 vir arme en siekesorg in te samel. Hulle het

⁵⁴⁵Die doel en streeve van die A.C.V.V., *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Februarie 1931, pp. 44,45.

⁵⁴⁶A.C.V.V.-Nuus, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Julie 1931, p. 44; A.C.V.V.-Nuus, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Augustus 1931, p. 44.

⁵⁴⁷Redaksionele kommentaar by die rubriek van die SAVF, *Die Boerevrou*, April 1924, p. 5.

⁵⁴⁸Die Oranje Vroue Vereniging, *Die Boerevrou*, Desember 1925, pp. 9,10.

ook in 1930 £250 van die SAVF ontvang om die Konsentrasiekampgrafe te by Meerbank op te knap.⁵⁴⁹

Die Huisgenoot het in die twintigerjare bekend gestaan as die “offisiële orgaan” van die Afrikaanse Taalvereniging, die OVV, die Helpmekaarbeweging en Werda, die studentevereniging.⁵⁵⁰ Die OVV het egter van Februarie tot Desember 1930 elke maand ‘n verslag aan die *Die Boerevrou* vir publikasie gestuur en teen Januarie 1931 het Mabel berig: “Wat ons besonder bly oor voel is dat die O.V.V. en die S.A.V.F. noudat hulle een offisiële blad het mekaar beter leer ken en meer kan saamwerk.”⁵⁵¹

Dit is nie seker presies wanneer en hoekom die OVV besluit het om *Die Boerevrou* te gebruik as hulle enigste mondstuk nie, maar die feit dat die tydskrif die vroueoverenigings uiters simpatiek gesind was en die behoefté aan nouer samewerking met die SAVF kon bygedra het tot die besluit. Gedurende die hele 1931 het die OVV deur *Die Boerevrou* met haar takke gekommunikeer. In ‘n brief van bedanking aan die redaksie het die OVV *Die Boerevrou* as ‘n “brug oor die Vaalrivier na die SAVF” bestempel.⁵⁵²

Die OVV-rubriek het die lief en leed van lede, kongresbesluite en opdragte aan die takke bevat en daar kan tot in die fynste detail gelees word hoe en hoeveel geld, kos en goedere vir elke goeie saak bygedra is.⁵⁵³ Die laaste OVV-rubriek in die uitgawe van Desember 1931 was besonder lank, moontlik omdat die organisasie reeds geweet het dat hulle ‘n ander mondstuk sou moes vind. Dit getuig egter steeds van positiwiteit en dankbaarheid teenoor Malherbe en die tydskrif.⁵⁵⁴

⁵⁴⁹Natalse Christelike Vroue Vereniging, *Die Boerevrou*, Julie 1929, pp. 41,43; N.C.V.V., *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Julie 1931, p. 37.

⁵⁵⁰*Die Huisgenoot*, November 1922, p. 272.

⁵⁵¹Redaksie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Januarie 1931, p. 2.

⁵⁵²Oranje-Vroue-Verenigings-Nuus, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Januarie 1931, pp. 46,47.

⁵⁵³*Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Januarie tot Desember 1931.

⁵⁵⁴Oranje-Vroue-Verenigings-Nuus, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Desember 1931, pp. 33-37.

In 1927 is daar in die SAVF-rubriek berig dat 'n Federale Raad vir Moederkuns en Kindersorg van Suid-Afrika gestig is waarop elf Afrikaanse liggame, waaronder die vier groot vroueverenigings, verteenwoordig is. Die Administrateur van Transvaal, mnr. Jan Hendrik Hofmeyr, het aan hierdie Raad agt setels uit die 71 op die National Council of Child Welfare aangebied. Daar is dadelik begin om deur die takke van die vroueorganisasies inligting en statistiek oor moederkennis en kindersorg onder die algemene bevolking in te samel. Vroeg in 1928 het die Federale Raad by die Algemene Vroueraad van Suid-Afrika geaffilieer.⁵⁵⁵

Lesers en lede van die vroueverenigings was alreeds 'n jaar voor die affiliasie met die doelstellings en die werksaamhede van die Algemene Vroueraad van Suid-Afrika vertroud. 'n Artikel oor die Algemene Vroueraad het in Mei 1927 in *Die Boerevrou* verskyn. Mabel Malherbe het op die hoofbestuur van hierdie organisasie gedien en dis moontlik dat sy self hier aan die woord is:

Vir ons is daar iets betowerends in die gedagte dat 'n mens aan 'n wêreldwye beweging kan behoort. Waar ons Afrikaanse Vroue-Verenigings dit nuttig gevind het om gesamentlik 'n Federale Raad te stig, om meer te kan uitvoer, en om 'n breër blik op belangrike vraagstukke te kry, het ons hier te doen met 'n organisasie wat ons weer met 'n wêreldbeweging aansluit, en 'n kyk gee nie alleen op ons eie nasionale sake nie, maar op vrouesake in die algemeen. Vir ons is die grootste werk wat die Vereniging doen, om propaganda te maak vir wêreldvrede. Natuurlik word die Nasionale Vroueraad dikwels gekritiseer, hoewel ek dink dat ons genadiglik by daardie stadium verby is toe elke werkende vrouevereniging beskou is as 'n bende ontevrede mense, wat 'n ongelukkige

⁵⁵⁵S.A. Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Januarie 1927, pp. 55,56; Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Mei 1927, pp. 49,78; Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou*, Mei 1928, pp. 55,56; Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Oktober 1931, pp. 43,44.

liefdesgeskiedenis agter die rug het. Ek het dit byvoorbeeld hoor sê dat ons niks anders is nie as 'n klomp bemoeisiekes wat ongevraagde raad wil verskaf aan die Regering. (Met uitsondering van die woord 'bemoeisiek' neem ek graag die definisie aan.)⁵⁵⁶

Malherbe is afgevaardig om namens die Algemene Vroueraad van Suid-Afrika die Internasionale Vroueraad Kongres in Genève in 1927 te gaan bywoon. Uit Switserland het sy laat weet dat 'n totaal van 23 lande, waaronder Switserland, Duitsland, Finland, Swede, Noorweë, Denemarke, Nederland, België, Frankryk en Groot-Brittanje by die kongres verteenwoordig is. Sake van bespreking was kinderwelvaart, gesondheid, rolprent-verbetering, propaganda vir wêreldvrede, 'n beter sedelewe en opvoeding.⁵⁵⁷ Later het sy ook breedvoerig berig dat "net sake van internasionale belang waарoor regssinnige mense oor die wêreld heen dieselfde dink," deur die Raad bevorder is. So het die Raad hom byvoorbeeld beywer vir die bestryding van handel in vrouens en kinders en aanbevelings aan die Volkebond gemaak oor rolprente en die pers.⁵⁵⁸

Daar was in 1929 'n Landelike Vroue-Kongres in Londen, wat deur die Internasionale Vroueraad georganiseer is. Suid-Afrika is toe deur mev. Auerbach, van die Vroue-afdeling van die Transvaalse Landbou-Unie, verteenwoordig. Sy moes gaan verslag doen oor hoe die Vroue-afdeling van die Landbou-Unie in Suid-Afrika gestruktureer was en gefunksioneer het.⁵⁵⁹

Van Junie 1930 tot November 1931 het daar byna elke maand 'n verslag van die Algemene Vroueraad in Suid-Afrika in Afrikaans in *Die Boerevrou* en in Engels in *The*

⁵⁵⁶Die Algemene Vroue-Raad van Suid-Afrika, *Die Boerevrou*, Mei 1927, pp. 11,12.

⁵⁵⁷Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Augustus 1927, pp. 9-12.

⁵⁵⁸Die Internasionale Vroueraad, *Die Boerevrou*, Januarie 1928, pp. 6-8.

⁵⁵⁹Die Internasionale Vroueraad, *Die Boerevrou*, Julie 1929, p. 39.

Lady's Pictorial verskyn.⁵⁶⁰ Sylva Moerdyk het die rubriek tot in Maart 1931 hanteer, waarna Marie Coetzee dit oorgeneem het. In Suid-Afrika het die Raad byvoorbeeld protes aangeteken teen die vermindering van onderwysers se salaris, gekla oor gevaelike treinoorgange by strate, versoekie gerig vir die daarstel van 'n Rolprent-kommissie, by die regering belangstelling gewek vir onderwys aan blindes en om die sogenaamde Naturelle-vraagstuk te bespreek.⁵⁶¹

Takke is gestig wat voorlesings gehou het oor onderwerpe van belang vir vrouens, soos advokaat Gladys Steyn se toespraak in Bloemfontein waarin sy die wetlike strawwe vir aanranding van vrouens en kinders uiteengesit en verduidelik het. In Johannesburg het advokaat Bertha Solomon die gronde waarop huwelike ontbind kon word, verduidelik en in Kimberley is 'n toespraak oor die Unie se fabriekswetgewing gehou. In Kaapstad het 'n dokter die wenslikheid van meisies se deelname aan sport bespreek.⁵⁶²

Uit die rubrike en tydskrifafdelings wat in hierdie hoofstuk bespreek is, is dit duidelik dat *Die Boerevrou* haar lesers met die buitewêreld in aanraking gebring het. Die sigbare wisselwerking wat tussen die tydskrif en die lesers ontstaan het, versterk die siening dat 'n tydskrif 'n kultuurdraende medium van sy tyd is. Die teks in *Die Boerevrou* het waarde as medium waardeur Afrikanervrouens bestudeer kan word, aangesien die aard van die lesersgemeenskap in die teks vasgelê is. *Die Boerevrou* is 'n polifoniese bron omdat dit as kanaal gedien het vir duisende vrouestemme wat oor amper dertien jaar in Afrikanergeledere opgegaan het.

⁵⁶⁰ Algemene Vroueraad van Suidafrika, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Junie 1930.

⁵⁶¹ Algemene Vroueraad van Suidafrika, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Junie 1930, p. 10; Algemene Vroueraad van Suidafrika, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Oktober 1930, p. 39; Algemene Vroueraad van Suidafrika, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Desember 1930, p. 35; Algemene Vroueraad van Suidafrika, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Januarie 1931, pp. 43,45; Algemene Vroueraad van Suidafrika, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Februarie 1931, p. 39.

⁵⁶² Algemene Vroueraad van Suidafrika, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Junie 1930, p. 10; Algemene Vroueraad van Suidafrika, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Oktober 1930, p. 39; Algemene Vroueraad van Suidafrika, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Desember 1930, p. 35.

HOOFTUK VI: LEEFSTYL-RUBRIEKE IN *DIE BOEREVROU*

Die ontleiding van hierdie verdere groep rubriekse en gereelde aflewerings in *Die Boerevrou*, versterk die indruk dat daar 'n definitiewe wisselwerking tussen die redaksiekantoor en die lezers van die tydskrif bestaan het. Verdere gevolgtrekkings waartoe die hedendaagse leser van hierdie Leefstyl-bydraes kom, is die feit dat die uitruil van idees, baie spontaan plaasgevind het. Hierdie wedersydse vertroue en gevolglike interaksie het uitgekrag en is ook tussen die historiese lezers onderling sigbaar.

1. Ruilkolom, vrae en wenke

Aanvanklik is alle vrae, wenke en resepte wat deur lezers ingestuur is, in een rubriek met die naam *Resepte en Huishoudelike Wenke* opgeneem. So het lezers byvoorbeeld raad teen muise tussen die resepte gekry.⁵⁶³ Met die vierde uitgawe van *Die Boerevrou* is die resepte en wenke in twee aparte afdelings verdeel, met die kookwenke ook by die wenke-gedeelte.⁵⁶⁴ Toe die rubriek met die resepte later 'n nuwe naam gekry het, het daar steeds soms vrae van lezers en huishoudelike wenke saam met die resepte verskyn.⁵⁶⁵

Reeds in September 1919 het Mabel Malherbe 'n behoefte by lezers bespeur en 'n plan aan die hand gedoen om een bladsy per uitgawe aan klein advertensies te wy, sodat artikels wat vir een persoon nie meer bruikbaar was nie, tweedehands aan iemand anders, wat dit dalk nog kon gebruik, verkoop kon word. Vier-en-twintig woorde kon vir 'n halfkroon geplaas word.⁵⁶⁶

⁵⁶³Resepte en Huishoudelike Wenke, *Die Boerevrouw*, April 1919, p. 25.

⁵⁶⁴Resepte, *Die Boerevrouw*, Junie 1919, p. 20; Huishoudelike Wenke, *Die Boerevrouw*, Junie 1919, p. 20.

⁵⁶⁵Solang als die lepel in die papot staan, treuren wij nog niet!, *Die Boerevrou*, Maart 1921, pp. 33,35,37.

⁵⁶⁶Redaksie, *Die Boerevrou*, September 1919, pp. 2,3.

So het die ruilkolom ontstaan en twee jaar later, in September 1921, het dit gratis geword om iets daarin te adverteer. Alle vrae en wenke is ook mettertyd daarheen verskuif.⁵⁶⁷ Dit het baie gewild geword en die behartiging daarvan het waarskynlik so baie van die kantoorpersoneel se tyd in beslag geneem dat dit teen Januarie 1927 nodig was om aan te kondig dat slegs intekenaars gratis van die ruilkolom gebruik kon maak⁵⁶⁸ en vanaf Junie 1929 was dit vir die uitsluitlike gebruik van intekenaars gereserveer.⁵⁶⁹

Vanaf Julie 1922 het dié rubriek as *Ruilkolom, vrae en wenke*, bekend gestaan waarin lezers 'n ongelooflike uiteenlopende hoeveelheid inligting en goedere kon uitruil of verkwansel.⁵⁷⁰ Resepte en naaldwerkpatrone,⁵⁷¹ musiekstukke en idees vir basaars,⁵⁷² seëls en raad teen kakkerlakke⁵⁷³ is byvoorbeeld uitgeruil. Troeteldiere en tweedehandse messestelle, boeke en klere is te koop aangebied⁵⁷⁴ en verskeie dienste is geadverteer, van konfytkook tot hekelwerk. 'n Sekere mev. E.V. het selfs 'n "eersteklas lykwa" geadverteer.⁵⁷⁵

In Augustus 1924 het Nonnie laat weet dat sy goeie besigheid maak deur die ruilkolom.⁵⁷⁶ Dit blyk dat sy nie die enigste leser was wat met groot vrug van *Ruilkolom, vrae en wenke* gebruik gemaak het nie. Mev. A.M. Celliers se pere en moskonfyt was ook uitverkoop⁵⁷⁷ en Joey het almal bedank wat op haar advertensie

⁵⁶⁷Redaksie, *Die Boerevrou*, September 1921, p. 2.

⁵⁶⁸Ruilkolom, *Die Boerevrou*, Januarie 1927, p. 52.

⁵⁶⁹Redaksie, *Die Boerevrou*, Junie 1929, pp. 2,7.

⁵⁷⁰Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Julie 1922, p. 35.

⁵⁷¹Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Junie 1922, p. 19.

⁵⁷²Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Maart 1922, p. 35; Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, April 1922, pp. 33,35.

⁵⁷³Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, September 1927, pp. 41,50; Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Desember 1929, p. 59.

⁵⁷⁴Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, November 1926, p. 9; Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, September 1927, pp. 41,50; Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Mei 1925, p. 51.

⁵⁷⁵Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Julie 1928, pp. 51,53; Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, November 1927, p. 51.

⁵⁷⁶Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Augustus 1924, pp. 35,54.

⁵⁷⁷Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Julie 1928, pp. 51,53.

vir naaldwerk gereageer het en was jammer dat sy nie almal kon help nie.⁵⁷⁸ In Mei 1928 het die Dames Muller van Ermelo geadverteer dat hulle breiwerk aanneem en kralewerk kan doen. In Julie het hulle almal bedank vir die baie bestellings en laat weet dat hulle nog meer werk kan inneem. Dit was eers twee jaar later dat lesers verneem het dat hulle twee blinde sisters is, toe mev. M.J. Heuff vertel het van die blinde familie Muller wat naby haar woon en wat die allermooiste naaldwerk doen.⁵⁷⁹

Klagtes oor die gehalte van sommige van die ruilkolom-produkte in so 'n groot en uitgestrekte netwerk, was onvermydelik en in 1925 en 1928 moes die redaktrise ingryp en bepaal dat geen tweedehandse klerasie of boeke meer in die ruilkolom geadverteer mag word nie.⁵⁸⁰ Sy was bekommerd dat dit ook *Die Boerevrou* in 'n ongunstige lig kon stel.⁵⁸¹

Tog was dit 'n baie nuttige en leersame rubriek vir letterlik honderde lesers van *Die Boerevrou*. Daarsonder sou niemand geweet het dat mev. G.J.P. afvallappies nodig het om haar bedlêende suster besig te hou nie,⁵⁸² mev. Van R. se dogtertjie sou nooit 'n Fox Terrier hondjie gekry het nie⁵⁸³ en mev. A.S.J. van der Walt sou altyd bly wonder het hoekom haar gemmerkonfyt nie 'n sukses was nie.⁵⁸⁴

⁵⁷⁸Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, September 1927, pp. 41,50.

⁵⁷⁹Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Mei 1928, p. 53; Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Julie 1928, pp. 51,53; Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Mei 1930, pp. 43.

⁵⁸⁰Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Augustus 1925, p. 35.

⁵⁸¹Redaksie, *Die Boerevrou*, Augustus 1928, p. 2.

⁵⁸²Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, September 1930, pp. 35,37,39: Mev. G.J.P. vra dat lesers vir haar afvallappies stuur wat haar siek suster kan gebruik vir handwerk; Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Desember 1930, p. 41: Sy bedank almal wat lappies gestuur het en selfs briewe vir haar suster geskryf het.

⁵⁸³Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Desember 1927, p. 35.

⁵⁸⁴Solang als die lepel in die papot staan, treuren wij nog niet!, *Die Boerevrou*, September 1921, pp. 35,37,39; Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, November 1921, p. 37.

2. Resepte

Die rubriek waarin resepte geplaas is, het aanvanklik as *Resepte en Huishoudelike Wenke* bekend gestaan. Vanaf Junie 1919 is die resepte en wenke in twee aparte rubriek verdeel. Die huishoudelike wenke is later in die ruilkolom opgeneem en in September 1921 is 'n reël uit 'n volksliedjie, *Solang als die lepel in die pappot staan, treuren wij nog niet!*, geneem vir die titel van die rubriek wat resepte en kookwenke bevat het.⁵⁸⁵ Die lang titel het later in onbruik verval, maar *Die Boerevrou* het altyd, met elke uitgawe, 'n afdeling vir resepte gehad.⁵⁸⁶

Die Boerevrou het meer as 1 500 resepte in die byna dertien jaar van haar bestaan gepubliseer. Die meeste daarvan is deur lesers ingestuur. In September 1919 was Malherbe byvoorbeeld jammer dat sommige resepte moes oorstaan tot die volgende uitgawe weens 'n gebrek aan ruimte. Sy het ook gesê dat die redaksie baie dank verskuldig is aan die vriendelike insenders daarvan.⁵⁸⁷

In Desember 1919 is 'n wedstryd uitgeskryf waarvolgens die insender van die gewildste resep 5/- kon wen. Die lesers moes, wanneer hulle 'n resep probeer het en dit goed gevind het, die tydskrif in kennis stel. Die resep wat so die meeste stemme gekry het, het gewen.⁵⁸⁸ Vier boekpryse is ook beloof vir die beste resepte en wenke wat vir die verjaardaguitgawe van Maart 1923 ontvang is.⁵⁸⁹ Die resepte vir hierdie uitgawe is deur Jeanette Slade (vroeër mej. Van Duyn) beoordeel en Ou Koevoet het een van die boekpryse gekry, naamlik mev. S. van H. Tulleken se *Praktiese kookboek vir Suid-Afrika*.⁵⁹⁰

⁵⁸⁵ Solang als die lepel in die pappot staan, treuren wij nog niet!, *Die Boerevrou*, September 1921, pp. 35,37,39.

⁵⁸⁶ Resepte, *Die Boerevrou*, Februarie 1921, pp. 33,35-37.

⁵⁸⁷ Redaksie, *Die Boerevrou*, September 1919, p. 2.

⁵⁸⁸ Wedstryd, *Die Boerevrou*, Desember 1919, p. 40.

⁵⁸⁹ Redaksie, *Die Boerevrou*, Januarie 1923, p. 2.

⁵⁹⁰ Resepte, *Die Boerevrou*, Maart 1923, pp. 47,49,51.

Lesers het vroeg reeds kennis gemaak met die bogenoemde twee bobaasbaksters. In September 1919 het daar 'n artikel, 'n Bruidskoek. Hoe om dit te bak en te versier, met sketse om die versieringstegnieke te verduidelik, deur mej. Jeanette van Duyn verskyn.⁵⁹¹ Haar naam is daarna gereeld in die tydskrif met betrekking tot kookkuns genoem. Soms het sy raad op versoek van lesers gegee. Blompot wou byvoorbeeld weet hoe om groenmielies vir die winter in te lê en mej. Van Duyn kon verduidelik hoe.⁵⁹² Sy was ook die skrywer van 'n kookboek, *Household Science cookery book*, waarvan die vyfde uitgawe in 1929 uitgegee is.⁵⁹³ In Augustus 1923 het die redaksie met lof van haar kookboek, wat toe pas in Afrikaans verskyn het, gepraat.⁵⁹⁴ Resepte uit haar boek is op versoek deur lesers vir spesifieke disse gepubliseer, byvoorbeeld 'n resep vir gemmerkoekies vir mev. Breytenbach en een vir korentebrood vir mev. Lategan.⁵⁹⁵ Sy het waarskynlik toestemming verleen dat van haar resepte gebruik word, want sommige uitgawes van die tydskrif se resepte-rubriek het uitsluitlik haar resepte bevat.⁵⁹⁶

In Desember 1926 het die redaksie van *Die Boerevrou* vir Cora aanbeveel om 'n ander boekie van mev. Slade, *Dipped fondant and chocolates*, aan te skaf, toe sy resepte vir fudge, toffies, Turkish delight en fondant gevra het.⁵⁹⁷ In Januarie 1927 is daar berig dat mev. Slade ook 'n skool gestig het waar meisies kan leer om vrugte en groente te verwerk.⁵⁹⁸ Haar kursusse in Pretoria, wat twee weke geduur het, het groot byval gevind by vrouens van reg oor die land. Sy kon ook verblyf naby die skool reël vir kursusgangers wat van ver af gekom het.⁵⁹⁹ Dit blyk dat sy ook 'n boek geskryf het oor hoe om groente en vrugte in te lê. Mev. C.P. Joubert het na die titel van die boek

⁵⁹¹n Bruidskoek. Hoe om dit te bak en te versier, *Die Boerevrou*, September 1919, pp. 16,17.

⁵⁹²Solang als die lepel in die pappot staan, treuren wij nog niet!, *Die Boerevrou*, September 1921, pp. 35,37,39.

⁵⁹³Die Boerevrou se boekrak, *Die Boerevrou*, September 1929, p. 39.

⁵⁹⁴Redaksie, *Die Boerevrou*, Augustus 1923, p. 2.

⁵⁹⁵Resepte, *Die Boerevrou*, Februarie 1921, pp. 33,35-37.

⁵⁹⁶Kyk byvoorbeeld: Resepte, *Die Boerevrou*, Julie 1928, p. 45.

⁵⁹⁷Ruilkolom, *Die Boerevrou*, Desember 1926, p.57.

⁵⁹⁸*Die Boerevrou*, Januarie 1927, p. 52.

⁵⁹⁹Skool vir inmaak van vrugte, *Die Boerevrou*, Februarie 1927, pp. 12,51.

gevra en die redaksie kon dadelik antwoord *Canning and preserving*.⁶⁰⁰ Nog 'n boek deur haar, *Cake making and icing of cakes*, was verkrybaar by die Central News Agency.⁶⁰¹ Die Boerevrou het vir baie jare van Jeanette Slade se kennis en hulp gebruik gemaak. Ons lees die laaste keer van haar aan die einde van 1930, toe 'n langverwagte tert- en kookboek deur A.W. Bester verskyn het en sy gunstige kommentaar op die boek gelewer het.⁶⁰²

Figuur 36: Die voorblad van *Dipped Fondants and chocolates* deur Jeanette C. van Duyn (mev. Slade) wat in 1921 verskyn het.

Uit: J.C. van Duyn, *Dipped Fondants and chocolates* (Pretoria, 1921), voorblad.



Figuur 37: Mev. S. van H. Tulleken

Uit: S. van H. Tulleken, *Die Praktiese Kookboek vir Suid Afrika* (Faksimilee-uitgawe) (Kaapstad, 1975), agterblad van die stofomslag.

Die ander koskenner op wie se kennis en ondersteuning *Die Boerevrou* sterk gesteun het, was mev. S. van H. Tulleken. Sy is op Stellenbosch gebore en haar nooiensvan was Bosman. Sy was lektrise, demonstratrise en beoordelares by menige landbouskou en het self jaar na jaar talle pryse vir konfyt, koeke, terte en konserf gewen. Sy was

⁶⁰⁰Vrage en wenke, *Die Boerevrou*, Augustus 1921, p. 35.

⁶⁰¹Die Boerevrou se boekrak, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Augustus 1930, p. 46.

⁶⁰²Ruilkolom, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Desember 1930, pp. 43,45.

met P. van H. Tulleken getroud en het drie seuns gehad. Mev. Van H. Tulleken is op 8 Mei 1945 op Standerton in die ouderdom van 73 oorlede.⁶⁰³

Die naam van mev. Van H. Tulleken was vir lesers van die tydskrif selfs nog meer sinoniem met kos en huishoudelike raad as dié van Jeanette Slade. Mev. Van H. Tulleken was die skrywer van die *Praktiese kookboek vir Suid-Afrika*, wat in totaal nege uitgawes beleef het.⁶⁰⁴ Sy het dikwels in die ruilkolom lesers gevra om haar kookboek teen kommissie te help verkoop.⁶⁰⁵ Met die verskynning van die sesde uitgawe het sy een van die boeke aan *Die Boerevrou* geskenk. Die redaksie het dit aan die eerste leser wat vier nuwe opbetaalde intekenaars kon werf, beloof.⁶⁰⁶

Daar het talle resepte van mev. Van H. Tulleken deur die jare in die tydskrif verskyn.⁶⁰⁷ Sy het ook, soos mev. Slade, artikels geskryf.⁶⁰⁸ Daar was selfs een maal *Wenke vir die toilet*, met raad vir mooi hande en resepte vir gesigroom.⁶⁰⁹ In Desember 1924 het sy ook 'n brief aan die tydskrif gerig waarop talle lesers gereageer het. Sy was van mening dat die maak van seep, in plaas daarvan om dit in te voer, 'n inkomste vir armlankes kon verseker. Sy het voorgestel dat groepe vrouens saamwerk, seep kook en winkeleienaars nader om dit te verkoop. Sy het egter gemaan dat net die beste seep die mark sal bereik en dat daar 'n goeie naam vir die boervrou se seep opgebou moet word.⁶¹⁰ Verder het sy later ook die uitvoer van tuisgekookte Suid-Afrikaanse konfyt bepleit.⁶¹¹

⁶⁰³S. van H. Tulleken, *Die Praktiese Kookboek vir Suid Afrika* (Faksimilee-uitgawe), agterblad van die stofomslag.

⁶⁰⁴Die praktiese kookboek vir Suid-Afrika, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Julie 1931, p. 2.

⁶⁰⁵Ruilkolom, *Die Boerevrou*, Februarie 1927, p. 51; Ruilkolom, *Die Boerevrou*, Mei 1928, p. 53; Ruilkolom, *Die Boerevrou*, Desember 1929, p. 59.

⁶⁰⁶*Die Boerevrou*, Februarie 1927, p. 6.

⁶⁰⁷Resepte, *Die Boerevrou*, November 1922, p. 39; Resepte, *Die Boerevrou*, September 1923, p. 41; Die perske, *Die Boerevrou*, Januarie 1927, pp. 43,45.

⁶⁰⁸Konfijt van Sitrusvrugte, *Die Boerevrou*, Augustus 1921, p. 39; Die Vroue-Landboukongres op Bloemfontein, *Die Boerevrou*, November 1924, pp. 27,29.

⁶⁰⁹Wenke vir die toilet, *Die Boerevrou*, November 1921, p. 41.

⁶¹⁰'n Interessante brief, *Die Boerevrou*, Desember 1924, p. 55.

⁶¹¹Hoe die vrou haarself kan help, *Die Boerevrou*, Februarie 1921, pp. 6,7.

'n Ander kundige op die gebied van huishoudkunde, wat artikels vir die tydskrif geskryf het, was mej. Chattey. Sy het van September 1929 tot April 1930 'n reeks artikels met die titel *Wat voedsel aan die gesondheid doen*, behartig.⁶¹² Ook mev. Van Gent, hoof van die Huishoudskool op Bethlehem en 'n onderwyseres van dieselfde skool, Marga Cutter (wat later met die kunstenaar Erich Mayer getroud is), het van tyd tot tyd artikels oor voeding geskryf of vrae beantwoord.⁶¹³

'n Leser, mev. Kennedy, moes die redaksie twee maal op foute in van die gepubliseerde resepte wys⁶¹⁴ en die enigste klagte wat die tydskrif ooit oor hierdie afdeling ontvang het, was in werklikheid 'n valse aantyging. Mev. A.J. van Tonder van Koppie Alleen het vertel dat 'n persoon vir haar gesê het dat sy nie meer *Die Boerevrou* koop nie omdat die aantal resepte daarin verminder het.⁶¹⁵ Ander lesers se reaksie daarop was:⁶¹⁶

... want die Boerevrou is tog nie net daar om ons te leer kook en huishou nie,
maar huis om ons gedagte ook bietjie af te lei daarvan en ons opmerksaam te
maak dat daar selfs vir 'n hardwerkende boerevrou ook ander dinge in die
wêreld is – mooi boeke, blomme en die wonderlike aarde waar ons op leef en
so min van weet.

- Rebecca Rachel

Juis hierin is ons blad volmaak, jy kry alles wat, tallose resepte, rate ens.

- Mev. J. Hiemstra

⁶¹²Wat voedsel aan die gesondheid doen, *Die Boerevrou*, uitgawes van September 1929 tot April 1930.

⁶¹³Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, September 1922, p. 19; 'n Huishoudskool se leerplan, *Die Boerevrou*, November 1925, pp. 21,23.

⁶¹⁴Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, April 1921, pp. 15, 17; Wenke, *Die Boerevrou*, Junie 1921, p. 35.

⁶¹⁵Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Mei 1922, pp. 10,11,12,13,15.

⁶¹⁶Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Julie 1922, pp. 14,15,17; Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, November 1922, pp. 9,11,13,15,17,33,35,37.

'n Tydjie terug het 'n leseres geskrywe die Boerevrou gaan agteruit, want daar is minder reseppe in! Liewe land, 'n mens wil tog nie net altyd aan eet dink nie.

- A.T.

Dat die rubriek met resepte 'n nuttige en noodsaklike afdeling van *Die Boerevrou* was, is duidelik uit lesers se waardering daarvoor. Mev. R. Denton het 'n bruin poeding uit die tydskrif gemaak toe daar 'n groep mense by haar geëet het en hulle het almal die resep afgeskryf,⁶¹⁷ terwyl mev. M. Beyers geskryf het dat baie vrouens in haar omgewing die resepte en wenke met soveel sukses gevolg het en dat hulle nie meer sonder die tydskrif kon klaarkom nie.⁶¹⁸

Toe mev. N. Doyer aangedui het dat sy graag 'n alfabetiese lys van al die resepte wat in *Die Boerevrou* verskyn het, sou wou hê, het die redaksie haar aangeraai om die resepte uit te knip en in 'n boek te plak.⁶¹⁹

Daar kan heelwat oor die eetgewoontes en lewenswyse van die vroeë twintigste eeuse Afrikaanse huishouding afgelei word uit die rubriek. Daar word onder meer aangedui hoe om vleis sonder 'n "vleeskas" te bewaar, hoe om egte outydse pepperminte te maak en raad gegee oor hoe om te keer dat die hoeke van 'n melkdoek nie in die emmer hang nie. Dis ook duidelik dat rubarber meer bekend was as vandag en dat klaargemaakte koeldrank nie algemeen te koop aangebied is nie en tuis gemaak moes word.⁶²⁰

⁶¹⁷Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Julie 1922, pp. 14,15,17.

⁶¹⁸Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Julie 1921, pp. 17,19,21.

⁶¹⁹Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, November 1922, pp. 9,11,13,15,17,33,35,37.

⁶²⁰Huishoudelike wenke, *Die Boerevrou*, Julie 1919, p. 11. Ruilkolom, *Die Boerevrou*, Maart 1925, p. 41; Gekookte lekkers, *Die Boerevrou*, November 1924, pp. 34,62; Hoe om rubarber te kweek, *Die Boerevrou*, April 1924, p. 19; Resepte, *Die Boerevrou*, November 1922, p. 39; Koeldrank van vars vrugte, *Die Boerevrou*, Januarie 1928, pp. 43,45; Lekkernye vir die somer, *Die Boerevrou*, Januarie 1923, pp. 35, 37; Iets kouds asseblief!, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Desember 1931, p.31,32.

3. Naald- en handwerkartikels

In die eerste drie uitgawes van *Die Boerevrou* was daar 'n afdeling waarin besprekings van kleredrag, patronen en artikels oor handwerk saam opgeneem is. Dit is *Modes en Handwerk deur Tant Kato* genoem en is deur Mabel Malherbe self behartig.⁶²¹ Van Junie 1919 af is alle artikels oor mode, naaldwerk, breiwerk of handwerk afsonderlik gepubliseer en het die tydskrif nooit werklik 'n rubriek gehad wat uitsluitlik op naald- en handwerk gefokus het nie. Daar was wel tussen Februarie en Julie 1921 vier aflewerings van 'n klein afdeling deur mev. F. de Roos getiteld *Snippers uit de Handwerkmand*. Hierin het hoofsaaklik patronen vir speelgoed en popklere verskyn en daar was in die uitgawes, waarin dit verskyn het, ook ander handwerkartikels.⁶²² Tog het *Die Boerevrou* in byna elke uitgawe ten minste een hand- of naaldwerkartikel gehad bo en behalwe die mode-artikel, wat gewoonlik ook 'n naaldwerkpatroon ingesluit het. Soms het die artikels die oueurs se name by gehad, maar dikwels nie.

Voorbeeld van die tipe handwerk, waarvoor daar gereeld aanwysings, patronen en idees in die tydskrif verskyn het, is:

- Naaldwerk, soos borduur- en smokwerk⁶²³
- Breiwerk⁶²⁴
- Hekelwerk⁶²⁵
- Ander handwerk, soos lakwerk (prente of stukkies papier of lap word op voorwerpe van porselein, glas of erdewerk geplak en dan word lak of vernis daaroor gesmeer), raffiawerk (raffia word gebruik om borduursel en blomme op hoede en handsakke aan te bring),

⁶²¹Modes en Handwerk, *Die Boerevrou*, Maart 1919, p. 14; Modes en Handwerk, *Die Boerevrou*, April 1919, p. 14; Modes en Handwerk, *Die Boerevrou*, Mei 1919, p. 14.

⁶²²Snippers uit de Handwerkmand, *Die Boerevrou*, Februarie 1921, p. 27; Snippers uit de Handwerkmand, *Die Boerevrou*, April 1921, p. 25; Snippers uit de Handwerkmand, *Die Boerevrou*, Mei 1921, p. 35; Snippers uit de Handwerkmand, *Die Boerevrou*, Julie 1921, pp. 29,31,33,35.

⁶²³'n Keurige kleedjie met kruissteek, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, November 1931, p. 20.

⁶²⁴'n Gebreide teemus, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Junie 1931, p. 31.

⁶²⁵Drie eenvoudige kantjies vir onderklere en huislinne, *Die Boerevrou*, Desember 1922, pp. 41,43.

leerwerk (voorwerpe soos handsakkies, kussingslope en boekoortreksels of appliek-versierings kan maklik van suede gemaak word omdat dit so sag is).⁶²⁶

Daar was ook artikels met aanwysings hoe om nate, plooie, some, insetsels en moue netjies te stik,⁶²⁷ besprekings van die geskiedenis van kant en hoe dit gemaak word,⁶²⁸ riglyne vir die versorging van verskillende soorte materiaal soos Crêpe-de-chine, Georgette, Shantung en Ninon⁶²⁹ en voorstelle vir tuisgemaakte geskenke.⁶³⁰

Malherbe het die uitgawe van Mei 1929 'n "handwerknummer vir die winteraande" genoem.⁶³¹ Dié uitgawe het twee hekelpatrone, drie artikels vir raffiawerk en aanwysings gehad om 'n laphandsakkie met kraale of satynlint te versier.⁶³² Volgens aanduidings in hierdie uitgawe was gehekelde hoede hoogmode.⁶³³ Die bewys dat hekelwerk werklik gedurende die twintigerjare gewild was, is die groot aanvraag deur lesers na hekelpatrone asook die feit dat lesers mekaar gereeld in die ruilkolom versoek het om teen betaling hekelwerk te doen.⁶³⁴

Vanaf Desember 1926 tot Desember 1931 het daar gereeld 'n foto met aanwysings vir 'n Mary Card-hekelpatroon in *Die Boerevrou* verskyn. Die kaart van die patroon

⁶²⁶Hoe om met lak te skilder, *Die Boerevrou*, Julie 1929, pp. 23,25; Raffiawerk, *Die Boerevrou*, Desember 1924, pp. 51,53; Leerwerk, *Die Boerevrou*, Augustus 1924, pp. 24,25,27.

⁶²⁷Kosbare wenke vir besige moeders, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Februarie 1931, p. 27.

⁶²⁸Echte kant, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, September 1930, pp. 33,35.

⁶²⁹Systowwe eis sorg, *Die Boerevrou*, November 1925, p. 33.

⁶³⁰Presente wat tuis gemaak kan word, *Die Boerevrou*, Desember 1921, p. 45.

⁶³¹Redaksie, *Die Boerevrou*, Mei 1929, p. 2.

⁶³²Die rosekrans, *Die Boerevrou*, Mei 1929, p. 23; Die wingerdblaar-tafelloper en skinkborddoek, *Die Boerevrou*, Mei 1929, pp. 24,25; Raffia en vergulde seildoek, *Die Boerevrou*, Mei 1929, pp. 24,25; Hoed van raffia gehekel, *Die Boerevrou*, Mei 1929, p. 29; Tafelmatte van gehekelde raffiawerk, *Die Boerevrou*, Mei 1929, p. 31; Hand sakkies van lint, *Die Boerevrou*, Mei 1929, p. 39.

⁶³³Hoed van raffia gehekel, *Die Boerevrou*, Mei 1929, p. 29.

⁶³⁴Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, September 1923, pp. 43,55; Ruilkolom, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Junie 1931, p. 41; Ruilkolom, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, September 1931, pp. 38,39; Ruilkolom, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Desember 1930, pp. 43,45; Ruilkolom, *Die Boerevrou*, Junie 1927, p. 53.

kon dan elke maand by *Die Boerevrou* se kantoor teen 1/3 bestel word.⁶³⁵ Dit was glo maklik om van hierdie kaarte af te hekel en “minder vermoeiend vir die oë”.⁶³⁶ Daar was waarskynlik ‘n ooreenkoms tussen *Die Boerevrou* en die verspreiders van die hekelpatrone en die tydskrif kon dit moontlik teen afslag bekom omdat die lesers se belangstelling daarin so geweldig groot was. Die kantoor moes tot in 1929 nog gereeld die patroonvoorraad van die wingerdblaar-teedoek, die eerste Mary Card-hekelpatroon wat in 1926 in *Die Boerevrou* verskyn het, aanvul.⁶³⁷ Verskeie van die ander ontwerpe, soos die Bosveldkant-patroon, was net so gewild en het blykbaar “fluit-fluit” uitverkoop.⁶³⁸ Mev. J.C. moes byvoorbeeld in die ruilkolom vra of iemand nie dalk die roosknop-patroon aan haar wou verkoop nie, aangesien *Die Boerevrou*-kantoor se voorraad uitverkoop was.⁶³⁹ Slegs eenmaal, in Oktober 1929, is ‘n Mary Card-patroon in die werklike grootte in die tydskrif gepubliseer en het lesers nie nodig gehad om die kaart te bestel nie.⁶⁴⁰

Lesers wat graag handwerk gedoen het, kon met verwagting na elke uitgawe van *Die Boerevrou* uitsien. ‘n Lid van die Boerevrouvereniging op Clanville het vertel dat hulle ‘n handwerkvereniging gestig het wat een maal per maand bymekaar gekom het en met verlange uitgesien het na die idees in die tydskrif.⁶⁴¹ Verskeie ander leseresse het ook laat weet dat hulle dames-werkgeselskappe in hulle gemeenskappe begin het en dat die “ou Vroutjie” daarin hulle regterhand was.⁶⁴²

⁶³⁵In Mooi stuk hekelwerk, *Die Boerevrou*, Julie 1929, p. 1.

⁶³⁶In Doringboom- en tingtinkie-hekelpatroon, *Die Boerevrou*, Februarie 1928, p. 47.

⁶³⁷Die wingerdblaar-tafelloper en skinkborddoek, *Die Boerevrou*, Mei 1929, pp. 24,25.

⁶³⁸Die swaan en flap-patroon vir Filet hekelwerk, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Julie 1931, p. 23,25.

⁶³⁹Ruilkolom, *Die Boerevrou*, September 1927, pp. 41,50.

⁶⁴⁰Die Iris-stel vir 'n leuningstoel, *Die Boerevrou*, Oktober 1929, p. 26,27.

⁶⁴¹Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Oktober 1926, pp. 15,17,19.

⁶⁴²Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Mei 1922, pp. 10-15; Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Oktober 1921, pp. 8-11.

4. Mode-afdeling

'Partijkeer wens ek so dat ek 'n man is', sê die vrouw. 'En wanneer is dit?' vra haar man. 'Als ek so verbij die winkelvensters gaan, dan dink ek, als ek nou 'n man is, dan koop ek vir mij vrouw daardie mooi hoed.'⁶⁴³

Ria Groenewald se verhandeling *Die Afrikaanse vrou se kleredrag in die twintigerjare as maatstaf van veranderinge in die samelewing* is die enigste kultuurhistoriese studie waarvoor *Die Boerevrou* tot dusver as primêre bronmateriaal aangewend is. Sy het die mode-artikels van *Die Boerevrou* en *Die Huisgenoot* bestudeer om te bepaal in watter mate die modeneigings in Brittanje 'n invloed op die Afrikaanse vrou se klerestyl gehad het. Daar is bevind dat die slaafse navolging van Europese modes sterk afgekeur en gekritiseer is en dat daar 'n behoefte bestaan het om 'n eie nasionale klerestyl te ontwikkel. Verder is die feit dat die meerderheid Afrikaners ekonomies minder welvarend en sedelik meer konserwatief as die Britte en Europeërs was, sigbaar. Tog kon die Afrikaanse vrou nie die beïnvloeding van die buitewêreld vryspring nie en die wyse waarop oorsese modeneigings geleidelik geïnkorporeer is, dui op die verandering van Afrikaanse vrouens se posisie in die samelewing. Groenewald is van mening dat die Afrikaanse vrou se wegbeweeg van die volksmoeder-stereotipe af huis deur *Die Boerevrou* se mode-artikels sigbaar is.⁶⁴⁴

Nadat die artikels oor mode en handwerk in die Junie 1919-uitgawe van *Die Boerevrou* geskei is, was daar nooit werklik weer 'n amptelike rubriek of afdeling waarheen lezers direk kon blaai om al die mode-artikels by mekaar te vind nie. Tog het net een enkel uitgawe, naamlik die Kruger-feesuitgawe van Oktober 1925, sonder enige artikel met raad en leiding op modegebied, patrone vir klere of 'n bespreking

⁶⁴³Die Boerevrou, September 1919, p. 24.

⁶⁴⁴D.M. Groenewald, *Die Afrikaanse vrou se kleredrag in die twintigerjare as maatstaf van veranderinge in die samelewing*, M.A.verhandeling, U.P., 2000, pp. 101-105.

van modeneigings, verskyn. Soms is van die artikels *Ons modepraatjie* genoem.⁶⁴⁵ Dit kan op die oog af die indruk van 'n vaste rubriek skep, maar daar was altyd nog ander mode-artikels elders in die betrokke uitgawes wat nie onder *Ons modepraatjie* gepubliseer is nie.

Die band wat daar tussen die redaksie en die lezers van *Die Boerevrou* ontstaan het, was waarskynlik daarvoor verantwoordelik dat lezers vertroue in die redaksie se opinie op mode-gebied ook gestel het. 'n Leseres uit Suidwes-Afrika het gevra:

Sal Die Boerevrou ons eenkeer raad gee omtrent die halse van klere? Sij moet ons tog sê of iemand met 'n vet gesig ronde of vierkantige halse moet dra, en ook wat die drag moet wees van mense met lang nek en skerp kin.⁶⁴⁶

In verskeie latere artikels het *Die Boerevrou* toe inderdaad raad en leiding in hierdie verband verskaf.⁶⁴⁷ Daar is met die hulp van medewerkers moeite gedoen om vir al die lezers, jonk en oud, geset en maer, iets te bied in die mode-afdeling⁶⁴⁸ So het korrespondente - waarskynlik lezers wat in elk geval in die buiteland was – soms berig oor modeneigings van oorsee⁶⁴⁹ en iemand het ook een maal die modes by 'n winkel in Pretoria gaan afteken. Laasgenoemde modestuk het sommer ook as advertensie vir die winkel in die betrokke uitgawe gedien.⁶⁵⁰

⁶⁴⁵Kyk byvoorbeeld: *Ons modepraatjie*, *Die Boerevrou*, September 1924, pp. 29,31; *Ons modepraatjie*, *Die Boerevrou*, November 1926, p. 53.

⁶⁴⁶Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, April 1921, pp. 15,17.

⁶⁴⁷Kyk byvoorbeeld: Die kuns om goed gekleed te wees, *Die Boerevrou*, Maart 1923, pp. 27,33; In die hoedewinkel, *Die Boerevrou*, Maart 1925, pp. 23,25; Aantrek uit 'n sielkundige oogpunt, *Die Boerevrou*, Junie 1929, pp. 37,39,41.

⁶⁴⁸Die kuns om goed gekleed te wees, *Die Boerevrou*, Maart 1923, pp. 27,33; Modes, Baadjiepak vir 'n gestte dame, *Die Boerevrou*, Junie 1922, pp. 24,25,27,29; Pratige modelle vir gesette figure, *Die Boerevrou*, Julie 1929, pp. 24,25.

⁶⁴⁹Aantreklike somermodes vir die feesdaë, *Die Boerevrou*, Maart 1924, pp. 44,45,47,49.

⁶⁵⁰Somermodes bij Millar, Pretoria afgeteken. *Die Boerevrou*, Februarie 1922, p. 27.

In Junie 1921 het mev. ds. M.B.B. mooi gevra of daar nie knippatrone in die blad kan verskyn nie, maar volgens die redaksie sou dit te duur gewees het om dit in te sluit.⁶⁵¹ Johanna Fourie het laat weet dat dit darem baie lekker is om 'n rok te maak volgens 'n beskrywing in haar eie taal.⁶⁵² En toe Nig Annie meer en vollediger modestukke gevra het, moes Mabel Malherbe antwoord:

Ons vurige wens is om die tijd en vermoeie te besit om so uit te brei, soos ons al lang beplan en gewerk het. Gelukkig lyk dit asof papier nou 'n bietjie gaan daal in prijs; dan word dit dalk moontlik om daaraan te denk om meer bladsje bij te voeg.⁶⁵³

'n Maand later het Lea voorgestel dat elke intekenaar vir nog 'n vriendin moet inteken, want, het sy gereken, die volgende jaar sal die vriendin definitief self wil inteken en dan verdubbel die intekenaars en so sou die blad dikker kon wees en 'n knippatroon insluit.⁶⁵⁴ Die tydskrif het waarskynlik vroeg in 1922 'n ooreenkoms met 'n patroonverspreider aangegaan, want van Junie af het daar elke maand 'n skaalafbeelding van 'n patroon by die skets en bespreking van 'n uitrusting verskyn. Die lesers kon hierdie patronen ook by *Die Boerevrou*-kantoor bestel.⁶⁵⁵

In Augustus van dieselfde jaar het Vriendin laat weet dat sy nog altyd op Engelse modeboeke ingeteken het, maar dit gestaak het want "ons het nou ons eie knippatrone" en mev. D.J. Opperman het *Die Boerevrou* bedank vir die knippatroon en gereken dat geen Afrikaner-huisgesin dit kan bekostig om sonder die blad te wees nie.⁶⁵⁶ Daar is later met behulp van foto's en sketse breedvoerig verduidelik hoe om met *Die Boerevrou* se knippatrone te werk te gaan en dit by persoonlike behoeftes

⁶⁵¹Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Junie 1921, pp. 17,19,21.

⁶⁵²Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Februarie 1923, pp. 11,14,15,17,19.

⁶⁵³Redaksie, *Die Boerevrou*, April 1921, p. 2.

⁶⁵⁴Redaksie, *Die Boerevrou*, April 1922, p. 2.

⁶⁵⁵Redaksie, *Die Boerevrou*, Junie 1922, p. 2.

⁶⁵⁶Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Augustus 1922, pp. 12-14.

aan te pas.⁶⁵⁷ Die waardering van die lesers vir die mode-artikels en die vertroue wat in die tydskrif se oordeel gestel is, is ongetwyfeld versterk deur die feit dat die tydskrif aan 'n spesifieke behoefté onder Afrikaanse vrouens voldoen het.

Deur die mode-stukke in *Die Boerevrou* is lesers op hoogte gehou van die wisseling in die modes. Hulle het uit die tydskrif wys geword wanneer serpies en kralewerk of verskillende kleure in Europa hoogmode of in Suid-Afrikaanse stede gewild was.⁶⁵⁸ Patrone, raad en aanwysings vir aanddrag, baba- en kinderklere, hoede, onderklere, sportdrag, huiswerkklere, kouse en onderklere vir mans is deur die jare gepubliseer.⁶⁵⁹

Stukke oor klere en die mode, wat deur lesers self ingestuur is, is dikwels ook gebruik. Mej. T. le Roux het aanwysings vir 'n goedkoop borstrok gestuur en dit beskryf as haar "bijdraag tot die nuttige kuns van eie klere maak."⁶⁶⁰ Mev. Van Rooyen het die aanwysings gevolg en was so in haar skik met die resultaat dat al haar buurvroue jaloers was op haar.⁶⁶¹

Die modes wat deur *Die Boerevrou* na Afrikaanse huise gebring is, het egter nie altyd in al die lesers se smaak gevall nie. Ou Moeder uit Swaziland was van mening dat hoewel sy goeie resepte en rate in die tydskrif kry, die mooi rokkies bietjie te kort is.⁶⁶² Bekommerd het ook gekla dat die rokke te kort is en "die kinders word gewoon om hulle bene te wijs." E.F.O. het egter uit Londen berig dat die rokke oor die

⁶⁵⁷'n Egte Paryse mode en tog eenvoudig, doelmatig en goedkoop!, *Die Boerevrou*, Oktober 1929, pp. 29,31,33.

⁶⁵⁸Modes, *Die Boerevrou*, Junie 1921, pp. 25,27; Kleinigheidjies, *Die Boerevrou*, April 1924, p. 31; Lintwerk, *Die Boerevrou*, Februarie 1923, pp. 33,36; Modebrief vir Oktobermaand, *Die Boerevrou*, Oktober 1927, pp. 33,35.

⁶⁵⁹Modes vir kleinste lid van die gesin, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Julie 1931, pp. 22,25; Kouse brei, *Die Boerevrou*, Mei 1924, p. 43; Die mooiste opmaaksels vir hoede, *Die Boerevrou*, Desember 1923, pp. 55,57; 'n Bekoorlike aand-tjalie, *Die Boerevrou*, Desember 1926, pp. 49,51; Borduurwerk verfraai die eenvoudigste onderklere, *Die Boerevrou*, Julie 1926, p. 39; Mooi sportuitrusting – hoed, serp en jumper, *Die Boerevrou*, April 1926, pp. 39,41,43; Onderklere vir mans, *Die Boerevrou*, April 1923, pp. 31,33.

⁶⁶⁰'n Goedkoop borstrok, *Die Boerevrou*, Maart 1921, pp. 35,36.

⁶⁶¹Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Junie 1921, pp. 17,19,21.

⁶⁶²Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Februarie 1921, p. 15.

algemeen 'n mooi praktiese lengte is. Sy het gevoel dat dit 'n bespotlike idee is dat 'n vrou haar sedelikheid en sedigheid moet betoon deur "yards stoffasie" wat haar hinder in werk en spel. Sy beskou die feit dat 'n meisie met 'n korter rok nie meer slordig op haar kouse en skoene kan wees nie, as 'n voordeel van die nuwe mode.⁶⁶³

Terdeë bewus van die verskillende opinies oor die modes, het Malherbe in Mei 1926 die lesers gevra om briewe oor die modes te skryf sodat die lesers mekaar se standpunte kon oorweeg. Sy het onderneem om vier briewe vir publikasie uit te soek, twee wat die heersende mode goedvind en twee wat dit afkeur.⁶⁶⁴

M. Breytenbach was van mening dat die mode nie te blameer is vir vrouens en meisies wat "oordrewe aantrek" nie, maar eerder hul vrye keuse. Mev. S. Malan het gedink dat die langlyfrokke van die tyd mooi is, maar dat dit jammer is dat oorsese modes nagejaag word, want dit is moeilik om by te bly. Mev. Theo. van Wyk kon nie die nodigheid daarvan insien om die Paryse modes na te volg nie en was ook van mening dat die rokke te kort word. Mev. H.J. Henning het gesê dat dit benede die egte Afrikaanse vrou is om die modes goed te vind, want die rokke is te kort en die dik vrouens op straat se bene is te afgryslik.⁶⁶⁵

Die pennestryd oor die onderwerp was egter nog nie hiermee afgehandel nie. Byna 'n jaar later is 'n brief van M.E.R. geplaas wat weer nuwe reaksie uitgelok het. Sy was van mening dat die modes nie so emosioneel beskou moes word nie en het onthou dat sy dit vroeër baie teen vleeskleurige kouse gehad het en in 'n koerantartikel geskryf het dat meisies daardeur nie alleen hulle bene wou laat sien nie, maar wou voordoen as naak. Slegs sewe jaar later het sy self sulke kouse gedra en die artikel berou. Dagdrag was veertig jaar van tevore besonder toe en aanddrag nie. Hoewel

⁶⁶³Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Mei 1921, p. 6.

⁶⁶⁴Redaksie, *Die Boerevrou*, Mei 1926, p. 2.

⁶⁶⁵Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Julie 1926, pp. 13,15,17.

die dagdrag toegeknoop was, het dit die liggaam se kurwes meer afgewys as in die twintiger jare en onbewus het almal meegedoen sonder om daaroor te dink. Sy het voorspel dat vrouens oor nog twintig jaar mansklere sal dra wanneer dit geleë is, sonder dat enige notisie daarvan geneem sal word. Die teëgaan van die modes deur openbare optrede het vir haar na 'n nodelose en nuttelose tydverspilling gelyk en lesers is aangemoedig om by hulself en hul kinders 'n gebalanseerde oordeel oor hierdie verbygaande verskynsels van die lewe aan te kweek. M.E.R. het gereken dit kan deur onemosionele besprekings oor die onderwerp en deur diens aan God en die mens gedoen word.⁶⁶⁶

Mev. A. du P. het op sekere punte ernstig van M.E.R. verskil, maar het wel saamgestem dat as die hart reg is, die kleredrag ook kuis sal wees. I.H. het gevoel dat dit soos 'n swaard deur die hart is om Afrikanermeisies te sien sink deur die modes en was nie verwonder dat die Here die mens gestraf het as sy die agteruitgang van die sedes in ag neem nie. Volgens Paradysvoël was die nuwe modes bedoel om gerief, gemak en gesondheid te bevorder en dit was goedkoper om te maak as die ou, lang rokke. Mev. J.A.N. wou weet wat was die oorsaak van pessiektes en plae toe vrouens anders aangetrek het, as baie mense glo dat korter soomlyne, moue en hare die oorsaak daarvan is dat die Here dit nie laat reën nie. Vir S.F.A. was korter rokke en moue ook gesond en nie onsedelik nie.⁶⁶⁷

In die volgende maand het nog heelwat lesers hulle oor die onderwerp uitgespreek. Die meerderheid was van mening dat die nuwe modes ekonomies, prakties en gesond was en gereken dat 'n mens daarmee ook matigheid voor oë kon hou.⁶⁶⁸ 'n Stuk deur Dan Rademeyer het in Oktober 1929 die jarelange modebespreking tot 'n hoogtepunt gevoer. Hy noem voorbeeld van keisers met brandwondmerke op die gesig wat baarde mode gemaak het en prinsesse met groot boude wat hoepelrokke

⁶⁶⁶Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Julie 1928, pp. 6-9.

⁶⁶⁷Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, September 1928, pp. 47,49,51.

⁶⁶⁸Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Oktober 1928, pp. 47,49.

gewild gemaak het. Hy vergelyk die korter rokke met sulke onnodige neigings wat blindelings nagevolg word. En hy reken vrouens sny hulle hare kort om mans na te aap.⁶⁶⁹

Die gaste om die koffietafel was dadelik gereed om hulself en die modes, waarvan hulle elke maand in *Die Boerevrou* kon lees, teen Rademeyer te verdedig. 'n Hewige polemiek oor mans- en vrouemodes het ontstaan en die vraag was uiteindelik watter een van die twee geslagte hulself die meeste ongerief aangedoen het met die navolging van modes.⁶⁷⁰

Die laaste brief oor die mode wat ooit in die kolomme van *Die Boerevrou* gedruk is, was van A.E.H., waarskynlik Anna (Carinus) Holzhausen. Haar siening oor die navolging van modes kan as verteenwoordigend van die beskouing van die meeste leseresse van *Die Boerevrou* bestempel word:

Vroue is dikwels meer onafhanklik van gees en minder gebind aan die heersende mode as mans. Hul volg nog soms hul eie idees al is dit nie juis dan in die mode nie. Maar wie het al ooit 'n man met 'n hardebolkeiltjie op straat gesien, as breërandhoede in die mode is? Wie van hul sal dit waag om met twee knopies aan sy baadjie tevreden te wees, as die snyer sê dit moet drie wees? Om 'n eie mode te skep of te volg moet 'n mens 'n koningin, 'n aktriese, of 'n Heilsleërvroutjie wees. Daar dit vir die gewone mens nie molik is nie, moet ons maar, met die een oog op ons beursie, en die ander op die modeboek, probeer om die eerste nie geweld aan te doen nie, en die ander nie toe te laat om oor ons te heers nie.⁶⁷¹

⁶⁶⁹Hoe modes geskep word, *Die Boerevrou*, Oktober 1929, p. 21.

⁶⁷⁰Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, November 1929, pp. 29,31,33,35.

⁶⁷¹Om die Koffietafel, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, September 1931, pp. 3-5.

'Mevrou, hierdie skoene met spits punte is in die nuutste mode.' Tant Malie:
'Nee, dankie tog, nie vir mij nie. Ek het nog 'n paar ou mode se plat voete.'⁶⁷²

5. Argitektuur en huisinrigting

Die wapad is my woning

Ag, had ek 'n eie ou huisie,
Al was dit armoedig en klein –
'n Voorhuisie met 'n kombuisie,
'n Slaapplekkie warm en rein.

A.G. VISSER

(Uit: *Die Boerevrou*, Julie 1924, pp. 4,5.)

Mabel Malherbe het aangeneem dat die versugting na 'n gerieflike woning universeel is en dat haar lesers ook besorg sou wees oor hul wonings. Daarom het sy gereeld artikels oor argitektuur, woningbou en huisinrigting in *Die Boerevrou* geplaas. Hoewel daar nie 'n spesifieke, vaste rubriek hiervoor was nie, het die tydskrif byna nooit sonder ten minste een artikel oor die onderwerp verskyn nie.

Volgens die historikus R.N. Stormberg, het argitekte in verskeie westerse lande na die Eerste Wêreldoorlog probeer om geheel en al van die ou klassieke, gotiese en barokstyle weg te breek en 'n nuwe boustyl daar te stel. Hulle wou 'n unieke styl skep wat eie aan die twintigste eeuse beskawing was en elemente van verstedeliking, industrialisasie en die moderne tegnologie bevat het, maar terselfdertyd nog steeds esteties bevredigend was.⁶⁷³ Die feit dat ook Suid-Afrikaanse argitekte deel geword het van hierdie beweging is nie net duidelik uit die artikels oor argitektuur in *Die Boerevrou* nie, maar ook uit ander Suid-Afrikaanse publikasies. In Julie 1924 is 'n

⁶⁷²Grappie, *Die Boerevrou*, Maart 1921, p. 29.

⁶⁷³R.N. Stormberg, *Europe in the twentieth century*, p. 166.

opsomming van 'n reeks artikels, wat in die *Rand Daily Mail* verskyn het, met verlof in *Die Boerevrou* gepubliseer. Hierin ook is die ontwikkeling van 'n eiesoortige boustyl vir Suid-Afrika en die gebruik van inheemse materiale bepleit.⁶⁷⁴

Roger Fisher en Schalk le Roux se boek, *Die Afrikaanse woning*, met herdrukke van sommige van *Die Boerevrou* se argitektuurartikels, beskryf die argitektoniese milieу van die dekade waarbinne hierdie artikels verskyn het as 'n tydperk waarbinne tegnologiese vooruitgang as noodsaaklik en goed beskou is en waarin daar 'n visie van 'n universele skoonheidsleer ontwikkel het. Hulle is van mening dat die Afrikaner gemotiveerd was om 'n eg Afrikaanse boustyl te ontwikkel wat vry en verwyderd was van die Romantiese Klassisisme wat byvoorbeeld deur Cecil John Rhodes se argitek, sir Herbert Baker, ingevoer is.⁶⁷⁵

Reeds in die eerste uitgawe van *Die Boerevrou* het 'n kort geïllustreerde artikel oor 'n huis vir 'n welgestelde boer verskyn. Die plan daarvoor is deur die argitek Johannes Rienk Burg (1874-1961) opgetrek.⁶⁷⁶ Dit is in Januarie 1920 opgevolg met 'n verdere plan, hierdie keer vir 'n eenvoudiger plaashuis. Malherbe het daarby geskryf:

Die badkamer wat in ons plan pronk sal ook iets wees wat elke vrouw begeer om in haar huis te hê. Als ons maar net aanhou met planne maak sal ons dit seker sover bring dat later aangeneem word dat dit onmisbaar is.⁶⁷⁷

In April 1920 het J.H. Pierneef woonhuise bepleit, voorgestel en geteken wat na sy mening in die Transvalse veld tuis sou wees, aangesien die Kaapse huis onvanpas in

⁶⁷⁴'n Eie boustyl vir Suid-Afrika – die ideale woning, *Die Boerevrou*, Julie 1924, pp. 4-6.

⁶⁷⁵R.C. Fisher en S. le Roux, *Die Afrikaanse woning*, p. xiv.

⁶⁷⁶Bouwkuns, *Die Boerevrouw*, Maart 1919, p. 21.

⁶⁷⁷Plan van 'n plaashuis, *Die Boerevrouw*, Januarie 1920, p. 9.

die noorde was.⁶⁷⁸ In Julie 1924 het daar weer 'n artikel deur Pierneef verskyn met 'n ontwerp vir 'n eenvoudige boerewoning.⁶⁷⁹

'n Reeks artikels deur Gerard Leendert Moerdijk (vanaf 1923 Moerdyk gespel) (1890-1958) het ongerekeld van Desember 1920 tot Junie 1925 verskyn. Hierin het hy gewaarsku teen die besteding van onnodige geld aan duur boumateriaal "wat duisende myle oor die see kom," raad gegee oor ligging, lig en lug en natuurlike grasdakke ten koste van die "lelike" ingevoerde sinkdakke geprys. Hy het ook vrae oor sy ontwerpe deur lesers beantwoord en aanduidings van boukoste gegee. Verder het hy verduidelik wat die werk van 'n argitek presies behels en ook waarom 'n badkamer noodsaaklik is in 'n moderne huis en hoe om die afvoer van die water te reël.⁶⁸⁰

In Moerdyk se eerste twee artikels word bouplanne en aanwysings vir rondawelhuise gegee. Volgens hom was hy nie van plan om in die artikels rondawelhuise te "verheerlik" nie, want dit kan nie as ernstige boukuns met 'n groot toekoms beskou word nie. Tog was dit maklik en baie bekostigbaar om te bou en kon met inheemse materiaal gebou word. Dit bestaan uit 'n groepering rondawels wat met gange aan mekaar verbind is.⁶⁸¹

Hierna sou die gewildheid van die rondawelhuise nog duidelik blyk. Daar het drie foto's van rondawelhuise in *Die Boerevrou* verskyn: een op Elandsfontein, wat aan

⁶⁷⁸Ons boerehuise in Transvaal en hulle karakter, *Die Boerevrouw*, April 1920, pp. 3-5.

⁶⁷⁹Ontwerp vir eenvoudige boerewoning, *Die Boerevrouw*, Julie 1924, p. 5.

⁶⁸⁰Rondawelhuise, *Die Boerevrouw*, Desember 1920, pp. 21-23; Die noodsaaklikheid van 'n badkamer, *Die Boerevrouw*, Junie 1921, pp. 10,11; Rondawelhuise, *Die Boerevrouw*, Desember 1921, pp. 18,19; 'n Afrikaanse woning, *Die Boerevrouw*, Maart 1923, pp. 5,6,56; 'n Afrikaanse woning, *Die Boerevrouw*, April 1923, pp. 11,14; p.9; 'n Mooi Afrikaanse woonhuis, *Die Boerevrouw*, Mei 1923, p. 9,56; Afrikaanse woningbou, *Die Boerevrouw*, Junie 1923, pp. 9,11; Afrikaanse woonhuis, *Die Boerevrouw*, Augustus 1923, p. 15; 'n Huis vir 'n warm distrik, *Die Boerevrouw*, September 1923, p. 21; Praatjies oor bouery, *Die Boerevrouw*, Junie 1925, pp. 16-18.

⁶⁸¹Rondawelhuise, *Die Boerevrouw*, Desember 1920, pp. 21-23; Rondawelhuise, *Die Boerevrouw*, Desember 1921, pp. 18,19.

mnr. Andries Burger behoort het,⁶⁸² een op 'n plaas in die Bosveld⁶⁸³ en 'n foto van Marguerite Pienaar, *Die Boerevrou* se bestuurderes, se huis in Brooklyn, Pretoria.⁶⁸⁴ In Januarie 1929 wou 'n leseres selfs die ou uitgawes van die tydskrif met Moerdyk se planne vir 'n rondawelhuis by iemand leen of koop.⁶⁸⁵



Figuur 38: Rondawel Huis van die bestuurderes van *Die Boerevrou*.

Uit: Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Junie 1924, pp. 17,19,21.

Ander argitekte wat ook bydraes gestuur het, was Gordon Leith (1886-1965)⁶⁸⁶ en Jan Brink Wyers (1865-1953).⁶⁸⁷ In 1920 het Jeanette C. van Duijn twee artikels oor die bou en inrigting van die kombuis en die smaakvolle meubilering van die huis geskryf.⁶⁸⁸ Nog 'n reeks artikels, *Praatjies oor meubilering*, het tussen Maart en November 1926 verskyn en daaruit blyk dit dat "... sware buffets en leeroorgetrekte stoele van vyf-en-twintig jare gelede ..." en "... ferwele of van die dienlike brokaat met grote patronे ..." heeltemal uit die mode was in 1926.⁶⁸⁹ Sylva Moerdyk (die vrou van Gerard Moerdyk) het eerder gekleurde kretone vir gordyne voorgestel, want "... dit bly lank skoon, temper die sonlig sonder om die kamer donker te maak, is goedkoop en kan maklik gemaak word."⁶⁹⁰

⁶⁸²Die Boerevrou, Junie 1922, p. 8.

⁶⁸³Die Boerevrou, Desember 1927, p. 25.

⁶⁸⁴Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Junie 1924, pp. 17,19,21.

⁶⁸⁵Ruilkolom, *Die Boerevrou*, Januarie 1929, p. 46.

⁶⁸⁶Die Afrikaanse boer as argitek en boumeester, *Die Boerevrou*, September 1928, pp. 4-7.

⁶⁸⁷'n Vuurherd vir die voorhuis en kombuis-skoorsteen vir 'n plaashuis, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Junie 1930, pp. 19,21,23.

⁶⁸⁸Huishoudkunde, *Die Boerevrou*, Augustus 1920, p. 31; Huismeubileer, *Die Boerevrou*, Augustus 1920, pp. 35,37.

⁶⁸⁹Praatjies oor meubilering, *Die Boerevrou*, April 1926, pp. 47,49.

⁶⁹⁰Hoe om vensters te kleë, *Die Boerevrou*, November 1922, p. 19.

Sylva Moerdyk het in 'n ander artikel ook raad oor vloerbedekkings gegee: "Die dae van groot tapyte is verby",⁶⁹¹ Die lesers van *Die Boerevrou* het egter nie 'n gebrek aan idees vir moderne, ekonomiese vloerbedekkings en raad vir die versorging daarvan gehad nie.

In Junie 1919 is die eerste voorstel vir 'n papiervloer deur C. Badenhorst gemaak.⁶⁹² Op versoek van die redaksie het sy weer in Julie 1919 'n brief oor papiervloere geskryf en vertel watse soort papier om te gebruik en hoe om die papierpap te smeer.⁶⁹³ In 1920 het 'n breedvoerige artikel deur mev. C. Roos, met deeglike aanwysings oor papiervloere verskyn.⁶⁹⁴ Papiervloere het so gewild geraak dat hierdie artikel in Mei 1926 herhaal moes word. Volgens Malherbe het daar tot in daardie stadium niks in *Die Boerevrou* verskyn wat so algemeen byval gevind het en wat so wyd gebruik is nie.⁶⁹⁵ In 'n artikel oor meubilering in die volgende uitgawe, is die papiervloer as goedkoop, mooi, warm en eg Afrikaans beskryf.⁶⁹⁶

In 1923, 1925 en selfs teen 1928 was daar nog navrae vir resepte vir papiervloere.⁶⁹⁷ Verskeie lesers het laat weet dat hulle die aanwysings met sukses gevolg het.⁶⁹⁸ Mev. Van Wijk het papiervloere in al haar vertrekke ingesit en vertel dat dit warm in die winter en sonder stof was.⁶⁹⁹ Susie het ook met groot lof van haar papiervloere in die sitkamer en eetkamer, wat soos sement of "kurktapijt" gelyk het, gepraat,⁷⁰⁰ terwyl van Nig Mitha verneem is dat *Die Boerevrou* se papiervloere in haar buurt baie

⁶⁹¹Hoe om vloere te klee, *Die Boerevrou*, Mei 1923, pp. 27, 56.

⁶⁹²Korrespondensie, *Die Boerevrou*, Junie 1919, pp. 5,6.

⁶⁹³Korrespondensie, *Die Boerevrou*, Julie 1919, pp. 6,7.

⁶⁹⁴Alweer papiervloere, *Die Boerevrou*, November 1920, pp. 27,29.

⁶⁹⁵Alweer papiervloere, *Die Boerevrou*, Mei 1926, p. 39.

⁶⁹⁶Praatjies oor meubilering, *Die Boerevrou*, Junie 1926, pp. 39, 41.

⁶⁹⁷Vrae, wenke en ruilkolom, *Die Boerevrou*, Januarie 1923, pp. 37,39; Ruilkolom, *Die Boerevrou*, Julie 1925, p. 41; Ruilkolom, *Die Boerevrou*, September 1928, p. 54.

⁶⁹⁸Kyk byvoorbeeld: Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Junie 1921, pp. 17,19,21.

⁶⁹⁹Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Augustus 1921, pp. 17,19.

⁷⁰⁰Vrae, wenke en ruilkolom, *Die Boerevrou*, April 1922, pp. 33,35.

vrouens van stowwerige grond- en misvloere verlos het.⁷⁰¹ Selfs lesers in Brits Oos-Afrika het vir hulle papievloere volgens *Die Boerevrou* se aanwysing ingesit.⁷⁰²

Lesers kon in *Die Boerevrou* ook leer hoe om hul eie matte te maak,⁷⁰³ aanwysings kry vir tuisgemaakte meubels en lampskerms en riglyne vir verfwerk.⁷⁰⁴ Lesers het mekaar van raad voorsien en meubels, soos eikehoutbeddens en rusbanke met riempies, in die ruilkolom geadverteer.⁷⁰⁵ Daar was ook geleentheid om met die jongste uitvindings en nuwe modeneigings in interieurontwerp kennis te maak. Mn. Marshall van die “beroemde” meubelmakers, Jocelyns, het in ‘n artikel verduidelik dat die gewoontes van die huisgenote in ag geneem moet word by die keuse en aankoop van meubels.⁷⁰⁶ Mev. Fouché het in twee artikels breedvoerig berig oor verskeie nuwe uitvindings wat sy op ‘n tentoonstelling in Londen gesien het en wat “iedere huisvrou laat watertand.”⁷⁰⁷

Vir diegene wat nie idees vir hul eie huise gesoek het nie, was daar interessante artikels oor meubels uit die Jakobynse tydperk en twee artikels deur Rikie Postma oor die gebruik en versiering van kiste deur die eeue in Europa en Suid-Afrika.⁷⁰⁸ Marga Mayer wat saam met haar man, die skilder Erich Mayer, deur Namakwaland gereis

⁷⁰¹Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Mei 1922, pp. 10-13, 15.

⁷⁰²Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, September 1923, pp. 15,17,19.

⁷⁰³Hoe om matte te maak, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Julie 1930, pp. 33,35; Ses verskeie soorte matte en hoe om die te maak, *Die Boerevrou*, Julie – Oktober 1926; Hoe om matte te maak, *Die Boerevrou*, April 1922, pp. 28,29; Pragtige vloermatte, *Die Boerevrou*, Oktober 1922, pp. 24,25; Hoe om matte tuis te maak, *Die Boerevrou*, November 1922, pp. 24,25,27.

⁷⁰⁴Vir die badkamer ‘n praktiese en goedkoop muurkassie, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Januarie 1931, p. 29; Timmerwerk vir huisvrouens, *Die Boerevrou*, November 1924, p. 32; Hoe om ou meubels mooi te maak, *Die Boerevrou*, April 1923, p. 43; Sending meubels, *Die Boerevrou*, Oktober 1926, pp. 43,45; Plak, verf en kleur, *Die Boerevrou*, April 1926, pp. 53,54; Lampe, *Die Boerevrou*, September 1926, p. 19; Lampskerms van gaas, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Augustus 1930, p. 27.

⁷⁰⁵Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Maart 1924, pp. 45,47; Goeie wenke, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Februarie 1930, p. 26.

⁷⁰⁶Smaakkolle wonings, *Die Boerevrou*, Mei 1925, pp. 6-9.

⁷⁰⁷Gemak en gerief en die huis, *Die Boerevrou*, Oktober 1923, pp. 17,19; Gemak en gerief in die huis, *Die Boerevrou*, November 1923, pp. 17,19,21.

⁷⁰⁸Die Jakobese periode, *Die Boerevrou*, Junie 1925, p. 19; Die ou klere-kis, *Die Boerevrou*, Desember 1921, pp. 13,14; Die klere-kis, *Die Boerevrou*, Januarie 1922, pp. 9,10.

het, het berig oor die matjieshuise en kookskerms wat in 1930 nog in gebruik was in die koue Bokkeveld en Graham Botha, die destydse hoof-argivaris van Kaapland, het 'n stuk geskryf oor die historiese geboue van Kaapstad.⁷⁰⁹

6. Artikels oor die tuin

Die Blom en Groente Tuin deur Hortus, was reg van die begin af 'n rubriek in *Die Boerevrou*. Dit is later oorgeneem deur N.M. Vegter, die Superintendent van Parke in Pretoria, wat dit tot in November 1923 behartig het.⁷¹⁰ Daarin is lesers onder meer aangeraai watter soort groente of blomme om in elke maand van die jaar te saai of te plant, hoe om die grond voor te berei, hoe om plante te verplant, wanneer om wat te snoei of hoe om die plante te beskerm en versorg teen peste en ryp.⁷¹¹

Daar het min artikels oor die tuin of plante in die tydskrifte van 1924 tot 1926 verskyn.⁷¹² Van April 1926 tot Februarie 1927 was iemand genaamd J.F. weer verantwoordelik vir 'n tuinrubriek, hoewel nie onder een spesifieke titel nie.⁷¹³ Na Februarie 1927 het daar weer net losstaande artikels oor tuinmaak verskyn, behalwe van Oktober 1929 tot Februarie 1930, toe die tuinartikels weer die vorm van 'n rubriek aangeneem het. Dit is egter nie seker wie toe daarvoor verantwoordelik was nie.⁷¹⁴

⁷⁰⁹Die Bokveld se kookskerms, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, September 1930, pp. 88-90; K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 94; iets oor Kaapstad, *Die Boerevrou*, Junie 1924, pp. 5-7.

⁷¹⁰Die Blom en Groente Tuin, *Die Boerevrouw*, Maart 1919, p. 10; Die Blom- en Groentetuin in Maart, *Die Boerevrou*, Maart 1921, pp. 11,12; Blom- en groentetuin, *Die Boerevrou*, November 1923, pp. 56,57.

⁷¹¹Kyk byvoorbeeld: Die Blom- en groentetuin in Augustus, *Die Boerevrou*, Julie 1922, p. 21; Die Blom- en groentetuin in Februarie, *Die Boerevrou*, Februarie 1921, p. 8.

⁷¹²Die Groentetuin, *Die Boerevrou*, September 1924, p. 19; 'n Praatjie oor blomme, *Die Boerevrou*, September 1924, p. 12.

⁷¹³Die mooi tuin, *Die Boerevrou*, April 1926, p. 15; Die blomtuin, *Die Boerevrou*, Julie 1926, pp. 11,33; Die tuin in Augustus, *Die Boerevrou*, Augustus 1926, p. 10.

⁷¹⁴Die tuin in Oktobermaand, *Die Boerevrou*, Oktober 1929, p. 15; Die tuin in Novembermaand, *Die Boerevrou*, November 1929, p. 39; Die tuin in Desembermaand, *Die Boerevrou*, Desember 1929, p. 23; Die tuin in Januariemaand, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Januarie 1930, p. 7; Die tuin in Februariemaand, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Februarie 1930, p. 48.

‘n Aparte reeks artikels deur Inez Verdoorn, *Veldblomme in die Transvaal*, met tekeninge deur Cythna Letty, het van November 1929 tot Julie 1930 verskyn⁷¹⁵ en J. Taylor Smith van die Cairnfield Nurseries in Johannesburg het van Mei 1928 tot Januarie 1929 ‘n reeks artikels vir *Die Boerevrou* geskryf. Dit het onder meer aanwysings bevat oor watter plante geskik is om in ‘n heining te laat groei, hoe om ‘n vrugteboord aan te plant en watter soorte plante goed in potte aard omdat die weer op die Hoëveld tuinmaak bemoeilik.⁷¹⁶

Verskeie ander artikels het ook deur die jare oor die tuin in die tydskrif verskyn, wat soms deel van die rubriek gevorm het, maar dikwels afsonderlik geplaas is. Daar was byvoorbeeld in Maart 1930 ‘n artikel oor pronkertjies en in Desember 1931 ‘n artikel met riglyne oor snoei.⁷¹⁷

Dit is onbekend hoeveel lezers die gereelde tuinbou-artikels in *Die Boerevrou* gelees en benut het. Dit blyk wel dat die lezers oor die algemeen baie in tuinmaak geïnteresseerd was as daar na die hoeveelheid navrae vir raad en die advertensies vir tuingereedskap, boomkwekers en bloemiste gekyk word.⁷¹⁸ In bykans elke ruilkolom was lezers wat blombolle en ander plante wou koop, verkoop of ruil; van kaktusplantjies, varkoorbolle en ranonkels tot uieplantjies en wortelsaad.⁷¹⁹ Soms is artikels op versoek van lezers geskryf, soos die artikel met ‘n plan en uitleg vir ‘n mooi blomtuin deur ‘n “deskundige,” wat in die uitgawe van September 1925 verskyn

⁷¹⁵Veldblomme in die Transvaal, *Die Boerevrou*, November 1929 tot Julie 1930.

⁷¹⁶Potplante vir die huis, *Die Boerevrou*, September 1928, p. 53; Vrugte op die plaas, *Die Boerevrou*, April 1928, p. 53; Heinings, *Die Boerevrou*, Julie 1928, p. 47.

⁷¹⁷Pronk-ertjies, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Maart 1930, p. 17; Snoei jou blomme, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Desember 1931, p. 40; Nog voorbeeld - Ertappel-verbouing vir die huisgesin, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, September 1931, p. 29; Die roostuin, *Die Boerevrou*, Januarie 1929, p. 11; Blomme vir winterversiering, *Die Boerevrou*, Mei 1929, p. 39.

⁷¹⁸Kyk Byvoorbeeld: Advertensie vir Van der Wal en Reesse in Pretoria, *Die Boerevrou*, September 1919, p.5; Vrage, *Die Boerevrou*, Januarie 1921, p. 31; Vrage en wenke, *Die Boerevrou*, Augustus 1921, p. 35.

⁷¹⁹Ruilkolom, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, April 1931, p. 42; Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Oktober 1923, p. 41; Ruilkolom, *Die Boerevrou*, April 1926, p.49; Ruilkolom, *Die Boerevrou*, Desember 1926, p. 57.

het.⁷²⁰ Selfs die Witwatersrandse Landbou-Tentoonstelling het in 1928 'n nuwe afdeling, naamlik Tuinmaak, gehad waarvoor ingeskryf en pryse gewen kon word.⁷²¹

7. Artikels oor tuisnywerheid en boerdery

Hoewel *Die Boerevrou* 'n vrouetydskrif was, het daar gereeld artikels oor verskillende soorte boerderye en markverslae in verskyn. Dit het begin met onderwerpe waarby vrouens direk belang sou hê, soos hoenderboerdery wat 'n vrou op haar eie, sonder die ondersteuning van 'n man, kon behartig. Later, in 1923, het artikels oor boerdery in die algemeen en markverslae 'n gereelde verskynsel in die tydskrif geword.⁷²² Die laaste reeks markverslae het van April tot Desember 1928 in *Die Boerevrou* verskyn.⁷²³

'n Reeks artikels oor kaasmaak het saam met die boerdery-afdelings van Desember 1923 tot Mei 1924 verskyn.⁷²⁴ Daar het ook afsonderlike artikels oor kaas- en bottermaak, soos *Kaas maken op de plaats*, oorgedruk met verlof van die Landbou Departement, verskyn.⁷²⁵ Navrae deur lesers oor kaas- en bottermakery was volop en talle lesers het kaasresepte ingestuur.⁷²⁶

Uit die vele artikels, navrae en advertensies wat van belang sou wees vir hoenderboere, kan afgelei word dat 'n groot hoeveelheid vrouens met hoenders geboer het. In Mei, Augustus en Oktober 1919 het daar artikels verskyn wat lesers

⁷²⁰In die blomtuin, *Die Boerevrou*, September 1925, p. 13.

⁷²¹Witwatersrandse Landbou-Tentoonstelling, *Die Boerevrou*, Februarie 1928, p. 56.

⁷²²Kyk byvoorbeeld: Boerdery, *Die Boerevrou*, Junie 1923 tot Mei 1924; Boerdery, *Die Boerevrou*, Junie 1923, pp. 45,46.

⁷²³Produkemark, *Die Boerevrou*, April tot Desember 1928.

⁷²⁴Hoekom maak ek nie my eie kaas nie?, *Die Boerevrou*, Desember 1923 tot Mei 1924.

⁷²⁵Kaas maken op de plaats, *Die Boerevrou*, Mei 1923, pp. 47,49; Bottermakery op die plaas, *Die Boerevrou*, Januarie 1925, pp. 39,41,43.

⁷²⁶Vrage en wenke, *Die Boerevrou*, November 1921, p. 37; Solang als die lepel in die pappot staan, treuren wij nog niet!, *Die Boerevrou*, Maart 1922, pp. 31,33; Ruilkolom, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Maart 1931, p. 43.

aangemoedig het om hoenderboerdery te oorweeg en verduidelik hoe om te begin of selfs net om ander soorte hoenders vir boerdery te oorweeg.⁷²⁷ In ses van die twaalf uitgawes van 1921 het daar ook artikels oor hoenderboerdery en boerdery met ander pluimvee verskyn, asook 'n artikel in 1922, een in 1923 en twee in 1924. Hierdie artikels is vermoedelik almal deur J.J. Jordaan, die pluimveekundige van die Landbouskool Glen in die Vrystaat, geskryf, hoewel sy naam net by sommige van die artikels verskyn.⁷²⁸ In Februarie 1921 het hy vrouens ernstig aangemoedig om met hoenders te begin boer aangesien die oorlog gunstige omstandighede vir die uitvoer van pluimvee geskep het.⁷²⁹ Teen 1925 kon Jordaan se boek, *Pluimvee in Suid-Afrika*, in *Die Boerevrou* geadverteer word omdat daar in daardie stadium groot hoeveelhede lesers was wat 'n standhoudende inkomste uit pluimveeboerdery verdien het.⁷³⁰

'n Uittreksel uit 'n voorlesing oor hoenderboerdery van mnr. Bourlay, wat oorgeneem is van die *Pretoria News*, het in die uitgawe van September 1921 verskyn⁷³¹ en 'n referaat deur mev. Van Reenen, wat sy voor 'n kongres op Stellenbosch gelewer het, in November 1925.⁷³² Sy het vertel dat sy reeds in die vierde jaar van haar boerdery 'n profyt van £600 gemaak het. Hierdie stuk eindig met die oortuiging dat dogters finansieel onafhanklik moet wees sodat hulle nie ter wille van "'n lewe" trou nie, want dit sou na haar mening 'n onheilige huwelik wees. Van Reenen het ook 'n boek geskryf, *Voordelige hoenderboerdery*.⁷³³ 'n Artikel oor hoe om met eende te boer deur T.B. Cross, "Pluimvee-instrukteur, Landbouwschool, Cedera, Natal, het in

⁷²⁷Hoe om 'n boerderij te begin, *Die Boerevrouw*, Mei 1919, p. 23; Hoenderboerderij, *Die Boerevrouw*, Augustus 1919, p. 21; Raad met hoenderboerdery en kuikensiektes, *Die Boerevrouw*, Oktober 1919, p.26.

⁷²⁸Kyk byvoorbeeld: Pluimvee klaarmaak vir die mark, *Die Boerevrouw*, Januarie 1921, pp. 12,13; Die vervaar van pluimvee, *Die Boerevrouw*, April 1921, p. 19; Hoe om pluimvee te slag en reg te maak om per spoor naar die mark te stuur, *Die Boerevrouw*, Januarie 1922, p. 21; Hoenderboerderij in die agterplaas op die dorp, *Die Boerevrouw*, Augustus 1921, p. 23; Ganse, *Die Boerevrouw*, Mei 1922, pp. 17,19.

⁷²⁹Pluimveeboere, word wakker!, *Die Boerevrouw*, Februarie 1921, pp. 29-31.

⁷³⁰Boekrak, *Die Boerevrouw*, Maart 1925, p. 2; Resensies, *Die Boerevrouw*, April 1925, p. 13.

⁷³¹Hoenderkuikens grootmaak, *Die Boerevrouw*, September 1921, p. 21.

⁷³²'n Suksesvolle hoenderboerdery, *Die Boerevrouw*, November 1925, pp. 4-6.

⁷³³Boekrak, *Die Boerevrouw*, Augustus 1926, p. 7.

Oktober 1921 verskyn en Arthur Little, “leeraar in Pluimveeboerderij Grootfontein Landbouwschool,” het *Huismiddelen voor pluimvee* geskryf, waarin alledaagse huishoudelike middels soos Engelse sout, asyn, uie en terpentyn vir hoendersiektes en –kwale aanbeveel is.⁷³⁴

In hierdie tyd, voor ‘n vaste rubriek of ‘n reeks artikels oor pluimveeboerdery begin het, het talle lezers reeds raad gevra oor hoenderboerdery, van hul produkte in *Die Boerevrou* se ruilkolom geadverteer of net geskryf en vertel van hul pluimvee.⁷³⁵ Iemand het raad gevra vir klein gansies wat op die ouderdom van ses weke maklik vrek en iemand anders wou weet waar sy Plymouth Rock hoendereiers of jong hane kon kry, terwyl mev. Kitty Cornelius wou weet hoe maak ‘n mens ‘n verekombers.⁷³⁶

Twee leseresse, mev. Van Vuuren en mej. R. Stapelberg, het ervaring met klein gansies gehad en kon raad gee en wel dat hulle om vier uur elke middag op hok gesit moet word omdat hulle hulle oorvrete.⁷³⁷ ‘n Jong leseressie van twaalf jaar oud, Nonnie Erasmus, kon vir mev. Jansie Jooste raad gee vir haar hoenders wat se oë toeswel.⁷³⁸ Ada Marais het laat weet dat sy jonkgetroud was en twee “penne” hoenders as trougeskenk gekry het. Sy het nik van hoenderboerdery af geweet nie en was baie bly dat, net toe sy dit nodig kry, verskeie stukke oor hoenderboerdery in die tydskrif verskyn het.⁷³⁹

Hoender- en ander pluimveeverwante vrae, raad en advertensies het mettertyd so toegeneem dat die ruilkolom later nie met minder as ten minste tien verwysings in elke uitgawe na hoenders, eende, ganse, kalkoene, makoue, vere, eiers, broeitome,

⁷³⁴De behandeling van eenden, *Die Boerevrou*, Oktober 1921, pp. 33,35,37; *Huismiddelen voor pluimvee*, *Die Boerevrou*, November 1921, p. 39.

⁷³⁵Kyk byvoorbeeld: Ruilkolom, *Die Boerevrou*, Augustus 1922, pp. 33,35.

⁷³⁶Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Julie 1921, pp. 17,19,21.

⁷³⁷Hoenderkuikens grootmaak, *Die Boerevrou*, September 1921, p. 21.

⁷³⁸Vrage en wenke, *Die Boerevrou*, November 1921, p. 37; Solang as die lepel in die papot staan, treuren wij nog niet!, *Die Boerevrou*, Februarie 1921, pp. 33,35-37.

⁷³⁹Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, November 1921, p. 15.

broeimasjiene, kuikensiektes, groenvoerkampies of kunsmoeders gepubliseer kon word nie. As pluimveeboerdery ‘n nasionale sport was, sou die lesers van *Die Boerevrou* definitief ‘n kampioenspan gehad het. Daar is met Wyandotte, Rhode Island Red, Leghorn, Australian Orpington, Plymouth Rock, Sussex, Ancora, Minorca, Barnevelder of Bantam hoenders geboer. Ander het American Bronze of Mammoth Bronze kalkoene, Aylesbury, Kakie-Campbell of Pekin eende en Emden, Toulouse of Indiese ganse besit. Toe T.A.T. in 1931 ‘n broeimasjien geadverteer het, het 23 lesers navraag gedoen.⁷⁴⁰ Daar was so ‘n groot hoeveelheid broeimasjiene op die mark (Buckeye, Economic, Cycle, Hearson’s, Simplicity, Daniel’s, Spratts, Samlin, Golden Fleece, Champion Belle, en Pataluma) dat dit nie vreemd is dat mev. F. Hagen wou raad hê oor watter soort die beste is om te koop nie.⁷⁴¹ Mev. W.J. Smit het in *Om die Koffietafel* vertel dat sy broeiseleiers verkoop “... en ek kry meer aanvrae as wat ek kan lewer ...”⁷⁴² Verleë het almal hartlik bedank vir die vere-bestellings en om verskoning gevra dat sy baie moes teleurstel.⁷⁴³

Oor geen ander onderwerp is daar so baie in *Die Boerevrou* geskryf as oor pluimveeboerdery nie. Teen 1926 was ‘n artikel oor die een of ander aspek van pluimveeboerdery ‘n vaste verskynsel in elke uitgawe. Afsonderlike artikels, soos P.J.T. de Wet se ‘n Nuwe hoender oor die Barnevelder-ras wat toe pas uit Holland ingevoer is, was volop.⁷⁴⁴ Van mev. Dommisse het daar van Junie tot Augustus 1927 ‘n reeks artikels getiteld *Hoenderboerdery* verskyn.⁷⁴⁵ In September 1927 het ‘n omvattende reeks artikels oor hoenderboerdery deur mev. O.T. van Niekerk ‘n soort rubriek oor die onderwerp ingelui. In die rubriek het sy ook lesersvrae beantwoord en het gereeld haar verbasing uitgespreek oor die groot belangstelling en hoeveelheid

⁷⁴⁰Ruilkolom, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Oktober 1931, pp. 37,41.

⁷⁴¹Ons ruilkolom, *Die Boerevrou*, Januarie 1922, p. 21.

⁷⁴²Om die koffietafel, *Die Boerevrou*, September 1927, pp. 8-10.

⁷⁴³Ruilkolom, *Die Boerevrou*, Maart 1929, p. 45.

⁷⁴⁴‘n Nuwe hoender, *Die Boerevrou*, Julie 1926, p. 33.

⁷⁴⁵Hoenderboerdery, *Die Boerevrou*, Junie tot Augustus 1927.

navrae wat sy uit alle dele van die land ontvang het.⁷⁴⁶ Sy het haar ook laat lei deur die brieue en probeer om in haar rubriek die behoeftes van haar lesers aan te spreek.⁷⁴⁷ Die laaste aflewering van hierdie rubriek was in Mei 1930,⁷⁴⁸ maar daar was steeds, tot en met die staking van die tydskrif aan die einde van 1931, gereeld artikels oor pluimveeboerdery.⁷⁴⁹



Figuur 39: Mev. Jansie Jooste van Vermaas (met die kruisie gemerk) by haar 360 ganse. Sy het gereeld gansvere en -dons in *Die Boerevrou* se ruilkolom geadverteer en moes dikwels die lesers meegee dat al haar vere vir 'n spesifieke seisoen uitverkoop is.⁷⁵⁰

Uit: *Die Boerevrou*, Maart 1931, p. 41.

In die uitgawe van Oktober 1923 het mev. S.P. le Grange gevra waar sy "sy-ruspe eiers" kon kry.⁷⁵¹ Dit lyk nie of sy ooit 'n antwoord op haar vraag uit die tydskrif gekry het nie, maar in Maart 1927, Julie 1928 en September 1931 het daar drie artikels oor die sywurm-industrie in *Die Boerevrou* verskyn. Daarin het die minister van Landbou en die regering se Afdeling vir Landbou-onderwys en Uitbreiding sywurmboerdery as 'n lonende bedryf bestempel en Suid-Afrikaners aangemoedig om dit op te neem. Belangstellendes kon aan die regering se Sydeskundiges skryf vir meer inligting.⁷⁵²

'n Ander soort boerdery waарoor daar 'n groot hoeveelheid artikels en navrae in *Die Boerevrou* gepubliseer is, is byeboerdery. Die eerste artikel daaroor het reeds in

⁷⁴⁶Hoenderboerdery op die plaas, *Die Boerevrou*, September 1927, pp. 43,56.

⁷⁴⁷Kyk byvoorbeeld: Hoenderboerdery, *Die Boerevrou*, Mei 1929, p. 37; Hoenderboerdery op die plaas, *Die Boerevrou*, Augustus 1929, p. 27.

⁷⁴⁸Hoenderboerdery op die plaas, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Mei 1930, p. 31.

⁷⁴⁹Kyk byvoorbeeld: Slaghoenders, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Maart 1931, p. 35.

⁷⁵⁰Ruilkolom, *Die Boerevrou*, Oktober 1928, p. 54.

⁷⁵¹Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Oktober 1923, p. 41.

⁷⁵²Sy-wurm teelt, *Die Boerevrou*, Maart 1927, p. 6; Die sywurm-industrie, *Die Boerevrou*, Julie 1928, pp. 21,23; Die sywurmnywerheid, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, September 1931, pp. 35,37.

September 1919 verskyn⁷⁵³ en ‘n reeks, *lets oor bije en heuning*, deur G.R. von Wielligh, wat selfs vandag nog baie insiggewend vir ‘n byeboer sal wees, het tot in Junie 1921 verskyn. Dit handel oor hoe om swerms te vang en te versorg, te verdeel en te vervoer, hoe om self korwe te maak, die insameling en verwerking van heuning en hoe om aanvalle van bye te voorkom en af te wend.⁷⁵⁴ In September 1921 het mnr. Fischer vir mnr. Von Wielligh bedank vir die reeks artikels.⁷⁵⁵ Hy was definitief nie die enigste leser wat die artikels nuttig gevind het nie. Mev. Du Preez⁷⁵⁶ en mev. J. Boshoff⁷⁵⁷ het gereeld heuning in die ruilkolom geadverteer en dit blyk dat baie lezers ‘n behoefte aan byewas en heuning gehad het.⁷⁵⁸ Byewas is gebruik as basis vir vloerwaks⁷⁵⁹ en heuning in resepte vir koek, hoesstroop en handeroom.⁷⁶⁰

8. Artikels oor gesondheid

Volgens Lou-Marie Kruger is die bevordering van volksgesondheid en geletterdheid ‘n kenmerk van nasionalisme. ‘n Volk moet fisies gesonde en goed opgevoede kinders voortbring sodat hulle as ‘n nasionale bate kan dien. Sy beskou die talle gesondheidsartikels in *Die Boerevrou* as bewys daarvan dat Mabel Malherbe die nasionalistiese ideologie doelbewus op hierdie manier wou bevorder.⁷⁶¹ Hoewel dit nie onmoontlik is dat Malherbe, as produk van haar tyd, omstandighede en

⁷⁵³Bijeboerderij vir die vrouwe van Suid Afrika, *Die Boerevrouw*, September 1919, pp. 21,22.

⁷⁵⁴lets oor bije en heuning, *Die Boerevrouw*, Januarie 1921, p. 31; lets oor bije en heuning, *Die Boerevrouw*, Februarie 1921, pp. 12,13; lets oor bije en heuning, *Die Boerevrouw*, Maart 1921, pp. 17-19; lets oor bije en heuning, *Die Boerevrouw*, Mei 1921, p. 15; lets oor bije en heuning, *Die Boerevrouw*, Junie 1921, pp. 21,23.

⁷⁵⁵Om die Koffietafel, *Die Boerevrouw*, September 1921, p. 17.

⁷⁵⁶Ruilkolom, *Die Boerevrouw*, Desember 1923, p. 57; Ruilkolom, *Die Boerevrouw*, Mei 1926, p. 49.

⁷⁵⁷Vrae, wenke en ruilkolom, *Die Boerevrouw*, Januarie 1923, pp. 37,39.

⁷⁵⁸Wenke en vrage, *Die Boerevrouw*, Februarie 1922, p. 35; Ruilkolom, *Die Boerevrouw*, November 1925, pp. 55,56; Ruilkolom, *Die Boerevrouw*, Julie 1928, pp. 51,53.

⁷⁵⁹Hoe om self vloere mooi te maak, *Die Boerevrouw en Ons Kleintjie*, Julie 1930, pp. 37,39.

⁷⁶⁰Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrouw*, November 1923, p. 59; Eiers as skoonheidsmiddel, *Die Boerevrouw en Ons Kleintjie*, p. 39; Resepte, *Die Boerevrouw*, September 1923, p. 41.

⁷⁶¹L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrouw (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, pp. 89-94.

geaardheid, haar lesers nasionalisties wou beïnvloed nie, was dit waarskynlik eerder haar opleiding en ervaring as verpleegster en die feit dat haar seun as baba baie siek was, wat haar besorgdheid oor mense se fisiese gesondheid aangevuur het. Siekte en gepaardgaande lyding is 'n natuurlike gegewe in enige politieke bestel en die begeerte tot verligting daarvan is wat die mens van ander geskape wesens onderskei. Reg van die begin af het *Die Boerevrou* gepoog om vrouens te help en van raad te voorsien om siekte te beveg en te voorkom. Dr. C.L. Leipoldt, wat die *Gesondheidsafdeling* aan die begin hanteer het, het in 1919, kort na die Spaanse griep-epidemie van 1918 wat duisende Suid-Afrikaners laat sterf het, geskryf:

Die griep-epidemie het ons gewijs hoe belangrik dit is dat ons algar iets afweet van hoe om 'n siek mens te behandel. Baje van ons arme slagoffers aan die plaag het gesterwe net omdat hulle nie die behoorlike behandeling – wat ons Verpleging noem – gekry het nie wat hulle behoort te gekry het.⁷⁶²

Die baie briewe wat die tydskrif uit die staanspoor ontvang het, getuig daarvan dat die rubriek groot byval by die lesers gevind het. Teen September 1919 kon Malherbe berig dat 'n "'n plaatselike vrouwe dokter" al die vrae oor gesondheid wat "ons in die laaste tijd gekry het" voortaan sal behandel.⁷⁶³ Dit word later duidelik dat die "vrouwe dokter" Anne Cleaver was.

Dr. Anne Cleaver, 'n Engels-gebore vrou van Natal, het aan Cambridge studeer en in 1915 'n assistent vir dr. Leipoldt, wat toe Mediese Inspekteur van Skole was, geword. Deur haar toedoen het die skoolkliniek in Johannesburg tot stand gekom waar behoeftige kinders verpleeg kon word.⁷⁶⁴

⁷⁶²Gesondheidsafdeling, *Die Boerevrou*, Mei 1919, pp. 6,7.

⁷⁶³Redaksie, *Die Boerevrou*, September 1919, p. 2.

⁷⁶⁴'n Vrou met 'n groot hart, *Die Boerevrou*, Maart 1924, p. 8.

Dr. Cleaver het tot Augustus 1921 die gesondheidsrubriek *Dienende liefde* behartig. Sy het raad gegee oor die verpleging van siekes, watter tipe voedsel om vir hulle voor te berei en sy het verduidelik hoe aansteeklike siektes oorgedra word. Verder het sy vrae van lesers beantwoord.⁷⁶⁵

Gedurende 1922 en 1923 het daar nie 'n vaste gesondheidsrubriek in *Die Boerevrou* verskyn nie, maar daar is wel enkele artikels oor gesondheid gepubliseer.⁷⁶⁶ Daar is ook van tyd tot tyd met toestemming pamphlette van die Bond van Rooikruis-Verenigings of artikels uit ander tydskrifte geplaas.⁷⁶⁷

In Mei 1924 is daar weer 'n vaste afdeling oor gesondheidsleer, huisverpleging en kinderversorging begin en weer onder die titel *Dienende liefde*. Daar is ook planne beraam om onder die vaandel van *Die Boerevrou* gesondheidsvoorlesings op die platteland aan te bied.⁷⁶⁸ Mej. Marga Gutter (later Mayer), opgelei in Holland in kinderversorging, sou die rondreisende medewerkster wees. Sy sou ook die nuwe rubriek onder toesig van dr. Betsy Goddefroy, 'n vroue- en kinderdokter in Pretoria, behartig.⁷⁶⁹

Die lesers het dadelik die plan rondom die voorgenome lesings toegejuig.⁷⁷⁰ Die prinsipaal van die Sekondêre Skool op Fauresmith het in Julie 1924 reeds laat weet dat mej. Gutter die skool met 'n baie insiggewende gesondheidslesing besoek het. Hy was van mening dat dit jammer is dat dit nie in meer skole gedoen kon word nie.

⁷⁶⁵Dienende liefde, *Die Boerevrou*, Februarie 1921, pp. 6,7; Dienende liefde, *Die Boerevrou*, Maart 1921, pp. 11,12,13; Dienende liefde, *Die Boerevrou*, Mei 1921, pp. 12,13; Dienende liefde, *Die Boerevrou*, Junie 1921, pp. 12-15; Dienende liefde, *Die Boerevrou*, Augustus 1921, pp. 9,21.

⁷⁶⁶Kyk byvoorbeeld: Malaria en die voorkoming en behandeling daarvan deur Jacobus C. Faure, professor in Entomologie aan die Transvaalse Universiteitskollege: Malaria en Muskiete, *Die Boerevrou*, Januarie 1922, pp. 5-8; Malaria en Muskiete, *Die Boerevrou*, Februarie 1922, pp. 4-6.

⁷⁶⁷Die gebruik en die misbruik van die neus, *Die Boerevrou*, Augustus 1923, p. 27; Kunsmatige asemhaal, *Die Boerevrou*, September 1923, pp. 25,27,56; Verpleegkuns, *Die Boerevrou*, Januarie 1921, p. 7; Speel, speel leer, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Augustus 1931, pp. 13,15.

⁷⁶⁸Redaksie, *Die Boerevrou*, Mei 1924, p. 2.

⁷⁶⁹Dienende liefde, *Die Boerevrou*, Mei 1924, pp. 4,5,7,56.

⁷⁷⁰Redaksie, *Die Boerevrou*, Junie 1924, p. 2.

'n Leseres het toe voorgestel dat elke dorp sy eie vereniging stig om die reëlings vir die lesings te behartig.⁷⁷¹ Ander lesers wou weet of daar nie boekies ook oor die lesingonderwerpe gedruk en versprei kon word nie, aangesien daar min leesstof oor gesondheidsake beskikbaar was.⁷⁷² Mabel het in *Die Boerevrou-boek* verklaar dat Marga Cutter verskeie toere deur die platteland vir *Die Boerevrou* onderneem het en dat die tydskrif met hierdie inisiatief die baanbreker op dié gebied in Transvaal was.⁷⁷³

Die laaste aflewering van *Dienende liefde* was in April 1925. Daarna het losstaande artikels oor verskillende gesondheidsaspekte gereeld in *Die Boerevrou* verskyn. Die versorging van babas, tande, noodhulp en die versorging en hantering van blindes en teringlyers het aandag geniet.⁷⁷⁴ Die outeurs van hierdie artikels se name het dikwels nie daarby verskyn nie daar word vermoed dat baie daarvan deur Malherbe self geskryf is.⁷⁷⁵

Die tydskrif het aan 'n groot behoefte voldoen deur leesstof oor en antwoorde op gesondheidskwessies te verskaf. M.Z. het in 1922 al vertel dat een van haar kinders baie siek was aan koors. Hulle woon op 'n plaas en die dokter het gesê dat die kind gesond sal word, mits die regte voedsel en versorging verskaf word. Sy het blykbaar al haar ou uitgawes van die tydskrif gaan uithaal en bestudeer. In haar brief het sy *Die Boerevrou* bedank as 'n "ware toevlug in die donkere dae en nagte."⁷⁷⁶

⁷⁷¹Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Julie 1924, pp. 27,35,37.

⁷⁷²Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Julie 1924, pp. 27,35,37.

⁷⁷³K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 37.

⁷⁷⁴Die babetjie wat aldeur huil, *Die Boerevrou*, September 1926, pp. 17,19; Wanneer Bybie verwag word, *Die Boerevrou*, Mei 1928, p. 39; iets oor tande, *Die Boerevrou*, Julie 1927, p. 39; Sorg vir die tande, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Februarie 1930, pp. 41,43; Eerste hulp in die huis, April 1928, pp. 43,45; Gedagtes oor Blindesorg, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Augustus 1931, p. 4; Die sanatorium vir teringlyers op Nelspoort, *Die Boerevrou*, September 1927, p. 7.

⁷⁷⁵Kyk byvoorbeeld: Daardie verkoue! *Die Boerevrou*, Augustus 1928, p. 33.

⁷⁷⁶Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Julie 1922, pp. 14,14,17.

Lesers kon ook uit *Die Boerevrou* meer te wete kom oor die opleiding van verpleegsters en vroedvroue en self raad uitrul vir siektes en kwale soos aambeie, rumatiek, liddorings en borsvoedingprobleme.⁷⁷⁷

Dit kan nie betwiss word dat Mabel Malherbe se nasionalistiese oortuigings deurgeskemer het in die omgang wat die tydskrif en die lesers met mekaar gehad het nie. Daar kan geredeneer word dat dit soms op pogings tot beïnvloeding neergekom het. Tog getuig die lesers se ontvangs van en reaksie op *Die Boerevrou* kwalik van 'n passiewe groep vrouens, wat moes lees wat ook al vir hulle opgedis is. 'n Heel ander beeld van die Afrikanervrouw as die slagoffer wat teen haar sin in die huishoudelike sfeer teruggedruk is, het uit die bladsye van die tydskrif na vore getree.

⁷⁷⁷Die Suidafrikaanse Hospitaal en Diakonessehuis, *Die Boerevrou*, Februarie 1921, p. 17; Advertensie vir mev. W.E. de Loor, Gediplomeerde Vroedvrouw, *Die Boerevrou*, Oktober 1919, p. 4; Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Julie 1922, p. 35; Advertensie vir die Victoria Kraaminrigting, *Die Boerevrou*, Augustus 1921, p. 40; Ruilkolom, vrae en wenke, *Die Boerevrou*, Januarie 1925, pp. 49,51; Ruilkolom, *Die Boerevrou en Ons Kleintjie*, Julie 1930, p. 43; *Die Boerevrou*, Oktober 1922, p. 33; Wenke, *Die Boerevrou*, Mei 1922, pp. 37,39.

HOOFSTUK VII: DIE VOORBLAD VAN *DIE BOEREVROU*

1. Noitje van die onderveld

Op die voorblad van die eerste uitgawe van *Die Boerevrou* (25 Maart 1919) het 'n swart en wit foto van 'n Anton van Wouw-standbeeldjie van 'n jongmeisie in Voortrekkerdrag verskyn. Die afbeelding is omraam en onderaan verskyn die woorde: "Ik sien haar win, want haar naam is – Vrouw en Moeder", aangehaal uit die digter Jan F.E. Celliers se gedig, *By die Vrouebetoging*. Dié afbeelding, in verskillende vorme, sou deur die volgende byna dertien jaar die tydskrif se embleem of kenteken word en die aanhaling uit Celliers se gedig, 'n kernspreuk of leuse, wat die gees en bedoeling van die tydskrif moes aandui. 'n Kop-en-skouer sketsie van die beeld in 'n ovaal raampie het ook gereeld bo-aan bladsye van die tydskrif verskyn.



Figuur 40: Die eerste uitgawe van *Die Boerevrou* se voorblad.
Uit: *Die Boerevrou*, 25 Maart 1919.



Figuur 41: Die Noitje van die onderveld.
Nasionaal Kultuurhistoriese Museum,
Pretoria.
Foto: J. van Renburg, 2011-04-25.

Die Nederlands-gebore beeldhouer, Anton van Wouw, het dié beeldjie in 1907 in Johannesburg gemaak. Die vroegste naspeurbare verwysing daarna het in 'n artikel in *De Volkstem* van 7 Julie 1908, oor Van Wouw se eerste uitstalling in Johannesburg in dieselfde jaar, verskyn en die eerste foto daarvan op 15 September 1910 in

Hollandsch Zuid-Afrika, met die byskrif "Nooitje van die Achterveld." Niemand weet tot vandag toe wie die model vir die beeldjie was nie, maar volgens die kunshistorikus A.E. Duffey, word daar vermoed dat dit een van Van Wouw se leerlinge aan die Staats Meisjes Skool in Pretoria was.⁷⁷⁸



Figuur 42 : Anton van Wouw, 1930

Uit: A.E. Duffey, *Anton van Wouw: The smaller works*, (Pretoria, 2008).

Die hoogte van die beeldjie is 425 mm en voor, op die basis, is die volgende inskripsie aangebring: "Die Nooitje van die onderveld – Transvaal Rustenburg sijn district." Dit is aan die agterkant op die basis onderteken: "A. van Wouw. S.A. Johannesburg 1907." Dié bekoorlike "Nooitje" was van die begin af baie gewild en 'n groot hoeveelheid afgietsels is van haar gemaak. Die beste bronsgietsels is in Rome deur die bekende metaalgierty, Nisini, gedurende Van Wouw se leeftyd gemaak. Hy het self die finale afwerking (grafering op byvoorbeeld die kappie, die voue van die rok, voorskoot en die hande, met 'n ring aan die ringvinger) op die brons aangebring. By swakker afgietsels, wat ná Van Wouw se dood van die oorspronklike gipsvorm gemaak is, ontbreek hierdie detail. Daar bestaan ook 'n kunsmarmer weergawe van hierdie beeldjie, wat 433 mm hoog is.⁷⁷⁹

Van Wouw se klein beeldhouwerkies getuig almal van sy uitstekende kennis van die menslike anatomie en 'n fyn waarnemingsvermoë. Die onderwerp van 'n staande meisie was baie gewild in die laat 19de eeuse beeldhoukuns. Van Wouw was opgelei

⁷⁷⁸ A.E. Duffey, *Anton van Wouw: The smaller works*, p. 56.

⁷⁷⁹ A.E. Duffey, *Anton van Wouw: The smaller works*, pp. 56,57.

in hierdie tradisie en is waarskynlik in die skep van hierdie beeldjie deur die Franse beeldhouer Agathon Leonard se werk, *L'Angélus* (1880), beïnvloed.⁷⁸⁰

Die waarde en bydrae van Anton van Wouw se werk is nie net in sy uitstekende vakmanskap geleë nie, maar ook in die feit dat hy by die Afrikaner 'n waardering vir Westerse kuns geskep het. Die klein beeldhouwerkies is huis gemaak sodat die hoër middelklas kwaliteit kunswerke kon bekostig en aankoop, hoewel dit nooit goedkoop was nie. Hy het wel mense toegelaat om kunswerke af te betaal. Van Wouw het nooit 'n groot voorraad van die klein beeldjies in sy ateljee aangehou nie en dit laat giet soos dit bestel is. Die klein beeldjies is gewoonlik net in brons gegiet.⁷⁸¹

Uit persoonlike korrespondensie is dit duidelik dat Van Wouw uiters simpatiek teenoor die Afrikaner was. Hy het gevolglik die Afrikaner se stryd om 'n regmatige plek in die Suid-Afrikaanse samelewing te bekom, ondersteun. Volgens Duffey onderskei Van Wouw se begrip vir die geestesgesteldheid van die mense wat hy uitgebeeld het, hom van sy tydgenote.⁷⁸²

Waar en wanneer Mabel Malherbe met "Die Noitje van die onderveld" kennis gemaak het, is nie seker nie. Sy verklaar egter bykans dertig jaar later in *Die Boerevrou-boek* dat Van Wouw haar verlof gegee het om dit te gebruik. "Die kappie en die hele drag wat hy nagemaak het, het ek by hom aan sy huis gesien en daar het hy en mevrou Van Wouw die geskiedenis daarvan met my bespreek." Malherbe verklaar met dieselfde geleentheid dat Celliers ook toestemming verleen het dat 'n aanhaling uit sy gedig, *By die Vrouebetoging*, gebruik kon word as spreek vir die tydskrif. "Albei kunstenaars het ons hartlik gesteun. Van Wouw se foto's en briewe was altyd belangrike bydraes, en Celliers het ons gulhartig met gedigte en prosastukke, raad en bewyse van vriendskap vereer."⁷⁸³

⁷⁸⁰ A.E. Duffey, Anton van Wouw: *The smaller works*, pp. 56-58.

⁷⁸¹ A.E. Duffey, Anton van Wouw: *The smaller works*, pp. 205,206,210.

⁷⁸² A.E. Duffey, Anton van Wouw: *The smaller works*, p. 206.

⁷⁸³ K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, pp. 8-10.

Op 4 Augustus 1915 was Celliers 'n toeskouer van die indrukwekkende gebeurtenis toe tussen vier- en sesduisend Afrikanervroue van oor die hele land in plegtige stilte na die Uniegebou gestap het om te protesteer teen die aanhouding van Boeregenerals soos C.R. de Wet en J.C.G. Kemp, asook ander leiers van die rebellie, as gewone misdadigers in die berugte Fort in Johannesburg. 'n Versoekskrif, deur veertigduisend mense onderteken, is ook aan 'n afvaardiging van die Goewerneur-generaal oorhandig. *De Burger* het die volgende dag berig: "De twee mijlen lange tocht naar het Uniegebou kenmerkte zich door diepe ernst, kalmte, waardigheid en beslisheid. Vele bejaarde dames waren er onder." Aangeraak deur die gebeure het Celliers *By die Vrouebetoging* geskryf.⁷⁸⁴

By die Vrouebetoging

Stil! Berei jul hart as ten gebede
en suiwer daaruit weg wat wêreld is,
om aan te hoor die naam wat ek wil noem – die
eerste hier op aarde na die naam van God
die Skepper, God die Albehoeder –
die naam is ... Moeder!

Die grond is heilig waar haar voete gaan – op
kamervloer, in moordkamp, oor die straat, want
haar is Jesus' liefde-taak vertroud,
wat offer bring van eie vlees en bloed.
Ek sien haar swyend gaan op steile pad,
half duisel nog van nagte deurgewaak,
en wankel-tredend, elke tree 'n pyn,
na soveel gaans aan liefdewerk gewy.

Ek sien haar wag, geduldig, sonder woord,
soos sy al honderd jaar gewag het en gely,
ek sien haar wen, deur lye net soos Hy;
ek sien haar wen, vir man en seun en broeder,
want haar naam
is Vrou, en Moeder!

Jan F.E. Celliers

Op Vrydag 29 November 1929 het 'n groep van Mabel Malherbe se vriende 'n "Noitje van die onderveld"-beeldjie aan haar present gegee. Sy het oor dié geleentheid in Januarie 1930 se Redaksie-kolom geskryf:

⁷⁸⁴ Aangehaal in R. Pretorius, *Ek sien haar wen!*, p. 23; M.J. Swart (red.), *Afrikaanse kultuuralmanak*, p. 228.

Wie het dit al belewe? Dat jy skielik en onverwags iets kry wat jy al jarelank vurig wens om te besit? Dit is 'n baie aangename gevoel, Vriende, al skiet die gemoed so vol dat dit moeilik is om selfs 'n paar woorde van dank te uiter, tog sal die geur van so 'n geleentheid 'n soete herinnering bly tot in lengte van dae. En nou pryk die mooi 'Noointjie van die Onderveld" in 'n nis in die huiskamer, wat so presies reg is, dat dit lyk asof dit vir die doel daarin gebou is. Nuwe besieling, nuwe moed bring so 'n fyn kunswerk aan sy gelukkige besitster, veral as daar die liefde en waardering van soveel vriende agtersit!⁷⁸⁵

2. Die eerste polemiek

Nooit het enige van die lezers kritiek op die leuse van *Die Boerevrou* gelewer nie. Dit sou eers sestig jaar ná die tydskrif gestaak is, gebeur. Lou-Marie Kruger het met haar feministiese studie, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, bevind dat Mabel Malherbe deur die tydskrif 'n aktiewe bydrae in die konstruksie en artikulasie van die Volksmoederideaal gelewer het. Kruger is van mening dat selfs Malherbe se keuse van 'n spreek vir die tydskrif tekenend van haar pogings was om haar lezers te beïnvloed tot aanvaarding van die ideaal. Die samestelling van die aanhaling is volgens haar so gedoen dat dit die indruk skep dat 'n vrou slegs suksesvol is wanneer sy 'n moeder óók is: "... ek sien haar wen, ... want haar naam is Vrou, en Moeder!"⁷⁸⁶

Wat die afbeelding van Van Wouw se beeldjie betref, was dit egter 'n heel ander storie. Reeds in die derde uitgawe van *Die Boerevrou* het die eerste lezers oor die voorbladnooi gekla. In die redaksionele kolom van Mei 1919 skryf Mabel Malherbe:

⁷⁸⁵ Redaksie, *Die Boerevrou*, Januarie 1930, pp. 2,7.

⁷⁸⁶ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, p. 211.

Ons het twee klagte ontvang – één leseres skryf dat dit jammer is dat ons so ‘n lelike kappie uitgesoek het vir ons ‘Boerevrouw’ en ook anders als ons voorouers gedra het – en ‘n ander sê die noointjie lijk gladnie Afrikaans nie en is veel te slank en te jong!” Die beroemde ‘Noointje van Rustenburg’ is die werk van ons knappe beeldhouer, Mn. Anton van Wouw. Mevrou van Wouw skryf aan ons als volg: ‘Die beeldjie heet eigenlik ‘die noointjie van die Onderveld’ (daar word mee bedoel ‘n meisie uit die Rustenburgse). Mn. van Wouw het die kappie en die hele drag, die tabbert en hals-doekie, present gekry van die Landdros van Rustenburg, mn. Heystek, en hij is seker dat die kostuum ‘n egte ou voortrekkers-kostuum was. Dit is die oorspronklike kappie wat die vrouwens van daardie tijd gedra het en dit is seer kunstig met die hand gestik en bewerk. Dit is al heel oud van kleur en byna verteerd van ouderdom. Ons grootmoeders was ook gesteld op modes en het ook verskillende modes in kappies gehad – ons sal probeer om iemand te kry om die kappie-modes te bespreek en te illustreer, dit sal seker interessant wees. Omrent die mooi, jong, slank vrouwtjie, - is dit nodig om haar te verdedig? Sij lijk so bekoorlik, en veral die van ons wat nie meer so heel jong (en slank) is nie, dink tog graag terug aan die tijd toe ons als jong meisie of jong getrouwde vrouw ook so (of amper so) gelijk het.⁷⁸⁷

Hiermee is die eerste polemiek in die geskiedenis van *Die Boerevrou* geopen – ‘n gesprek oor die voorblad, wat vir die lezers nog byna tien jaar aktueel sou bly. Onder *Korrespondensie* in die uitgawe van Julie 1919 skryf mevrou M. H. (Grieta):

Omrent die kritiek oor die ‘Noointjie van die Onderveld’ haar kappie, wil ek daaraan herinner dat die model (als ek dit nie mis het nie, nog in die begin van die vorige eeuw in swang) gewoonlik tot aan die kraag, wat alleen agter om is, opgeslaan gedra was in huis, bij besoek, of naar kerk, en alleen buite vir

⁷⁸⁷ Redaksie, *Die Boerevrou*, Mei 1919, p. 2.

son of weer opgeslaan. Opgeslaan is dit een van die mooiste modelle in kappies wat mij bekend is. Dus sou dit ook mooi gewees het in die voorplaat van uw blad, daar die beeld in rus voorgestel is.


Mev. M.H. het blybaar ook 'n skets van 'n "vrouwetjie" wat 'n opgeslaande kappie op het, gestuur. Die skets is nie in die tydskrif gepubliseer nie, maar volgens die redaksie het 'n kappie, wat op dié manier gedra word "werklik baje mooi gelijk."⁷⁸⁸

In die Desember-uitgawe van 1919 het 'n artikel van M.E.R. oor kappies met sketse van prente en patronen van kappies, deur lesers ingestuur, verskyn. Dié artikel is geskryf na aanleiding van die kritiek op die beeldjie se kappie en die daaropvolgende lesersreaksie. Daar word verduidelik watter verskillende soorte kappies die ou mense gedra het en wanneer elke tipe gedra is.⁷⁸⁹

Mev. Uys van Wakkerstroom het 'n patroon van 'n kappie, wat haar haar ouma by die geveg by Bloukrans gedra het en wat nog in die familie se besit was, gestuur. Die redaksie het 'n skets van dié patroon laat maak. Dit verskyn ook in M.E.R. se artikel, lyk baie soos die kappie van Van Wouw se beeld en is later gereeld in die tydskrif as 'n soort kentekentjie by die begin of einde van artikels gebruik. Daar verskyn ook sketse van mev. Fick van Wilgefontein en mev. G. Viljoen van Venterskroon, distrik Potchefstroom, se insendings – drie dopperkappies en 'n polka- of skuifkappie. Volgens mev. Viljoen is die kappies wat sy gestuur het deur 'n ou tante gemaak wat beweer dat die kappie, wat op die voorblad van die tydskrif voorkom, nie 'n regte Voortrekkerkappie is nie.⁷⁹⁰

Figuur 43: Sketsie van die patroon wat mev. Uys ingestuur het. Dit is gereeld as kenteken in die tydskrif gebruik.

Uit: Kappies, *Die Boerevrou*, Desember 1919, pp. 19-21.



⁷⁸⁸ Redaksie, *Die Boerevrou*, Julie 1919, p. 6.

⁷⁸⁹ Kappies, *Die Boerevrou*, Desember 1919, pp. 19-21.

⁷⁹⁰ Kappies, *Die Boerevrou*, Desember 1919, pp. 19-21.

Volgens M.E.R. het die tuitkappie, wat op die tydskrif se voorblad verskyn het, waarskynlik na die Groot Trek in die Noord-Transvaal ontstaan. Sy het lesers aangemoedig om die oumense in hulle families daaroor uit te vra. Sy het ook beweer dat die rondebolkkappie, wat amper soos die tuit- of Dopperkappie lyk, enkele jare van tevore nog in die Boland gedra is. Dit het blykbaar lekker op die kop gepas. Vir die kappie-artikel het M.E.R. ook 'n gedig geskryf, *Ouma se kappie*. Die boodskap van die gedig is dat die kappie 'n simbool is van wie Ouma was en wat vir haar belangrik was.⁷⁹¹

Ouma se kappie

Sij't gewag op haar rus in die aarde se skoot –
Het verlangend gesien naar die vriendlike Dood;
En nou is dit klaar, afgedaan en verbij;
Haar vlijtige hande is stil geblíj –
Dis die eerste maal, seker.

Nou moet ek aan kant maak, en alles opruim;
Dit weggee, dat bêre – of sal ek versuim?
Nee, laat maar die sakies in orde kom. Ja,
So had sij dit tog maar beswaarlik verdra –
Dit sou haar gegrif het.

Haar kappie hang nog aan die kapstok, vooroor.
Hoe kom die berimpelde oë mij voor,
Wat daaronder gekijk het, dan geduldig en goed –
Twee sprankies nog daar, van 'n geestige gloed –
Sij was flink, op haar dae!

Die kappie was nog vir laaste gedra –
'n Hoed, of 'n mus! – Dit was net om te pla!
"Ek is mos 'n boerevrouw, en dit is mij drag!
Toen daar nood was het niemand 'n kappie belag,
In die veld, op die trek nie!"

Het oupa, als jonkman, soos skuins in moes loer?
Of het sij sij hart tot die dieptes ontroer,
Met oë vol liefde – net onder die tuit
Straal dit voort, en dan sommer meteens, afgestuit,
Dit dit maters niet merk nie!

Het 'n kappie se koelte haar oë versterk,
Dat sij ver oor die veld die gevare kon merk
Wat nader en dreig, teen lewe of goed –
Wat gekeer moes, geweer moes, al was dit met
bloed? –
Want sij was 'n dapp're!

Ou kappie, ek gaan jou vir mij mooi bewaar,
Met kruie wegpak, dat die mot jou moet spaar –
En als ek ook dood is, en weggelê –
En hulle kom regpak, kan hulle weer sê:
"Hier's nog Grootjie se kappie!"

M.E.R.


Teen die tweede helfde van die volgende jaar, was die lesers nog nie uitgepraat oor die voorblad-kappie nie en mev. P.J. Grobbelaar het laat weet: "Ek sien in Die

⁷⁹¹ Kappies, *Die Boerevrou*, Desember 1919, p. 19-21.

Boerevrou van Augustus [1920] dat mnr. Ferreira sê ons Boerevroue het nooit 'n drag gedra soos die beeldjie op die omslag van ons tydskrif nie. Ek wens dat ek hom die portret en kappie kon wys van my ouma; dan sou hy kan sien dat dit die regte Voortrekkersdrag was." Die meegaande foto het byna net soos die beeldjie op die voorblad se kappie gelyk.⁷⁹²

Figuur 44: Foto van die tuitkappie wat mev. P.J. Grobbelaar gestuur het.

Uit: K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek* (Pretoria, 1950), p. 109.



Die navorsers van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Pretoria, onder leiding van Celestine Pretorius, het in 1988 bevind dat kappies soortgelyk aan dié wat Van Wouw uitgebeeld het, wel gewild was en gereeld deur Voortrekervrouens gedra is. Die bekendste kappies het uit drie dele bestaan, naamlik 'n val, 'n breë rand wat die hele kop bedek het en 'n ronde insetsel heel agter. Wanneer hierdie insetsel baie klein was sodat die kappie met 'n punt ver agter die kop uitgesteek het (soos "Noitje" s'n), is dit 'n tuitkappie genoem. Pretorius meld ook dat vrouens se kappies dikwels van voor teruggeslaan uitgebeeld word op tekeninge van Charles Bell, 'n kunstenaar wat heelwat sketse rondom die tyd van die Groot Trek gemaak het.⁷⁹³ Dit bevestig dat die eerste kritiek op "Die Noitje van die onderveld" se kleredrag heeltemal ongegrond was. Briewewisseling in die tydskrif het dus in 1919-20 reeds lig gewerp op Voortrekervrouens se kleredrag.

Briewe oor die kappie-polemiek het teen Desember 1921 steeds *Die Boerevrou* se kantoor bereik. Mev. Kieser was een van die lesers wat ook 'n brief en foto van 'n sy-kappie, wat aan haar ouma behoort het, ingestuur het. Toe Malherbe dié brief in

⁷⁹² K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 109.

⁷⁹³ J.C. Pretorius (red), *Op Trek*, p. 95.

1950 *Die Boerevrou-boek* wou laat herdruk, was die oorspronklike foto, wat daarmee saam in die tydskrif verskyn het, weg. Mev. Kotie Roodt-Coetzee het egter in daardie tyd die einste kappie toevallig in die museum in Pretoria opgespoor. Dié kappie is waarskynlik na sy eerste “openbare verskyning” in die tydskrif in 1921 aan die museum geskenk. En vasgesteek aan die kappie was dié bladsy uit *Die Boerevrou* van Desember 1921 steeds vasgespeld.⁷⁹⁴

Dit is onbekend of mev. Kieser, of die familielid van haar, wat die kappie aan die museum geskenk het, ooit Rikie Postma se verhaaltjie *Die herinnerings van ‘n ou kappie* wat ‘n jaar later in *Die Boerevrou* verskyn het, gelees het. In dié verhaal is ‘n ou Voortrekkerkappie self aan die woord en vertel van haar opwindende lewe en wat sy alles beleef het, maar ook hoe sy haar nou dood verveel agter glas in ‘n museum.⁷⁹⁵

3. Verandering van die voorblad

Lesers het die afbeelding van die standbeeldjie op die voorblad, in allerlei vorms, deur die jare uiteenlopend ontvang. Vir die Junie 1919-uitgawe is ‘n tekening van die beeldjie in die middel, met vier klein sketse (‘n ossewa, ‘n perdewa, ‘n toneeltjie van ‘n sonsondergang en ‘n huisie) in die vier hoeke van die voorblad gebruik. Die leuse is by die inhoudsopgawe gedruk. Byna dadelik het “Trouw leseres” van haar laat hoor: “Ten eerste spijt dit mij dat ons nie meer dieselfde Boerevrouw-portretjie met die spreukie daaronder op die omslag van die blad kry nie, soos die eerste paar uitgawes gewees het. Ek hoop dit sal weer in die eerste vorm verskijn.”⁷⁹⁶ In 1925 het mev. P.J. Bosman ook laat weet dat sy weer die eerste portret van die standbeeld op die voorblad wil hê.⁷⁹⁷

⁷⁹⁴ K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 111.

⁷⁹⁵ R. Postma, *Die herinnerings van ‘n ou kappie*, *Die Boerevrou*, Desember 1922, pp. 2,3.

⁷⁹⁶ Redaksie, *Die Boerevrou*, Augustus 1919, p. 6.

⁷⁹⁷ Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Maart 1925, pp. 29,31,33,35.



Figuur 45: Voorbeeld van verskillende voorblaai van *Die Boerevrou*.

Sommige lezers was egter weer van mening dat die verandering van die voorblad nie drasties genoeg was nie en het ook nie geskroom om hul menings te lug nie. Verskille oor die voorblad het in 1923 'n hoogtepunt bereik toe mev. J.S.J. in Februarie voorgestel het dat daar reguit gesels word oor die voorblad in *Om die Koffietafel*, die korrespondensiekolom.⁷⁹⁸ Die briewe het ingestroom. Die redaksie het besluit om twee prysse in die vorm van teelepeltjies uit te loof vir die beste briewe en voorstelle oor die onderwerp. Die briewe wat ontvang is, kan in twee groepe verdeel word.⁷⁹⁹



Figuur 46: Nog voorbeeld van verskillende voorblaai van *Die Boerevrou*.

⁷⁹⁸ Redaksie, *Die Boerevrou*, Februarie 1923, p.[ongenommer].

⁷⁹⁹ Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, April 1923, pp. 5,15,17,21; Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Junie 1923, pp. 13,15,17,19; Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, Augustus 1923, pp. 11,13,15.

Daar was diegene wat gereken het dat die voorblad verander moet word omdat die vroujie van die standbeeld te droefgeestig lyk, of dat 'n hedendaagse vrou of meer bedrywigheid op die voorblad voorgestel moet word:

- Mev. Rabie het geglo die vrou op die voorblad moes iets doen en nie net so stilstaan nie. 'n Regte huisvrou is altyd besig met werkies vir haar gesin, het sy gereken.
- "Ons Boerevrouens staan nie net altyd hande-oormekaar nie," het mevr. J.J. Scheepers ook geskryf.
- Mev. Ries wou gehad het dat daar iets te ete saam met die vrou op die voorblad uitgebeeld word, bv. brood en koek, en dat sy 'n "spierwit voorskoot" moet aanhê.
- Mev. P. Grobler sou ook wou sien dat 'n vrou met 'n mooi wit voorskoot in 'n kombuis op die voorblad uitgebeeld word.
- Mej. Maria Visser se voorstel vir die voorblad was 'n liggende gesig by 'n pappot, want, het sy geskryf, 'n vrou moet plesier in haar werk hê.
- Mev. Frans Grey het voorgestel dat 'n vrou wat pluimvee kosgee of die ou Transvaalse wapen vir die voorblad gebruik moet word.
- Mev. Joubert was van mening dat die voorblad elke kwartaal verander behoort te word. Die vrou moes aan die werk, met kuermense, in die tuin, op slagdag, ensovoorts, in verskillende uitrustings, soms met kinders by haar, uitgebeeld word.
- Volgens mev. C.J. Prinsloo het die vrou op die voorblad moedeloos gelyk.
- Mev. Brummelkamp het besluit die voorbladnooi lyk soos 'n "standbeeld vir die Bloemfonteinse monument" en sy sou haar eerder wou sien lag.
- Dit lyk of mev. M. Smit saamgestem het, want sy het 'n vrou wat lag vir die voorblad voorgestel en gereken die tydskrif sou dan baie meer intekenaars kon kry.
- Mev. M. Kritzinger: "Sy moet vrolik, vriendelik en hardwerkend lyk."

- Mev. Scheepers het gedink dat dit 'n goeie idee sou wees as die vrou op die voorblad elke keer die klere dra wat in die mode-afdeling behandel word.
- Mej. Elsie Bekker het gereken 'n vrou met "hedendaagse" boerevrou-klere kan op die voorblad gebruik word.
- Mev. Van Vuuren sou van 'n familietoneel of 'n voorstelling van 'n ou boerewoning op die voorblad gehou het.
- Mej. Sannie Coetzee het ook iets soortgelyks voorgestel: 'n tekening van 'n landskap, waar die son opkom of 'n Voortrekkertoneel.

Ander lezers het weer gevoel die voorblad moes bly soos dit was:

- P. het geskryf: "Die beeldhouer wou die siel van die boerevrou weergee: reinheid, nederigheid, natuurlikheid - eienskappe wat sy behoort te behou in die nuwerwetse tyd van opskik en gemaaktheid."
- Mev. M.J. Venter het voorgestel dat die voorblad gelaat word soos dit was "... vir die nageslag 'n herinnering aan hulle grootmoeders wat altyd kappies gedra het."
- Mev. G.M. Joubert het erken dat die vroujie op die voorblad nie iets doen nie, maar het gemeen enigeen weet tog dat 'n boervrou nie heeldag so staan nie.
- Volgens mev. F. Hagen was die voorblad die rede waarom sy ingeteken het op die blad. "Dis goed vir ons wat kinders was in die oorlog en die opkomende geslag om ons gevoelens warm en wakker te hou."
- Volgens A. de Jager was die omslag van die Vrouwjie [die tydskrif is dikwels so genoem] haar karakter en behoort daar nie te veel of te gereeld aan verander te word nie, want dan sou die tydskrif vreemd word vir die lezers.
- M.E.R. het verduidelik dat die beeld op die voorblad 'n kunswerk deur 'n groot Afrikaanse kunstenaar is en 'n grootse tyd in die Afrikanergeskiedenis uitbeeld. Sy het dit beskou as 'n geskikte voorstelling van die gees wat in die blad geleef het en gesê dat die lezers die vroujie op die voorblad sal mis as sy nie meer daar is nie.

- Mevr. A.E.C.: "Sy besiel my met nuwe ideale elke keer wat ek na haar kyk. Sy is rustig omdat sy besef dat die eer van haar volk aan haar as vrou toevertrou is. Sy weet ware grootheid lê in eenvoud. Stil tevrede want sy berus in die beskikking van 'n Hoër Hand. Sy het vir 'n oomblik weggevlug uit haar druk lewe en luister na die stem van die natuur. As sy aanstoms teruggaan, is sy weer sterk, kan stry en oorwin. Ek put krag en gemoedsrus uit haar rustigheid."
- Mevr. Jansie Jooste wou hê dat die voorblad onveranderd bly want "... dit is 'n afspiegeling van die siel van 'n edele boeredogter, -vrou en -moeder."
- B.M.G. het ook gereken die voorblad moet bly soos dit is. "Sy gee haarself mos seker nie uit vir iemand wat net modes of hedendaagse kuns adverteer nie?"
- M.M.M. het laat hoor: "Nee, beste Redaktriese, laat haar maar net so staan met die inspirerende woorde van ons geliefde J.F.E.C. onderaan."
- Tant Lettie het gesê dat die werk wat goed gedaan is, laat staan behoort te word.
- Mn. F.C. Eloff het gevra dat die omslag onveranderd moet bly.
- Uit Noord-Kenia het mev. M. Dugand ook gevra dat die omslag onveranderd bly.
- Ou Moeder wou ook sien dat die voorblad nie verander word nie.
- Pienaar het die Redaksie versoek om nie die voorblad te verander nie en gesê: "... hou maar aan om ons te lei."

Volgens Lou-Marie Kruger het die lesers, hoewel hulle verskil het in hul sienings oor die voorblad, almal steeds dieselfde eienskappe van die Afrikanervrou onderskryf. Sy beskou die debat oor die onderwerp as 'n voorbeeld van hoe die lesers gehelp het om aan die Volksmoederideaal gestalte te gee. Afrikaners heg vandag waarde aan 'n Voortrekkerkappie as 'n simbool van die volksmoeder. Kruger is van mening dat hierdie simbool in die 1920's deur *Die Boerevrou* en haar lesers met die debat oor die voorblad gekonstrueer is. Sy beskou mev. Steyn se versoek in die uitgawe van September 1929, dat vrouens nasionale kostuums na die Dingaansfees dra, as 'n

belangrike episode in die konstruksie van hierdie simbool. Hierdeur het die kappie 'n simbool geword van 'n voorwerp uit die verlede wat die gedeelde geskiedenis van die Afrikanervrouens verteenwoordig het.⁸⁰⁰

Figuur 47: Rachel Isabella Steyn. (1865-1955)

Uit: N. Kruger, *Rachel Isabella Steyn: Presidentsvrou* (Kaapstad, 1949).



4. Volksdrag vir die Afrikaner

Mev. Tibbie Steyn, vrou van president Steyn, se brief het as 'n kort artikel saam met 'n foto van jong meisies in Voortrekkerklere verskyn. "As al die Moeders en Dogters hulle egter wil beywer om vir hulle kleredrag op Dingaansdag iets kenmerkends van die Voortrekkersdrag aan te skaf, dan kan dit ontsaglik veel doen om die feesdag op te luister en ons te laat inlewe in die geskiedenis van ons volk, wat vir ons 'n blywende besieling moet bly. Die versoek is tot my gekom om 'n oproep te maak op ons Afrikaanse Moeders en Dogters om vanjaar met erns hierdie saak van 'n nasionale geskiedkundige drag by ons Dingaansfeeste beet te pak. Ek voldoen daaraan met genoegje."⁸⁰¹

Die foto wat saam met mev. Steyn se oproep in 1929 gepubliseer is, was sonder 'n byskrif. Later, toe Mabel Malherbe die *Boerevrou-boek* saamgestel het, het sy vir mej. Trudie Kestell (dogter van ds. J.D. Kestell) gevra om te verduidelik wie op die foto verskyn en waar en wanneer dit geneem is. Die portret is in 1915 in die pastorietuin

⁸⁰⁰ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, pp. 211-217.

⁸⁰¹ R.T. [sic.] Steyn, Voortrekkersdrag op Dingaansdagvierings, *Die Boerevrou*, September 1929, p. 37.

in Bloemfontein geneem en vertoon van links na regs: Hendrika Vogel, Nellie de Greef, Lucie en Trudie Kestell. Dit was net na die Rebellie en om hulle gevoelens te toon, wou die vier meisies hulle in Voortrekkerdrag laat afneem. “n Tent is opgeslaan en paslike stukke bymekaar gebring. Toe het meneer Kress ons mooi groepeer en afgeneem. Toevallig het mevrou gen. De Wet ons kom bekyk en nog Lucie se nekdoekie reggebind en gesê: ‘Ons moeders het gesorg dat ons nie verbrand nie.’ Toe waarsku sy dat daar wind aankom. Die eerste foto was ook net klaar toe waai die tent om! Op die daaropvolgende Dingaansfees het baie deelnemers in Voortrekkerdrag verskyn.”⁸⁰²



Figuur 48: Die foto wat saam met mev. Steyn se oproep in 1929 gepubliseer is.

Uit: K. Malherbe, *Die Boerevrouw-boek* (Pretoria, 1950), p. 115.

Die redaksie het die versoek van mev. Steyn ondersteun met: "Ons juig die plan toe en sal bly wees om alles in ons vermoë te doen om te help. Ons vertrou ook dat ons vriende om die koffietafel die saak sal bespreek en daarna sal besluit om mee te doen. Ons sal bly wees om briewe oor die onderwerp te ontvang. Ook ou portrette of beskrywings, of wat dan ook, wat sal help om die belangstelling groter te maak."⁸⁰³

In die redaksionele kolom was daar ook 'n aanhaling uit 'n brief van mej. Rikie Postma⁸⁰⁴, wat klaarblyklik mev. Steyn se brief vergesel het. "Deur die vriendelike

⁸⁰² K. Malherbe, *Die Boerevrouw-boek*, p. 114.

⁸⁰³ Redaksie, *Die Boerevrouw*, September 1929, p. 2.

⁸⁰⁴ Hendrika Postma (1889 - 1938), het gereeld kinderverhale en populêre artikels vir dagblaaie en tydskrifte geskryf. Sy het ook as skryfster 'n besondere begeerte gehad om kinders bewus te maak van die skoonheid en geloofwaardigheid van die Bybel. In die Ossewatrek van 1938 het sy 'n lewendige belangstelling getoon. Sy het voorgestel dat die waens na Voortrekkerheldinne vernoem word, dat die spore van die osse en wawiele by die feesterreine in sement afgedruk word en dat klipstapels met

medewerking van ons Argivaris sal ons 'n Voortrekkerpop uit die Voortrekkers Museum, Pietermaritzburg kry, wat dan hier in die argief-gebou [Bloemfontein] bewaar sal word, sodat die dames dit kan kom sien om 'n goeie idee van die kleredrag te kry. Ook is die plan om 'n tekening te laat maak daarvan en van 'n tiepieuse kappie, as dit moontlik is en dan die tekenings in die tydskrifte te publiseer met 'n beskrywing van die rokke, kappies, voorskootjies ens. en die mees gesikte materiaal wat gebruik kan word. Hierdie idee om Voortrekkerklere te maak en aan te trek sal ongetwyfeld daartoe bydra om opnuut die aandag te vestig op die maniere en die lewenswyse van onse voorouers. Dit sal seker 'n aansporing wees om meer noulettendheid en waardering ons oudhede, soos klere, kappies, of tjalies, of meubels, wat ons mag besit, of in ons Museums het, te bestudeer.¹²⁹

Soos belowe, is al die bydraes oor die vestiging van 'n eie nasionale drag vir die Afrikaner in *Die Boerevrou* gepubliseer. "Jong Ouma" het byvoorbeeld laat weet dat sy gedink het dat dit 'n goeie idee is om sketse van Voortrekkerdrag vir Dingaansfees in tydskrifte te publiseer en Trudie Kestell het 'n beskrywing van Voortrekkerrokke, kappies, nekdoekies, skoene en kinderklere gestuur en vertel dat sy met die onthulling van die standbeeld van pres. Steyn in Bloemfontein gehoor het dat Anton van Wouw vir iemand vertel dat hy regte Voortrekkerklere as model vir sy beeld, wat op die voorblad van *Die Boerevrou* verskyn, gebruik het. Sy was van mening dat dit dus ook bestudeer kon word as iemand die regte idee van Voortrekkerdrag wou kry.⁸⁰⁵

Teen Desember daardie jaar (1929) kon Mabel Malherbe berig: "Mevrou Steyn haar beweging dat die vrouens by die geleentheid [die Dingaansfees by die Vrouemonument in Bloemfontein] die Nasionale drag moet aantrek, skyn orals pos te

bronsplaatjies by die dorpe langs die trekpad opgerig word. W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel I, p. 663.

⁸⁰⁵ T. Kestell, Jong nooientjie in Voortrekkersdrag, *Die Boerevrou*, November 1929, p. 8; Om die Koffietafel, *Die Boerevrou*, November 1929, pp. 29,31,33,35.

vat... Dit doen 'n mens goed om 'n bietjie vuur te gaan haal, en ons wil almal graag aanspoor om mee te doen en om die egte Afrikaanse Volksdag op 'n waardige en geesdriftige manier mee te maak ... en as ons dit aan het, op daardie besielende, en vir ons Volk heilige dag, mag ons ook met 'n bietjie van die moed van die Verlede vervul word, om met vaste tred voort te gaan en 'n nasie te bou.⁸⁰⁶

Terugskouend het Malherbe in 1950 self opgemerk dat "... ons blad ook daardeur daadwerklik gehelp het om die voortrekkerdrag 'mode' te maak. Die stuk het bygedra tot ons kennis van die geskiedenis en dis merkwaardig dat die beweging om die nasionale drag te dra en in ere te hou, wat nou algemeen is, tog maar betreklik kort gelede begin het."⁸⁰⁷

Die versoek wat mev. Steyn gerig het en die prominensie wat deur die redaksie van *Die Boerevrou* daaraan verleen is, is 'n uitstekende voorbeeld van kulturele entrepreneurskap. Mense in gesagsposisies het die heersende nasionale sentiment onder Afrikaners aangevoel en gekanaliseer. Lou-Marie Kruger verduidelik in haar studie, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, dat Voortrekkerdrag en in die besonder die kappie, deur *Die Boerevrou* as simbool van hierdie sentiment gevvestig is.⁸⁰⁸ Die oorweldigende reaksie van die lezers is egter 'n bewys daarvan dat daar ook 'n dimensie van wisselwerking aanwesig was in die proses. Die vroeëre oortuiging dat nasionalisme 'n natuurlike verskynsel is wat uit die volk se geledere na vore kom, kan hiervolgens nie heeltemal buite rekening gelaat word nie.

⁸⁰⁶ Redaksie, *Die Boerevrou*, Desember 1929, pp. 2, 6.

⁸⁰⁷ K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 112.

⁸⁰⁸ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, p. 216.

5. ‘n Wapen en leuse vir ‘n nuwe skool

Op die 28ste Januarie 1920 het die eerste Afrikaanse Hogere Skool in Pretoria in die woonhuis van generaal Joubert in Visagiestraat 218, Pretoria, met 45 leerlinge geopen. Binne slegs tien jaar het die skool se leerlingtal aangegroei tot 381. Aan die einde van 1929 is besluit om die skool te verdeel in twee aparte enkelgeslagskole – die eerste Afrikaanse Seun- en Meisieskole in Transvaal. Evelyn Marguerite Verster is aangestel as die eerste hoof van die enigste Afrikaanse hoër meisieskool in die Unie en sou vir 14 jaar lank baanbrekerswerk verrig. ‘n Skoolgebou in Bondstraat, in 1925 opgerig en bestem vir die skool voor die verdeling, was van die begin af te klein. Op versoek van die Uitvoerende Komitee van die Provinciale Raad het die skool geboue geruil met die nabijgeleë Hogere Oost Eind School. Die huidige skoolgebou van die Afrikaanse Hoër Seunschool is toe betrek. Na die verdeling van die skool sou die nuwe meisieskool in April 1930 weer die oorspronklike gebou in Bondstraat kry.⁸⁰⁹

In Julie 1930 is daar in *Die Boerevrou* berig dat die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria in April dieselfde jaar ‘n ander gebou betrek het. “Die gebou is nuut met moderne laboratoriums, ‘n biblioteeksaal, ‘n ruim vergadersaal en groot speelgronde van omrent 16 tot 18 akkers.” Daar is ook vertel van die moederskomitee wat gekies is om geld in te samel vir biblioteekboeke, ‘n gordyn vir die empodium in die saal, ‘n klavier, skilderye en ander noodsaaklikhede. Verder is trots berig: “Hierdie skool gaan veel beteken vir ons Afrikaners op taal-, godsdiens- en kultuur-gebied”.⁸¹⁰

Die skool se Plantkunde-onderwyseres, mej. Van Gass, het tydens ‘n personeelvergadering op 29 Oktober 1930 voorgestel dat die, toe reeds bekende, Voortrekkerbeeldjie van Anton van Wouw as die skool se wapen gebruik moet word. Toe die publikasie van die *Die Boerevrou* aan die einde van 1931 gestaak is, het mej.

⁸⁰⁹ R. Pretorius, *Ek sien haar wen!*, pp. 2,8,10,14,17.

⁸¹⁰ Die Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria, *Die Boerevrou*, Julie 1930, pp. 27.

Verster 'n versoek aan Mabel Malherbe gerig om die embleem en die leuse van haar tydskrif vir die skool oor te neem. Met die oorname van die leuse en wapen van *Die Boerevrou* in die vroeë dertigerjare is nie net die skool se verbintenis met 'n tradisieryke verlede bevestig nie, maar is daar ook onomwonne verklaar dat daar gepoog gaan word om die werk en ideale van Malherbe en haar medewerkers voort te sit.⁸¹¹




Figuur 49: Die skoolgebou van Die Afrikaanse Hoer Meisieskool met die amptelike opening in 1930.

Uit: R. Pretorius, *Ek sien haar wen!* (Pretoria, 1996), p. 20.

Onder die bekwame leiding van die tweede hoof, Elizabeth Catharina Steijn, is die skool tussen 1945 en 1962 tot een van die modelskole in die land ontwikkel. Sy het haar beywer vir verskeie bou-, opknappings- en verfraaingsprojekte van die skool se geboue en terrein.

Figuur 50: Die kamee-agtige sketsie, wat gereeld bo-aan tydskrifbladsye gedruk is, is ook op die voorblaale van die laaste jaar se uitgawes gebruik. Dit is onveranderd as skoolwapen vir die nuwe meisieskool oorgeneem.

Uit: *Die Boerevrou*, 1931.



Figuur 51: Die skoolwapen van die Afrikaanse Hoer Meisieskool, Pretoria
Uit: R. Pretorius, *Ek sien haar wen!* (Pretoria, 1996), voorblad.

⁸¹¹ R. Pretorius, *Ek sien haar wen!*, pp. 23,24,139.

As een van die stigterslede van die Kunsvereniging van Pretoria, het mej. Steyn ook hoë prioriteit daaraan verleen om op konkrete wyse die dogters se gevoel vir die estetiese en die eie kultuurbesit aan te wakker deur op gereelde grondslag Suid-Afrikaanse kunswerke vir die skool aan te koop. 'n "Noitje van die onderveld" en 'n borsbeeld van mev. Mabel Malherbe deur die beeldhouer Coert Steynberg, tel vandag onder die waardevolle beeldhouwerke in die skool se besit.⁸¹²



Figuur 52: Mabel Malherbe by 'n borsbeeld van haar tydens die ingebruikneming van die Afrikaanse Hoër Meisieskool se nuwe skoolsaal op 17 September 1960.

Uit: R. Pretorius, *Ek sien haar wen!* (Pretoria, 1996), p. 46.

6. 'n Waardige opvolger

Toe *Die Boerevrou* in 1931 weens die depressie moes sluit, het Mabel Malherbe verduidelik dat adverteerders nie meer kon bekostig om te adverteer nie: "Dus het niemand eintlik skuld daaraan dat ons 'Vroutjie' nou haar winterslaap moet aanvaar nie." In haar verhandeling, *Die ontstaan en ontwikkeling van Sarie Marais as massatydskrif vir die Afrikaanse vrou*, reken Lizette Rabe dat Malherbe onwetend 'n waar woord gespreek het oor die winterslaap waarin die tydskrif gegaan het. Die vierde⁸¹³ Afrikaanse vrouetydskrif, *Sarie Marais*, sou agtien jaar later in *Die Boerevrou* se voetspore probeer volg en die lojaliteit wat daar teenoor dié eerste tydskrif bestaan

⁸¹² R. Pretorius, *Ek sien haar wen!*, pp. 41,51.

⁸¹³ Die tweede Afrikaanse vrouetydskrif, *Die Huisvrou* (1922-1976), was 'n godsdienstige blad met 'n sterk plattelandse sirkulasie. Die derde Afrikaanse tydskrif vir vroue was die *Rooi Rose* (begin in 1942). Volgens alle getuienis was dit op sensasie en liefdesverhale met geen letterkundige pretensies gemik. L. Rabe, *Die ontstaan en ontwikkeling van Sarie Marais as massatydskrif vir die Afrikaanse vrou*, M.A.-verhandeling, U.S., 1985, pp. 13,14.

het, probeer erf. In *Sarie Marais* sou *Die Boerevrou* dus weer herrys uit haar winterslaap.⁸¹⁴ In die eerste uitgawe van *Sarie* word die volgende aangetref:

Met die staking van hierdie eerste vroueblad in Afrikaans het die redaktrise-eienares, mev. Mabel Malherbe, in 'n afskeidsboodskap geskryf: 'Gedenk aan alles wat goed was in die verlede en skep daaruit moed vir die toekoms.' Dis met daardie moed wat 'Sarie Marais,' 'n nuwe vroueblad, in die moeilike omstandighede van vandag die lig sien. Waar 'Die Boerevrou' in die verlede 'n groot en edele doel nagestreef het en ongelukkig moes ophou om te verskyn, wil 'Sarie Marais' sy voorganger se oogmerk sy eie maak en opnuut probeer voorsien in die behoeftes van die vrou van Suid-Afrika.⁸¹⁵

Die feit dat die foto's van Mabel Malherbe en M.E.R. op die eerste bladsy van die eerste uitgawe van *Sarie Marais* afgedruk staan, is nog 'n teken van die *Sarie*-redaksie se hoë dunk van en verering vir *Die Boerevrou* as eerste Afrikaanse vrouetydskrif.

Toe *Sarie* in Julie 1949 op straat verskyn het, was *Die Huisvrou* en *Rooi Rose* reeds gevestigde tydskrifte. *Sarie* sou, wat inhoud betref, in die middel van die spektrum staan. In daardie stadium moes die Afrikaanse vrou tevrede wees met die genoemde vrouetydskrifte, of die vrouerubriek in bestaande tydskrifte soos *Die Huisgenoot* of *Die Landbouweekblad*, of die enkele 'vroueblad' in die dagbladpers wat net twee keer per week veskyn het. Dit is dus nie vreemd dat *Sarie* met soveel geesdrif ontvang is nie. Sy was op die eerste dag binne 'n paar uur uitverkoop.⁸¹⁶

⁸¹⁴ L. Rabe, *Die ontstaan en ontwikkeling van Sarie Marais as massatydskrif vir die Afrikaanse vrou*, M.A.-verhandeling, U.S., 1985, pp. 18,44,45.

⁸¹⁵ *Sarie Marais*, 6 Julie 1949, p. 30.

⁸¹⁶ L. Rabe, *Die ontstaan en ontwikkeling van Sarie Marais as massatydskrif vir die Afrikaanse vrou*, M.A.-verhandeling, U.S., 1985, pp. 8,14.

In die eerste uitgawe van *Sarie* skryf die redakteur:

Met die verskyning van die eerste nommer van *Sarie* Marais is 'n lang gekoesterde ideaal van die Nasionale Pers verwesenlik: die uitgawe van 'n weekblad spesiaal vir die Afrikaanse vrou. Die redaksie het die werk met vreugde onderneem, maar veral ook met 'n gevoel van dankbaarheid teenoor, en bewondering vir die baanbrekers op hierdie gebied, die skeppers van die eerste Afrikaanse vroueblad, *Die Boerevrou* – dankbaarheid, omdat hulle die moeilikste, die padmakerswerk, vir almal ná hulle gedoen het; bewondering, omdat hulle daarin geslaag het om die liefde van hul leseresse in so 'n mate te win dat *Die Boerevrou* nog vars in die herinnering leef van die gesinne wat destyds daarop ingeteken het. Bowendien het hulle hoogtepunte met hulle werk bereik wat enige Afrikaanse tydskrif hulle vandag nog sal beny.⁸¹⁷

Ook die voorblad van die eerste *Sarie* wou die indruk wek dat *Die Boerevrou* uit haar eie as herrys het. 'n Moderne vrou, met 'n uitrusting wat as 'n moderne weergawe van Voortrekkerdrag beskryf kan word, is op die voorgrond en agter haar die "skim" van *Die Boerevrou* se kenmerkende Voortrekker-voorbladnoot.



Figuur 53: Die eerste uitgawe van *Sarie* se voorblad.

Uit: *Sarie Marais*, 6 Julie 1949.

⁸¹⁷ *Sarie Marais*, 6 Julie 1949, p.1.

Mabel Malherbe was in 1950 van mening dat die onveranderde voorblad van *Die Boerevrou* iets blywends en bekend was vir die lezers, 'n teken van die vaste band wat daar tussen hulle en die redaksie bestaan het.⁸¹⁸ Die band het daartoe bygedra dat die lezers aktief betrokke was by die konstruksie van Afrikaneridentiteit. Die benutting van die simbole deur latere groepe soos die Afrikaanse Hoër Meisieskool en Sarie se redaksie, duï daarop dat die Afrikaanse gemeenskap ontvanklik en ryp was vir die assimilasie en verspreiding van 'n nasionalistiese identiteit.

⁸¹⁸ K. Malherbe, *Die Boerevrou-boek*, p. 10.

HOOFTUK VIII: GEVOLGTREKKING

1. Samevatting

As die eerste in die genre van Afrikaanse vrouetydskrifte en as voorganger van *Sarie*, een van die grootse en mees gerekende hedendaagse Afrikaanse vrouetydskrifte, het *Die Boerevrou* 'n deeglike studie regverdig. Selfs net die oppervlakkige deurblaai van die tynskrifeksemplare skep die indruk dat *Die Boerevrou* baie gewild by haar lesers was. Dit en die feit dat daar tot op datum geen kultuurhistoriese studie oor die tydskrif onderneem is nie, het ruimte gelaat vir die navorsing vir hierdie proefskrif.

Enige vakgebied behoort sy studente te onderrig en te lei in die gebruik van bronne van bewysmateriaal vir daardie vakgebied. Publikasies soos tydskrifte en koerante word as primêre bronne vir kultuurgeskiedenis beskou en gevolglik is die bepaling van die navorsingswaarde daarvan noodsaaklik en ook 'n sinvolle bydrae tot die vakgebied. Navorsers met 'n besondere belangstelling in die Afrikanervrou sal na dese nie *Die Boerevrou* as bron kan ignoreer nie.

Daar is bevind dat *Die Boerevrou* 'n ware vrouetydskrif was met 'n geraamde sirkulasie van 'n duisend gedrukte eksemplare. Die tydskrif is wyd deur Suid-Afrika en selfs buite die land se grense versprei. Elke eksemplaar is deur meer as een leser gelees. *Die Boerevrou* het korrespondensie toegelaat, aangemoedig en hoofsaaklik onveranderd in die tydskrif gepubliseer. Ongeveer vier en 'n half duisend lesers se briewe is deur die amper dertien jaar van die tydskrif se bestaan gepubliseer. Deur die bestudering van hierdie interaksie is die ontvangs en verbruik van die tydskrif deur die lesers toegelig. Dit is 'n leemte in die meeste studies oor vrouetydskrifte en kan as 'n bydrae van hierdie studie beskou word.

Byna ses honderd adverteerders het in meer as sewe en 'n half duisend advertensies hulle besighede en produkte van 1919 tot 1931 in *Die Boerevrou* geadverteer. Die tipe advertensies wat in die tydskrif verskyn het, was gemik op die alledaagse behoeftes van die deursnee vrou. Dit sou nie lonend gewees het vir adverteerders om in 'n onbeduidende blad te adverteer nie en daarom kan daar aanvaar word dat die tydskrif baie vrouens bereik het. Geslaagde advertensies is herhaal en gee gevvolglik 'n aanduiding van die lesers se verbruikersingesteldheid. Daar kan met sekerheid aangeneem word dat Colgate tandepasta, Bovril, Virol kinderpoeiers, Zambuksalf en Royal bakpoeier in baie Afrikanerhuishoudings aangetref is. Die lesers was dus moderne en ingeligte vrouens wat blootgestel was, kennis gedra het en moontlik selfs verbruikers was van dieselfde produktes as die res van die westerse wêreld.

Die bepaling van die kultuurhistoriese konteks waarbinne *Die Boerevrou* verskyn het, was noodsaaklik omdat dit as basis vir bevestiging van feitelike inligting, wat in die tydskrif verskyn het, gedien het. Dit was die doel van hierdie proefskrif om te bepaal of die hantering van die inhoud van *Die Boerevrou* as historiese dokumente moontlik is en of die inligting as betroubaar vir kultuurhistoriese afleidings beskou kan word. Deur die gereelde rubriek te ontleed, is daar bevind dat die tydskrif met vrug vir primêre navorsing aangewend kan word. Die inligting in die tydskrif is betroubaar en akkuraat en is reeds in die 1920's deur die lesers self getoets en beoordeel.

Die besielende rubriek het 'n noue verbondenheid tussen die redaksie en die lesers, as gevolg van 'n aktiewe wisseling van idees, uitgewys. *Die Boerevrou* het haar lesers in aanraking met die buitewêreld gebring en aan hulle 'n kanaal tot openbaarmaking en bespreking van hul oortuigings gebied. Die talle koffietafel-briewe het bewys dat die tydskrif in 'n groot behoefte aan gemeenskap onder Afrikaanse vrouens voorsien het. Die lesers wou met ander, soos hulle, kommunikeer sonder om voorgeskryf te word en in die taal wat hulle as hul eie beskou het. Die foto's wat hulle ingestuur het, het hul leefwyse uitgebeeld en gewys hoe Suid-Afrika vroeër gelyk het.

Uit die leefstyl-rubriek is dit duidelik dat die spontane uitruil van gedagtes tussen die redaksie en die lesers, asook tussen die lesers onderling, 'n wedersydse vertroue gewek het wat weer die verdere interaksie gevoed het. Die eetgewoontes en huisinrigting van die vroeë twintigste eeuse stedelike en plattelandse Afrikaner kan duidelik uit hierdie rubriek herskep word.

Volgens Anna Gough-Yates is begrip vir die ekonomiese omstandighede waarin 'n publikasie verskyn, net so noodsaaklik as begrip vir die sosio-kulturele konteks. Dit is deur die verhaal van *Die Boerevrou* bewys. Die Depressie was definitief een van die oorsake van die staking van die tydskrif en nie net Mabel Malherbe se moontlike veranderde sienings of die afname in intekenaars nie.

Verder was die bepaling van die konteks ook sinvol omdat dit die aandag op die bestaan van die verskille in die siening oor die rol van die pers en die ontstaan van nasionalisme gevestig het. Baie historici glo dat daar in Afrikanergeledere leiers was wat die volk opgevoed en die gees van nasionalisme aangeblaas het. Hulle is oortuig daarvan dat die ontwaking van 'n nasionale gevoel glad nie in sommige gevalle uit die gelede van die volk kan voorkom nie, maar altyd afhanklik is van mense in gesagsposisies, soos Malherbe en haar tydskrif, om leiding te neem en die gevoel en gees wat onder die volk geheers het, te kanaliseer. Die bestaan van wisselwerking tussen volk en kulturele entrepreneurs word erken en aanvaar, maar daar word meer klem op die rol van die pers en die leiers geplaas. Die verhaal van *Die Boerevrou* skep 'n meer genuanseerde beeld waarin die aktiewe wisselwerking tussen Afrikaners en hulle leiers as vertolkers van die onderliggende volksgevoel na vore kom.

Lou-Mari Kruger se oortuiging dat *Die Boerevrou* doelbewus en uitsluitlik gepoog het om die Afrikanervrou met nasionalisme te beïnvloed en sodoende bygedra het tot die skep van die Volksmoederstereotipe, verlaag die status van die tydskrif tot dié van publikasie-agent. Tog het die bestudering van die tydskrif se inhoud baie duidelik

getoon dat die blad ook gepubliseer het wat die lezers wou lees en waaraan hulle 'n behoefte gehad het. Die geskiedenis van die ontstaan, bestuur en ontvangs van *Die Boerevrou* toon dat die publikasie van die tydskrif nie in isolasie plaasgevind het nie, maar 'n komplekse samehang van rolspelers, oortuigings en gebeure was. Die opheffingsrol wat die tydskrif in die lewe van vrouens kon speel, behels meer as nasionale opvoeding omdat dit ook persoonlike ontwikkeling en maatskaplike betrokkenheid aangemoedig het – eienskappe wat in ander ideologiese kringe ook hoog aangeskryf word en dus nie noodwendig 'n aanduiding van nasionalistiese beïnvloeding behoort te wees nie. Die artikulasie van die Volksmoederdiskoers blyk dan 'n onvoorsiene byproduk van die breër oogmerke met *Die Boerevrou* te wees.

Dit is verder te betwyfel of Mabel Malherbe die tydskrif met 'n voorbedagte nasionalistiese plan begin het, as in gedagte gehou word dat sy van jongs af 'n joernalis wou word, nie uit 'n tipiese Afrikaanse familie afgestam het nie, Engels met haar kinders gepraat het en hulle lewenswyses onvoorwaardelik aanvaar het. Kruger redeneer dat Malherbe nasionalisme aangehang en deur *Die Boerevrou* probeer bevorder het omdat sy toe reeds geglo het dat dit 'n krag gaan word om mee rekening te hou en dat vrouens vir hulself 'n plek daarin moet reserveer. Daar bestaan egter geen bewyse vir hierdie stelling nie. As dít deur historici aanvaar word as 'n rede vir die belangstelling in 'n ideologie, kan daar net sowel, ook sonder bewyse, geredeneer word dat Malherbe die tydskrif vir persoonlike gewin bedryf het en die bekendheid wat sy daardeur verwerf het, as springplank wou gebruik om die politiek en die openbare lewe te betree. Sy sou dan eerder die stof in die tydskrif só wou verpak dat dit die meeste lezers lok en dit sou sy net kon doen deur haar te laat lei deur die heersende en opkomende gevoel onder die Afrikaners, met wie sy gekies het om haarself te vereenselwig. Volgens hierdie redenasie sou die lezers dus in die tydskrif leesstof aangetref wat hulle wou lees.

Die wisselwerking tussen die lezers en die redaksie van *Die Boerevrou* oor die voorblad van die tydskrif dien as finale bewys daarvan dat die tydskrif nie net eenrigting beïnvloeding was nie, maar ook deur die lezers aanvaar en verwerk is. Daarvolgens kan *Die Boerevrou* as 'n instrument, waarmee kultuur geproduseer en versprei is, maar ook verbruik en herskep is, bestempel word.

2. Verdere insigte wat tydens die studie verkry is

Die volgende vier aspekte het ook met die studie navore gekom en raak die afleidings oor wat *Die Boerevrou* presies was en hoe dit gelees is ten nouste:

- In Desember 2011 het daar 'n artikel in *The Economist*⁸¹⁹ verskyn waarin beskryf word hoe sosiale netwerke reeds vyf eeue voor die ontstaan van Facebook en die sg. *Arab Spring* bygedra het tot 'n ander rewolusie, naamlik die Kerkhervorming. Historici is lank reeds van mening dat die gedrukte media verantwoordelik was vir die koördinering van die openbare mening tydens die Hervorming, maar het onlangs eers, met die opkoms van die Internet, besef dat die drukpers nie die belangrikste faktor in die beïnvloeding en oortuiging van die massas was nie, maar wel die informele stelsel van verspreiding van die inligting, nl. sosiale netwerke.

Binne twee weke nadat Martin Luther sy 95 Stellinge in die akademiese kringe van Wittenberg bekend gemaak het, was dit oor die hele Duitsland, en binne vier weke, oor die hele Christelike wêreld van die vroeë sestiende eeu versprei. Verdere pamflette deur Luther is in 'n gedesentraliseerde netwerk deur deelnemers geduplikeer, met ander mense bespreek en aanbeveel. In 1518 het hy aan 'n uitgewer in Nuremberg geskryf dat sy skryfwerk ver bo sy

⁸¹⁹ How Luther went viral, *The Economist*, December 17th 2011, pp. 39-41.

verwagting versprei en gelees word. In bakkerye, wewerye en taphuise regoor Europa is sy pamphlette voorgelees, die Hervorming bespreek en is aanhangars aangetref.⁸²⁰ Dit is duidelik dat die tyd ryp was vir die Hervorming. Invloede van meer as honderd jaar van te vore het die weg gebaan vir die wyse waarop die deursnee mens die inligting tot sy beskikking ontvang, verwerk en verder versprei het.

Dit is moontlik dat die Afrikaner ook reeds lank voor die twintigste eeu gereed gemaak is vir nasionalisme. Dit blyk dat die lezers van *Die Boerevrou* ontvanklik was vir die sg. opvoeding en beïnvloeding deur die kulturele leiers. Daarom kan daar nie aanvaar word dat alle leestof net die elite se oortuigings en oogmerke weerspieël nie. Sommige publikasies was werklik vertolkers van die volksgevoel.

- In 1921 was daar ongeveer een en 'n half miljoen blankes in Suid-Afrika. Hulle het omtrent 22% van die totale bevolking uitgemaak.⁸²¹ Volgens Hermann Giliomee was byna die helfde van die blankes Afrikaners.⁸²² In só 'n relatiewe klein volk was die middelklas 'n beduidende hoeveelheid. As 'n dinamiese groep mense was hulle verantwoordelik vir die intellektuele stimulasie van hulle gemeenskappe en kon hulle die meningsvormers van hulle tyd geword het. Gevolglik kon 'n maandelikse sirkulasie van 'n duisend eksemplare van *Die Boerevrou* 'n wesenlike en belangrike deel van die Afrikanerbevolking bereik, selfs al is dit net deur middelklasvroue gelees. Die inhoud van die tydskrif kan dus as 'n weerspieëling van die gemiddelde Afrikanervrou se lewensingsteldheid beskou word.

⁸²⁰ How Luther went viral, *The Economist*, December 17th 2011, pp. 39-41.

⁸²¹ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, p. 382.

⁸²² H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie*, p. 375; J. Bottomley, *Public policy and white rural poverty in South Africa, 1881-1924*, D.Phil. thesis, Queen's University, 1990, p. 16.

- ‘n Tydskrif en ‘n koerant kan eerlike en deursigtige mediums wees. Dit word dadelik met publikasie aan kritiek en toetsing blootgestel. Enige iemand kan ‘n leser wees en dit plaas ‘n verpligting op die redaksie om so getrou as moontlik aan die werklikheid en die lesersverwagting en –gevoel te wees. Indien die leserreaksie so volledig en duidelik gedokumenteer is, soos die geval met *Die Boerevrou* is, is dit ‘n verdere bevestiging dat die inhoud van die publikasie as ‘n historiese dokument benut kan word.
- Dit blyk uit die tydskrif dat daar ‘n duidelike onderskeid te tref is in die lewens van stads vrouens en plaas vrouens in die 1920’s. Waar die een gewoond was aan elektrisiteit en motors, moes die ander een soms nog met ‘n donkiekar dorp toe ry om aan haar eensaamheid te ontkom. Tog kon albei lees en het albei gereeld briewe vir *Die Boerevrou* geskryf en dieselfde rok- en breiprone gekry. Dié dualisme in Afrikanergeledere wys dat dit ‘n komplekse tyd in die geskiedenis was met baie vooruitgang wat aanpassing van die deursnee vrou gevverg het. *Die Boerevrou* het hierdie aanpassing vir haar lezers vergemaklik en hulle inderdaad voorberei vir die lewe in ‘n moderne samelewing.

3. Die betroubaarheid van *Die Boerevrou* as bron vir kultuurgeskiedenis

Die hoofdoel van hierdie studie was om te bepaal of *Die Boerevrou* as ‘n betroubare primêre bron vir kultuurgeskiedenis beskou kan word. Die feit dat dit tot dusver nog betreklik min aangewend is as bronmateriaal vir kultuurhistoriese studies skep die indruk dat dit nie ‘n betroubare bron is nie. Boonop is dit pertinent deur Lou-Marie Kruger as ‘n problematiese en onbetroubare bron van feitelike inligting oor die verlede bestempel.⁸²³ Tog maak Kruger self afleidings van kultuurhistoriese belang uit die tydskrif. Sy lei uit die artikels en die briewe in *Die Boerevrou* af dat die

⁸²³ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, p. 32.

Afrikanervrou van die twintigerjare van die twintigste eeu in drie groepe verdeel kan word, naamlik dié wat steeds tuis was in hul tradisionele rolle, dié wat nie buitenshuis gewerk het nie, maar op soek was na nuwe rolle vir hulself en diegene wat reeds buite die huis gewerk het. Verder aanvaar sy dat baie Afrikanervrouens swart bediendes in hul huise gehad het en dat 'n groot aantal van die lezers hulle mans met die boerdery gehelp het.⁸²⁴

Deur die tydskrif te ondersoek en bevindings te toets teen die bestaande kennisbasis oor die tydperk waarin dit verskyn het, kon daar vasgestel word dat *Die Boerevrou* akkurate inligting oor 'n groot hoeveelheid kultuurhistoriese temas bevat. Gevolglik kan aanvaar word dat die inligting in die tydskrif geloofwaardig en verteenwoordigend van 'n beduidende hoeveelheid Afrikanervroue van die twintigerjare is. *Die Boerevrou* kan dus met groot vrug vir tematiese studies in kultuurgeskiedenis aangewend word.

Die databasis wat met die bestudering van die tydskrif saamgestel is, bevat byvoorbeeld 'n honderd verwysings na die lezers se houding teenoor ander bevolkingsgroepe, meer as tweehonderd verwysings na hul siening oor vrouens se plek in die arbeidsmark en honderd en dertig verwysings oor hulle begrip van die armlankvraagstuk. Vir Afrikanervroue was vrouestemreg 'n aktuele kwessie en uit hulle brieve aan die tydskrif is dit duidelik dat die deursnee Afrikaanse vrouw 'n buitengewone hoë sedelike lewenspeil gehandhaaf het en baie godsdiestig was en verseker nie intellektueel agterlik nie.

Ook oor materiële kulturaspekte is die tydskrif 'n ryk bron van inligting. Hoe sommige Afrikanervroue vakansie gehou het, musiek gemaak het, fees gevier het, Afrikaanse toneel ondersteun het, sport beoefen het, hulle kinders en troeteldiere

⁸²⁴ L. Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919-1931)*, M.A. dissertation, UCT, 1991, pp. 118-119.

versorg het en oor hul voorkoms gedink en gevoel het, is duidelik sigbaar uit die tydskrif. Die tydskrif kan ook gebruik word vir genealogiese navorsing en as bron van biografiese inligting oor verskeie bekendes in die vroeë twintigste eeuse samelewing, soos Emily Hobhouse en Olive Schreiner.

Verwysings na werklike gebeure, soos die mynstaking van 1922 en verskeie droogtes, versterk die persepsie dat *Die Boerevrou* 'n lewendige stem is uit 'n tydperk waarvan die meeste ander stemme reeds stil geword het. Foutiewe beriggewing sou deur die oorspronklike lesers bemerk en aangespreek gewees het. Die lesers van 'n publikasie vervul dus die rol van eweknie-evalueerders en verhoog sodoende die betrouwbaarheid van die bron.

Die feit dat daar ook bepaal kon word dat *Die Boerevrou* wyd gelees is en verteenwoordigend is van die deursnee Afrikanervrou se oortuigings en lewenswyse, maak die tydskrif meer betrouwbaar en gesaghebbend as primêre bron.

4. Redes vir die onderbenutting van *Die Boerevrou* as bron

As daar nie bevind is dat die *Die Boerevrou* waarde het as bron vir geskiedenis en kultuurgeskiedenis nie, sou dit as een van die redes vir lae verbruik, aangevoer kon word. Die feit dat die teendeel bewys is, maak dit egter moeilik om die vraag waarom dit so min benut is, te beantwoord.

Die Boerevrou is nog nooit onderwerpmaatig ontsluit nie en die bestudering daarvan is baie tydrowend. Die inhoudsopgawes duï nie die inhoud van die meeste rubriek aan nie en elke bladsy van elke uitgawe moet letterlik gefynkam word as selfs net inligting oor een tema of aspek benodig word. Daar is eers betreklik onlangs in 'n gesamentlike poging tussen verskillende biblioteke met onderwerpsontsluiting van *Die Huisgenoot* begin terwyl dié tydskrif al sedert 1924 vir talle historiese en

kultuurhistoriese studies aangewend is. Die gebruikers-onvriendlikheid van *Die Boerevrou* kan dus nie die enigste rede vir min gebruik wees nie.

Volgens Anna Gough-Yates is die meeste studies oor vrouetydskrifte ideologiese analises met 'n feministiese inslag wat die persepsie skep dat dit problematiese en onbetroubare studiemateriaal is. Dit kan moontlik ook die geval met *Die Boerevrou* wees aangesien die mees omvattende studie van die tydskrif tot op datum Lou-Mari Kruger se feministiese werk is waarin sy uitdruklik verklaar dat *Die Boerevrou* 'n onbetroubare bron vir geskiedenisnavorsing is. Daar sal nooit bepaal kan word hoeveel navorsers al as gevolg van hierdie persepsie besluit het om die tydskrif te vermy nie.

'n Ander moontlike verklaring vir die verskynsel is dat die wetenskaplike bestudering van vrouetydskrifte in Suid-Afrika, soos in Nederland volgens Marloes Hülsken, nog in sy kinderskoene is en dat daar nog "veel tijdschriften in bibliotheken liggen te 'wachten' op onderzoek."

Laastens bestaan die moontlikheid ook dat daar nog min behoefte was om kultuurhistoriese studies oor Afrikanervroue uit 'n nie-feministiese oogpunt te onderneem. Dit vergroot die ruimte vir voorstelle vir verdere studie in die toekoms.

5. Voorstelle vir toekomstige navorsing

Onderwerpsontsluiting van die inhoud van *Die Boerevrou* sal die gebruik daarvan aansienlik vergemaklik en aanhelp. Dit is belangrik dat die ontsluiteur benewens kennis van biblioteekkunde ook oor kennis van kultuurgeskiedenis beskik om die ontsluiting so effektief as moontlik te doen. Vir 'n student met belangstelling en agtergrond in beide vakgebiede sal die ontsluiting van die tydskrif 'n sinvolle en bevredigende studietema wees.

Die vraag het ontstaan of *Die Boerevrou* uitsonderlik was in haar inkorporering van die lesers by die gepubliseerde inhoud. Die vergelyking van die aard en inhoud van *Die Boerevrou* met ander vrouetydskrifte, ook Engelse tydskrifte, uit dieselfde tydperk behoort 'n antwoord hierop te verskaf, asook verdere insigte oor die wisselwerking tussen die redaksie en die lesers van tydskrifte. Dit kan ook 'n verdere bevestiging wees van die navorsingswaarde van tydskrifte in die algemeen.

In die bestudering van die Afrikaanse letterkunde van die twintigerjare behoort *Die Boerevrou* ook benut te word, aangesien die meeste van die verhale en gedigte wat in die tydskrif verskyn het, nooit op ander plekke gepubliseer is nie.

